Sat Jun 2, 2007 7:40 am (PST)

Nou sal ek maar geboorte sert moet kry van my voorgeslag -- want nou weet ek so waar nie -- WIE HET DIE VAN VERANDER - maw alles is verkeerd opgeteken

Kyk hier  
Muster roll of the free settlers at the Cape  
compiled 31st December 1712

[http://www.eggsa.org/transcriptions/monsterollen/1712/monsterrol\\_1712\\_caab.htm](http://www.eggsa.org/transcriptions/monsterollen/1712/monsterrol_1712_caab.htm)

Burgert Pietersz van Dijk

Joost Pietersz van Dijk

Ek is in die familie soos jul by die tyd weet MAW almal is verkeerd op geteken vir die nageslag :((((

WAT NOU -- waar kry ek Joost Pietersz se geboorte sertifikaat in die hande ??? of iets wat kan help

Dankie julle dierbare mense

Soria

---

Joost Pietersz van Dyk - 1691 v. Ysenberg, Vlaandere getroud met

Helena Siewers b. 1690 Married 1707 in Cape Town

kinders :  
Andries van Dyk: 1714 getroud met  
Elizabeth Radyn(5 JAN 1721

kinders:  
Burgert van Dyk (29/8/1756 getroud met  
Maria Margaretha Wessels (1763)

kind  
Coenraad Wessel van Dyk getroud met

Maria Elizabeth Marais

kinders

Koenraad Johannes Albertus van Dyk (1850 - 28/05/1900) getroud met  
Maria Magdalena Marias

kinders

WESSEL JURIE VAN DYK 1893 - 1945 getroud met  
Sophia Catherina le Roux (1895-1976)

kinders

Sophia Catherina le Roux (1895-1976)

(1)Jacoba Maria (Koa)

(2)Coenraad Johannes Albertus (Koen)

(3)Maria Magdalena (Ria)

(4)Genl - Maj. Abraham Johannes (Apie)

Geb. 1.3.1930

Oorl. 19.6.1996 (Durbanville, Kaapstad)

Begrawe: Durbanville begrafplaas

(5)Sofia Catherina (Cathy)

(6)Catherina Susanna (Ina)

(7) Wessel Jurie van Dyk

Gebore 26.7.1939 oorlede 4.11.1995

Begrawe in Montagu (Kaap Prov ) Suid-Afrika

Trou: Anna Stoffelina Conradie (nee De Kock)

Kinders: Marinde Conradie 11 Nov 1961 vader Gabrielle Francois Conradie

Soria van Dyk 14 Oct 1965

Annelie van Dyk 3 Sept 1970

Jurita van Dyk 27 Jan 1974

Boodskap 3b. Re: Die VAN DYK van  
Posted by: "Karel Marais" turando101@yahoo.com turando101  
Sat Jun 2, 2007 8:03 am (PST)

Soria,

Ek is 'n Marais, maar wat ek in my kort tydtjie geleer het lyk dit my ek is ook 'n Mare en 'n Marrais, sover ek kan sien is ek nog nie 'n Maree nie maar dit is 'n kwessie van tyd.  
My stamvader is Charles maar, miskien Charl of Charle. 'n Bekende voorsaad is Isaak of Isak of Izak.

Al wat ek hieruit geleer is moenie aanvaar dat enige naam of van reg gespel is nie, as jy 'n bron navors gebruik elke moontlike spelling en dan moet jy ook nog dink aan tikfoutie.  
Byvoorbeeld Marais kan baie maklik Naraais, Jaraais, Karais en selfs Larais of, as dit regtig woes gaan, <araais, word as jy kyk na jou sleutelbord.  
Dis soos om 'n ui te skil, baie lae, en baie trane.

Groete,  
Karel Marais of Mare of Marrais (kies een die een wat beste by jou bui pas ;-)

Boodskap 4a. Die VAN DYK van (Soria)  
Posted by: "Annelie Els" annelie@who-els.co.za engelkind2000  
Sat Jun 2, 2007 8:32 am (PST)

Soria,

Ek sit met die tammeletjie van.....

Oupagroot wat al sy dokumente wat ek kon opspoor as VAN DEN HEEVER geteken het.  
Oupa se SK en Grafsteen lees VAN DE HEEVER. (Ouma sou nooit so `n spelfout maak,  
sy het as van de Heever die SK geteken)  
My pa is VAN DER HEEVER.  
Dis drie variasies van die van in drie geslagte.

Sterkte met joune.

Groetnis  
Annelie  
Valhalla.

Boodskap 4b. Re: Die VAN DYK van (Soria)  
Posted by: "Karel Marais" turando101@yahoo.com turando101  
Sat Jun 2, 2007 8:56 am (PST)

Annelie,

Ek dink nie dis so erg nie. As jy alles kan koppel en jy weet dat die "VAN DEN HEEVER" is dieselfde as die "VAN DE HEEVER" en jy verduidelik of in die werk self maar, meer waarskynlik, in die notas, wat is die probleem? Die ding is, ons moet aanvaar dat ons voorouers nie so geletterd was nie en spellings verander. Die vet weet dat in baie gevalle is hulle geleer om hulle naam te teken MAAR in effek was dit niks meer as 'n prentjie nie. MAW hulle sou nooit enige van die letters in hulle naam of van kon erken nie maar sou dit kon "teken".

Vriendelike groete  
Karel Marais

Boodskap 5a. Navrae oor Boot

Posted by: "soria@webink.co.za" soria@webink.co.za vanliersoria

Sat Jun 2, 2007 9:55 am (PST)

Hallo :))

Weet iemand dalk met watter boot (boot naam), Burgert Pietersz van Dijk en Joost Pietersz van Dijk hier in Suid - Afrika aan gekom het :)

Dankie

Soria

Boodskap 5b. Re: Navrae oor Boot  
Posted by: "Karel Marais" turando101@yahoo.com turando101  
Sat Jun 2, 2007 10:40 am (PST)

Hi Soria,

Nee ek weet nie met watter skip hulle hier aangekom het nie maar, as jy na die onderstaande gaan kan jy heelwat inligting kry; roll af om om die skepe te sien!  
<http://olivetreegenealogy.com/ships/tosafp01.shtml>

Groete  
Karel Marais

Boodskap 6a. Louis voorstoep en Douw du Plessis Witfontein begraafplaas  
Posted by: "Par Excellance" parexcel@iafrica.com duplessislouw  
Sat Jun 2, 2007 9:57 am (PST)

Dagsê Louis en medegeners

Ek het twee fotos van die Lourense, een van Aletta by n Ossewa en haar kinders, vier dogters en twee seuns, soos dit ingeplak is in 'n album wat ek vanaf familie afstammelinge wat in Angola was te leen gekry het. Die album is tans in my besit in Johannesburg. Hierdie foto is geneem deur M Hurwitz & Co Cape Town CC & Zeerust Transvaal. Ek sal graag ook wil weet wie sy CJ Lourens se familie was. Hy het die foto aan sy swaer en suster gestuur, vermoedelik na Angola.

Die ander foto is n foto van CJ Lourens en Aletta saam in die album.

Ek weet nie waar u woon nie maar ons kan n plan maak mbt die fotos.

Louw du Plessis  
011 888 3433  
082 507 4639

No virus found in this outgoing message.

Checked by AVG Free Edition.

Version: 7.5.472 / Virus Database: 269.8.6/828 - Release Date: 2007/06/01  
11:22 AM

Boodskap 6b. Re: Louis voorstoep en Douw du Plessis Witfontein begraafplaas  
Posted by: "Johan Niemandt" pcmechanic@vodamail.co.za johanniemandt  
Sat Jun 2, 2007 10:33 am (PST)

Goeienaand Louw,

Aangesien 'n groot deel van my navorsing gaan oor die Lourens / Niemandt families van die Marico, en ook dat ek in September 'n familiesaamtrek vir die Lourens en Niemandt families gaan bywoon, sal ek dit hoog op prys stel indien ek dalk 'n skandering van die betrokke fotos kan bekom. Ek sal bereid wees om te betaal om die fotos te laat skandeer, en op CD te sit. Ook indien daar enige ander fotos enige van die Marico families is, sal ek dit ook waardeer.

Kontak my asb aflys by pcmechanic@vodamail.co.za indien u my dalk kan help.

Groetnis  
Johan Niemandt  
Piet Retief

Boodskap 7a. TAB opsoeke  
Posted by: "Louis Olivier" lm.olivier@gmail.com olivierc09  
Sat Jun 2, 2007 12:31 pm (PST)

Jacques v d Grijp

Kontak asseblief vir my op e pos adres lindaoli4@gmail.com inverband met die TAB opsoeke wat ons gedoen het.

Linda & Louis Olivier  
Pretoria 0128031028  
lm.olvier@gmail.com  
lindaoli4@gmail.com  
Olivier, Coetzee, Swart, du Plooy

Boodskap 8.1. New file uploaded to SAGenealogie  
Posted by: "SAGenealogie@yahoogroups.com" SAGenealogie@yahoogroups.com  
Sat Jun 2, 2007 12:32 pm (PST)

Hello,

This email message is a notification to let you know that a file has been uploaded to the Files area of the SAGenealogie group.

File : /Lidmaatregisters/OUDTSOORN LIDMAATSKAPREGISTER 1854 – 1880.doc

Uploaded by : jahlers1 <johann.ahlers@gmail.com>

Description : Bygedra deur Alta le Roux

You can access this file at the URL:

<http://groups.yahoo.com/group/SAGenealogie/files/Lidmaatregisters/OUDTSOORN%20LIDMAATSKAPREGISTER%201854%20%80%A0%A0%92%B6%201880.doc>

To learn more about file sharing for your group, please visit:

<http://help.yahoo.com/help/us/groups/files>

Regards,

jahlers1 <johann.ahlers@gmail.com>

Boodskap 9. [Koerant] KWANA 1 Junie 2007  
Posted by: "aletta magrieta.quebbemann" am.queb@mweb.co.za alettaqea9fac  
Sat Jun 2, 2007 10:37 pm (PST)

Naand vriende,

WORDS OF WISDOM: - " Because things are the way they are , things will not stay the way they are. " - Bertolt BRECHT.

BOEDEL-KENNISGEWING:-

LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT IN DECEASES ESTATE LYING FOR INSPECTION.:-

O'CONNOR Jeanne Marie Suzanne ID 0706040023089 van 37 Springfield Rd. Durban  
BOEDEL Nr 17296/2005/PMB. R F SOBEY Attorneys 15 Leighton Place Glenwood.  
TEL:- 031 2054864/2055206 REF:- H194/RFS/ns 53958(3)J .

WOOD Vincent Vivian ID 6002075088088 + 17/04/2005 van 10 Berrio Park, 66 Berrio Ave Kingsburgh Amanzimtoti. x Georgina Patricia ID 7306220951085 in gemeenskap van goedere. ESTATE Nr. 7756/2005/Pmb. CAJEE SETSUBI CHETTY 195 Boshoff Str. Pietermaritzburg. TEL:- 033 3456719 REF: Mn. Cajee/Sharlene 53959(3) J.

WILSON Gerald George ID 3807145055088 + 15/03/2007 van 3 Ukwehla Terrace ,Sunningdale, Umhlanga . ESTATE Nr.5204/2007. BAKERS ATTORNEYS 8 Rydall Vale Crescent La Lucia Ridge. REF:- Estates/Mrs Williams/VR 53960(3) .

NORTJE Daniel William van 23 Glen Willows, Parker Lane, Warner Beach, Kingsburgh. ESTATE Nr. 8437/2005. ID 2306215001081 + 19/07/2005. BAKERS soos bo REF: mrs Williams/VR 53962(3).

AUGUSTINE Henry Louis ID 4912205579081 + 30/03/2007 van 7 Ray Place Newlands East. ESTATE Nr.5213/2007/PMB. x Marina Ora ID 4112100136083. in gemeenskap van goedere. Executors Duncan Andrew TURNER van KNIGHT TURNER P.O.Box 22594 Glenashley 4022. TEL:- 031 5838900 REF:- L Jepson/an/E88-275 53968(3).

DE GIER Peter Ross van 17 Blue Ridge, Northlands KZN. ESTATE Nr 4389/2007/Pmb. ID 3709175070088 + 18/03/2007 . THORPE & HANDS INCORP. P.O.Box 2047 Durban. TEL:- 031 3053641. REF:- 01D144001 53969(3)

LEE Derek Ralph ID 2203315005080 + 04/03/2007 van 87 Mildene Park ,Prospect Hall Rd. ESTATE Nr. 5210/2007/Pmb. JOHN HUDSON & COMP. 303 Florida Rd Morningside. Durban. REF:- Mn. RJ Brereton/cgs 54025(3).

SIEDLE Basil Courtnell ID 1902285021081 + 03/10/2005 van 81 Fordell, 244 Musgrave Rd. Durban ESTATE Nr 10564/2005/DBN. JOHN HUDSON soos bo. REF:- RJ Brereton 54026(3).

FLEMING Mary Turner ID 090208003007 + 18/12/1993 van 64 Old Main Rd, Bothas Hill. ESTATE Nr. 2997/94. MERVIN MILLAR P.O.Box 1434 Durban. REF:- E/L FLEMING 54029(3).

KOK David Johannes ID 2906245048083 van 15 Spruce Rd, Woodlands ,Pmb. + 21/06/2006 in Pmb. MASTERS REF:- 7815/2006. DESMOND MAYNE & CO 237 Berg Str PMB.3201 REF :- I HESS 54030(3).

Groete uit Durban  
vandag elke nou en dan.so 'n bietjie gereen.  
Aletta Magrieta QUEBBEMANN ( Rita)  
15 Mt Royal ,  
Dunkirk Place Umbilo  
Durban. Suid Afrika  
Ouers:- STEENKAMP /LOURENS  
GROOTOUERS : -STEENKAMP/ SCHEEPERS  
LOURENS /SWANEPOEL / VELDMAN  
SKOONDOGTER: BOTHA /SWANEPOEL/ SMITH

Boodskap 10. STOOP

Posted by: "aletta magrieta.quebbemann" am.queb@mweb.co.za alettaqea9fac

Sat Jun 2, 2007 10:37 pm (PST)

Hallo Gene Milton ,

Ek het 'n Cornelia Johanna Christina STOOP x Andries BOTHA \* 27 Des 1819 van Uitenhage omgewing. en 'n Magdalena Susanna Elizabeth STOOP x Jan Salemon VELDMAN in 1868 .van Wakkerstroom Ongelukkig het ek ook niks anders oor die familie STOOP nie.

Groete Rita uit Durban

Boodskap 11. Familie saamtrek en vakansie  
Posted by: "kerrieborrie" patriot.afrikaans@elisanet.fi kerrieborrie  
Sun Jun 3, 2007 1:04 am (PST)

Goeiemôre Almal,

Vakansie het aangebreek met die pragtige woorde van Psalm 249 gister.

Verdere inligting is ontvang vir die familie reunie wat in Julie in Osterbotten sal plaas vind. Ons sal hopelik van die 3 generasie 'n aantal wees eind total onbekend. Familie ete, pret en samesang. Volgende dag is dit ekursies na een of ander punt i.v.m familie se geskiedenis. Meer om dit en die opskop na die troue (Skiereilande) na die somer in Augustus.

Vriendelike groete  
Elizabeth Teir

**Onderwerp:** [SA-Gen] Bundel Nommer 2759

**Datum:** Monday, June 04, 2007

Daar is 25 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:

- 1a. Re: Durban Familiegeskiedenis fees..... From: Dr C.J. Swanevelder
- 2a. Re: Marais en ander inligting From: Alida Theron
- 2b. Re: Marais en ander inligting From: Karel Marais
- 2c. Re: Marais en ander inligting From: Johannes Bosch
- 2d. Re: Marais en ander inligting From: Alida Theron
- 2e. Re: Marais en ander inligting From: Lee Marais
- 3a. Re: Digest Number 2758 From: Jaco Strauss (strauss.za)
- 3b. Spelling van die van (Jaco) From: Annelie Els
- 3c. Re: Digest Number 2758 From: Karel Marais
4. OUDTSHOORN LIDMAATREGISTER - Deel 46 From: alta le roux
5. OUDTSHOORN LIDMAATREGISTER (Deel 45) From: alta le roux
- 6a. ABO Beskermende Burgers From: Louis Olivier
- 6b. Re: ABO Beskermende Burgers From: Isebelle Krauss
- 6c. Re: ABO Beskermende Burgers From: Chris Hendriks
7. Familieboek From: bmvgrey@eject.co.za
8. Ships name from Dutch to Cape of Good Hope in 1606 From: soria@webink.co.za
9. Marico Distrik From: Johan Niemandt
10. OUDTSHOORN LIDMAATREGISTER (Deel 47) From: alta le roux
11. Boot of seilskip se naam ? From: soria@webink.co.za

12. Vir Elizabeth Teir: Finse Psalms From: Johan Wiesner

13.1. Re: Bekendstelling From: Martin Knoetze

14a. Knoetze navraag From: Martin Knoetze

14b. KAB opsoek asb From: Rendille Kenya

14c. TAB OPSOEKE ASB From: Rendille Kenya

15. Fw: FAMILY HISTORY FAIR : SATURDAY 9 JUNE 2007 From: aletta  
magrieta.quebbemann

Boodskap 1a. Re: Durban Familiegeskiedenis fees.....  
Posted by: "Dr C.J. Swanevelder" cjswanevelder@lantic.net  
Sun Jun 3, 2007 6:41 am (PST)

Hallo Isebelle,

Lyk my die uitnodiging, neem ek aan wat in Engels is, is nie aangeheg.

Vriendelike groete,  
Swannie.

Dr. C.J. Swanevelder  
Kampstr 178  
Potchefstroom  
2531  
018 - 297 3316

Boodskap 2a. Re: Marais en ander inligting  
Posted by: "Alida Theron" alida@airtimeproductions.co.za  
Sun Jun 3, 2007 7:01 am (PST)

Beste Karel

Johan Pottas het my gehelp met my MARAIS x VOGEL verbintenis. Hier is wat ek het, hoop dit help.

Groete  
Alida

c2 Aletta Frederica VOGEL \* 4.10.1769 ~ 2.8.1772 + "At the place Hopewell of her son in Olifantshoek" 10.6.1848 (SK KAB MOOC 6/9/48.187 van 1849 )  
x 22.10.1786 Barend Daniel MARAIS (b2c4d1e4) ~ 27.3.1768 Burger Stellenbosch + voor 6.1848 (SAG 5 p. 443) (sv. Daniël Marais \* 24.11.1720 en Margaretha Geertruyda Bouwer \* 22.2.1739)  
d1 Jacomina Christina ~ 22.11.1788 x Kaapstad 4.3.1804 Daniel CLAASEN ~ 15.9.1789  
d2 Daniel Petrus ~ 31.1.1791 + Colesberg 22.1.1853 x George 17.7.1814 Martha Maria VOGEL (b1c1d5) ~ 16.2.1800 dv. Johan Christiaan Vogel en Catharina Landman - niggie  
d3 Johan Christiaan ~ 23.2.1794 x George 4.10.1823 Hester Cecilia (Susanna) TERBLANCHE xx George 3.5.1829 Isabella Jacoba SCHOLTZ  
d4 Barend Daniel \* 14.2.1796 x George 14.7.1822 Catharina Maria FERREIRA \* 22.4.1804 ~ 18.11.1804  
d5 Margaretha Helena Geertruyda ~ 18.3.1798  
d6 Johannes (Jan) Lodewyk ~ 23.2.1800 x Uitenhage 29.9.1826 Martha Catharina VAN SCHALKWYK (b2c2d31f1) ~ Swellendam 16.2.1800 + Uitenhage c. 1875 (SAG 10 p. 429)  
d7 Cornelia Aletta ~ Kaapstad 4.4.1802 x Uitenhage 28.2.1824  
Frederik Rudolph JANSE VAN RENSBURG (SAG 9 p. 321)  
~16.3.1777 + Grahamstad 13.10.1840  
d8 Gerrit Hendrik \* 9.10.1803 ~ 30.10.1803 x Anna Maria Jacomina VAN ROOYEN  
d9 Jeremias Jesaias ~ Swellendam 17.2.1807 x Engelse kerk, Grahamstad 25.6.1831 Anna Margaretha VAN DER BANK  
d10 Carel Stephanus \* c. 1807 x George 27.12.1829  
Martha Dorothea VAN DER WAT  
d11 Ignatius Gerhardus \* 20.8.1810 ~ George 13.1.1811  
  
Martha Maria VOGEL \* 1799 ~ 16.2.1800 + na 1853  
x George 17.7.1814 Daniel Petrus MARAIS (neef - 2e kind hierbo) \* Uitenhage distrik 18.1.1791 ~ 31.1.1791 † "at the Koesberg (naby Rouxville) "Over de Grenzen", within Orange River Sovereignty 22.1.1853 (61j 4d)

SK KAB MOOC 6/9/61.1828, ook KAB MOOC 7/1/216.78

Sterfkennis geteken deur W.A.Vogel (d10) te Burghersdorp

(sv. Barend Daniel Marais ~ 27.3.1768 en Aletta Frederica Vogel b1c2 \*

2.8.1772)

e1 Barend Daniel \* 23.6.1815 ~ George 12.11.1815

e2 Johan Christiaan (Christoffel) \* 28.6.1817 ~

Uitenhage 25.12.1817

e3 Catharina Jacomina \* 29.11.1819 ~ Uitenhage

30.1.1820

e4 Aletta Fredrieka \* 23.10.1821 ~ Uitenhage

23.12.1821

e5 Daniel Petrus \* 3.2.1824 ~ Uitenhage 27.6.1824

x 17.6.1850 Hester Aletta VAN HEERDEN \* 9.1820

+ 22.6.1851(dv. Isaac Jacobus Van Heerden en Anna

Sophia Venter) Sy x Andries Petrus VAN DER MERWE

( xx 22.12.1856 Moontlik Maria Susanna SCHEEPERS

\* 3.12.1832 ~ George 3.2.1833?)

e6 Martha Maria \* 4.11.1827 ~ Uitenhage x Gabriel

Josua ROSSOUW

e7 Jacomina Johanna Christina \* 18.7.1829 ~

Uitenhage

10.10.1829 (SAG 5 p. 443)

e8 Johannes Abraham \* c. 1832

e9 Johanna Magdalena \* c. 1834

e10 Jeremias Jesaias \* 23.9.1837 ~ Glen Lynden

12.11.1937

e11 Willem Adolph \* c. 1838

Boodskap 2b. Re: Marais en ander inligting  
Posted by: "Karel Marais" turando101@yahoo.com turando101  
Sun Jun 3, 2007 7:28 am (PST)

Alida,

Verskriklik baie dankie vir die inligting!!!  
Dit gaan my baie help want ek kan nou daardie hele gedeelte voltooi!

BAIE dankie,  
Karel Marais

Boodskap 2c. Re: Marais en ander inligting  
Posted by: "Johannes Bosch" janbos2000@yahoo.com janbos2000  
Sun Jun 3, 2007 10:58 am (PST)

Daar was 'n twaalfde kind (doopinskrywing te George) na Ignatius  
Gerhardus: Cornelius Hermanus MARAIS \*21 Apr 1813, 'Swartkopsrivier' Uitenhage, X  
Johanna Magdalena DE VILLIERS.  
Het enigiemand dalk verdere besonderhede oor hom?

Johannes Bosch  
Virginia, VSA

Boodskap 2d. Re: Marais en ander inligting  
Posted by: "Alida Theron" alida@airtimeproductions.co.za  
Sun Jun 3, 2007 11:24 am (PST)

Johannes, dankie vir die byvoeging

Groete  
Alida

Boodskap 2e. Re: Marais en ander inligting  
Posted by: "Lee Marais" leemarais@mweb.co.za maraislee  
Sun Jun 3, 2007 12:12 pm (PST)

Karel,

Jy kan my van die lys af kontak vir my skoonsuster se telefoonnummer. Sy doen die Marais-kant.

Groetnis  
Lee Marais

Boodskap 3a. Re: Digest Number 2758

Posted by: "Jaco Strauss (strauss.za)" jaco@strauss.za.com jacostrauss  
Sun Jun 3, 2007 8:00 am (PST)

Karel ek stem grotendeels met jou saam. Daar moet egter net ook in aggeneem word dat alhoewel heelwat van ons voorsate wel ongeletterd was, die wat kon lees en skryf steeds gespel het soos hulle wou aangesien vaste reels nie bestaan het nie. In die testament van een van die dogters van die Strauss stamvader word haar van bv aangegee as "Strauss" alhoewel sy die dokument persoonlik geteken het as "Struijs". As sy ongeletterd was sou sy tog eenvoudig die notaris se "Strauss" gekopieer het.

Dit is ook interessant om te onthou dat 'n man wat geensins as ongeletterd beskou kon word nie sy naam ook destyds in verskillende maniere gespel het soos die gees hom geleid het. Hier is 'n paar van die maniere hoe hy en sy tydgenote sy van gespel het.

Shakespeare

Shakespere

Shakespear

Shakspeare

Shackspere

Shakspere

Shackespeare

Shackspere

Shackespere

Shaxspere

Shexpere

Shakspe

Shaxpere

Shagspere

Shaksper

Shaxpeare

Shaxper

Shake-speare

Shakespe

Shakp

<http://shakespeareauthorship.com/name1.html>

Standaard spellings is maar 'n onlangse ding en dit sal interessant wees om te sien wanneer al die Norkees, Nortees, Nortiers en Nortjes bv grotendeels besluit het om te standardiseer. Soms soos met die Viljoens en die Nortjes het die Afrikaanse vorm oorleef terwyl die Du Plessis' en Du Toits op die Franse vorm teruggeval het.

Weet iemand meer oor hierdie standardisering? Uit SK's lyk dit asof dit erens in die laat 1800's of vroeë 1900's moes plaasgevind het...

Jaco Strauss, Melbourne

Boodskap 3b. Spelling van die van (Jaco)  
Posted by: "Annelie Els" annelie@who-els.co.za engelkind2000  
Sun Jun 3, 2007 8:44 am (PST)

Hallo Jaco,

Dankie vir die stukkie.

Die verskillende maniere van spelling van my VD HEEVER geslagte blyk eintlik niks met hulle geletterdheid te doen gehad nie. Soos wat ek met my soektog (aldrie is reeds oorlede) aangaan kom ek agter dat daar `n bewuste en doelgerigte rede vir die 3 spellings is. Die naam verandering vind plaas tydens nie ABO tydperk. Ek wil nou probeer om geboortesertifikate in die hande te kry om sien of die veranderings daar plaas gevind het. Die Stamvader is VAN DEN HEEVER vir een of ander rede het die DEN, na die DE en DER verander.

Familie-twis ?

Hoe meer ek soek na "vleis" wil dit vir my voorkom asof dit in my geval iets met die Hands-uppers en Joiners te doen het. Iemand het `n hele ruk terug die mooiste stuk oor die geskryf, kan nie onthou wie nie. Net dat ons glad nie mag oordeel omdat ons nie self daar was om die rede vir hul besluit te ervaar nie. Met dit altyd in gedagte soek ek verder na die rede vir my voorgeslagte se besluit om hulle vanne te verander. Die CJC`s lêers by die TAB Argief gee mens baie insig tot wat met ons voorouers gebeur het tydens die ABO. My oumagroot sn het my in tranen gehad waar sy in haar verklaring sê dat sy gestaan en kyk het hoe brand haar huis en al haar ingevoerde "Engelse" meubels.

Ek het eintlik met Soria gesimpatiseer met die dat sy nou vir geboortesertifikate gaan soek om iets te staaf.

Groetnis  
Annelie.  
Valhalla.

Boodskap 3c. Re: Digest Number 2758

Posted by: "Karel Marais" turando101@yahoo.com turando101

Sun Jun 3, 2007 8:50 am (PST)

Jaco,

Ek kan nie stry met jou Willem Wikkelspies voorbeeld nie. Daar moet egter ingedagte gehou word dat mense wat nie geletterd is nie in die meeste gevalle geletterd wil voorkom, daar is 'n verskeidenheid redes hiervoor maar die oorwegende een is om 'n sosiale status te kan bevestig of te kan bevorder. Ek het 'n hele paar jaar gewerk met volwasse opleinding, en meer spesifiek met geletterdheid (gelukkig was ek meer aan die bestuur kant as die opleiding kant want ekself het 'n totale onvermoe om te spel!). Ek het 'n menigtemale mense gesien wat hul naam skryf maar geensins die letters sou kon skryf nie.

Die klasieke voorbeeld hiervan is 'n persoon wat 'n nuwe rat vir sy fiets wou koop, Ek kan nie die presiese detail onthou nie maar die persoon het "Raleigh 52h46" (of iets soortgelyk) van die gebreekte onderdeel afgeskryf om seker te maak dat hy die regte onderdeel by die fietsinkel sou kon kry. Die persoon by die fietsinkel sou nie besef het dat die persoon ongeletterd is nie behalwe dat die woorde in 'n halfmaan geskryf was presies soos dit op die gebreekte rat op die fiets verskyn het nie!

Soortgelyk sou jou Me Struijs nie die die notaris se spelling kon gekopieer het nie bloot omdat sy dit nie as haar naam sou kon identifiseer nie. Die prentjie wat sy geteken het as haar merk het anders gelyk.

Dit maak sin dat die naam spellings in die laat 1800's tot vroeë 1900's gestandardiseer het as 'n mens kyk na [http://www.geocities.com/afrikaanse\\_spelreels/geskiedenis.html](http://www.geocities.com/afrikaanse_spelreels/geskiedenis.html) waar die geskiedenis van die Afrikaanse Woordelys en Spelreels verskyn. Alhoewel dit nie name gestandardiseer het nie was dit, vir my, deurslagwend dat die taal as 'n geheel begin standardiseer het en mens kan verwag dat die gevolg sou wees dat hierdie kultuur ook name en vanne sou affekteer.

Daar is egter nog steeds die naletenskap daarvan in die gewone spreektaal, ekself word byvoorbeeld deur die "Transvaalse" familie as Kallie aangespreek, terwyl die Kaapenaars my Karel noem en daar is 'n menigte ander voorbeelde.

Vriendelike groete,

Karel Marais

Boodskap 4. OUDTSHOORN LIDMAATREGISTER - Deel 46  
Posted by: "alta le roux" altaler@odn.co.za  
Sun Jun 3, 2007 8:41 am (PST)

AANGENOMEN TE OUDTSHOORN OP DEN 29 sten JUNY 1866 DOOR DEN  
WELEERW T. J. VAN DER RIET (Deel 46)

Hendrik Jacobus VAN DER WESTHUYSEN, \*30 Mei 1850 (Attestaat George 18/5/78  
Burger Daniel LEROUX, \*15 Apr 1849  
Petrus Johannes MEIRING, \*13 Nov 1849  
Johannes Petrus NEL, \*28 Jan 1850  
Frans Jacobus GERBER, \*27 Jul 1846  
Jacob Johannes NORTIER, \*1 Mei 1846  
Charl Petrus NORTIER, \*4 Mei 1848  
Hendrik PIENAAR, \*5 Des 1847  
Cornelis Petrus KLEYN, \*16 Okt 1848  
Johanna Susanna MEIRING, \*7 Des 1848  
Anna Margaretha Dorothea OTTO, \*25 Okt 1850  
Elizabeth Margaretha Louisa STRYDOM, \*2 Nov 1849  
Aletta Fredrika Cicilia BOTHA, \*10 Jun 1851  
Isabella Elizabeth KLEYNHANS, \*18 Mrt 1851  
Rosina Elizabeth CRONJE, \*18 Mrt 1851  
Johanna Herculina OLIVIER, \*14 Mrt 1851  
Helena Susanna Aletta LATEGAN, \*20 Mei 1851  
Anna Elizabeth Magdalena BOSHOFF, \*24 Jul 1850  
Jacoba Susanna Johanna GRUNDLING, \*21 Sep 1850

Alta le Roux  
altaler@odn.co.za  
Posbus 1138, OUDTSHOORN, 6620  
Tel. 083 996 0676 / 044 272 2271 (h) / 044 272 7636 (w)

Boodskap 5. OUDTSHOORN LIDMAATREGISTER (Deel 45)  
Posted by: "alta le roux" altaler@odn.co.za  
Sun Jun 3, 2007 8:43 am (PST)

AANGENOMEN TE OUDTSHOORN OP DEN 30sten MAART 1866 DOOR DEN  
WELEERW. T. J. VAN DER RIET (Deel 45)

Gabriel Anthonie Christiaan LEROUX, \*10 Nov 1849  
Burger Daniel VAN DER WESTHUYSEN, \*16 Jul 1849  
Andries Mattheus SCHAAP, 29 Mrt 1850  
Hermanus Lambertus POTGIETER, \*25 Sep 1848 (Jac.z.)  
George Fredrik BOTHA, \*20 Sep 1846  
Hendrik Jacobus BOTHA, \*27 Sep 1848  
Diederick Johannes HATTING, \*20 Feb 1850  
Guilielmus Jacobus Johannes VAN NIEKERK, \*23 Jun 1847  
Andries Hermanus BREYTENBACH, \*2 Apr 1847  
Jacob Jacobus VAN ANTWERPEN, \*7 Feb 1850  
Fredrik Pieter STIMIE, \*9 Nov 1848  
Hendrik Johannes SWIGLAAR, \*16 Jul 1849  
Abram Hendrik Cornelis STEIN, \*30 Mei 1846  
Wessel Willem Hendrik GREEFF, \*20 Nov 1849  
Susanna Johanna MAREE, \*9 Mei 1850  
Herculasina Petronella Susanna DU PREEZ, \*28 Mrt 1850  
Johanna Magdalena Maria FOURIE, \*29 Mrt 1851  
Maria Elizabeth FOURIE, \*1 Aug 1849  
Magdalena Susanna Aletta FOURIE, \*29 Des 1850  
Anna Margaretha Beatrix GRUNDLING, \*9 Aug 1850  
Gesina Wilhelmina VAN DER WESTHUYSEN, \*11 Feb 1846  
Susanna Theunissina Wilhelmina VAN WYK, \*1 Feb 1850  
Isabella Elizabeth BOTHA, \*11 Des 1849  
Helena Petronella TERBLANCHE, \*15 Nov 1850  
Anna Jacoba VAN GRUNEN, \*11 Mrt 1845  
Engela Alida FISCHER, \*15 Jul 1850 (met attest. naar George 20 Aug 81)  
Albertha Magdalena Johanna Catharina POTGIETER, \*16 Jul 1850  
Emerentia Fredrika Margaretha Catharina VAN DER WESTHUYSEN, \*16 Feb 1851

Alta le Roux  
altaler@odn.co.za  
Posbus 1138, OUDTSHOORN, 6620  
Tel. 083 996 0676 / 044 272 2271 (h) / 044 272 7636 (w)

Boodskap 6a. ABO Beskermende Burgers  
Posted by: "Louis Olivier" lm.olivier@gmail.com olivierc09  
Sun Jun 3, 2007 8:51 am (PST)

Ek is nou heeltemal blond en my bleskop wil ook nie werk nie. Is daar enige van die lys lede wat my kan help met die volgende. Wie of wat is die sogenaamde protected (beskermde) burgers gewees. Ek merk dat hulle ook aanspraak gemaak het op die sogenaamde compensation claims. Is hulle die burgers wat neutraal gewees het, die wat die Engelse goed gesind was of die Joiners of is dit die Handsoppers gewees

Louis

--

Linda & Louis Olivier  
Pretoria 0128031028  
lm.olivier@gmail.com  
lindaoli4@gmail.com  
Olivier, Coetzee, Swart, du Plooy

Boodskap 6b. Re: ABO Beskermende Burgers  
Posted by: "Isebelle Krauss" iekrauss@yahoo.com iekrauss  
Sun Jun 3, 2007 10:08 am (PST)

Joiners....ek het nog altyd so geglo, miskien is ek verkeerd, maar in die Vrystaat waar my famlie vandaan kom is daar toe ek nog n kind was (baie baie jare gelede) veskeie mense uitgewys as of Joiners, of draadsitters ens....party van hierdie vanne het op die ou einde in my Afrikaanse en Engelse gedeeltes van die familie ingetrou, en voorsate was beskermde burgers.....toe ek nou vir hulle gehelp het met hul genealogie, weereens op die termes afgekom.

Isebelle E Krauss \*Lloyd.  
011 954 6666  
082 851 5648

Boodskap 6c. Re: ABO Beskermende Burgers  
Posted by: "Chris Hendriks" krisbloem@yahoo.com krisbloem  
Sun Jun 3, 2007 11:29 am (PST)

Halo Louis

Waarskynlik resorteer hulle in al jou kategoriee. Meeste van hulle was egter burghers wat om welke rede ookal nie meer kans gesien het om aan Boere kant met die oorlog voort te gaan nie. Hulle het oorgegee (wapen neergele) en hulself aan Britse kant geskaar. (Weer wapen opgeneem, maar die keer vir die Britte.) In die Vrystaat het baie hulle aangesluit by die Orange River Colony Volunteers, National Scouts, Bretts Scouts, Byng Scouts, Farmers Guard en Field Intelligence Division. Ja soos die name van die eenhede aandui het hulle op hul eie mense gespioneer en hul besittings (plase ens) vernietig. Daarom dat die gevoelens na die oorlog so hoog geloop het. Hoop die bietjie inligting help

Groete  
Chris

Boodskap 7. Familieboek

Posted by: "bmvgrey@eject.co.za" bmvgrey@eject.co.za barbprior

Sun Jun 3, 2007 9:28 am (PST)

Halo

Met al die jare wat ek navorsing doen oor my familie wil ek nou dit in 'n boekvorm plaas.

Is daar enige idees hoe dit gedoen moet word en waar sal ek begin?

Die 'boek' sal net wees vir verspreiding onder die familie, maar dit moet ook iets wees wat vir die nageslag behoue kan wees.

Enige idees en wenke sal baie welkom wees. :)

Dankie vir 'n puik forum.

Groete

Barbara

bmvgrey@eject.co.za

Boodskap 8. Ships name from Dutch to Cape of Good Hope in 1606  
Posted by: "soria@webink.co.za" soria@webink.co.za vanliersoria  
Sun Jun 3, 2007 11:22 am (PST)

During the sixteenth century, the Portuguese were the principal traders in the East Indies. By 1600, however, their place had been taken by the Dutch who, sailing via the Cape of Good Hope, set up a powerful base on the island of Batavia. Soon their ships were seeking new lands in order to open up more trade. In 1606 a Dutch ship called the Duyken, 'the Dove', anchored off northern Australia and some of the crew went ashore - the first Europeans to do so. They were refilling their water casks when they were driven off by fierce natives. The Duyfken sailed away again without exploring any other part of the vast Australian continent.

<http://www.4to40.com/QA/index.asp?id=1086&category=science>

Boodskap 9. Marico Distrik

Posted by: "Johan Niemandt" pcmechanic@vodamail.co.za johanniemandt

Sun Jun 3, 2007 11:30 am (PST)

Geagte Lede,

Net weer ter inligting.

Behalwe my navorsing oor die Niemandt familie in SA, doen ek ook navorsing oor al die families wat in die Marico Distrik woonagtig was.

Indien enigiemand belangstel om inligting oor die mense uit te ruil, kontak my asb by pcmechanic@vodamail.co.za.

Ek het al 'n redelike databasis opgebou, en deel dit wat ek het graag met andere wat enige van die vanne navors.

Groetnis

Johan Niemandt

Piet Retief

Boodskap 10. OUDTSHOORN LIDMAATREGISTER (Deel 47)  
Posted by: "alta le roux" altaler@odn.co.za  
Sun Jun 3, 2007 11:57 am (PST)

AANGENOMEN TE OUDTSHOORN OP DEN 5den OCTOBER 1866 DOOR DEN  
WELEERW T. J. VAN DER RIET (Deel 47)

Adam Johannes Jacobus BEKKER, \*29 Jul 1846  
Willem Martinus Petrus VAN DER WESTHUYSEN, \*14 Jan 1841  
Christiaan Johannes BEHR, \*1 Aug 1850  
Pieter Mattheus Johannes LEROUX, \*15 Jan 1849  
Michael Arnoldus BOTHA, \*18 Sep 1849  
Burger Daniel Christiaan VD WESTHUYZEN, \*11 Mrt 1847  
Carel Frederik Hendrik MEYERING, \*16 Jul 1847  
Jan Frederik DYSSEL, \*13 Jul 1843  
Erasmus Petrus SMIT, \*28 Aug 1846  
David Hercules BOTHA, \*2 mei 1845  
Louis Johannes BOTHA, \*6 Jun 1845 (Cert. 3 Nov 79 Potchefstroom Transvaal)  
Maria Helena BEHR, \*2 Okt 1851  
Petronella Jacoba Sophia SCHOEMAN, \*1 Aug 1851  
Hester Maria Susara LEROUX, \*20 Sep 1851  
Magdalena Susanna Aletta NEL, \*1 Nov 1850  
Susanna Jacoba Hendrina FOURIE, \*28 Des 1850  
Sara Maria Elizabeth SMIT, \*28 Nov 1849  
Susanna Francina SMIT, \*22 Okt 1850  
Maria Catharina Elizabeth CAMFER, \*31 Aug 1850  
Maria Susanna Catharina MULLER, \*14 Des 1849  
Hester Maria Johanna Isabella ALBERTS, \*10 Mei 1851  
Mary RAMSAY, \*27 Jul 1850  
Susanna Cornelia Johanna COETZEE, \*13 Jul 1848  
Tryntje ANDRIESSEN, \*29 Feb 1838 ((Huisvrouw van Lodewyk van der Linden))

NS. Die datum by die laaste inskrywing is korrek! 'n Skrikkeljaarbaba!

Alta le Roux  
altaler@odn.co.za  
Posbus 1138, OUDTSHOORN, 6620  
Tel. 083 996 0676 / 044 272 2271 (h) / 044 272 7636 (w)

Boodskap 11. Boot of seilskip se naam ?

Posted by: "soria@webink.co.za" soria@webink.co.za vanliersoria

Sun Jun 3, 2007 12:11 pm (PST)

Naand almal

Kan iemand dalk vir my se in watter boot of seilskip Joost Pieterz van Dyk v. Ysenberg, Vlaandere en sy broer hier in Suid-Afrika (Cape Good Hope) in 1600's hier aan gekom het.

Soria

Boodskap 12. Vir Elizabeth Teir: Finse Psalms  
Posted by: "Johan Wiesner" z2@lantic.net  
Sun Jun 3, 2007 3:21 pm (PST)

Beste Elizabeth,

Jy sê: "Vakansie het aangebreek met die pragtige woorde van Psalm 249 gister."

Ná dáái keer, toe ek in Finland gekuier het, en daardie beeldskone vastanottovirkailija (of so-iets) (hotel-ontvangsdame) in die hotel in Oulu se taidenniskelutuskeskus (of so-iets) (middestad) op vlot Engels so 'n paar interessanthede en onmoontlikhede van die Finse taal, soos byvoorbeeld woorde waarin 2 y's met umlauts op langs mekaar voorkom, aan ons verduidelik het, kan ek nogal verstaan dat die Finne seker ten minste 249 Psalms nodig sal hê ....

;-))

Johan Wiesner  
Zwartkop  
Verwoerdburg.

Boodskap 13.1. Re: Bekendstelling

Posted by: "Martin Knoetze" knoetze@netrover.com lovegenaca

Sun Jun 3, 2007 4:26 pm (PST)

Dankie Nardus. Interessant - ek het geweet van sy rugby spelery maar nooit geweet van sy atletiek dae nie.

Martin

Boodskap 14a. Knoetze navraag  
Posted by: "Martin Knoetze" knoetze@netrover.com lovegenaca  
Sun Jun 3, 2007 4:39 pm (PST)

Almal

Vir een van die Knoetzes in Kanada wat ek probeer inlas by die Knoetze stamboom. Is daar dalk iemand wat vir my asseblief enige voorgeslag inligting het vir:

Johannes Daniel KNOETZE  
Gebore: 14 Julie 1871  
Sterf: Distrik Willowmore op 1 Maart 1926

Ek weet nie hoe waardevol "estate papers" is nie, maar kan iemand asseblief so gaaf wees om vir my die volgende in die Kaapse argief op te soek:

DEPOT: KAB  
SOURCE: MOOC  
TYPE: LEER  
VOLUME\_NO: 6/9/2967  
SYSTEM: 01  
REFERENCE 11386  
PART: 1  
DESCRIPTION: \*KNOETZE,\* JOHANNES DANIEL. ESTATE PAPERS.  
STARTING: 19260000  
ENDING: 19260000

Baie dankie  
Martin

Boodskap 14b. KAB opsoek asb  
Posted by: "Rendille Kenya" nomadspulpit@yahoo.com nomadspulpit  
Sun Jun 3, 2007 10:17 pm (PST)

Indien iemand dalk iewers 'n kansie het om die volgende rekord vir my na te gaan sal ek dit baie waardeer. Ek vermoed dis my verlore grootjie hierdie.

Groetnis  
A van Rooyen

Document 1 of 1  
DEPOT KAB  
SOURCE MOOC  
TYPE LEER  
VOLUME\_NO 6/9/4896  
SYSTEM 01  
REFERENCE 54086  
PART 1  
DESCRIPTION DU PLESSIS, STEPHANUS WEYERS. ESTATE PAPERS.  
STARTING 19370000  
ENDING 19370000

Boodskap 14c. TAB OPSOEKE ASB

Posted by: "Rendille Kenya" nomadspulpit@yahoo.com nomadspulpit

Sun Jun 3, 2007 10:29 pm (PST)

Ek sal dit baie waardeer as iemand vir my hierdie kan opsoek asb. Na oorlewering van familielede het hierdie egpaar teen een van die destydse eerste ministers gebots en so dood verongeluk.

Groetnis

A van Rooyen uit 'n hittige Texas

Document 3 of 4

DEPOT TAB SOURCE MHG

TYPE LEER VOLUME\_NO 0

SYSTEM 01 REFERENCE 2406/54 PART 1

DESCRIPTION DE VRY, PETRONELLA JOHANNA. BORN DU PLESSIS.

STARTING 19540000 ENDING 19540000

REMARKS PREDECASED SPOUSE FREDERICK PAULUS DE VRY.

Document 4 of 4

DEPOT TAB

SOURCE MHG

TYPE LEER VOLUME\_NO 0 SYSTEM 01

REFERENCE 2479/54

PART 1 DESCRIPTION

DE VRY, FREDERICK PAULUS.

STARTING 19540000 ENDING 19540000 REMARKS PREDECASED SPOUSE

PETRONELLA JOHANNA DE VRY (BORN DU PLESSIS).

Boodskap 15. Fw: FAMILY HISTORY FAIR : SATURDAY 9 JUNE 2007  
Posted by: "aletta magrieta.quebbemann" am.queb@mweb.co.za alettaqea9fac  
Sun Jun 3, 2007 10:43 pm (PST)

----- Original Message -----

From: JUDY LETARD  
Longworth  
Cc: Jacques Benadie  
Sent: Sunday, May 27, 2007 7:54 AM  
Subject: FAMILY HISTORY FAIR : SATURDAY 9 JUNE 2007

Hi all,

This is a reminder that the FAMILY HISTORY FAIR will take place on Saturday 9 June 07 from 9am - 4pm at the LDS Family History Centre. As you will see, this year the Fair will be bigger and better!!!!

If anyone is interested in volunteering their time for an hour at the GSSA stall we would be most grateful for your help. We need two people at a time to man our stall - this will give everyone a chance to see the films, attend the talks and to visit the stalls.

If you intend staying most of the day, Jenny would love a helping hand downstairs at the Centre as most of the action will be taking place there. Please contact her direct - her email address is mentioned on the poster attached.

If you know of anyone who would be interested in attending, please help us out by forwarding this email on to them.

I hope to see you all there!!!

Kind regards  
Judy

**Onderwerp:** [SA-Gen] Bundel Nommer 2760

**Datum:** Monday, June 04, 2007

Daar is 15 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:

1. [Koerant] Sunday Tribune 3 Mei 2007 From: aletta magrieta.quebbemann
- 2a. Re: ABO Beskermende Burgers From: Herman Labushagne
- 3a. Re: Weilbach-familie From: Marlize van der Westhuizen
- 4a. Re: Britse soldate in ABO From: Ursulah
5. SPELWYSE VAN VANNE From: Viljoen, HC
- 6a. Re: LE ROUX-FAMILIE: VIR URSULAH From: Ursulah
- 7a. Re: KAB opsoek asb From: Johan van Breda
- 8a. Re: Knoetze navraag From: Johan van Breda
9. TAB ondersoeke From: Marius Dickinson
- 10a. Re: Shaw/Stokes en Kaapstadse kinderhuis? From: Ursulah
- 10b. Re: Shaw/Stokes en Kaapstadse kinderhuis? From: Johan Pottas
- 11a. DOORNKOM From: Johan van Breda
- 11b. Bron konflik From: Karel Marais
- 12a. Re: [BP] Shaw/Stokes en Kaapstadse kinderhuis? From: Moira Pnematicatos nee Wessels
- 13a. Re: Senekal From: Ad?lle Jerling

Boodskap 1. [Koerant] Sunday Tribune 3 Mei 2007  
Posted by: "aletta magrieta.quebbemann" am.queb@mweb.co.za alettaqea9fac  
Sun Jun 3, 2007 11:16 pm (PST)

Naand vriende,

GEBOORTES:- DICKSON Wayne & Taryn 'n dogter Tayla Peta \* 29/05/2007 in Parklands. Suster vir Shawn. 3de kleinkind vir Norman & Peggy.

HOUGHTON nee GOFF Jennifer & Julian 'n dogter Melissa May \* 29/05/2007 in Westville Hospitaal.1ste kleinkind . Van ouers en Matthew.

KARSHAGEN Morne & Nickie 'n dogter Katie Noa \* 17/05/2007.

SCOTT Reece ,Ash en Allera verwelkom Tanna Jamie \* 17/05/2007 in Parklands.

SPRUNT nee BRUTON Andrew & Tamryn 'n dogter Mikaela Joy \*29/05/2007 in Pietermaritzburg. 1ste kleinkind vir Glen & Joanne.

VERJAARSDAG:- BOULE Irene 90 jaar. van Bernadette ,Damien & TOUCHE familie.

VERLOWINGS:- BOTHA - MASSEY-HICKS Clive & Jeanette se dogter Christi aan Clinton seun van Sheila.

VAN DER MERWE - DE GOUVEIA Karen & Neil is verloof.

HUWELIKE:- GILES Stuart & Dalene se jongste dogter Tarryn x Liam MULDER 26 Mei 2007.

RAUBACH - MILLER Willy ,Adelle, Tim & Linda is bly dat Chloe van Northcliff met Michael van Wimbleton gaan trou op 9 Mei 2007 in London.

DOOD:- BAIRD Barbara ?????? 26/05/2007 . Ouderdom 87 jaar. Vrou ,ma en ouma van Carol & Ray, Sue & Bruce, Matthew, Tarrilyn & Erin. Ook van Victress, Gladdy, Phillip en Faith.

BENNETT Mary Theresa ?????? 2/06/2007 x Don. Ma van Anne en Charon. Ouma van Candice, Dale en Caitlyn.

BROOKE Amelie Marie 12/10/1910 ----29/05/2007 . Ma ,ouma en oumagroot van Dennis, en Younne, Jo en Chris, William, Thomas en George, en Mel. Begrafnis by Glenwood Community Church 5 /06/2007 om 11vm.

HOUSE Barbara Minnie ?????? 30/05/2007 x ?????? Derrick. Ma, ouma en oumagroot. Memorial om 2nm 5 Junie 2007 by Little Chapel ,Pineville Junction Pinetown.

HUDSON Daphne 06/09/1929 -----31/05/2007 in Pretoria. Ma van Barry, Enid, Sharleen en Richard. Ouma van Cameron, Amy, Kenneth en Lauren.

HUME Ian (Spike) 23/08/1929 -----30/05/2007 . Sal gemis word deur Brett, Gavin, Shelley, Richelle, Jonathan, Shaun en Calvin. Memorial by NG Kerk Empangeni 5/06/2007 om 12 nm.

LE ROUX Bennie ????? 1/06/2007 .Ma van Lesley & Susan, David en Bryan. Ouma van Bradley, Craig, Sarah-Jane, en Jessica. Suster van Allan en Dennis en ????? Colin.

NIELSON Rodney Hector 05/01/1950 ----01/06/2007 x Elaine.Pa van Michelle, Lindy, Bryan, Craig, Phillipa. Oupa van Jared, Caleb en Hannah. Skoonseun ,swaer en oom Ingesit deur Ma , COUCHMAN'S, DENMAN'S, GOODWIN'S & McLOUGHLIN'S. Begrafnis by The Grace Family Church 5 /06/2007 om 3nm.

O'LEARY (ELLIS) Jean Natalia 15/01/1927 -----30/05/2007 .Ma van Robert & Marie, Peter & Judy, Dinky & Ken, Stephen & Carin .Ouma van Ashleigh, Amy, Warren en Kristie, Delon, Darren, Michelle. Oumagroot van Cameron.Memorial by Glenridge Church Durban Stasie 5/06/2007 om 3.30nm.

PIETERSE Jan Louis x Joey vir 48 jaar Pa van Chris x Heidi Oupa van Amy en Andrew. Memorial by Umbilo Congregational Church 4 /06/2007 om 2nm.

SCHIJF Amanda Moira (Mandy) ????? 30/05/2007. Memorial by St Martin In The Fields Durban Noord 7/06/2007 om 2nm.

STEYN Ian Duncan ????? 27/05/2007 (Mr Shoes van Greenacres) x June. Swaer van Jose & Michael DUGGAN.

TOLLMAN Ted . Ons dink aan julle Tannie Shirley , Steve, Kathy, Peter, Linda, Lisa en Brian van Daniel, Carool, Bryan en Taali.

YOUNG Lawrence van Bluff x Kay. Pa van Lance en Russel. Memorial by DOVES Greyville 5/06/2007 om 10.30vm.

MEMORIAM:- BRADY Gordon ????? 2/06/1994. Van familie BRADY.

DUNCAN Stanley William. 34 jaar dood nou . x Moira.

ELS Cobus (Blondie) 1 jaar dood nou. Ons mis jou van Rina ,Deidre en Coenraad.

FRANCIS Joan Maria Onthou deur Josette, Bevan, Netta, Sherwin, Graham en kleinkinders.

NILSEN Nils ????? 03/06/1997 .Pa van Rod, Jinny en Nan en familie.

PAUL Philip Joshua ???? 2/06/1996. Oom van Amy, Esme en Trevor POWYS .

REEVES Neville ???? 02/06/2005 . Van familie.

THOMSON Beryl 1934 ---1997. Onthou deur Les en Irene. Ook van Lynda, Alton en Dean.

TIPPING-WOODS Marie Ex Bulawayo. 1jaar dood nou. Ma van Jenny & Terry McDONALD. Ma van Cedric en Bridget. Klein en agterkleinkinders.

DANKIE :- BEAVITT Reginald Alvis . Dankie aan almal wat begrafnis bygewoon het op 30/05/2007. by St Luke's Anglikaanse Kerk . Dankie aan Caregivers- Howick Hospice, Personeel - Howick Hospitaal en Howick gemeenskap.

Gegroet uit Durban  
Rita Quebbemann

Boodskap 2a. Re: ABO Beskermende Burgers  
Posted by: "Herman Labushagne" genealogy@allpress-sa.com hlabuschagne  
Sun Jun 3, 2007 11:19 pm (PST)

Beste Louis,

Ek sal my eie afleidings met jou deel, maar ek waarborg nie dat dit korrek is nie.

Die konteks waarin ek die term nog altyd teegekom het, is waar dit verwys na burgers wat om een of ander rede oorgegee of lojaliteit verklaar het teenoor die Britse okkupasie gesag.

Dit verwys dikwels na burgers wat oorgegee het ingevolge Lord Roberts se deklarasie dat die oorlog so goed soos verby is en dat almal maar kan oorgee en klaarky. Moet egter nie die fout maak om summier te aanvaar dat ?????protected Burghers????? noodwendig joiners was nie. Toe die Boere later besef het dat dit ?????n wolhaarstorie was het groot getalle eenouvdig weer by die kommando?????s aangesluit. Ek het gevalle waar sulke persone se eise nogtans as ?????Protected Burgher????? gemerk was.

Ek vind die term ook in gebruik waar verwys word na oumense en nie-vegtendes (?????non-combatants?????), wat lojaal en republikeins-gesind was, maar wat om verskeie redes eenvoudig net nie aan die oorlog kon deel neem nie. Ek vind die term ook in gebruik waar dit verwys na ware hensoppers wat om redes van lafhartigheid en opportunisme oorgegee het ten einde Britse beskerming te verkry. Daar was baie Boere wat gevoel het dat as hulle vroeg oorgee, die Britte hulle belofte gestand sou doen om die ?????protected Burghers????? ongemolesteerd op hul plase te laat en veral hulle fisiese besittings te beskerm. Ironies genoeg is waarskynlik die oorgrote meerderheid van hierdie persone se eiendom nogtans deur die loop van die oorlog verwoes?????gewoonlik deur die Britte, maar nie uitsluitlik nie. Dit is omdat hierdie ?????hensoppers????? dikwels deur die Boere van verraad aangekla was. As die Boere hulle gevang het, was hulle gestraf d.m.v. strawwe soos o.m. boetes, lyfstraf, tronkstrof of konfiskering van hul fisiese eiendom. Hulle was dus veiliger by hulle vyande as by hulle eie mense. Daar is baie gevalle waar sulke verraaiers huis by die Britse owerhede beskerming teen hul eie volksgenote probeer kry het.

Nog ?????n algemene geval is waar burgers wat gewond was en dus uit die oorlog moest tree, as protected Burghers opgeteken word. Hulle kon nie meer op kommando diens verrig nie, en hulle is dus onder die Britse owerhede se gesag gereken. Aanvanklik is hulle dikwels ongemolesteerd gelaat op hul plase of by vriende in dorpshuise, maar later is baie van hulle konsentrasiekampe toe gestuur, of onder internering geplaas.

Ek neem aan dat die term ?????protected Burgher????? ook van toepassing sou gewees het op National Scouts, of ware ?????joiners?????, maar ek het nog net een so ?????n geval te????gekom. Ek kan nie s???? of dit die algemene gebruik was nie, aangesien ?????n joiner in my opinie tegnies eerder as ?????n Britse soldaat moes gekwalifiseer het.

Ten slotte wil ek ook net opmerk dat mens moet versigtig wees om aan die vele oorlogs-eise wat as ?????Protected Burgher????? gemerk is, ?????n stigma toe te ken. Ek het later geleidelik begin besef dat die Boere blykbaar na die oorlog die pap dikwels ?????n bietjie dik aangemaak het as hulle hulle skadevergoedingseise ingedien het. Sommige Boere het regslui of ander geleerde gebruik om hulle eise vir hulle op te stel, en ek het naderhand begin bemerk dat hulle dikwels stertjies aangelas en die stories en konteks so te stel dat hulle so Brits-gesind as moontlik voorkom. Dit was natuurlik om groter kans te skep dat hulle eise sou slaag. Ek het dit begin besef toe ek deur die eise van redelik bekende, vurige republikeins-gesinde en lojale Burgers gewerk het. As jy die eise lees sal jy dink hulle was verraaiers, en tog ken die geskiedenis hulle as waardige patriotte wat met eer geveg het.

Met beste groete,

Herman Labuschagne, Jhb  
mellivora@hotmail.com

Boodskap 3a. Re: Weilbach-familie

Posted by: "Marlize van der Westhuizen" Marlize.VanDerWesthuizen@nwu.ac.za

Sun Jun 3, 2007 11:21 pm (PST)

Dankie Anneli, ek sal definitief daar gaan kyk! Het jy vir my 'n link?

Ad???élle Jerling

School for Biokinetics, Recreation and Sport Science

North-West University

Potchefstroom,2520

South Africa

(018) 299-1808

072 920 0788

Boodskap 4a. Re: Britse soldate in ABO  
Posted by: "Ursulah" jvrens@tdm.co.mz jvrens  
Sun Jun 3, 2007 11:58 pm (PST)

Hallo grahame

Ek doen navorsing oor ?????van Zweel???? familie. My groot oupa en sy 2 broers het blybaar in die anglo boere oorlog deelgeneem. Kan jy dalk in jou boek nagaan of daar enige verwysing na ?????van Zweel????? is en indien wel vir my die inligting stuur asb. Ek sal jou hulp baie waardeer.

Groete

ursulah

**Boodskap 5. SPELWYSE VAN VANNE**

Posted by: "Viljoen, HC " hcv@sun.ac.za hc\_viljoen  
Mon Jun 4, 2007 12:27 am (PST)

Jaco Strauss skryf:

Standaard spellings is maar 'n onlangse ding en dit sal interessant wees om

Beste SAGenealo????,

Onthou moet word dat die meeste rekords van die spelwyse van vanne drie en meer eeu gelede afkomstig was van mense wat wel geletterd was, bv die scriba's wat doop- en huweliksregisters voltooi het. Verder was hul spelling grootliks foneties, sodat Villion van meet af aan Viljon gespel was (later Viljoen), en dit in die laat 17de eeu reeds. (Standaardisering het skynbaar veel later plaasgevind: tot teen die einde van die 19de eeu was dit konsekwent as Filjoen gespel in die volksraadsverslae van die Republiek Oranje Vrystaat). Die vlak van geletterdheid aan die Kaap word breedvoerig bespreek deur Ad Biewenga in sy omvattende werk "De Kaap de Goede Hoop - Een Nederlandse vestigingskolonie, 1680 - 1730" (Uitgeverij Prometheus / Bert Bakker Amsterdam 1999). Predikante en onderwysers het dikwels as briefskrywers namens di???? wat ongeletterd was, opgetree. Verder was die vlak van "geletterdheid" (geoordeel aan di????gene wat hul naam kon skryf) in die vroe???? 18de eeu in bv die Stellenbosch distrik nie veel laer as in die moederland (Amsterdam) nie. ('n Soortgelyke studie toon dat die vlak van geletterdheid onder die algemene bevolking in bv. Engeland destyds veel laer was). 'n Lysie van Hugenote-vanne se oorspronklike en huidige spelling verskyn by <http://www.geocities.com/hugenoteblad/vanne.htm>

Groete  
Christo Viljoen

Boodskap 6a. Re: LE ROUX-FAMILIE: VIR URSULAH

Posted by: "Ursulah" jvrens@tdm.co.mz jvrens

Mon Jun 4, 2007 12:32 am (PST)

Hallo Daniel

Baie baie dankie. Ek is nou so opgewonde.

My ouma aan vaderskant was Susara Jacoba le Roux geb. 1 Jan 1906. sy was getroud met Joachim Christoffel van Zweel geb. 17 Augustus 1896. Susara se vader was Hendrik Lucas Le Roux en hy was getroud met Elizabeth Margaretha Kruger geb 21 Junie (jaar ongelukkig nie bekend nie) Pa kan nie meer so goed onthou nie. Jou hulp word baie waardeer. Nogmaals dankie

Groete

ursulah

Boodskap 7a. Re: KAB opsoek asb  
Posted by: "Johan van Breda" cjvanbreda@gmail.com cjvanbreda  
Mon Jun 4, 2007 1:26 am (PST)

Hi Anelda,

Ek sal dit vir jou naslaan as jy nie te haastig is nie. Ek weet nie of die argief in Kaapstad oop is nie want sommige staatsamptenare staak vir 'n salarisverhoging van 12%. Dan is dit op die oomblik ook gevaaerlik om die stad in te gaan weens protesoptogte.

Groete vanuit 'n koue en nat Kaapstad.

JOHAN VAN BREDA

Boodskap 8a. Re: Knoetze navraag

Posted by: "Johan van Breda" cjvambreda@gmail.com cjvambreda

Mon Jun 4, 2007 1:37 am (PST)

Hi Martin,

Ek sal dit vir jou naslaan as jy nie te haastig is nie. Ek weet nie of die argief in Kaapstad oop is nie want sommige staatsamptenare staak vir 'n salarisverhoging van 12%. Dan is dit op die oomblik ook gevaaerlik om die stad in te gaan weens protesoptogte.

Groete vanuit 'n koue en nat Kaapstad.

JOHAN VAN BREDA

Boodskap 9. TAB ondersoek

Posted by: "Marius Dickinson" mdickinson@amsa.co.za

Mon Jun 4, 2007 1:43 am (PST)

Verwysing na die TAB opsoeke. Jammer dat ek nog nie almal al kon doen nie en sal ek dit eerskomende Donderdag kan doen, byges???? afhangende van die stakings en slow marches Ek het verledeweek nie 10% van die werk kon doen nie. Lede wat my spesifieker gevra het en nog nie geholpe is nie, bevestig weer net dat ons nie dupliseer nie.

Groetnis Marius Dickinson

Boodskap 10a. Re: Shaw/Stokes en Kaapstadse kinderhuis?

Posted by: "Ursulah" jvrens@tdm.co.mz jvrens

Mon Jun 4, 2007 1:53 am (PST)

Hallo alma

Ek dink Die kinderhuis heet tans "Durbanville Kinderhuis". Ek was 'n rukkie gelede daar om skenkings af te laai. Ek woon egter nie tans in kaap nie maar het nog kontak daar met iemand wat dalk sal kan help met besoek aan die kinderhuis vir inligting ens. laat maar weet

Groete

ursulah

Boodskap 10b. Re: Shaw/Stokes en Kaapstadse kinderhuis?  
Posted by: "Johan Pottas" PottasJ.RD@ufs.ac.za pottasjj  
Mon Jun 4, 2007 2:06 am (PST)

Dag almal

Baie dankie aan julle almal se reaksie.

Groete

Johan J Pottas Rekensentrum UV  
Tel: +27-51-401-2767 werk  
Tel: +27-51-522-7329 huis  
Tel: +27-82-569-3727 sel  
Faks: +27-51-401-2765 werk  
Posbus 34559, Faunasis, 9325

Boodskap 11a. DOORNKOM

Posted by: "Johan van Breda" cjvambreda@gmail.com cjvambreda

Mon Jun 4, 2007 2:27 am (PST)

Kan iemand my asb. s???? waar die plaas Doornkom is/was en wie die eienaars was teen 1898? Ek vermoed dit is in die Nylstroom omgewing.

By voorbaat dank

Groete

JOHAN VAN BREDA

Kaapstad

Boodskap 11b. Bron konflik

Posted by: "Karel Marais" turando101@yahoo.com turando101

Mon Jun 4, 2007 3:21 am (PST)

Hello,

Indien ek twee bronne het wat geheel en al verskil hoe hanteer mens dit. My instink is om die een wat ek vertrou, dis 'n MOOC, te gebruik. Dit het net name en swak spelling maar dit behoort mos meer akkuraat te wees as enige ander bron? Die ander is op een van die aanlyn genealogiese webwerfe en gee name, geboortedatums en in sommige gevalle selfs gades en kinders!

Nou hoe gemaak met die klomp mense wat ek nou nie meer kan koppel nie? Bere ek hulle nou maar in my "Onbekende Marais" leer en soek tot ek hulle kan koppel?

Dankie byvoorbaat,

Karel Marais

Boodskap 12a. Re: [BP] Shaw/Stokes en Kaapstadse kinderhuis?

Posted by: "Moira Pnematicatos nee Wessels" moirap@leisurecorp.co.za

moira\_pnematicatos

Mon Jun 4, 2007 3:07 am (PST)

Dankie Ria, ek het dit nie geweet nie. Ek sien op hulle uithangbord staan daar "founded 1853", so ook oud. 'n Hartseer plek...

Groete

Moira

Boodskap 13a. Re: Senekal  
Posted by: "Ad?lle Jerling" cool2bsafe@yahoo.com senekalgen  
Mon Jun 4, 2007 3:36 am (PST)

Hallo Nardus!

Ek/t 'n goudmyn gekry op my voorstoep. Die OB-argiewe is by die Ferdinand Postma Biblioteek by die PUK. Die argivaris wat daarmee werk is Annette Kellner. Sy is baie vriendelik. Haar epos is Annette.Kellner@nwu.ac.za. Sy sal vir jou als verduidelik.

Mooi dag  
Ad????lle

**Onderwerp:** [SA-Gen] Bundel Nommer 2761

**Datum:** Tuesday, June 05, 2007

Daar is 25 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:

- 1a. Re: Spelling van die Van (Jaco) From: Jaco Strauss
- 2a. Ongeletterdheid en die Ingelse invloed... From: Jaco Strauss
- 3a. Re: Weilbach-familie From: Annelie Els
- 3b. Weilbach-familie From: Gene Milton
- 4a. Re: KAB opsoek asb From: Rendille Kenya
- 5a. Re: Bron konflik - Karel From: Alta Griffiths
- 5b. Re: Bron konflik el From: Karel Marais
- 5c. Re: Bron konflik el From: Herman Labushagne
6. [Koerant] Beeld 04 Junie 2007 From: Blikkies
7. [Koerant] Beeld 04 Mei 2007 From: Blikkies
8. Collen Familie From: Dirk Bloem
9. Re: Witfontein Begraafplaas From: Marius Dickinson
- 10a. Re: Marico Distrik From: Marius Dickinson
- 10b. Re: Marico Distrik From: Dennis Pretorius
- 11a. Re: DOORNKOM From: Marius Dickinson
- 11b. Re: DOORNKOM From: David vd Merwe
- 12a. Re: TAB ondersoeke (vir Marius Dickinson) From: Charlie Els
13. OUDTSHOORN LIDMAATREGISTER (Deel 48) From: alta le roux
14. Marico Distrik- Marius Dickinson From: Johan Niemandt

15. Bewaarders van ons Erfenis Deel 21 Distrik Albany. From: Jean Ir Roux

16a. Re: TAB ondersoek From: Gustav & René Pansegrouw

17a. Re: [BULK]Re: [SA-Gen] Knoetze navraag From: Martin Knoetze

18. [Koerant] Beeld 05 Mei 2007 From: Blikkies

19a. [Koerant] Beeld 07 Mei 2007 From: Blikkies

19b. [Koerant] Beeld 07 Mei 2007 From: Blikkies

Boodskap 1a. Re: Spelling van die Van (Jaco)  
Posted by: "Jaco Strauss" jaco@strauss.za.com jacostrauss  
Mon Jun 4, 2007 4:48 am (PST)

Ja nee, die mense het allerhande redes gehad. My eie oupa aan my ma se kant het altyd aangedring op die lang "y" in die "steyn" van sy Greyvensteyn. Tot my ma se verbasing kom sy toe eendag af op 'n dagboek van hom waar hy as jong man sy eie naam geteken het as "Greyvenstein". Hy is dus as "Greyvenstein" gebore en as "Greyvensteyn" oorlede. Hulle was van die Molteno / Burgersdorp / Steynsburg omgewing.

Volgens oorlewering het 'n deel van die Greyvenstein familie op 'n stadium na die ABO besluit om hulle van te verhollands aangesien die "stein" van "Greyvenstein" vir hulle blykbaar te Joods voorgekom het. Ironies genoeg was die van "Greyvenstein" reeds 'n verhollandse weergawe van die oorspronklike Greiffenstein.

Ook interessant is dat die Greyvensteyns van Simba-faam deel van hierdie "wegbreek" groep was en vandag nog verskyn die adres van hul hoofkwartier op elke pakkie skyfies as Andre Greyvensteynlaan, Isando. Soms word daardie Greyvensteynlaan egter ook verkeerdelik as Greyvensteinlaan aangegee.....

Dit is eintlik vir my verbasend dat die "Ou Kaapse Familienaam" Strauss nooit sy derde "s" op die Karoo vlaktes rondom Calvinia verloor het nie; of verhollands het na "Struijs" soos wat daar in die spreektaal na hulle verwys is nie. Seker maar soos wat die Weskus Lospers uiteindelik Loubser gebly het en die Ooskaap Lawwerskaings, Labuschagne. Om nie eers van die Vannehevers te praat nie!

Groete van die Melbourne Struise

Boodskap 2a. Ongeletterdheid en die Ingelse invloed...

Posted by: "Jaco Strauss" jaco@strauss.za.com jacostrauss

Mon Jun 4, 2007 5:25 am (PST)

Karel (as Kapenaar sal ek maar by Karel bly) jou uiteensetting herinner my aan die tannie wat die hoof aangevat het oor haar swak presterende knaap met 'n aanmerking oor hoe uiters begaafde kinders soms onderpresteer op skool. Die hoof het haar gelyk gegee, maar uitgewys dat alhoewel begaafde kinders soms mag onderpresteer, dit algemeen bekend is dat kinders wat nie so begaaf is nie gereeld ook swak vaar...

So ja, spelvorms het wel gewissel onder geletterdes, maar onder die ongeletterdes natuurlik selfs meer so. Mens kan in hierdie gevalle veral die invloed van die Engelse administrasie na 1806 sien. Die amptenare was gereeld nie Hollands magtig of bekend met die plaaslike vanne nie en waar die plaaslike bevolking dan ook nog ongeletterd was (en sekerlik ook nie huis Engels kon praat nie) het dit gereeld tot spellings op SK's geleei wat vandag dit soms maar moeilik maak om te ontrafel - as jy gelukkig genoeg is om dit in die eerste plek op te spoor...

Groete

Jaco

Boodskap 3a. Re: Weilbach-familie  
Posted by: "Annelie Els" annelie@who-els.co.za engelkind2000  
Mon Jun 4, 2007 5:26 am (PST)

Hallo Adelle,

Hier is die link na daardie fotos van die SK's. Kliek op die "documents". Kyk gerus rond daar is ook meer as 11 duisend dokumente se fotos en 43 duisend fotos van grafstene.

[http://www.eggsa.org/library/main.php?g2\\_navId=xfcfe0a842](http://www.eggsa.org/library/main.php?g2_navId=xfcfe0a842)

Groetnis  
Annelie.  
Valhalla.

Boodskap 3b. Weilbach-familie

Posted by: "Gene Milton" genem.professionaltrvl@galileosa.co.za gene.milton

Mon Jun 4, 2007 6:15 am (PST)

Hello daar

My stief Oupa was a Weilbach (Jan) getroud met Georgina Susanna VANZYL (Schonken) haar ours was van die plaas LANGLAAGTE wat later opgebreek was en waar die Dorp Heidelberg nou staan. Met Oupa Weilbach se ddo het hulle 4-5 p[ase gehad. Die plaas in Louis Trichard was die enigste een wat ek kan onthou. Daar was praat van Osstenryk/Duitsland en Frankryk in my Ouma se familie.

Gene Milton

Boodskap 4a. Re: KAB opsoek asb  
Posted by: "Rendille Kenya" nomadspulpit@yahoo.com nomadspulpit  
Mon Jun 4, 2007 5:50 am (PST)

Dankie Johan. Ek verstaan heeltemal. Sarel Burger het ook aangebied en ek het ongelukkig eerste sy email gelees en geantwoord en weer my versoek vir hom bevestig. Nogtans waardeer jou aanbod.

Groetnis  
Anelda van Rooyen

Boodskap 5a. Re: Bron konflik - Karel  
Posted by: "Alta Griffiths" alta@pinnaclespot.co.za griffithsalta  
Mon Jun 4, 2007 6:03 am (PST)

Karel

SK's is nie altyd 100% korrek nie!

My ondervinding is dat in baie gevalle word voorname omgedraai of verkort, kinders se ouerdomme word geraai of kindername selfs weggeblaas en ma se nooiensvan word vergeet, en die name van die oorledene se ouers word heeltemal vergeet!

- \* Die korrektheid daarvan sal afhang van die kennis van die individu wat die SK ingevul het!!
- \* Veral is hulle 'n SK vir die eerste keer invul - hulle weet nie regtig wat se info van hulle verwag word nie; so is hulle nie voorbereid nie; toentertyd was daar ook nie selfone waar jy gou iemand kon skakel om jou uit te help nie;
- \* Terselfdertyd is hulle dikwels nog in emosionele pyn - wat ek glo ook hulle antwoorde beinvloed.
- \* Laastens vind ek dat faktore soos familie onenighede, geheime of erfposries ook die volledigheid van die SK kan beinvloed

Wat webwerwe betref, 'n mens kan sommer sien as die persoon hard gewerk het aan sy data! 'n Goeie leidraad is as daar doopdatums, troudatums en fotos van verskeie takke van die familie teenwoordig is; asook 'n ordentlike bronnellys. Probeer om die bron verwysings te kry op die webblad en volg die leidrade op!

Selfs as jy info van familielede kry - kan dit nie kwaad doen as jy dit slegs gebruik as 'n aanknopingspunt om jou navorsing op te baseer nie.

Ek het 'n tannie met 3 sterfdatums! Een datum volgens die dogter, een volgens die grafsteen en 'n derde op die SK!!

Alta

Boodskap 5b. Re: Bron konflik el  
Posted by: "Karel Marais" turando101@yahoo.com turando101  
Mon Jun 4, 2007 8:17 am (PST)

Dankie vir die waardevolle raad Alta!

In hierdie geval het ek twee web bronne maar ek kry die indruk dat hulle by mekaar "afgeskryf" het (ek weet nou ook hoe my st2 juffrou my gevang het!).

Daar is 5 kinders op die SK en 7 op die web. Ek kan een van die kinders se name verbind, 'n tweede is daar 'n moontlikheid (een naam op die SK, 3 op die web so daar is 'n moontlikheid), vir die res is die name nie verkortings of verdraaings nie. Kortweg is daar niks wat ooreenstem nie. Ek weet dit is die regte persoon want hy het drie keer getrou en al drie vroue se name word genoem. Die eerste twee se inligting (kindes inkluis) stem ooreen maar die derde is dit net die gade en die twee gevalle hierbo genoem wat ooreenstem!

Aangesien die persoon al in 1829 dood is afekteer dit 'n hele rits goed in my Marais stamboom, ook is daar natuurlik ander families wat graak word soos Vosloo, du Plessis (twee keer) en Pretorius as 'n mens die Sk en die web vergelyk.

Jammer vir die lang antwoord!

Groete,  
Karel Marais

Boodskap 5c. Re: Bron konflik el

Posted by: "Herman Labushagne" genealogy@allpress-sa.com hlabuschagne

Mon Jun 4, 2007 11:19 pm (PST)

Karel,

Jou vraag is eintlik 'n goeie een selfs vir ervare navorsers. Ek persoonlik hanteer konflikterende bronne op 'n minder algemene wyse. Ek beskou dit nie as my primêre taak om te besluit watter bron absolut korrek is en watter een nie. Ek teken slegs getuienis op. Dit beteken dat ek gewoonlik elke bron se data opteken soos ek dit vind. As ek later regtig seker kan vasstel wat die waarheid is, dan pas ek dit natuurlik dienooreenkomsdig aan. Maar dan voel ek mens moet 'n paragraaf skrywe om te verklaar hoekom jy een feit bo 'n ander verkie. En omdat mens gewoonlik werk met honderde mense wat jy maar net in die verbygaan opteken, voel ek 'n navorser het nie die tyd om te sit en rangordes uitwerk nie. Dit is dus waarom ek liewers elke bron se feit wil opteken en dit oorlaat aan spesialiste na my om te besluit wat is korrek en wat nie.

Mens vind dikwels dat jy bv. twee, drie of selfs vier verskillende geboortedatums vir dieselfde persoon ontdek, afhangende van watter bronne jy mee werk. Sommige navorsers kies die datum wat vir hulle die mees-oortuigendste lyk en ignoreer eenvoudig die ander. Sommiges kies ook die mees oortuigendste datum, maar bring iewers 'n nota aan wat melding maak van die konflikterende data. Ek respekteer elkeen se reg tot 'n eie metodiek, maar hierdie benadering maak nie vir my sin nie.

Ek gebruik Legacy, wat jou toelaat om meer as een datum in die datum veld te plaas. So bv. lyk my voorganger Frans Labuschagne se geboortedatum so: Bef 22 Oct 1752 or 6 April 1749. Ek weet baie navorsers hou nie hiervan nie, maar dit maak vir my baie meer sin. Legacy stel jou in staat om aan elke feit 'n bronverwysing en vertouenswaarde toe te ken. So kan jy dan spesifieer waar die twee feite vandaan kom, en aan watter een jy meer waarde heg. Ek moet erken dat die funksie glad nie so effekief werk as wat ek dit sou wou gehad het nie, maar ons moet maar werk binne die beperkings van ons sagteware. Die probleem is dat hierdie tipe van datum-velde blykbaar moeilikheid kan veroorsaak as mens data deel tussen verskillende genealogiese programme of gedcoms. Ek het besluit om maar verlief hiermee te neem. Somtyds, as ek voel dat die datum meer verduideliking nodig het, voeg en dit eerder in die nota veld by. Die nadeel hiervan is net dat ek baie selde indien ooit enige verslae met nota velde ingesluit deel met ander navorsers. Dit is maar hoofsaaklik omdat die nota velde soms inligting bevat wat ek uit respek vir mense se privaatheid nie maklik deel nie. Op hierdie manier kan ander navorsers dus nie sien wanneer daar twyfel bestaan het oor 'n sekere feit nie.

Die ander algemene verskeinsel is waar 'n persoon verskillende name of spelvorme het. Ek beskou dit as baie belangrik dat elke variasie van 'n persoon se naam opgeteken moet word. So bv. het my oor-oupagrootjie sy eie naam soms gespel as Isaac-, Izak- of Izaak Hermanus en hy en andere het die van soms as Labuschagne/Labuschagné/Labuschagnie/Labüschagnie gespel. Ek teken eenvoudig al die variasies op. Deur dit te doen voel ek mens ontwikkel ook 'n mate van begrip vir die

taal- en spel ontwikkeling wat deur ons families se vormingsjare plaasgevind het. Legacy het gelukkig 'n "AKA" of "also known as" veld waar alternatiewe name, asook noemname en byname gevoeg kan word. Elke naam kan natuurlik aan 'n bepaalde bronverwysing gekoppel word sodat mens weet waar jy die feit vandaan gekry het. In verslae verskein daar dus 'n lyntjie wat as volg lees: "He was also known as Berend Labuschagne, Barend Labuschagne and Boet." Weereens ken ek navorsers wat glad nie daarvan hou om dit so te doen nie en wat volhou dat die AKA name probleme veroorsaak met gedcoms. Dit mag wees. Vir my persoonlik voel dit net meer wetenskaplik om al die beskikbare feite op te teken en eers later op grond van die gewig van beskikbare getuienis te besluit watter een as primêr korrek beskou moet word.

Daar ontstaan egter 'n probleem wanneer meer as een plek vir 'n geboorte, doop of sterfte opgeteken moet word. Ek dink meeste sagteware maak 'n meester-inskrywing van elke pleknaam wat ingevoer word. As mens dus 'n geboortedatum invul wat lees: "Cradock of Graaff-Reinet" dan beskou die program dit as 'n plek waarvan die naam fisies "Cradock of Graaff-Reinet" is. Dit is seker nie 'n enorme krisis nie. Dit voel net vir my slordig en uit die oogpunt van databasis korrektheid voel dit verkeerd. Ek teken dit soms maar so aan, maar ek hoop maar die sagteware ontwikkel eendag sover dat dit verskillende plek-toekennings op dieselfde manier as AKA name kan akkommodeer.

Sover ek weet is daar min navorsers wat soos ek te werk gaan met die aanteken van alternatiewe feite. As daar egter 'n meer sinvolle metodiek is hoor ek graag daarvan.

Groete,

Herman Labuschagne, Jhb  
mellivora@hotmail.com

Boodskap 6. [Koerant] Beeld 04 Junie 2007  
Posted by: "Blikkies" blikkies@mabonline.co.za blignautfanie  
Mon Jun 4, 2007 6:58 am (PST)

Dagsê Vriende,

Dit is vandag se berig, res van Mei maand sal nog volg. Het 'n lekker uitspan gehad.

?????????????????????????

VAN DYK; Alex \* 15/07/2004. Kan Debbie VAN DYK die biologiese moeder van Alex, die maatskaplike werker Elsa VAN DER WESTHUIZEN by 012-331-3644 skakel oor aanneming van Alex. (Beeld – 04/06/2007)

Groete.

Fanie Blignaut.  
Vanderbijlpark.  
Gauteng provinsie.  
blikkies@mabonline.co.za.

Boodskap 7. [Koerant] Beeld 04 Mei 2007  
Posted by: "Blikkies" blikkies@mabonline.co.za blignautfanie  
Mon Jun 4, 2007 7:59 am (PST)

FOURIE; Gert Johannes, in lewe van Benoni, Gauteng provinsie.  
Verassingsdiens: NG Kerk, Parkstraat, Benoni, 08/05/2007, 12:00. (Beeld – 04/05/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Benoni, 011-421-5842.

GERBER; Jami Lee. Kan R.J. ERASMUS vir Anchilla GERBER skakel by 072-062-4983 oor aanname van Jami Lee. (Beeld – 04/05/2007)

KRUGER; Casper Jan Hendrik, in lewe van Pretoria. Begrafnisdienst: AGS Hercules, Pretoria, 07/05/2007, 09:30 # Zandfontein Begraafplaas Pretoria. (Beeld – 04/05/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Pretoria, 012-327-3788.

NEL; Johannes Petrus Jacobus, in lewe van Boksburg, Gauteng provinsie. Begrafnisdienst: Freeway Gemeente, h v Rondebultweg en Doonestraat, Comet, Boksburg, 07/05/2007, 10:00 # Boksburg Substreeklikse Begraafplaas. (Beeld – 04/05/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Boksburg, 011-917-5041.

PRETORIUS-HARMER; Celia Johanna Adriana, in lewe van Germiston, Gauteng provinsie. Verassingsdiens: NG Kerk, Kerkstraat 8, Southcrest, Alberton, Gauteng provinsie, 04/05/2007, 13:00. (Beeld – 04/05/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Germiston, 011-825-3667.

STOLTZ; Gabriel Coenraad Daniël, in lewe van Wonderboom-Suid, Pretoria. Gedenkdiens: NG Kerk, Rietfontein-Suid, 91S, Sestiedelaan Rietfontein, Pretoria, 04/05/2007, 11:00. Veras. (Beeld – 04/05/2007) Grobbelaars & Church Street Begrafnisdienste, Pretoria, 012-329-3682.

VAN NIEKERK; Carl Daniël, in lewe van Kempton Park, Gauteng provinsie. Verassingsdiens: NG Kruin, 07/05/2007, 14:00. (Beeld – 04/05/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Kempton Park, 011-975-5845.

Groete.

Fanie Blignaut.  
Vanderbijlpark.  
Gauteng provinsie.  
blikkies@mabonline.co.za.

Boodskap 8. Collen Familie  
Posted by: "Dirk Bloem" [dirkbloem@yahoo.co.uk](mailto:dirkbloem@yahoo.co.uk) [dirkbloem](http://dirkbloem.com)  
Mon Jun 4, 2007 8:24 am (PST)

Dagse mede geners.

Ek het die afgelope naweek interressante inligting oor die Collen familie in Bloemfontein raak geloop. Dit is 'n skrywe van 'n afstammeling van die 1820 Britse setlaars, tant Mary Joubert (geb Collen) wat soos sy onthou die geslagregister van die Collens neergeskryf het. Indien iemand belangstel sal ek die inligting aan hulle bekend maak. Hulle moet my egter direk kontak sodat ek dit vir hul kan stuur.

Die Collen familie skakel by my skoonpa in, sy moeder was 'n gebore Collen.

Groetnis uit 'n koue Potchefstroom.

Dirk Bloem  
083 644 6180  
[dirkbloem@yahoo.co.uk](mailto:dirkbloem@yahoo.co.uk)

Boodskap 9. Re: Witfontein Begraafplaas  
Posted by: "Marius Dickinson" mdickinson@amsa.co.za  
Mon Jun 4, 2007 8:56 am (PST)

Louis, Ek kan jou Donderdag sien by die argiewe. Ek het net 'n paar ander fotos van Dickinson grafte en Engelbrecht nasate geneem. Niks van Witfontein self ons moes 12 km te voet loop maar sal ek jou later vertel van die onderonsies met die huidige eienaars van Witfontein. Ek het nou 'n wettige fotosessie gereel met die swart eienaar. Ek moet seker nog betaal ook

Ek sal beslis die foto's en al die inligting met jou deel

Groetnis Marius Dickinson

Boodskap 10a. Re: Marico Distrik  
Posted by: "Marius Dickinson" mdickinson@amsa.co.za  
Mon Jun 4, 2007 9:04 am (PST)

Hi Johan Niemandt,

Ek het vir jou 'n foto van Tant Hettie du Toit (tans 94) n kleinkind van Anna Martina Engelbrecht wat met 'n Niemandt in Zeerust getroud was.  
Het jy nie enige navorsing oor die Dickinson's Van Zeerust gedoen nie?

Groetnis Marius Dickinson

Boodskap 10b. Re: Marico Distrik  
Posted by: "Dennis Pretorius" krugersdorp@pixie.co.za dennis\_pretorius  
Mon Jun 4, 2007 11:05 pm (PST)

Hallo Marius

Is die Tant Hettie (Hester Elizabeth Mc Donald d/v Jan Adam Petrus Mc Donald: ?

Woon sy nog alleen op die plaas op die Botswana Grens ?

Ek het haar sowat 5 jaar gelede besoek om inligting te kry van haar Mc Donald mense -  
hulle is ook my Mc Donalds

groetnis

Dennis Pretorius, Krugersdorp, South Africa/Suid Afrika  
Commercial Genealogical Researcher/Kommersiële Genealogiese Navorser  
Owner of SAGenealogy E-mail list/Lyseienaar - SAGenealogie poslys  
E-Mail/E-pos: krugersdorp@pixie.co.za  
Web address/Webadres: <http://mzone.mweb.co.za/residents/k75/genealogy.html>  
Telephone/Telefoon: +27-83-679-8541

Boodskap 11a. Re: DOORNKOM  
Posted by: "Marius Dickinson" mdickinson@amsa.co.za  
Mon Jun 4, 2007 9:08 am (PST)

Johan die plaas is so 15 km van my af. Ek vermoed dit het aan die Van Heerdens behoort ek stuur vir jou Theo van Heerden se no gee net tyd. Behalwe die akte kantoor kan sal net hy dalk kan help

Groetnis Marius Dickinson

Boodskap 11b. Re: DOORNKOM  
Posted by: "David vd Merwe" vdmerwe.david@gmail.com beerisgr8too  
Mon Jun 4, 2007 9:13 am (PST)

Hallo Johan

Daar is ongeveer 3 verskillende please in die Nylstroom omgewing met die naam Doornkom, elkeen met 'n ander nommer. Die een Doornkom is vanaf Nylstroom op pad na Vaalwater. Hierdie een was in die jaar 1898 in besit van Johannes Jurie van Staden wat op die plaas gebore is in 1868 toe die plaas nog in besit was van sy pa, ook Johannes Jurie. Sy ma, Christina Catharina nee Boshoff is op 7 Maart 1934 op die plaas oorlede. Een van my ooms en een Tannie is met kinders van die Johannes Jurie getroud op Doornkom en my oupa het ook met tye daar gebly aangesien van my ooms en tannies ook daar gebore is.

Ek sal op die plaas kaarte kyk om te sien of ek die koördinate kan kry.

Groete

David vd Merwe  
Warmwater  
Montagu  
Tel. (023) 614-2761  
Sel: 082-490-9160  
Faks: 0866964579

Boodskap 12a. Re: TAB ondersoeke (vir Marius Dickinson)  
Posted by: "Charlie Els" el55@mweb.co.za charlieels  
Mon Jun 4, 2007 9:55 am (PST)

Marius,

Om duplikaise te vermy; ek het reeds reggekom, baie dankie.

Groete,  
CHARLIE

Boodskap 13. OUDTSHOORN LIDMAATREGISTER (Deel 48)  
Posted by: "alta le roux" altaler@odn.co.za  
Mon Jun 4, 2007 10:11 am (PST)

AANGENOMEN TE OUDTSHOORN OP DEN 23 DECEMBER 1866 DOOR DEN  
WELEERW HEER T. J. VAN DER RIET (Deel 48)

Gerrit COETZEE, \*17 Okt 1846  
Daniel VILLIERS, \*9 Okt 1843 (Att. n. Uniondale 22 Juny 1883)  
Jacobus Johannes GERBER, \*21 Aug 1844  
Jan Jacobus VAN ZYL, \*14 Mei 1849  
Johannes Petrus JANSEN VAN VUUREN, \*7 (of 1) Sep 1844 (Met Certificaat naar  
Prince Albert)  
Jan Hendrik George BLIGNAULT, \*8 Jul 1850  
Jemima Wilhelmina VAN RHEEDE VAN OUDTSHOORN, \*25 Aug 1849  
Aletta petronella Johanna SAAYMAN, \*31 Okt 1850  
Hester Maria Margaretha CALITZ, \*24 Jul 1851  
Elsje Margaretha Cornelia Petronella COETZEE, \*22 Okt 1848  
Johanna Stoffelina COETZEE, \*29 Des 1850  
Anna Margaretha Hendrieka STEYN, \*18 Feb 1840  
Magdalena Susanna SAUNDERS, \*9 Mrt 1849  
Catharina Cornelia MOSTERD, \*12 Des 1850

Alta le Roux  
altaler@odn.co.za  
Posbus 1138, OUDTSHOORN, 6620  
Tel. 083 996 0676 / 044 272 2271 (h) / 044 272 7636 (w)

Boodskap 14. Marico Distrik- Marius Dickinson  
Posted by: "Johan Niemandt" pcmechanic@vodamail.co.za johanniemandt  
Mon Jun 4, 2007 11:12 am (PST)

Marius,

Ek waardeer jou aanbod en aanvaar dit met graagte.

Ek sal dit hoog op prys stel, ook enige ander fotos van die Marico mense wat jy bereid is om met my te deel.

Ta Het se ouma Martha Martina Anna /Engelbrecht/ , was 'n suster van my oumagrootjie Anna Catharina /Engelbrecht/ b7c2d3e8 en ek konnekteer ook na haar toe dmv die Swart familie.

Ek was laas daar op Sandfontein by haar so ses jaar terug, en kon nog nooit die tyd bymekaar kry om weer te gaan kuier. Hoe gaan dit nog met haar?

Ongelukkig het ek nie veel van die Dickinson familie nie slegs die volgende: Bill /Dickinson/ x Helena Elisabeth /Els/ -Lina- dv Nicolaas Johannes /Els/ x Emily Johanna /Barrand/ -Em- . Ek konnekteer aan die Barrands deur my Niemandt familie Ek weet nie of die van dalk verkeerd gespel is nie. Cathrina /Dickson/ -Dollie- x Andries Dewald /Jacobs/ b5c1d6e2f6g1H5I6 Ek konnekteer aan die Jacobs deur my Cilliers familie

Laat my weet of jy enige ander inligting van hulle verlang, en ek stuur dit vir jou.

Groetnis  
Johan Niemandt

Boodskap 15. Bewaarders van ons Erfenis Deel 21 Distrik Albany.

Posted by: "Jean lr Roux" jean\_leroux@wcaccess.co.za

Mon Jun 4, 2007 11:16 am (PST)

Lyslede,

Eksemplare van hierdie boekie is nou beskikbaar by Gisa gisa@sun.ac.za. Dit bevat besonderhede van plaaseienaars soos in 1850 met hul gades en kaarte wat die ligging van hul plase aandui. Die veldkornetskappe (of wyke) wat behandel word is Grahamstad, Riebeek, Sidbury, Visrivier en Visrivier-Oos. Hartelike dank aan Johan Niemandt, Mariana Olivier en Ronel Olivier sonder wie se onbaatsugtige ywer hierdie boekie nie die lig sou gesien het nie. Daar word nou reeds kliphard gewerk aan die volgende boekie wat waarskynlik die distrikte Fort Beaufort, Bathurst en Port Elizabeth sal bevat.

Vriendelike Groete,  
Jean le Roux Paarl.

Boodskap 16a. Re: TAB ondersoek

Posted by: "Gustav & René Pansegrouw" gustavre@absamail.co.za gustavre2003

Mon Jun 4, 2007 12:44 pm (PST)

Beste Marius

Ek sal steeds baie graag die drie S/K's wil ontvang. Dis egter nie dringend nie. Moet ek weer die besonderhede vir jou stuur?

Baie, baie dankie vir jou bereidwilligheid.

Groete

René

Boodskap 17a. Re: [BULK]Re: [SA-Gen] Knoetze navraag  
Posted by: "Martin Knoetze" knoetze@netrover.com lovegenaca  
Mon Jun 4, 2007 6:49 pm (PST)

Hi Johan

Dankie vir die aanbod. Geen probleem nie. Wanneer jy 'n kansie het is goed.

Martin

Boodskap 18. [Koerant] Beeld 05 Mei 2007  
Posted by: "Blikkies" blikkies@mabonline.co.za blignautfanie  
Mon Jun 4, 2007 10:59 pm (PST)

RADEMAN; Anna Maria (78) \* DU PLESSIS, in lewe van Pretoria.  
Verassingsdiens: NG Kerk, Arcadia, Pretoria, 07/05/2007, 14:00. (Beeld -  
05/05/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Pretoria-Oos, 012-460-3745.

Groete.

Fanie Blignaut.  
Vanderbijlpark.  
Gauteng provinsie.  
blikkies@mabonline.co.za.

Boodskap 19a. [Koerant] Beeld 07 Mei 2007  
Posted by: "Blikkies" blikkies@mabonline.co.za blignautfanie  
Mon Jun 4, 2007 11:13 pm (PST)

APPELGRYN; Nicholaas Gustavus, in lewe van Pretoria. Begrafnisdienst: NG Kerk, Wesmoot, Pretoria-Tuine, 08/05/2007, 09:30 # Zandfontein Begraafplaas, Pretoria. (Beeld - 07/05/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Pretoria, 012-327-3788.

KIRSTEIN; {Dr} Christiaan Louis, in lewe van Pretoria. Roudiens: NG Kerk, Skuilkrans, Jan Albertstraat 1, Val-de-Grace, Pretoria, 08/05/2007, 14:00. Donasies: Sungardens Hospice. (Beeld - 07/05/2007) Grobbelaars & Kerkstraat Begrafnisdienste, Pretoria, 012-348-5556.

VENTER; Natasha \* 31/07/2002. Joey VENTER neem kennis dat {Mnr} & {Mevr} S.J. VENTER, Van Jaarsveldstraat, Danville, Pretoria van voorneme is om Natasha aan te neem, enige navrae kontak 012-386-3230. (Beeld - 07/05/2007)

Groete.

Fanie Blignaut.  
Vanderbijlpark.  
Gauteng provinsie.  
blikkies@mabonline.co.za.

Boodskap 19b. [Koerant] Beeld 07 Mei 2007  
Posted by: "Blikkies" blikkies@mabonline.co.za blignautfanie  
Mon Jun 4, 2007 11:30 pm (PST)

DU PLESSIS; Johannes Marthinus, in lewe van Pretoria. Verassingsdiens: NG Kerk, Garsfontein, Pretoria, 09/05/2007, 10:00. (Beeld - 08/05/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Pretoria-Oos, 012-460-3745.

JORDAAN; Jorrie \* 08/05/1924 + 08/05/1998. Pa ons mis jou baie van Ma, Wentzel, Henriette, Jean, Mariena, Selma en nege kleinkinders. (Foto met berig). (Beeld - 08/05/2007)

VENTER; Natasha \* 31/07/2002. Joey VENTER neem kennis dat {Mnr} & {Mevr} S.J. VENTER, Van Jaarsveldstraat, Danville, Pretoria van voorneme is om Natasha aan te neem, enige navrae kontak 012-386-3230. (Beeld - 07, 08/05/2007)

VILJOEN; Ria, in lewe van Germiston, Gauteng provinsie. Verassingsdiens: GBA Kapel, h v New- en Joubertstraat, Germiston, 10/05/2007, 12:00. (Beeld - 08/05/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Germiston, 011-825-3667.

Groete.

Fanie Blignaut.  
Vanderbijlpark.  
Gauteng provinsie.  
blikkies@mabonline.co.za.

**Onderwerp:** [SA-Gen] Bundel Nommer 2762

**Datum:** Tuesday, June 05, 2007

Daar is 10 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:

- 1a. DOORNKOM From: Johan van Breda
- 2a. Ruth Labuschagne se telno. From: ts@cri.co.za
- 2b. Re: Ruth Labuschagne se telno. From: Herman Labushagne
- 3a. [Koerant] Beeld 07 Mei 2007 From: Blikkies
- 4a. Re: Bron konflik - Herman From: Karel Marais
- 4b. Adam Marthinus Christoffel Theron x Stoffelina Elizabetha Fourie From: Herman Labushagne
5. [Koerant] Beeld 05 Junie 2007 From: Blikkies
6. Kan iemand my help? From: Annelize
7. [Koerant] The Mercury Maandag 4 Junie 2007 From: aletta.magrieta.quebbemann
8. Zara Mareez x Jan Delport xxJohannes Jacobus le Roux From: Karel Marais

Boodskap 1a. DOORNKOM

Posted by: "Johan van Breda" cjvanbreda@gmail.com cjvanbreda

Tue Jun 5, 2007 12:05 am (PST)

Dankie Marius en David vir die inligting.

Johan van Breda

Boodskap 2a. Ruth Labuschagne se telno.

Posted by: "ts@cri.co.za" ts@cri.co.za

Tue Jun 5, 2007 12:09 am (PST)

Geagte lyslede,

Het iemand dalk Ruth Labuschagne in Kaapstad se telefoonnummer? Weet iemand van iemand anders wat ook navorsing doen oor die Labuschagnes?

Groete

Tian Schutte (Nelspruit)

Boodskap 2b. Re: Ruth Labuschagne se telno.

Posted by: "Herman Labushagne" genealogy@allpress-sa.com hlabuschagne

Tue Jun 5, 2007 12:19 am (PST)

Hallo Tiaan,

Ruth se besonderhede is as volg:

Ruth Labuschagne  
PO Box 22094  
Vishoek  
7974  
021 782 1583

jerula@hotmail.com

Sy het perperkte epos toegang, dus is brief en telefoon dikwels beter. Sy is die Dorsland trek Labuschagne spesialis. Ek werk op almal. Laat weet gerus as ek jou met iets kan probeer help.

Beste groete,

Herman Labuschagne, Jhb  
mellivora@hotmail.com

Boodskap 3a. [Koerant] Beeld 07 Mei 2007  
Posted by: "Blikkies" blikkies@mabonline.co.za blignautfanie  
Tue Jun 5, 2007 12:15 am (PST)

DE VILLIERS; Cornelius Janse \* 27/10/1951 + 05/5/2007, in lewe van Pretoria.  
Begrafnisdienst: NG Kerk, Pretoria-Oosterlig, h v Judith- en Louis Bothalaan,  
Waterkloof Glen, Pretoria, 11/05/2007, 11:00 # Pretoria-Oos Begraafplaas.  
(Beeld – 09/05/2007) Doves Begrafnisdienste, Menlo Park, Pretoria,  
012-346-8458.

DELPORT; Anna Magdalena, in lewe van Elsburg, Germiston, Gauteng provinsie.  
Begrafnisdienst: NH Kerk, Elsburg, 09/05/2007, 14:00 # Suidpark Begraafplaas,  
Germiston. (Beeld – 09/05/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Germiston,  
011-825-3667.

DU PLESSIS; Oom Doep \* 12/04/1909 + 04/05/2007. Geen diens op versoek.  
(Beeld – 09/05/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Pretoria, 012-327-3788.

GAZENDAM; Albert Douwe (74), in lewe van Pretoria. Verassingsdienst: NH Kerk,  
Meyerspark, Pretoria, 10/05/2007, 10:00. (Beeld – 09/05/2007) AVBOB  
Begrafnisdienste, Pretoria-Oos, 012-460-3745.

HURTER; Johannes Albertus, in lewe van Pretoria. Verassingsdienst: NG Kerk,  
Pierneef, Pretoria, 10/05/2007, 11:00. (Beeld – 09/05/2007) AVBOB  
Begrafnisdienste, Pretoria, 012-327-3788.

MARÉ; Daniël Johannes, in lewe van Kempton Park, Gauteng provinsie.  
Begrafnisdienst: AVBOB Kapel, Margaretlaan, Kempton Park, 10/05/2007, 11:00 #  
Mooifontein Begraafplaas, Kempton Park. (Beeld – 09/05/2007) AVBOB  
Begrafnisdienste, Kempton Park, 011-975-5845.

MOOLMAN; Kelly-Chareece (10) + 09/05/1997. All our love Mom, Dad, Jacqui and  
Carlos. (Beeld – 09/05/2007)

MULDER; Jan Adriaan, in lewe van Primrose, Germiston, Gauteng provinsie.  
Verassingsdienst: NH Kerk, Lucystraat, Primrose-Oos, 10/05/2007, 10:00.  
(Beeld – 09/05/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Germiston, 011-825-3667.

SCHOEMAN; Stephanus Johannes, in lewe van Pretoria. Verassingsdienst: NG Kerk  
(moeder), Lyttelton, Pretoria, 11/05/2007, 11:00. (Beeld – 09/05/2007) AVBOB  
Begrafnisdienste, Pretoria-Oos, 012-460-3745.

VAN DE WETERING; Marijke, in lewe van Pretoria. Begrafnisdienst: Geref Kerk,  
Die Kandelaar, h v Codonia- en Dickensonlaan, Waverley, Pretoria,  
10/05/2007, 16:00 # 14:00, Zandfontein Begraafplaas, Pretoria. (Beeld –  
09/05/2007) Sonja Smith Begrafnisgroep, Pretoria, 012-654-9902.

VAN RENSBURG; Anna, in lewe van Pretoria. Dankdiens: Voortrekkermonument  
Kapel, Eeuveesweg, Pretoria, 10/05/2007, 14:30. Veras. (Beeld – 09/05/2007)  
Sonja Smith Begrafnisgroep, Pretoria, 012-654-9902.

Groete.

Fanie Blignaut.  
Vanderbijlpark.  
Gauteng provinsie.  
[blikkies@mabonline.co.za](mailto:blikkies@mabonline.co.za).

Boodskap 4a. Re: Bron konflik - Herman  
Posted by: "Karel Marais" turando101@yahoo.com turando101  
Tue Jun 5, 2007 12:21 am (PST)

Herman,

Dankie vir jou wel deurdagte en insigwende antwoord.

Wat jy se maak vir my baie sin in dat ek nie 'n profesionele navorser is nie. Dit sal dus ook sin maak dat ek nie die onus op my neem om bronne te verwerp nie maar eerder 'n inklusiewe benadering volg. Eksself (ek moet dit nog mooi uitredeneer en skryf nou uit die vuis uit) sal seker maar wel 'n besluit maak watter bron ek verkies en dit gebruik in my hoofdata maar, sal terselfdetyd ook die ander bron noem en dan in PAF se nota afdeling die werklike data gebruik.

Ek het tot dusver redelik die spelling genormaliseer/gestandardiseer om met vandah se spelling te strook ek stem egter volmondig saam dat dit gapings skep en sal voortaan ook die spelling soos op die oorspronklike bron insluit, of in die notas of in die "also known as" veld.

Ek bedank jou weereens vir die hulp, raad en stof tot nadenke.

Vriendelike groete,  
Karel Marais,  
Wene Oostenryk

Boodskap 4b. Adam Marthinus Christoffel Theron x Stoffelina Elizabetha Fourie  
Posted by: "Herman Labushagne" genealogy@allpress-sa.com hlabuschagne  
Tue Jun 5, 2007 1:08 am (PST)

Gegroet almal,

Kan die Theron spesialiste my dalk help met die voorgeslag van die volgende egpaar—veral die Theron lyn: Adam Marthinus Christoffel Theron x Stoffelina Elizabetha Fourie?

Ek het geen bronne om verder te gaan nie. Adam is nie in De V/Pama nie en ek het nie die laaste SAG volumes nie. Sy seun Izak Gerhardus Theron x Hester Catharina Maria Elizabeth Van der Walt is in 1856 gebore. Ek probeer aangetroude familie help met 'n stamboom. Vanselfsprekend deel ek graag verdere nageslag besonderhede as dit verlang word. Ek het foto's van Adam en sy vrou Stoffelina, plus meeste van die nageslag by die familie gekry.

Volgens familie oorlewering was die dorp Standerton vernoem na hierdie Adam Theron en sy halfbroer Adriaan Stander, waarvan ek ook 'n foto by die familie gekry het. Adam se seun kom van George af (ek dink moontlik George dorp en nie noodwendig George distrik nie), en van toe af was hierdie familie in die Standerton/Bethal distrik woonagtig. Ek hoop daar is iemand wat lus het om bietjie saam te werk aan hierdie lyn. Tot dusver het ek redelik vêr gekom met wat die familie my kon vertel, maar mense raak deurmekaar om so baie name te onthou en die navorser kan nie altyd seker wees dat die gegewens korrek oorgedra word nie. Dit sal goed wees as ek dit kan kontroleer.

Beste groete,

Herman Labuschagne, Jhb  
mellivora@hotmail.com

Boodskap 5. [Koerant] Beeld 05 Junie 2007  
Posted by: "Blikkies" blikkies@mabonline.co.za blignautfanie  
Tue Jun 5, 2007 12:56 am (PST)

BUYS; Pieter Christiaan, in lewe van Pretoria. Begrafnisdienst: Gerf Kerk, Eloffsdal, Pretoria, 06/06/2007, 14:00 # 13:00, Heatherdale Begraafplaas, Britsweg, Pretoria-Noord. (Beeld - 05/06/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Pretoria, 012-327-3788.

JACOBSON; Annette, in lewe van Pretoria. Dankdienst: NG Gemeente, Waterkloofrif, Ridgeviewweg 449, Pretoria, 06/06/2007, 11:00 # 09:45, Pretoria-Oos Begraafplaas, Privaat. (Beeld - 05/06/2007) Sonja Smith Begrafnisgroep, Pretoria, 012-654-9902.

VAN DER MERWE; Elizabeth (Bep) \* BREMER, in lewe van Pretoria. Dankdienst: Glenhaven Aftree-oord, Anette van Zylstraat 282, Garsfontein, Pretoria, 05/06/2007, 10:30 # 09:30, Pretoria-Oos Begraafplaas. (Beeld - 05/06/2007) Sonja Smith Begrafnisgroep, Pretoria, 012-654-9902.

VAN DYK; Alex \* 15/07/2004. Kan Debbie VAN DYK die biologiese moeder van Alex, die maatskaplike werker Elsa VAN DER WESTHUIZEN by 012-331-3644 skakel oor aanneming van Alex. (Beeld - 04, 05/06/2007)

Groete.

Fanie Blignaut.  
Vanderbijlpark.  
Gauteng provinsie.  
blikkies@mabonline.co.za.

Boodskap 6. Kan iemand my help?

Posted by: "Annelize" annelize.vanrooyen@pbmr.co.za annelizevanrooyen

Tue Jun 5, 2007 1:04 am (PST)

Hallo almal!

Ek het op NAAIRS hierdie inligting oor my oupagrootjie opgespoor - kan iemand dit dalk vir my gaan opsoek asseblief?

DEPOT

VAB

SOURCE

MHG

TYPE

LEER

SYSTEM

02

REFERENCE

23978

PART

1

DESCRIPTION GOODEY, JAMES. EGGENOTE: ALETTA (GEBORE MARAIS).

STARTING 19320000

ENDING 19320000

DEPOT

VAB

SOURCE

CO

TYPE

LEER

VOLUME\_NO

171

SYSTEM

01

REFERENCE

472/03

PART 1 DESCRIPTION J GOODEY: APPLICATION FOR BONUS AS EX-MUNICIPAL POLICEMAN.

STARTING 19030000

ENDING 19030000

Dan het ek ook hierdie inligting gekry? Is daar iemand wat my dalk kan help om my oumagrootjie iewers te plaas? Waar skakel sy in?

Aletta Goodey (nee Marais) geb 19/10/1879  
oorl 05/01/1929

DEPOT Genealogical Society of  
SA

DESCRIPTION Goodey, L -  
Gravestone.

STARTING

18791019

ENDING

19290105

REMARKS Old Cemetery, Kroonstad, Free  
State.

SUMMARY + Lettie Goodey, nee Marais. Born 19-10-1879. Died 05-  
01-1929.

Groetnis

Annelize van Rooyen  
(Goodey, Van Rooyen)

Boodskap 7. [Koerant] The Mercury Maandag 4 Junie 2007  
Posted by: "aletta magrieta.quebbemann" am.queb@mweb.co.za alettaqea9fac  
Tue Jun 5, 2007 1:47 am (PST)

Dag vriende,

QUICKQUIP:- " The man who views the world at 50 the same as he did at 20 has wasted was 30 years of his life. " Muhammed ALI.

VERJAARSDAG:- HARMSWORTH Stewart en Des (Tweeling) Gebore 50 jaar gelede .Ingesit deur Ouers ,Ena ,Matthew en familie.

DOOD:- ANDREWS nee LANDERS Phyllis Angelina van Wentworth x + Paul Vincent. Ma van Eugene , Paulette, Valerie, Marcelle, + Dolores en Ralph. TEL:- 0846479745 of 031 4684575.

FORREST James "Jimmy" + 1/06/2007 x Iris. Pa van Charmain en Cabby, Craig & Marilyn, Wade & Cheryl. Oupa van Wade, Candice, Ilana ,Cassie, Jordan, Keagan, Dominique.Jordyn en Tyler. Memorial by DOVES Greyville 5/06/2007. Verassing privaat.

HUDSON nee MOORE Daphne 06/09/1929 ----31/05/2007.

VAN DEVENTER Ruth . Ma van Willem en Elizabeth. Ouma van Samantha ,Chantelle en Kim. Begrafnis op 5/06/2007 om 11.30 by Red Hill Begraafplaas ,Joodse afdeling.

MEMORIAM:- ANTICEVICK Deborah .10 Jaar dood nou. Ingesit deur Ouers , Gaeme,Jennifer ,Michael en Megan.

CATELLA ,COTTERIL & RAMOS Rolando, Jimmy en Maria + 32 jaar gelede. Onthou deur Coccianti en Santucci.

CHADWICK Ann + 4/06/1997 .Ma van Alison. Onthou deur Trevor en Familie.

FURLONG Thora . Ma van Dianne en Bev. Skoonma van Peter en Chrsto. Ouma van Lloyd, Simone en Taylor.

LESTER DALE 7 jaar dood nou. Onthou deur Ouers ,Oom Trevor en tannie Cella, Reine, Lee, Jay en kleinkinders, Ouma Zena .Ook Melisa, Miquel, Leighton, Leah en Lavelle.

MOWAT Charles Leslie + 4/06/1996. Pa van Miles en oupa van Warren en Samantha.

PASTILLIDES Johne . Pa van Maria en kinders.

Gegroet uit nog 'n perfekte herfs dag in Durban.

Rita Quebbemann

Boodskap 8. Zara Mareez x Jan Delport xxJohannes Jacobus le Roux  
Posted by: "Karel Marais" turando101@yahoo.com turando101  
Tue Jun 5, 2007 1:50 am (PST)

Dagse,

Weet iemand of hierdie 'n Marais is wat verkeerd gespel is? En indien wel waar sy in die legkaart inpas?

Sy is op 22 Oktober 1805 oorlede en laat 2 Delport kinders en 5 le Roux kinders asook "een in onecht geteeld dogtertje gen: d Petronella Marg:a oud een maand ". Ek wil aaneem die "onecht geteeld dogtertje" beteken dit is 'n buitehuwelikse kind aangesien albei haar mans voor haar oorlede is.

Vriendelike groete,

**Onderwerp:** [SA-Gen] Bundel Nommer 2763

**Datum:** Wednesday, June 06, 2007

Daar is 25 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:

1a. Schalk Burger From: Johan Pottas

1b. Re: Schalk Burger From: David vd Merwe

2. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 5 Junie 2007 From: P Marx

3. Van Dijk/Van Dyk From: Elmien Wood

4a. Templeton Kinderhuis From: Elmien Wood

4b. Re: Templeton Kinderhuis From: Karel Marais

5a. Re: Zara Mareez x Jan Delport xxJohannes Jacobus le Roux From: Moira Pnematicatos

5b. Re: Zara Mareez x Jan Delport xxJohannes Jacobus le Roux From: Karel Marais

6a. Re: Senekal From: Nardus Combrinck

6b. Re: Senekal From: Adélle Jerling

7. OUDTSHOORN LIDMAATREGISTER (Deel 49) From: alta le roux

8. Spellings van name From: Adriana Barrett

9. Plaas in Robertson navraag From: soria@webink.co.za

10. Surname : Van Dijk From: soria@webink.co.za

11. OUDTSHOORN LIDMAATREGISTER (Deel 50) From: alta le roux

12. Titel akte From: soria@webink.co.za

13. Baie dankie- Familieboek From: bmvgrey@eject.co.za

14a. Re: Marais en ander inligting From: Jean lr Roux

14b. Re: Marais en ander inligting - Jean From: Karel Marais

- 15a. Re: Doopregisters. From: Marie Bossert
- 15b. Doopregisters. Marie Bossert From: Annelie Els
- 16. [Koerant] Beeld 06 Junie 2007 From: Blikkies
- 17. [Koerant] Beeld 10 Mei 2007 From: Blikkies
- 18a. VANDAG IN DIE GESKIEDENIS From: Viljoen, HC
- 18b. Re: VANDAG IN DIE GESKIEDENIS From: Johann Ahlers

Boodskap 1a. Schalk Burger  
Posted by: "Johan Pottas" PottasJ.RD@ufs.ac.za pottasjj  
Tue Jun 5, 2007 4:10 am (PST)

Schalk

Ek het jou e-pos verlê, ek het inligting oor 'n burgerfamilie wat ek aan jou wil stuur.

Groete

Johan J Pottas Rekensentrum UV  
Tel: +27-51-401-2767 werk  
Tel: +27-51-522-7329 huis  
Tel: +27-82-569-3727 sel  
Faks: +27-51-401-2765 werk  
Posbus 34559, Faunasig, 9325

Boodskap 1b. Re: Schalk Burger

Posted by: "David vd Merwe" vdmerwe.david@gmail.com beerisgr8too

Tue Jun 5, 2007 5:40 am (PST)

Hallo Johan

Bedoel jy nie dalk Sarel nie. Sarel Burger se adres is inl0879@mweb.co.za

Groete

David vd Merwe

Warmwater

Montagu

Tel. (023) 614-2761

Sel: 082-490-9160

Faks: 0866964579

Boodskap 2. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 5 Junie 2007  
Posted by: "P Marx" geelhoutboom@intekom.co.za  
Tue Jun 5, 2007 6:06 am (PST)

Geen berigte vir Maandag 4 Junie 2007

Sterfgevalle

DELPORT, Anna. 'n Moeder, ouma en oumagrootjie +3 Junie 2007 op Fort Beaufort.  
Sheila, Brian, Elaine, klein- en agterkleinkinders. (Die Burger Oos-Kaap 05/06/2007)

(2 berigte)

DE WIT, Oom Bob. Geliefde pa en oupa +Saterdag 2 Junie 2007. Roudiens Donderdag  
7 Junie 2007 11:00 Milnertonhuis-kapel. Verassing privaat. (Die Burger Oos-Kaap  
05/06/2007)

Reëls: First Avenue Funeral Home 041 581 5028

MÜLLER, Willie. +Vrydag 1 Junie 2007. Ons kollega en spesiale vriend. Simpatie aan  
Priscilla en familie. Die Bestuur en personeel van The Repro House.  
(Die Burger Oos-Kaap 05/06/2007)

MULLER, Willie. +Saterdag 2 Junie 2007. Vrou Priscilla, seuns Ryno, Heinrich,  
skoondogter Simonda, kleinkinders Karla en Sonja. Begrafnisdiens Vrydag 8 Junie  
2007

11:00 NG kerk Lorraine, Marnelaan. Forest Hill-bergaafplaas. (Die Burger O-K  
05/06/2007)

Reëls: Miemie Grobler Algoa Begrafnisdienste 041 363 4874

(2 berigte)

PIENAAR, Wilhelmina (Tannie Willie). Eggenote van Ben, Ma van Aleta en Nick en  
kleinkinders.  
+Saterdag 2 Junie 2007. Roudiens Vrydag 8 Junie 2007 11:00 NG Kerk Nooitgedacht-  
gemeente,

Kabegapark. Verassing privaat. Dank aan verpleegsters en dokters van Greenacres-  
hospitaal.

(Die Burger Oos-Kaap 05/06/2007) Reëls: First Ave Funeral Home 041 581 5028

(2 berigte)

VAN JAARSVELD, Elizabeth Hendrina Franscina (Ouma Bettie). +Woensdag 30 Mei  
2007.

Dogter, skoondogter, klein- en agterkleinkinders. Roudiens Dinsdag 5 Junie 2007 10:00  
APK-

gemeente, Uitenhage. Teraardebestelling Dinsdag 5 Junie 2007 14:00 op Jansenville.  
(Die Burger Oos-Kaap 05/06/2007) Navra: Bossies 084 792 0442 / 041 991 1471

WILKEN, Doreen Esther (Dora) +Saterdag 2 Junie 2007. Eggenoot Boet, kinders,  
kleinkinders.

Begrafnisdiens Woensdag 6 Junie 2207 11:00 Christelike Evangelisasiesentrum,  
Cotswold.

Forest Hill-begraafplaas. (Die Burger Oos-Kaap 05/06/2007)  
Reënslings: Marie Steyn DOVES Port Elizabeth 041 365 5399

In Memoriam

SHAND, John (Pop). Vyf jaar oorlede 5de Junie 2007. Ma, Enid (suster) en gesin.

Hester Marx Loerie Oos-Kaap

Boodskap 3. Van Dijk/Van Dyk  
Posted by: "Elmien Wood" woodem@mweb.co.za  
Tue Jun 5, 2007 6:26 am (PST)

Soria

Die twee mense wat jy soek, naamlik Burgert Pietersz van Dijk en Joost Pietersz van Dijk het seker al in die sewentiende eeu hier aangekom. Die Nederlandse webwerf <http://vocopvarenden.nationaalarchief.nl/> gee die skepe mits 'n mens die naam van die werknemer kan intik. Ongelukkig het hulle net die name vanaf 1700. Dit lyk my jou van Dyks het te gou gekom!

Groete  
Elmien

Boodskap 4a. Templeton Kinderhuis  
Posted by: "Elmien Wood" woodem@mweb.co.za  
Tue Jun 5, 2007 7:34 am (PST)

Sover ek weet sal 'n kinderhuis nie inligting gee nie. Die Maria Kloppers Kinderhuis het bevestig wat ek vir hulle genoem het, maar hulle het nie enigets bygevoeg nie.

Dit sal dus nie help om na 'n kinderhuis in Kaapstad toe te gaan om inligting te vra nie.

Ek dink nie die Durbanville Kinderhuis het ooit 'n ander naam gehad nie, maar ek kan verkeerd wees.

Groete  
Elmien

Boodskap 4b. Re: Templeton Kinderhuis  
Posted by: "Karel Marais" turando101@yahoo.com turando101  
Tue Jun 5, 2007 8:26 am (PST)

Alhoewel die Durbanvillers (ekself het 'n hele ruk daar gebly) verkies om dit te vergeet het dit voorheen Pampoenkraal geheet. Ek dink egter die kinderhuis was altyd Durbanville.

Groete,  
Karel Marais

Boodskap 5a. Re: Zara Mareez x Jan Delport xxJohannes Jacobus le Roux  
Posted by: "Moira Pnematicatos" moirap@leisurecorp.co.za moira\_pnematicatos  
Tue Jun 5, 2007 7:44 am (PST)

Hi Karel

In SAG is daar (c6) Johannes DELPORT = 07/06/1739 x 02/1766 Johanna Christina OTTO xx 15/11/1785 Sara MAREE. Is dit dalk sy?

Die kinders is ;

d7 Johannes Jacobus = 04/02/1787 + 25/02/1837

d8 Daniel Ignatius = 10/10/1790

Groete

Moira

Boodskap 5b. Re: Zara Mareez x Jan Delpot xxJohannes Jacobus le Roux  
Posted by: "Karel Marais" turando101@yahoo.com turando101  
Tue Jun 5, 2007 8:22 am (PST)

Dankie Moira,

Dit lyk my dis sy. So Mareez is klaarblyklik meer 'n ander spelling vir Maree as Marais.  
Enige Maree navorsers wat belangstel in haar inligting asook die van Ignatius Mareez  
+Jan 1803 xAnna Dorothea Pretorius +<Jan 1803 en 9 Kinders. Asook Burgert Christiaan  
Mareez (Jan Soon) xMargaretha Judith le Roux +1824 en 6 kinders laat maar weet.

Vriendelike groete,  
Karel Marais

Boodskap 6a. Re: Senekal  
Posted by: "Nardus Combrinck" 0728862338@vodamail.co.za  
Tue Jun 5, 2007 7:50 am (PST)

Ade`lle

Baie dankie, Oom Piet by Protea Boekwinkel het ook `n boek opgspoor ek dink €!³AFTER  
tralies en doringdraad€!'. Indien jy sou belangstel, skakel hom gerus.

Groete

Nardus

Boodskap 6b. Re: Senekal

Posted by: "Adélle Jerling" cool2bsafe@yahoo.com senekalgen

Tue Jun 5, 2007 10:57 pm (PST)

Hi Nardus

Dankie, ek het die boek reeds. Dit was een van my pa se mees kosbare boeke. Die argief waarvan ek praat het vinnig gereageer en sommer vir my foto's geskandeer en aangestuur. Wat 'n wonderlike verassing.

Boodskap 7. OUDTSHOORN LIDMAATREGISTER (Deel 49)  
Posted by: "alta le roux" altaler@odn.co.za  
Tue Jun 5, 2007 9:40 am (PST)

AANGENOMEN TE OUDTSHOORN OP DEN 4 JANUARY 1867 (CALITZDORP)  
(Deel 49)

Johan Nicolaas STASSEN, \*10 Jul 1850  
Johannes Jacobus STRYDOM, \*13 Nov 1849  
Jacobus PRETORIUS, \*7 Feb 1850  
Gerrit Johannes GEYSER, \*13 Feb 1849  
Sara Margaretha GEYSER, \*18 Aug 1850  
Margaretha Susanna Petronella BLIGNAULT, \*22 Feb 1851  
Maria Magdalena SAAIMAN, \*16 Apr 1850  
Gesina Johanna PRETORIUS, \*5 Jun 1852  
Jeannetta Petronella Johanna CALITZ, \*12 Nov 1847  
Jeannetta Wilhelmina STIMIE, \*27 Jan 1850  
Jeannetta Wilhelmina STRYDOM, \*6 Jul 1849  
Judith Magdalena STIMIE, \*2 Mei 1852  
Magdalena Cornelia CLOETE, \*4 Apr 1850  
Petronella Johanna STRYDOM, \*8 Jan 1851

Die eerste plaaslike kerkgebou te Calitzdorp (gebou op 'n stuk grond geskenk deur Frederik Calitz) is op 7 Junie 1857 ingewy. Vanaf September 1857 is Nagmaal 2x per jaar daar bedien en sedert Junie 1859 kwartaalliks. Dit het egter eers op 22 Februarie 1873 'n selfstandige gemeente geword.

Alta le Roux  
altaler@odn.co.za  
Posbus 1138, OUDTSHOORN, 6620  
Tel. 083 996 0676 / 044 272 2271 (h) / 044 272 7636 (w)

Boodskap 8. Spellings van name

Posted by: "Adriana Barrett" ambarrett@intekom.co.za

Tue Jun 5, 2007 10:05 am (PST)

Naand vriende,

Jare gelede toe ek nog baie onkundig was met die genealogie, het ek vreeslik gesoek na my oupa aan moederskant (Gabriel Josua du Preez) se oupa Rossouw. Uiteindelik het ek hom opgespoor as Gawerjal Josia. Dis mos maar hoe die ou mense Gabriel uitgespreek het. As kind kon ek self baie vies word vir my Pa se ou tantes wat my Adderjanatjie genoem het! Bg. GJ het op sy vrou se SK geskryf sy was "een echt vrou, als maagd gehuwd".

Van name gepraat, dié ou het darem baie en lang name gehad: Franciscum Xaverium Caecilium Magdalenum Maximilianum de Weber. Hy was bekend as Franz de Weber \* 1863 Trieste, Oostenryk + 24.3.1913 Oos-London (52j 1m) seun van Ludovica Weber & Sara van Loon. Sy twee kinders was Franziska Sara Dorothea en Gottfried Ludwig.

Groete,  
Adriana Barrett

Boodskap 9. Plaas in Robertson navraag  
Posted by: "soria@webink.co.za" soria@webink.co.za vanliersoria  
Tue Jun 5, 2007 10:15 am (PST)

More almal :)

Ja die son skyn vandag in Gauteng en is bietjie warmer ne :))

My vraagie vir vandag. My sus het my ge-email met die vraag?  
Oupa Wessel Jurie van Dyk (1893-1945) het 'n plaas in Robertson gehad  
Ons wil graag weet in watter area of wat die naam van die plaas was of enige iets omtrent dit  

Boodskap 2a. Re: VANDAG IN DIE GESKIEDENIS

Posted by: "Adélle Jerling" cool2bsafe@yahoo.com senekalgen

Thu Jun 7, 2007 12:28 am (PST)

Hallo Christo;

As ek vir jou 'n datum gee, sal jy vir my 'n kort opsommende geskiedenis van daardie dag kan gee? Ek doen scrapbooking en is besig met my familie stamboom scrapbook - omdat foto's 'n onbekombarre kommoditeit vir seker datums is, dink ek so 'n interessante aanhegsel van die geskiedenis sal die uitleg oplewe. Sal jy bereid wees om te help?

Adé|élle

Boodskap 2b. Re: VANDAG IN DIE GESKIEDENIS  
Posted by: "Karel Marais" turando101@yahoo.com turando101  
Thu Jun 7, 2007 1:21 am (PST)

Adelle ('skies ek weet nie hoe om die strepie te doen nie!)  
Dit is 'n blink gedagte!

Kyk gerus na:  
<http://www.history.com/tdih.do?action=tdihArticleCategory&displayDate=2/8&categoryId=leadstory>  
en  
<http://www.scopesys.com/anyday/>

Altwee gee vir jou elke dag se details. Ek weet nie of daar so 'n bladsy beskikbaar is wat Suid Afrikaanse geskiedenis weespieel nie.

Net 'n woord van waarskuwing: die eerste webwerf is amerikaans en hulle hou mos vol dat bv 08/02 die tweede Augustus is en skryf dit nie soos gewone mense 02/08 nie!

Groete  
Karel Marais,  
Wene Oostenryk

Boodskap 3a. Menings oor Familiewapens

Posted by: "Japie Bosch" [jrbosch@telkomsa.net](mailto:jrbosch@telkomsa.net) boschjapie

Thu Jun 7, 2007 12:42 am (PST)

Dit is opvallend hoeveel mense wat in die genealogie doening is, op soek is na familiewapens. Op webwerwe van familieregisters kom dit gereeld voor. Selfs op gesoute genealogie se webwerwe het ek dit al gesien. Dit gebeur ondanks verskeie boodskappe op hierdie forum en elders dat daar nie so iets bestaan nie. By takke van die GGSA is daar al praatjies hieroor gelewer, maar dit lyk nie of dit gepubliseer is nie.

Ek wil 'n artikel oor hierdie onkunde vir die blog (webtuiste) van die Wes-Gauteng-tak van die GGSA ([www.westggsa.blogspot.com](http://www.westggsa.blogspot.com)) skryf. Hopelik kan mense wat familiewapens soek dan voortaan daarna verwys word om die saak te besweer.

Graag versoek ek kenners se menings hieroor. Altemit kan iemand help met 'n regsmening. Dit sal waardeer word. U is welkom om my van dielys af te kontak.

Groete, Japie Bosch

Boodskap 3b. Re: Menings oor Familiewapens  
Posted by: "Arnold Greyling" [greylina@gmail.com](mailto:greylina@gmail.com) greylina  
Thu Jun 7, 2007 1:47 am (PST)

On 6/7/07, Japie Bosch <[jrbosch@telkomsa.net](mailto:jrbosch@telkomsa.net)> wrote:  
> Ek wil € 'n artikel oor hierdie € 'n onkunde€ vir die blog (webtuiste) van

Hallo almal

Hier is my standaard antwoord indien iemand my kontak en vra vir 'n Greyling familiewapen

"Familiewapens is maar 'n taai tammeletjie. Daar bestaan nie so iets soos 'n familiewapen vir 'n spesifieke van nie. 'n Familiewapen word aan 'n individu toegeken en slegs sy direkte nageslag mag die wapen as familiewapen voer. Enige persoon wat 'n familiewapen wettig wil gebruik in Suid Afrika moet dit registreer by die Buro vir Heraldiek. Die registrasie vereistes word beheer deur die wet op heraldiek. Sover ek weet is daar nie 'n geregistreerde Greyling familiewapen nie. Sien ook hierdie interessante artikel  
<http://uk.geocities.com/barensteel/hetjy.html> "

Indien jy van lys af antwoorde kry som dit asseblief op vir ons. As 'n reel beantwoord ek vrae wat op 'n lys gevra word op die lys. Die idee is tog om inligting te deel, watter waarde het 'n lys en lysargief as daar net vrae en geen antwoorde verskyn nie?

Groete  
Arnold  
Arnold Greyling  
E-mail: [greylina@menuisis.com](mailto:greylina@menuisis.com)  
Tel: +27 11 673 2628 Cell. +27 82 377 1836 Fax. +27 11 477 0527

Boodskap 4a. Re: OP SOEK NA N FAMILIE WAPEN!  
Posted by: "Amanda" folkus@telkomsa.net annamariefolkus  
Thu Jun 7, 2007 12:50 am (PST)

Hallo Chris en Johan

Ek het gekyk in die "Die Groot Afrikaanse Familienaamboek deur C Pama (1983)", maar daar is nie 'n wapen in nie, net die inskrywing oor die Stamvaders, NORTJE (NORTIER, NORDIER). Chris, laat weet as ek dit vir jou moet stuur as jy dit nie reeds het nie?

Groete  
Annamarie Folkus  
Welkom  
folkus@telkomsa.net

Boodskap 4b. Re: OP SOEK NA N FAMILIE WAPEN!  
Posted by: "Blikkies" blikkies@mabonline.co.za blignautfanie  
Thu Jun 7, 2007 1:43 am (PST)

Hallo Chris,

Ek het in die C Pama 1983 gekyk en daar is geen Nourtier/Nortje/Nortier/Nordier/Norkee Familie Wapens in die boek nie. Sleg 'n beskrywing van die Van

Groete,

Fanie Blignaut,  
Vanderbijlpark

Boodskap 5. Beukes

Posted by: "Ferdie" ferdie@gklyttelton.com ferdie\_van\_wyk

Thu Jun 7, 2007 12:59 am (PST)

### Goeiemore Medegeners

In vanoggend se Beeld, 7 Junie bls 8. is 'n kort beriggye oor Kosie Beukes wat in die ouderdom van 54 jaar by die Witrand Hospitaal in Potchefstroom oorlede is. Hy is op 8 jarige ouderdom as vestandelik gestremde in die inrigting geplaas. Hy is op 15 Mei oorlede en geen naasbestaandes kan opgespoor word nie. Jacobus Cornelius Beukes is op 4 Junie 1952 gebore. Die laaste bekende familielid is/was Rudolph Beukes wat op 'n stadium by Pieter Uyslaan 37 in Alberton-Noord gebly het.

Ek wonder of ons Beukes navorsers nie kan help nie. Witrand is dringend op soek na enige naasbestaandes alvorens Kosie as armlastige begrawe moet word.

Enige inligting sal waardeer word en kan na my gestuur word. Ek sal sorg dat dit by mev Grey uitkom.

Ferdie van Wyk

Die van Wyks van Tarka en die Van der Walts van Colesberg  
082-556-8031

Boodskap 6. Re: DE BRUIN x DE LA REY  
Posted by: "Johann De Bruin" cjhann@heilbron.co.za cjhanndebruin  
Thu Jun 7, 2007 1:14 am (PST)

Hallo Amanda

Ek kon die volgende opspoor:

Volgens GESLAGREGISTER DE BRUYN - DE BRUIN - DU BRUYN REGISTER  
(Pretoria RGN 1986 ISBN 0796903204) p. 168+169:

a1b5c5d1e2f5g1 Jan (Jan Johannes) DE BRUIN \* Boshof 1868 + "Welgevonden"  
distrik Bothaville 22.7.1945  
x Anna Catharina DE LA REY  
xx Anna Christina Margaretha DE WET.  
Uit sy eerste huwelik is h1-h4 gebore en uit sy tweede h5-h8.  
h1 Theunis  
h2 Daniel Petrus De la Rey \* 2.4.1895 = Ventersburg  
h3 Anna Barbara \* 1.8.1896 = Ventersburg  
h4 Jan Johannes \* 10.5.1898 = Ventersburg + Klerksdorp 9.7.1972

Groete - laat weet maar of daar nog inligting benodig word.

C Johann de Bruin  
082-733-3951  
058-852-1174  
Posbus 86  
Heilbron  
9650

Boodskap 7. SA-Gen] Thurnau en telefoongidse  
Posted by: "Ursulah" jvrens@tdm.co.mz jvrens  
Thu Jun 7, 2007 1:19 am (PST)

Hallo karel

Probeer hierdie link. Dis die Witbladsye van Telkom SA

<http://phonebook.yellowpages.co.za/>

Groete

Ursulah van Rensburg  
Maputo  
Groenkop Genealoog en  
Student in Sielkune  
09258 824 1011 54 Mobile  
09258 214 90 990 Home

Boodskap 8a. Re: DE BRUYN/DE BRUIN  
Posted by: "Amanda" folkus@telkomsa.net annamariefolkus  
Thu Jun 7, 2007 1:26 am (PST)

Hallo Johan

Baie dankie vir die inligting!

Ek sien Sara Susanna se van word weer anders geskryf. Ek sal maar bietjie kyk onder FOWLER en SUTHERLAND, dalk kry ek iets.

Groete  
Annamarie Folkus  
Welkom

Boodskap 9. [Koerant] Berea Mai 8 Junie 2007 1  
Posted by: "aletta magrieta.quebbemann" am.queb@mweb.co.za alettaqe9fac  
Thu Jun 7, 2007 1:27 am (PST)

Dag vriende,

PUBLIC / LEGAL NOTICE:-

PROSSER Isabella McLeod \* 28/01/1918 €¢â' 17/09/2006 ID 1801280038084 van 30 Deane Rd Glenmore Durban 4001. ESTATE Nr 12955/06 Durban. Firste & Final.  
8/06/2007 JR PROSSER Executor ,15 Camborne Rd Glenwood Durban 4001 . TEL: - 031 2053880. MX052700.

Jammer mense maar as ek sulke goed in die koerante raakloop voel ek gemeen om dit te ignoreer en ek weet ek maak vir myself BAIE meer werk maar ek hoop maar iemand kan dit gebruik.

Van 'n mal mede Gener,  
Rita

Boodskap 10. [Koerant] The Mercury Woensdag 6 Junie 2007.  
Posted by: "aletta magrieta.quebbemann" am.queb@mweb.co.za alettaquea9fac  
Thu Jun 7, 2007 1:34 am (PST)

Dag vriende ,

QUICKQUIP:-"Smooth seas do not make skillful sailors. " African Prover.

GEBOORTES:- McINROY nee ROLAND Tacey & Colin 'n dogter Emily Diana \* 4 /06/2007. Suster van Meggan en Brent.

HERDENKING:- 60 Jaar .GRIFFITHS -CRYER Bob & Winnie x 7 Jubie 1947 in Pietermaritzburg . Owers van Keith en Jenny. Grootouers van Barbs, Gilly en Karen. Oorgrootouers van Connor, Madison en Courtney. Ook gelukwense van Jason, Dan en Dillon.

DOOD:- ATHERSTONE Dorothy May (93 jaar) .€¢â' 4/06/2007 .Suster van €¢â' Hugh en Ronnie AHERSTONE. Tannie van Vernon, Russell en Nigel . Memorial by Woodgrove Retirement Village PMB. 8/06/2007 om 11vm.

BROOME Kathleen Mary 04/09/1919 ----29/05/2007 in Eden Crescent. Ma van John x Dee en Diane.

BUNTING nee BOUWER Jeanette €¢â' 31/05/2007. Ma ,suster en ouma. Begrafnis by St Georges Kerk ,Parktown JHB. 7/06/2007 om 2.30nm.

FANNIN Helen Anderson 16/04/1908 ----5/06/2007 (99jaar) in Newlands Kaapstad. x €¢â' Dennis. Ma van Moonyeen & George, John en June ,klein en agterkleinkinders. Memorial in Durban.

GAINS (Kaizer) Kenneth Eugene .Requiem Mass by St Josephs Katolieke Kerk 7/06/2007 om 11nm. Pa ,broer ,oom en vriend . Verassing privaat.

GIBLETT Mavis Esme €¢â' 5/06/2007. Ma van David , Barbara en Pamela. Begrafnis by St Mary's Anglikaanse Kerk 8/06/2007 om 11vm Ingesit deur OAKLEIGH.

HART Ellen Andrew (Ella) €¢â' 3/06/2007 x Doug. Ma van Alan Lee, Lauren, Robyn en Christopher, Jane ,Robbie en Michael. Memorial by Doone Village Terrace Pinetown 7 /06/2007 om 10.30vm.

KERNS Timothy €¢â' 5/06/2007 in JHB. Seun en stiefseun van Vincent & Marylin. Metgesel van Greg. Broer van Patricia en Hylton. Oom van Gary en Lauren. Stiefbroer van Shenley en Neil, Gregory en Nadine.

OSBORN Jeffrey (Past Captain) x Pat vir 51 jaar. Pa van Di, Debbie, Sally en Ingrid.  
Oupa van Craig, Megan, Andrea, Ryan, Lauren, Nicholas, Luke, Travis, Chris en Tristan.  
Simpatie van Kaptein ,President en lede van Royal Durban Golf Club.

PULVENIS Zena 11/09/1927 -----04/06/2007. Ma van Kevin x Lisa.Memorial by Old Field Chapel Bellair 8/06/2007 om 10.45 vm.

PURBRICK Joan €¢â’ 4/06/2007. Ma van €¢â’ Ron, Gill, Margaret, Tony, Jonathan, Belinda ,Sandy en Sue. Ouma van 11.

ROBBERTS Rina .Berafnis by DOVES Greyville 7/06/2007 om 11vm

VAN PLETZEN Tinka €¢â’ 2/06/2007.Ma en ouma van Sue, James, Jim, Jack, Cheryl ,Jeff en Fran. en kleinkinders.

MEMORIAM:- COLLINS Gwen .1 jaar dood nou Onthou deur Yvonne & Martin.

DE WET Jannie €¢â’ 06/06/2006 Ek is jou nogsteeds van Lois. Ook Gog, Tyronne en Tara.

REVMATAS. Theo. 3jaar dood nou .Onthou deur vrou ,kinders en kleinkinders.

VEARY Violet Pax . 22jaar dood nou . Ma van Moira.

Gegroet uit Durban.Aletta Magrieta QUEBBEMANN ( Rita)  
15 Mt Royal ,  
Dunkirk Place Umbilo  
Durban. Suid Afrika  
Ouers:- STEENKAMP /LOURENS  
GROOTOUERS :-STEENKAMP/ SCHEEPERS  
LOURENS /SWANEPOEL / VELDMAN  
SKOONDOGTER: BOTHA /SWANEPOEL/ SMITH

Boodskap 11. Fw: [BP] [Koerant] Berea Mai 8 Junie 2007 1  
Posted by: "aletta magrieta.quebbemann" am.queb@mweb.co.za alettaqeafac  
Thu Jun 7, 2007 1:40 am (PST)

Koerant moet wees BERA MAIL Jammer

**Onderwerp:** [SA-Gen] Bundel Nommer 2767

**Datum:** Thursday, June 07, 2007

Daar is 25 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:

1a. Re: VANDAG IN DIE GESKIEDENIS From: Annelize van Rooyen

1b. VANDAG IN DIE GESKIEDENIS From: Viljoen, HC

2a. Menings oor Familiewapens From: Japie Bosch

2b. Re: Menings oor Familiewapens From: Karel Marais

2c. Re: Menings oor Familiewapens From: Johannes Bosch

2d. Re: Menings oor Familiewapens From: Karel Marais

3.1. Familiewapens From: Eben Vorster

3.2. Re: Familiewapens From: Francois Greeff

3.3. Re: Familiewapens From: Karel Marais

3.4. Re: Familiewapens From: David Le Roux

4a. Kopiereg: Wat dink die lysteraars? From: Elmien Wood

4b. Registrasie van familiewapens is BAIE duur From: louis@voorstoepl.co.za

5a. Ou Geskiedenis Boek From: Charl van Tonder

5b. Re: Ou Geskiedenis Boek From: Ursulah

6. hulp i.v.m. familie navorsing From: Ursulah

7a. [Koerant] Beeld 10 Mei 2007 From: Blikkies

7b. [Koerant] Beeld 10 Mei 2007 From: Blikkies

7c. [Koerant] Beeld 10 Mei 2007 From: Blikkies

7d. [Koerant] Beeld 10 Mei 2007 From: Blikkies

7e. Re: [Koerant] Beeld 10 Mei 2007 From: Anne Rust

7f. Skeepslyste vir Anne Rust From: Karel Marais

7g. [Koerant] Beeld 10 Mei 2007 From: Blikkies

8. KOTZE Geners From: J van der Grijp

9. Cilliers Navorsers (en ander Hugenote) From: Karel Marais

10a. Re: Marico Distrik From: Johan Niemandt

Boodskap 1a. Re: VANDAG IN DIE GESKIEDENIS

Posted by: "Annelize van Rooyen" annelize.vanrooyen@pbmr.co.za annelizevanrooyen

Thu Jun 7, 2007 2:27 am (PST)

Hallo almal

Hier is 'n webblad wat SA geskiedenis weergee

<http://www.sahistory.org.za/> <http://www.sahistory.org.za/>

Groetnis

Annelize

PBMR (PTY) Ltd.

Annelize van Rooyen

Boodskap 1b. VANDAG IN DIE GESKIEDENIS  
Posted by: "Viljoen, HC " hcv@sun.ac.za hc\_viljoen  
Thu Jun 7, 2007 4:58 am (PST)

Bese Adélle

Jammer, maar ek beskik nie oor bronne wat kan sê wat op 'n bepaalde datum in SA gebeur het as jy dit vir my gee nie. Dié gebeurtenisse wat ek so by tye op die poslys noem kom lukraak onder my aandag, en ek probeer om dit te beperk tot iets wat darem een of ander konneksie met die genealogie het.

Die webwerfwe waarna Karel hieronder verwys is maar twee van etlikes op die internet, maar is nie SA-gerig nie. Ander soortgelyke skakels is

<http://memory.loc.gov/ammem/today/today.html>

<http://www.history.com/tdih.do>

<http://www.nytimes.com/learning/general/onthisday/> (New York Times se datum-databasis)

Die webwerf <http://www.scopesys.com/anyday/> wat Karel noem is 'n goeie webwerf waar jy enige datum in die verlede kan intik

Die Vriende van Afrikaans organisasie is besig om een vir die SA geskiedenis op te stel, maar hoe ver hulle daarmee is, weet ek nie. Jy kan miskien by hulle navraag doen by vvafr@sun.ac.za

Groete

Christo Viljoen

Boodskap 2a. Menings oor Familiewapens

Posted by: "Japie Bosch" [jrbosch@telkomsa.net](mailto:jrbosch@telkomsa.net) boschjapie

Thu Jun 7, 2007 3:01 am (PST)

Hallo Arnold

Dankie vir jou antwoord. Wat ek ookal al kry, sal openbaar gemaak word. Dit is die doel van my versoek -- om met gesaghebbende menings, insluitend die vertolking van wetgewing, hierdie kwessie te pak. Ek wil amper sê die doel is om te probeer om hierdie onding uit te roei.

Ek glo dat die vertrekpunt, minstens in Suid-Afrika, huidige wetgewing is. Daarom is regsmenings baie nodig.

Ek het "antwoorde van die lys" genoem, omdat ek weet dat daar onder meer lang geskiedenis verduidelikings kan wees.

Japie Bosch, Johannesburg

Boodskap 2b. Re: Menings oor Familiewapens  
Posted by: "Karel Marais" turando101@yahoo.com turando101  
Thu Jun 7, 2007 3:18 am (PST)

Japie,

Die wetgewing is hier beskibaar:  
<http://www.national.archives.gov.za/heraldryact.pdf>

Groete

Boodskap 2c. Re: Menings oor Familiewapens  
Posted by: "Johannes Bosch" janbos2000@yahoo.com janbos2000  
Thu Jun 7, 2007 5:11 am (PST)

Japie,

Ek is geen kenner nie, maar daar is wel heelwat inligting op die internet beskikbaar.

Mike Oettle se artikels op die os. webwerwe is goeie voorbeeld en verduideliking van hoe 'n familiewapen geregistreer en gebruik word. Die artikels is 'n weergawe van hoe wyle Christo Johan Welgemoed sy eie familiewapen ontwerp en geregistreer het. Die artikels is veral goed geillustreer.

<http://www.geocities.com/skildsoom/WelgemA.html>

<http://www.geocities.com/barensteel/vroue.html>

Ek is 'n Welgemoed afstammeling en is vernoem na my oor-oor-grootjie Johannes Godlieb Welgemoed +9 Okt 1873. Die name is 'n verbuiging van dié van die stamvader, Johann Gottlieb Wohlgemuth \*1760 op Königsberg in Pruisie.

Met groete,  
Johannes Godlieb Bosch  
Virginia, VSA

NS Ek maak vanselfsprekend geen aanspraak op die Welgemoed-familiewapen nie!!

Boodskap 2d. Re: Menings oor Familiewapens  
Posted by: "Karel Marais" turando101@yahoo.com turando101  
Thu Jun 7, 2007 7:05 am (PST)

Dagse,

Ek het nog altyd in ons familiewapen belanggestel en kan onthou dat my ouma een gehad het. Nou lees ek hier, en deur due verskeie verwysings, 'n klomp dinge wat ek nie geweet het nie! Net om seker te maak ek verstaan dit korrek:

Kom ons neem aan dat die stamvader wel 'n familiewapen gehad het. Ek weet ek is 'n direkte afstammeling en kan myself aan hom verbind. Ek is egter nie die oudste seun deur al die stamvaders nie gevvolglik mag ek nie die wapen gebruik nie en is dus ongewapen?

Soos ek dit het kan ek ook navraag doen of iemand tans geregtig is op die stamvader se wapen en indien nie kan ek vra om geregistreer te word as die wapendraaer?

Ek kan egter ook my eie wapen ontwerp en die R6000 bedrag wat genoem is betaal om myself te bewapen. My dogter (enigste kind) sal die dan erf en mag dit ook dan aan haar nasate oordra?

Verstaan ek die ding min of meer korrek?

Groetnis,  
Karel Marais

Boodskap 3.1. Familiewapens

Posted by: "Eben Vorster" ebenlouisvorster@gmail.com ebenlouisvorster

Thu Jun 7, 2007 3:03 am (PST)

### More Lyslede

Na aanleiding van die 2 eposse oor familiewapens wat op die forum geplaas is, skryf ek hierdie epos om 'n bietjie lig op die onderwerp te werp.

Ek het verlede Junie, tydens n besoek aan die TAB, n afspraak gereel met die Staatsheraldikus. Ek kan nou nie sy van onthou nie, maar ek is seker dat sy naam Conrad is. Hy is van Nederlandse afkoms. Ek wou ook weet of een van die families wat ek navors n sogenaamde familiewapen het. Hy het toe baie mooi aan my verduidelik hoekom daar nie so iets bestaan nie. Soos almal weet het Cor Pama 'n boek geskryf, DIE GROOT AFRIKAANSE FAMILIENAAMBOEK, waarin daar verskeie sg familiewapens te siene is. **HIERDIE FAMILIEWAPENS IS ONEG EN NIEMAND KAN DAAROP AANSPRAAK MAAK NIE!** Dit is uiters belangrik om dit te weet. Hierdie sg familiewapens het hul oorsprong in die 30's en 40's toe dit as n saak van trots in die destydse Brandwag koerant gepubliseer is. Dit was om DIE VOLK te verenig, onder andere, en om Afrikanertrots te bevorder. Hierdie wapens is ontwerp deur die skrywer vd reeks artikels. Mense met eksemplare van Pama se boek kan gerus voorin kyk vir grys faksimilees van wapenblaale. Die outeur van die artikels het wapens uit die bg faksimilees gekombineer, en in swart en wit gepubliseer. Pama het dit ingekleur.

Dis die storie van Pama se wapens, wat oral in vlooimarkte te koop is, met die beskrywing wat uit Pama se boek geneem is. Die Heraldiek het verskeie reels. Om n wapen vir jouself te kan eis, moet jy een registreer by die Buro van Heraldiek. Dit kos ongeveer R6000 vir al die prosesse. Slegs 1 persoon mag op n spesifieke tyd aanspraak maak op n spesifieke wapen. Sou die eiser sterf, erf sy oudste seun sy wapen net so, en dan kan die oudste seun aanspraak maak op die wapen. **ALLE ANDER KINDERS VAN DIE OORLEDENE MOET, INDIEN HULLE DIE WAPEN WIL AANNEEM, N AANPASSING MAAK OP DIE SKILD ONTWERP, BV N NUWE MOTIEF OF KLEUR.** N.a.v bg feit moet ek ook noem dat indien die oorledene nie n seun het nie, sy oudste dogter die wapen erf, met n aanpassing.

kontak my vir meer info!

Eben Louis Vorster

Cell: +27 82 313 3902

Address: 91 Dublinstreet

Kenmare ext 4

Krugersdorp

1739

Boodskap 3.2. Re: Familiewapens

Posted by: "Francois Greeff" Goodgreeff@hiddencode.co.uk francoisgreeff

Thu Jun 7, 2007 8:35 am (PST)

Wat Eben sê is reg. Dit is ook die oorsprong van verwarring in Engelse terminologie, tussen 'Coat of Arms' en 'Family Crest'. Eersgenoemde is die hele wapen, en laasgenoemde is 'n klein stukkie bo-op die wapen, wat vir elke titelhouer (of familie vader) anders is. Nou praat mense van die hele wapen asof dit 'n 'family crest' is. Dit is verkeerd, want 'crest' beteken op sigself 'kruin' en dui dus op net die boonste stukkie.

Die Greeff familie webblad ([www.Greeff.info](http://www.Greeff.info)) vertoon wel tekste waar ander mense in die verlede wapens gebruik (of misbruik) het, maar die familie webblad self maak geen aanspraak op enige 'Greeff wapen' nie, en vertoon ook nie so 'n wapen nie.

Is dit moontlik vir 'n groep mense ('n klub, stad, land, nasie, volk, stam of familie) om 'n eie wapen te registreer? MAW, 'n wapen vir alle mense met blou oë, of met 'n sekere van?

Francois Greeff

[www.Greeff.info](http://www.Greeff.info)

[www.Hiddencode.co.uk](http://www.Hiddencode.co.uk)

0044 20 8543 6966 (Home)

0044 79 6372 2345 (Mobile)

Skype: Greefffrancois

Boodskap 3.3. Re: Familiewapens

Posted by: "Karel Marais" turando101@yahoo.com turando101

Thu Jun 7, 2007 9:06 am (PST)

Francois Greeff skryf: "Is dit moontlik vir 'n groep mense ('n klub, stad, land, nasie, volk, stam of familie) om 'n eie wapen te registreer? MAW, 'n wapen vir alle mense met blou oë, of met 'n sekere van?"

Ek het gou die wet deurgelees, met die klem op die gou! Van wat ek daar lees is dit moontlik om dit te doen ja, maar dit lyk vir my jy sal 'n organisasie moet wees, maw daar sal een of ander registrasie (van 'n seksie 21 maatskappy of so iets) moet plaasvind by die regte gesag. Hopelik sal een van die lysteraars wat 'n regskenner is 'n tydtjie kan afknyp om die wet deur te lees en te se wat hulle dink.

Groete,  
Karel Marais

Boodskap 3.4. Re: Familiewapens

Posted by: "David Le Roux" leroux.01@gmail.com dawie\_lr

Thu Jun 7, 2007 9:20 am (PST)

Die Le Roux Familiebond het 'n geregistreerde wapen vir die gebruik van slegs die Bond en sy lede en ander persone aan wie hy toestemming gee, dit is nie 'n algemene Le Roux familiewapen nie.

Groete

David

Boodskap 4a. Kopiereg: Wat dink die lysteraars?  
Posted by: "Elmien Wood" woodem@mweb.co.za  
Thu Jun 7, 2007 3:42 am (PST)

### Lysteraars

Ek wil nou graag weet wat ons lede oor veskeie sake dink. Ek gaan probeer om by verskillende aspekte van kopiereg uit te kom, maar ek gaan dit so stap vir stap vat.

Daar is sekere mense op die lys van wie ek drasties verskil oor sekere onderwerpe, maar ons is nog vriende. Nou wil ek mooi vra, speel die bal en nie die man nie.

Dan wil ek ook vra, gee asseblief jou eie mening. As ek so na Niekie van den Berg luister en hy sit 'n kontroversiële onderwerp op die tafel, dan hoor ek hoe die luisteraars een mening propageer en doodstil bly oor die ander kant van die saak. Dit verg dan 'n bitter dapper persoon om die ander kant se saak te stel. As die ys eers gebreek is, hoor mens albei kante. Hier maak dit glad nie saak as 'n mens 'n ander mening as al die ander deelnemers het nie, dit is juis waarna ek soek.

My eerste vraag is: hoe gaan mense voel wat met baie moeite inligting inwin, as hulle daardie selfde inligting op 'n ander plek sien? My vraag is in besonder aan Rita, Blikkies en Hester wat al vir 'n baie lang tyd persoonlike berigte uit koerante bymekaar maak en op die gesprekslys sit. Hoe sal Hendrik Kasteel, wat elke dag 'n uur of meer daarna bestee om persoonlike berigte uit koerante op die rekenaar in te sluitel, voel as Willem Spreeuw die inligting net so op sy webwerf sit asof hy self al die werk gedoen het? Veral ook as Willem Spreeuw dan die prys kry vir die beste webwerf van die Piet Pompies diensverskaffer.

My eerste vraag is dan: Hoe voel die lysteraars oor "Werk wat gebruik word sonder dat erkenning gegee word aan die persoon wat dit gereed gemaak het vir verspreiding"? Verander dit die saak as die gebruiker dan erkenning kry vir die werk?

Maar gestel Willem Spreeuw gaan nou verder en sny 'n CD van Hendrik Kasteel se werk en verkoop dit, hoe gaan die mense wat die werk gedoen het voel?

My tweede vraag is dus: Wat daarvan as 'n tweede persoon 'n inkomste genereer uit die werk van 'n eerste persoon?

Aan die ander kant, kan Willem Spreeuw heeltemal anders optree. Hy kan vir Rita, Blikkies en Hester baie dankie sê wanneer hy 'n Spreeuw tussen die berigte kry en dan die inligting in sy geslagregister van die Spreeuwfamilie gebruik.

My derde vraag is: Wat van inligting wat in 'n totaal ander genre as die oorspronklike gebruik word.

(Ek sal graag wil weet of iemand 'n beter woord vir "genre" het. Wikipedia defineer dit as volg: "A genre [?ã:r?], (French: "kind" or "sort") is a loose set of criteria for a category of literary composition; the term is also used for any other form of art or utterance. In all art forms, genres are vague categories with no fixed boundaries." Ek gebruik nou maar genre vir die verskillende geskreve dokumente waarmee ons te doen kry, soos doopregisters, huweliksregister, indekse, persoonlike berigte, kieserslyste, geslagsregister, voorgeslagstate en so voorts.)

Ek weet ek is nog maar baie op die oppervlakte, ek moet nog kom by die oorspronklike eienaar van die werk, in die voorbeeld wat ek gebruik, die koerante. Maar ek dink dit is genoeg vir eers, want dit is 'n onderwerp waaroor mense baie sterk mening het.

Groete  
Elmien

Boodskap 4b. Registrasie van familiewapens is BAIE duur  
Posted by: "louis@voorstoep.co.za" louis@voorstoep.co.za boerseun\_1838  
Thu Jun 7, 2007 4:02 am (PST)

Goeiedag almal.

Ek wil ook net iets noem oor die familiewapens. Ek dink dit is net 'n kwessie van persoonlike trots om eerder jou eie familiewapen as 'n ander sin te gebruik.

Die probleem wat ek het is dat die registrasie net eenvoudig te duur is. Ek wil ook graag 'n wapen registreer, maar ek kan myself nie so baie geld sien uithaal nie. Dan maar eerder sonder een bly.

Julle kan my korrigeer, maar laaste wat ek uitgevind het, was dit iets soos R6000 om die wapen geregistreer te kry. Dis darem regtig baie geld.

Ek verstaan die prys sluit darem 'n baie goeie diens in wat onder andere seker maak die wapen voldoen aan al die reels en vereistes.

Groete.

Louis Engelbrecht  
Villieria, Pretoria  
Engelbrecht, Hills, Vermeulen, ens.

Boodskap 5a. Ou Geskiedenis Boek

Posted by: "Charl van Tonder" vantonderc@gmail.com vantonderc

Thu Jun 7, 2007 5:12 am (PST)

Middag alle lysteraars,

ek het verlede week 'n ou boek in Villieria gekoop met die naam "P. \*Kruger\*en de opkomst d. Zuid-Afrikaansche Republiek" deur J.F. van Oordt. Die boek is in 1898 gepubliseer en die prent op die voorblad is nie meer so duidelik nie. Ek wil net weet of iemand dalk weet van 'n Afrikaanse weergawe van die boek. Indien nie sal ek graag die boek wil vertaal.

Groete,

Charl van Tonder

VAN TONDER, CILLIERS, BARNARD, DE VILLIERS

Boodskap 5b. Re: Ou Geskiedenis Boek  
Posted by: "Ursulah" jvrens@tdm.co.mz jvrens  
Thu Jun 7, 2007 5:21 am (PST)

Hallo charl

Wat 'n toevalligheid. Ek is juis nou besig om inligting aangaande die krugers te probeer bekom om my oupagrootjie te Koppel

Watse inligting word in jou boek weergegee? Ek stel belang in inligting oor Gert Daniel Kruger en een van sy dogters Francina Jacoba Magdalene kruger.

Groetnis

Ursulah  
Maputo  
Groenkop Genealoog en  
Student in Sielkunde

Boodskap 6. hulp i.v.m. familie navorsing  
Posted by: "Ursulah" jvrens@tdm.co.mz jvrens  
Thu Jun 7, 2007 5:26 am (PST)

Net 'n vinnige nota om dankie te se aan almal wat so onbaatsugtig hulp aanbied en sommer help met my navorsing. Ek waardeer dit opreg. Ek begin verstaan waaroor die debakel oor kopiereg gaan. Dis darem baie werk wat ingesit word om 'n familie geskiedenis na te vors. Nogmaals baie dankie

Vriendelike Groete

Ursulah van Rensburg  
Maputo  
Groenkop Genealoog en  
Student in Sielkunde  
09258 824 1011 54 Mobile  
09258 214 90 990 Home

Boodskap 7a. [Koerant] Beeld 10 Mei 2007  
Posted by: "Blikkies" blikkies@mabonline.co.za blignautfanie  
Thu Jun 7, 2007 6:49 am (PST)

HAASBROEK; Hercules Albertus Annandale, in lewe van Pretoria.  
Begrafnisdiens: PPK Kerk, Maranatha, Pretoria, 21/05/2007, 09:30 #  
Heatherdale Begraafplaas, Britsweg, Pretoria-Noord. (Beeld - 18/05/2007)  
AVBOB Begrafnisdienste, Pretoria-Noord, 012-565-4269.

HUSSELMAN; Carl Wilhelm, in lewe van Pretoria. Grafdiens: # Heatherdale  
Begraafplaas, Britsweg, Pretoria-Noord, 19/05/2007, 10:00. (Beeld -  
18/05/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Pretoria-Noord, 012-565-4269.

VAN ECK; Theophilis Marcelis + 12/03/2007, in lewe van Valhalla, Pretoria.  
Begrafnikkennisgewing: (Beeld - 18/05/2007) AVBOB Begrafnisdienste,  
Pretoria, 012-327-3788.

Groete.

Fanie Blignaut.  
Vanderbijlpark.  
Gauteng provinsie.  
blikkies@mabonline.co.za.

Boodskap 7b. [Koerant] Beeld 10 Mei 2007  
Posted by: "Blikkies" blikkies@mabonline.co.za blignautfanie  
Thu Jun 7, 2007 7:14 am (PST)

PIETERSE; Chivonne \* 20/05/1996. {Mnr} Jacobus Martinus PIENAAR kontak dringend vir Marie ROSSOUW by 011-828-5416 of 082-588-6760 en Posbus 13821, Witfield, 1467, oor aanname van Chivonne. (Beeld - 21/05/2007)

SAUNDERS; Christa, in lewe van Pretoria. Verassingsdiens: NG Kerk, Lyttelton-Oos, Pretoria, 21/05/2007, 14:00. (Beeld - 21/05/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Pretoria-Wes, 012-327-3788.

VAN DER MERWE; Jan Adriaan Petrus, in lewe van Boksburg, Gauteng provinsie. Verassingsdiens: NG Kerk, Witfield, Lowtherstraat, Boksburg, 22/05/2007, 11:00. (Beeld - 21/05/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Boksburg, 011-917-5041.

Groete.

Fanie Blignaut.  
Vanderbijlpark.  
Gauteng provinsie.  
blikkies@mabonline.co.za.

Boodskap 7c. [Koerant] Beeld 10 Mei 2007  
Posted by: "Blikkies" blikkies@mabonline.co.za blignautfanie  
Thu Jun 7, 2007 7:57 am (PST)

GOUWS; Engela Elizabeth \* 16/03/1937 + 17/05/2007, in lewe van Centurion,  
Pretoria. Roudiens: Geref Kerk, Lyttelton, Burgerlaan 120, Pretoria,  
21/05/2007, 10:00. Veras. (Beeld - 19/05/2007) Martin's Begrafnisdienste,  
Centurion, Pretoria, 012-660-2028.

NAINKIN; {Dr} Lennie + 12/05/2007, Linksfiels Kliniek, Johannesburg. Sal  
onthou word deur Fred, Priscilla, Linda en Fred {jr}. (Beeld - 19/05/2007)

Groete.

Fanie Blignaut.  
Vanderbijlpark.  
Gauteng provinsie.  
blikkies@mabonline.co.za.

Boodskap 7d. [Koerant] Beeld 10 Mei 2007  
Posted by: "Blikkies" blikkies@mabonline.co.za blignautfanie  
Thu Jun 7, 2007 8:42 am (PST)

BOTHA; Aubrey Melville, in lewe van Boksburg, Gauteng provinsie.  
Verassingsdiens: NH Kerk, Parkrand, Slaterstraat, Boksburg, 22/05/2007,  
14:30. (Beeld - 22/05/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Boksburg, 011-917-5041.

CALITZ; Johannes Jacobus, in lewe van Bedworthpark, Vereeniging, Gauteng  
provinsie. Begrafnisdienst: NG Kerk, Viljoenskroon, Vrystaat provinsie,  
22/05/2007, 10:00 # Die Plaas Erfenis Begraafplaas. (Beeld - 22/05/2007)  
AVBOB Begrafnisdienste, Vereeniging, 016-421-4054.

COETZEE; Elsie, in lewe van Germiston, Gauteng provinsie. Begrafnisdienst:  
AGS Kerk, 105 Jacobastraat, Dinwiddie, Germiston, 22/05/2007, 14:00 #  
Suidpark Begraafplaas, Elsburg, Germiston. (Beeld - 22/05/2007) AVBOB  
Begrafnisdienste, Germiston, 011-825-3667.

GELDENHUIS; Jacob Johannes (Japie) (86), in lewe van Pretoria. Dankdiens: EG  
Kerk, Ebenhaeser, Gloverlaan, Lyttelton, Pretoria, 23/05/2007, 11:00 #  
Olievenhoutbosch Begraafplaas, Germiston, Pretoria. Diep betreur deur  
kinders Elize, Jop, Amelia en Braam en kleinkinders Charl, Liezl, Ulonka en  
Karla. (Beeld - 22/05/2007) Sonja Smith Begrafnisgroep, Pretoria,  
012-654-9902.

HEYNS; Waylon Tyrique \* 08/01/2004 + 17/05/2007, in lewe van Centurion,  
Pretoria. Roudiens: Woord en Lewe Kerk, Erasmuspark, Pretoria, 23/05/2007,  
10:00 # Pretoria-Oos Begraafplaas. (Beeld - 22/05/2007) Martin's  
Begrafnisdienste, Pretoria, 012-660-2028.

PRETORIUS; Hendrina Johanna, in lewe van Pretoria. Begrafnisdienst: NG Kerk,  
Florauna, Pretoria, 23/05/2007, 09:30 # Heatherdale Begraafplaas, Britsweg,  
Pretoria-Noord. (Beeld - 22/05/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Pretoria-Noord,  
012-565-4269.

PUTTER; Trewer \* 23/06/2002 en Theresa Cecelia \* 05/05/2004. Kan die ouers  
van genoemde kinders dringend vir {Mevr} SWART by 011-907-2922 kontak.  
(Beeld - 21/05/2007)

Groete.

Fanie Blignaut.  
Vanderbijlpark.  
Gauteng provinsie.  
blikkies@mabonline.co.za.

Boodskap 7e. Re: [Koerant] Beeld 10 Mei 2007  
Posted by: "Anne Rust" Anne.Rust@gov.ab.ca anne.rust  
Thu Jun 7, 2007 8:47 am (PST)

Hi,

Waar kan ek 'n lys kry met die name van hugenote wat vanaf 1690 tot 1700 in Suid Afrika aangekom het.

Dankie,

Anne Rust  
Child Support Worker  
Alberta Employment, Immigration and Industry  
9th Floor, 10035 - 108 St, NW  
Edmonton, AB  
T5J 3E1  
Tel (780) 415 6432  
Fax (780) 422 8761

Boodskap 7f. Skeepslyste vir Anne Rust  
Posted by: "Karel Marais" turando101@yahoo.com turando101  
Thu Jun 7, 2007 9:34 am (PST)

Anne,

Kyk gerus hier:  
<http://sa-passenger-list.za.net/huguenots.php>  
Hoop jy begin al vordering maak!

Vriendelike groete,  
Karel Marais

Boodskap 7g. [Koerant] Beeld 10 Mei 2007  
Posted by: "Blikkies" blikkies@mabonline.co.za blignautfanie  
Thu Jun 7, 2007 11:21 am (PST)

DU TOIT; Licia, in lewe van Weltevredenpark, Roodepoort, Gauteng provinsie.  
Verassingsdiens: Geref Kerk, Noordrand, Landhuisstraat 1129, Allen's Nek,  
Roodepoort, 08/06/2007, 13:00. Donasies: Sustersvereniging van die Geref  
Kerk, Noordrand Gemeente. (Beeld - 07/06/2007) AVBOB Begrafnisdienste,  
Mounton Weg, Horison, Roodepoort, 011-766-3145.

WALTERS; Armand. Edward Thomas ACKERMANN \* 1966/1967 skakel dringend vir  
{me} DE KLERK by 082-374-0015 oor aanname van Armand. (Beeld - 07/06/2007)

Groete.

Fanie Blignaut.

Vanderbijlpark.  
Gauteng provinsie.  
blikkies@mabonline.co.za.

Boodskap 8. KOTZE Geners

Posted by: "J van der Grijp" wolfoffice@absamail.co.za jacquesvdg

Thu Jun 7, 2007 7:58 am (PST)

As daar enige iemand is wat met KOTZE werk, kan u my van die lys af kontak.

Groete

Jacques van der Grijp

Boodskap 9. Cilliers Navorsers (en ander Hugenote)  
Posted by: "Karel Marais" turando101@yahoo.com turando101  
Thu Jun 7, 2007 8:02 am (PST)

Dagse,

Ek het per toeval vandag op die volgende afgekom:  
[http://databases.tanap.net/mooc/main\\_article.cfm?id=MOOC8%2F20%2E36](http://databases.tanap.net/mooc/main_article.cfm?id=MOOC8%2F20%2E36)  
Dit bevat 'n horde name en hul verwantskap aan Pieter Cilliers wat op 4 Dec 1792 oorlede is, dit lees (in my beginners oe) amper soos 'n wie's wie van die Hugenote.

Hoop dit is van hulp,  
Karel Marais

Boodskap 10a. Re: Marico Distrik

Posted by: "Johan Niemandt" pcmechanic@vodamail.co.za johanniemandt

Thu Jun 7, 2007 10:14 am (PST)

Gert,

Ek weet daar is 'n Bruce Reader wat 'n paar jaar gelede nog in die omgewing gewoon het. Jy kan dalk gaan kyk op Groot Marico se webblad, en die mense kontak om sy besonderhede te kry.

Ek het fotos geneem van die monument op Kleinfontein, en kan dit aanstuur as jy belangstel.

Die Terrein waarop die monument staan is geskenk deur die Celliers familie wat op die plaas gewoon het.

Groetnis

Johan

**Onderwerp:** [SA-Gen] Bundel Nommer 2768

**Datum:** Friday, June 08, 2007

Daar is 25 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:

1a. Re: Marico Distrik From: Jorge Estreux

1b. Re: Marico Distrik From: Paul Bosman

2. Hofmeyr From: Jorge Estreux

3.1. Re: Familiewapens From: Eben Vorster

3.2. Re: Familiewapens From: Par Excellance

3.3. Richelieu crest From: Annelie Els

3.4. Re: Familiewapens From: Karel Marais

4. [Koerant] Beeld 23 Mei 2007 From: Blikkies

5a. Re: Kopiereg: Wat dink die lysteraars? From: Nic van Helsdingen

5b. Re: Kopiereg: Wat dink die lysteraars? From: aletta magrieta.quebbemann

5c. Re: Kopiereg: Wat dink die lysteraars? From: Ursulah

5d. Re: Kopiereg: Wat dink die lysteraars? From: Samuel Murray

6a. Doopregisters. From: Marie Bossert

7. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 7 Junie 2007 From: P Marx

8. Re: van Helsdingen Bronne. From: Francois Greeff

9a. Re: Navorsing oor Rust familie From: Anne Rust

10a. WTBF CHAPTER VIII The War Presidents edited From: Annelie Els

10b. WTBF CHAPTER VIII The War Presidents edited From: Annelie Els

11a. Kopiereg From: Helgard Holtzhausen

12. [Koerant] Beeld 08 Junie 2007 From: Blikkies

13a. Re: Marais en ander inligting - Plase From: Karel Marais

14. WEST GAUTENG BRANCH, NEXT MEETING: 16 JUNE 2007, ROODEPOORT  
From: Japie Bosch

15. Kopiereg: Wat dink die lysteraars? Eerste vraag From: Elmien Wood

16. Kopiereg; Wat dink die lysteraars? Tweede vraag From: Elmien Wood

17. Re: DOORNKOM David & Johan From: Marius Dickinson

Boodskap 1a. Re: Marico Distrik

Posted by: "Jorge Estreux" jorgeestreux@yahoo.co.uk jorgeestreux

Thu Jun 7, 2007 11:55 am (PST)

Dankie Johan,

Soos ek gese het, die monument is op my oorlede skoonpa se gewese plaas (Kleinfontein). Bruce is Robin se broer, wie ek vermoed steeds daar boer. Ek was op my skoonpa se oom se begrafnis op n plaas daar in 1977. Ek vermoed die oom was getroud met my skoonpa se ma se suster (nooi Streefkerk) wie se oupa die tweede stamvader van die Louws in Suid- Afrika was.

Groete

Gert

Boodskap 1b. Re: Marico Distrik  
Posted by: "Paul Bosman" pbosman@kleinfontein.net paul5016  
Fri Jun 8, 2007 1:49 am (PST)

Dagsê Johan

Ek sal 'n foto van die Kleinfontein monument baie waardeer.

Wat is die webadres van Groot Marico?

Groetnis  
Paul D Bosman

---

my grootjies: BOSMAN X DE VILLIERS / VERSTER X DE KLERK / FROST X VON  
BENECKE / SYMINGTON X PIENAAR

Ria s'n: BURGER X MOSTERT / MOSTERT X BRAND / KRUGER X VORSTER /  
KUHN X

BREDENHAHN

Posbus 1787 Rayton 1001

Tel: 012 802 1009, sel: 082 851 4039, Faks: 0866 581829

<pbosman@kleinfontein.net> <http://myweb.absamail.co.za/paul.bosman/>

Boodskap 2. Hofmeyr

Posted by: "Jorge Estreux" jorgeestreux@yahoo.co.uk jorgeestreux

Thu Jun 7, 2007 12:01 pm (PST)

Naand almal.

Ek het pas verneem van die afsterwe van n vriendin vanaand.

Sarah Ann HOFMEYR ?/4/1951 -7/6/2007 sal later verdere besonderhede kry.. maar  
misken Kan Mari Mosterd help??

Gert

Boodskap 3.1. Re: Familiewapens

Posted by: "Eben Vorster" ebenlouisvorster@gmail.com ebenlouisvorster

Thu Jun 7, 2007 12:19 pm (PST)

Naand Lyslede

Om n bietjie uit te brei: Karel het gevra of sy enigste dogter en kind sy geregistreerde wapen sal erf? Die antwoord is ja, maar omdat sy n dame is, MOET sy n aanpassing aan die wapen maak. As sy nou n man was, die enigste, dws oudste ook, dan sou die kind die wapen NET SO kon erf sonder enige modifikasies.

Wat genoem is oor die Le Roux Familiebond wapen: Dit is moontlik om n wapen te registreer vir n maatskappy, maar dan kan lede vd maatskappy die wapen gebruik op kaartjies ens maar dit moet by die wapen genoem word dat dit die wapen vd maatskappy of vereniging is. JY MAG NIE, ONDER WET, JOUSELF BEKENDSTEL ONDER N WAPEN WAT JY NIE SELF GEREgistreer HET NIE!

Ek help graag waar ek kan.

Laat hoor van julle.

Eben

Boodskap 3.2. Re: Familiewapens

Posted by: "Par Excellance" parexcel@iafrica.com duplessislouw

Thu Jun 7, 2007 9:14 pm (PST)

Francois is heeltemal reg oor die "crest" as julle op die bekende Richelieu brandewyn bottel kyk sal julle daar die Du Plessis crest van Richelieu sien, dit is hoekom ek dit van tyd tot tyd drink om aan my voorgeslafte te dink!!!!

Louw du Plessis

No virus found in this outgoing message.

Checked by AVG Free Edition.

Version: 7.5.472 / Virus Database: 269.8.11/837 - Release Date: 2007/06/06  
02:03 PM

Boodskap 3.3. Richelieu crest

Posted by: "Annelie Els" annelie@who-els.co.za engelkind2000

Thu Jun 7, 2007 9:59 pm (PST)

Hallo Louw,

Dis nou `n regte oorspronklike en patriotiese rede om jou brandewyntjie so nou en dan te geniet :-))

Groetnis

Annelie

Vahalla.

Boodskap 3.4. Re: Familiewapens

Posted by: "Karel Marais" turando101@yahoo.com turando101

Fri Jun 8, 2007 12:02 am (PST)

Eben,

Dankie vir die inligting.

Oor jouself bekendstel onder 'n wapen wat jy nie self geregistreer het nie het ek 'n vraag of wat.

Ek verstaan dat ek nie myself onder iemand anders se wapen mag bekendstel nie en will aaneem dat dit in die wet opgeneem is aangesien dit tradisioneel so in die heraldiek bedryf is. Kom ons gebruik nou maar die Le Roux voorbeeld verder, indien ek 'n lid van die bond sou wees EN die bond gee skriftelike toestemming dat ek die wapen mag gebruik kan ek dit dan op my kaartjies, briefhoofde ens sit sonder om te noem dat dit die bond se wapen is?

Verder my dogter se gebruik van my wapen, soos ek dit het kan sy enige verandering aanbring (bv die agtergrond kleur) maar daar is ook heraldiese tradisie oor die wat veranderings gewoonlik sou wees, is dit korrek? En sy sou weer die wapen moet registreer met die gepaargaande finansiele implikasie!

Vriendelike groete,

Karel Marais

Boodskap 4. [Koerant] Beeld 23 Mei 2007  
Posted by: "Blikkies" blikkies@mabonline.co.za blignautfanie  
Thu Jun 7, 2007 12:37 pm (PST)

DU PLESSIS; Wilhelmina Christiana (Poppie), in lewe van Benoni, Gauteng provinsie. Verassingsdiens: AGS Kerk, Cupresstraat 16, Northmead, Benoni, 24/05/2007, 11:00. (Beeld - 23/05/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Benoni, 011-421-5842.

EDWARDS; Elizabeth Jane. Gedenkdiens: Pretoria Sungardens Hospice Kapel, Twigstraat 18, Lynnwood Glen, Pretoria, 25/05/2007, 14:00. Veras. (Beeld - 23/05/2007) Grobbelaars & Church Street Begrafnisdienste, Pretoria, 012-348-5556.

ENGELBRECHT; Marthinus Johannes, in lewe van Meyerton, Vereeniging, Gauteng provinsie. Begrafnisdienst: VEK Kerk, Meyerton, 23/05/2007, 10:00 # Meyerton Begraafplaas. (Beeld - 23/05/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Vereeniging, 016-421-4054.

GREEN; Dirk Cornelius (77), in lewe van Pretoria. Verassingsdiens: NG Kerk, Pierre van Ryneveld, Pretoria, 25/05/2007, 10:30. (Beeld - 23/05/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Pretoria-Oos, 012-460-3745.

HATTINGH; Alexander + 21/05/2007 at 10:45. Memorial service: Village Church, 23 Crestwood Drive, Lonehill, Sandton, Johannesburg, 25/05/2007, 10:30. Directions: 011-465-1873 or [www.villagechurch.co.za](http://www.villagechurch.co.za) <<http://www.villagechurch.co.za/>>. Donations: National Kidney Foundation, Nedbank, Acc.1966465114. (Beeld - 23/05/2007)

KOK; Hendri Ludolf, in lewe van Pretoria. Begrafnisdienst: NH Kerk, Witfontein, Pretoria, 25/05/2007, 13:00 # Heatherdale Begraafplaas, Britsweg, Pretoria-Noord. (Beeld - 23/05/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Pretoria-Noord, 012-565-4269.

PUTTER; Trewer \* 23/06/2002 en Theresa Cecelia \* 05/05/2004. Kan die ouers van genoemde kinders dringend vir {Mevr} SWART by 011-907-2922 kontak. (Beeld - 21, 22/05/2007)

STRYDOM; Rosa \* 14/02/1941 + 18/05/2007, in lewe van Darling, Wes Kaapprovincie, voorheen Bloemfontein, Vrystaat provinsie, Pretoria en Klerksdorp, Gauteng provinsie. Begrafnisdienst: NG Kerk, Darling, 28/05/2007, 11:30 # Darling Begraafplaas. (Beeld - 23/05/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Belville, Wes Kaapprovincie, 021-948-2603.

VAN NIEKERK; Johanna Hendrika, in lewe van Pretoria. Begrafnisdienst: Geref Kerk, Rooihuiskraal, Pretoria, 24/05/2007, 13:00 # Monavoni Begraafplaas,

Centurion, Pretoria. (Beeld - 23/05/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Pretoria,  
012-327-3788.

Groete.

Fanie Blignaut.  
Vanderbijlpark.  
Gauteng provinsie.  
[blikkies@mabonline.co.za](mailto:blikkies@mabonline.co.za).

Boodskap 5a. Re: Kopiereg: Wat dink die lysteraars?

Posted by: "Nic van Helsdingen" grootbeer@gmail.com grootbeer2000

Thu Jun 7, 2007 12:44 pm (PST)

Elmien,

Ek is maar die stil een op die lys maar sal graag my siening met jou deel:

Ek is al 7 jaar besig met "navorsing oor my vanne -van Helsdingen, Lindeque,Erasmus en Engelbrech, en het baie inligting uit 'n weye reeks bronne gekry.

Ongelukkig het ek nie gedurende die eerste drie jaar die nut van die aantekening van bronne besef nie so die eerste 50% van my werk dui nie bronne aan nie en ek kan daarom nie krediet gee aan al die bronne nie

Dus probleem no 1 is indien ek nou wil 'n boek publiseer kan ek dalk sonder om dit doelbewus te doen ander se werk insluit daarby sonder om die nodige krediet te kan gee of om toestemming te kry.

Om 'n algemene krediet aan te bied aan alle onbekendes wat inligting gegee het is vir my 'n lam poging om my werk te regverdig so ek het 'n probleem.

Baie mense wat navorsing doen is baie mededeelsaam met hulle inligting en deel graag sonder dat jy weet wat hulle bronne is en sodoende kan ek inligting wat ek van Piet die Deler af ontvang het en so aangeteken het as bron dalk eintlik Ansie Seertoon se werk wees wat sy 5 jaar terug vir Piet gestuur het

Indien ek dit sou gebruik sonder haar medewete is dit plagiaat en ek is in die moeilikheid.

Ek weet bv dat jy vir my inligting gestuur het baie jare terug ek het dit opgeneem in my stelsel maar ek weet nie wat dit was of wat die omvang was nie. Wat nou gedoen?

Nou weet jy hoekom ek die stil een op die lys is

Ek het baie maande se werk in my projek gesit maar besef ek het seer sekerlik inligting van ander persone wat ek nie kan identifiseer nie

My oplossing is om nooit 'n dokument te publiseer nie

Ek gee wel inligting op 'n beperkte skaal uit maar altyd met die voorwaarde dat dit nie vir enige publikasie gebruik kan word nie en altyd met verwysing na alle beskikbare bronne.

Ek sal my werk na voltooiing deurgee aan die GGSA

Wat ek gedoen het is suiwer 'n stokperdjie indien iemand die inligting sou as sy eie opeis en publiseer sal ek nie veel meer doen as my misnoee betuig nie.

Gesien dat die basis oorsprong van data publieke domein is maak dit nog moeiliker.

Genealogiese plagiaat is die ontneming van jou moeite om die publieke domein items saam te vat (dus tyd ) en nie die oorspronklike inlgting nie.

Onetiese persone steel dus ander persone se tyd

Dom navorsers teken nie bronre aan nie en stel hulself bloot daaraan om as oneties geklasifiseer te word.

Indien jy enige inligting uitgee in watter vorm ookal stel jy jouself bloot aan beide bogenoemde.

Ek sal graag wil hoor wat ander persone se voorstelle is vir 'n oplossing.

As alternatief moet ons maar begin viooltjies kweek.

Groete

Nic

Boodskap 5b. Re: Kopiereg: Wat dink die lysteraars?

Posted by: "aletta magrieta.quebbemann" am.queb@mweb.co.za alettaqea9fac

Thu Jun 7, 2007 1:26 pm (PST)

Naand vriende,

My persoonlike mening hieroor is:- ek sou voel asof al my HARDE werk en tyd vermors word en ek in die vervolg my tyd beter kan spandeer. Miskien kort Willem Spreeuw so 'n persoonlike gespek oog tot oog -aangesien ek met hom/haar net kontak op rekenaar het en ek dan miskien my woorde sien voor ek dit uitgespel uitstuur.

In Engels 'I would feel cheated.' Baie keer is informasie nie eers in die koerante beskikbaar nie so 'n mens sal weet van waar dit kom -dis nou in die aard van my werk,veral die wat sterf by ons.

Tweede is -ek dink ook al versigtiger as ek informasie aan my suster se dogter gee met 'n duidelike aanmaning oor werk gedoen deur wie ,al wil sy dit net vir haar kinders doen. Daar sal meer mense daarna kyk en hoekom moet sy al die eer kry as dit jare van my werk is. Ek voel dis 'n maklike manier en minder moeite manier om al die erkenning te kry, as dit hom/haar nie toekom nie.

Miskien is ons almal 'n egoist .

Ek help graag as ek tyd het.

Genoeg van my,

Rita

Boodskap 5c. Re: Kopiereg: Wat dink die lysteraars?  
Posted by: "Ursulah" jvrens@tdm.co.mz jvrens  
Thu Jun 7, 2007 11:35 pm (PST)

Ek is 'n groenkop genealoog en volg die kopiereg debat met baie belangstelling. Vir my was dit tweede natuur om reg van die begin bronne neer te skryf vir latere melding in my bronne lys.

Kopiereg behoort nie 'n probleem te wees as ons mekaar respekteer, inligting wat ons van ander kry met respek behandel, en erkenning gee waar nodig (ons het tog almal 'n lys van bronne wat ons gereeld raadpleeg). Dit behoort nie moeilik te wees om persoonlike bronne se name neer te skryf nie, dan is die saak mos gewonne. Behalwe vir persoonlike, van aangesig tot aangesig, word alles anders tog of elektronies of op papier gekommunikeer. Dit behoort nie te moeilik te wees om afskrifte hiervan te hou nie. dis 'n kwessie van georganiseerd wees.

In my studies word ons geleer om alle bronne onmiddelik na jy dit geraadpleeg het neer te skryf en 'n bronnelys saam te stel aan die einde van die werkstuk. Dit is al tweede natuur by my. Miskien moet dit 'n ongeskrewe reel word in genealogie ook.

Ek vra myself af hoekom doen ons almal hierdie tydsame, ondankbare werk. ons het almal net een doel voor oe. Is dit nie maar die bewaring van ons erfenis vir ons nageslag.

Soos hulle in engels se "my two cents for what It's worth"

Groetnis

Ursulah  
Maputo  
Groenkop Genealoog en  
Student in Sielkunde

Boodskap 5d. Re: Kopiereg: Wat dink die lysteraars?  
Posted by: "Samuel Murray" leuce@absamail.co.za lacialacia  
Fri Jun 8, 2007 12:22 am (PST)

Elmien Wood wrote:

> Ek wil nou graag weet wat ons lede oor veskeie sake dink. Ek gaan probeer om by verskillende aspekte van kopiereg uit te kom, maar ek gaan dit so stap vir stap vat.

Ek wil nie baie sê nie, behalwe om te noem dat verskillende mense daar verskillend oor sal voel.

Ek is 'n groot ondersteuner van die idee dat inligting toeganklik moet wees. Dit hoef nie gratis te wees nie, maar dit moet toeganklik wees. As 'n nuttige boek dus peperduur is, is dit nie toeganklik nie. Aan die ander kant moet 'n mens twee dinge van enige skrywer/navorser respekteer, naamlik die reg om beloon te word en die reg om erken te word. Om dié rede is sommige boeke noodgedwonge wel peperduur, omdat dit andersins nie vir die skrywer die moeite werd sou wees om die taak in die eerste plek aan te pak nie. Ek sê dié goed net sodat jy weet waar ek vandaan kom.

My mening oor webgoed is as volg: Baie mense trek gratis voordeel uit die inligting wat op SA-Gen gepubliseer word, en baie mense dra gratis daartoe by. Dit is 'n soort vrye uitruilery van kennis. Die houding van mense wat op SA-Gen bydra, is wat my betref dus een van vrye deling van hulpbronne (nie almal voel egter so nie).

Ek sou dus nie 'n probleem hê met die volgende nie:

- \* Iemand wat inligting op SA-Gen versamel en dit elders gratis of teen kosprys beskikbaar stel, mits die bronne deeglik vermeld word (hetsy deur die datum van die plasing, of deur die naam van die plaser).
- \* Iemand wat SA-Gen se inligting gebruik as 'n bron, en dan die poslys as bron vermeld (al word die individuele persone se name nie vermeld nie).

Ek moet egter byvoeg dat daar nie tydens die stigting van die poslys en tydens elke lid se aansluiting dit aan almal duidelik gemaak is dat dit wat hulle hier pos, goedsmoeds herpubliseerbaar is nie, en daarom kan 'n mens nie my opinie hier bo op almal van toepassing maak nie.

Wat 'n mens miskien kan doen, is om 'n webwerf vir SA-Gen te kry (daar is reeds een, as ek dit nie mis het nie) en dan op daardie webwerf sommige inligting te publiseer wat op die poslys gepubliseer is, mits die plasers se toestemming verkry is. As iemand so 'n projek wil aanpak, kan hy dalk aan almal 'n e-pos skryf om toestemming te kry, en diegene wat nie toestemming gee nie (of bloot nie antwoord nie) se inligting word bloot nie op die webwerf gepubliseer nie. Dit staan enige iemand immers vry om by SA-Gen aan te sluit en die argief te lees.

Om weer by toeganklikheid van inligting te kom -- dis jammer dat van die vorige poslyste, waarop daar baie nuttige inligting gepubliseer is, tot 'n einde gekom het, wat gemaak het dat die inligting wat daarop was, nou verlore is, omdat mense nie meer by daardie lyste kan aansluit nie. Dit sou dark 'n idee wees (as iemand lus het) om 'n afskrif van al die ou boodskappe van daardie poslyste iewers te kry, 'n e-pos om toestemming aan al die plasers van daardie pos te stuur, inligting met toestemming te ontgin, en dit op die webwerf te plaas.

So bly almal gelukkig en almal vind maksimum baat.

Dit kan ook wees dat as enige iemand ooit 'n ekstra genealogieposlys stig, hulle dit van meet af so stel dat enige iemand wat enige iets op die poslys plaas, outomaties toestemming verleen dat dit versamel, ontgin en op die webwerf geplaas kan word.

My 2c.

Samuel

Boodskap 6a. Doopregisters.

Posted by: "Marie Bossert" am2bert@yahoo.co.nz am2bert

Thu Jun 7, 2007 1:53 pm (PST)

Môre medegeners,

Baie dankie vir al die voorstelle oor waar ek kan soek vir my doop inskrywing. Ek sal gerus na die Swellendam register kyk en ek het ook nou 'n George register raakgeloop wat op film is, maar dit lyk vir my asof daar net die name van ledemate en huwelike op is. Ek sal nietemin ook daarna kyk.

Baie dankie aan almal wat vir my inligting in hierdie verband voorgestel het.

Met vriendelike groetnis uit 'n koue Auckland,

New Zealand,

Marie Bossert.

Boodskap 7. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 7 Junie 2007  
Posted by: "P Marx" geelhoutboom@intekom.co.za  
Thu Jun 7, 2007 2:18 pm (PST)

Sterfgevalle

(2 berigte)

DE MEILLON, George. +Maandag 4 Junie 2007. Dankie vir 3 wonderlike jare saam.

Linda.

Oom George jy sal baie gemis word. Amanda & Gavin, Antoinette, Francois & Gretchen, Theresa, Eugene & JT, Leon & Chantelle, Dwayne. (Die Burger Oos-Kaap 07/06/2007)

FOURIE, Andrew. +Maandag 4 Junie 2007. Begrafnisdiens Vrydag 8 Junie 2007 14:00  
NG Kerk, St. Leonardsweg, Algoapark (P.E.). Forest Hill-begraafplaas.  
(Die Burger Oos-Kaap 07/06/2007) Reëlings: Marie Steyn DOVES P.E. 041 365 5399

GOLIATH (ARNOLDS), June. 54 yrs. Funeral Sat. 09/06/2007 12:00 Dale Street  
Cong. Church. (Die Burger Oos-Kaap 07/06/2007)

HEATHCOTE, Doreen Oke. \*15/11/1922 +Maandag 4 Junie 2007 in Port Elizabeth.  
Kinders en kleinkinders. Begrafnisdiens Vrydag 8 Junie 2007 14:00 St. Marks  
Anglikaanse kerk,  
Humansdorp. Munisipale-begraafplaas, Humansdorp. (Die Burger Oos-Kaap 07/06/2007)  
Reëlings: Bokkie Els AVBOB Humansdorp 042 291 1230

(2 berigte)

PIENAAR, Wilhelmina (Tannie Willie). +Saterdag 2 Junie 2007. Egenoot Ben, kinders  
Aleta en Nick, kleinkinders. Roudiens Vrydag 8 Junie 2007 11:00 NG Kerk  
Nooitgedacht-  
gemeente, Kabegapark (P.E.) Verassing privaat. (Die Burger Oos-Kaap 07/06/2007)  
Reëlings: First Ave Funeral Home 041 581 5028

Hester Marx Loerie Oos-Kaap

Boodskap 8. Re: van Helsdingen Bronne.

Posted by: "Francois Greeff" Goodgreeff@hiddencode.co.uk francoisgreeff

Thu Jun 7, 2007 3:48 pm (PST)

Dag Nic, en almal,

Bronne is nie die alfa en omega van alles nie. Jy hoef nie ALTYD bronne te vermeld nie.  
'n Stelling sonder bronne is jou opinie, en jy is geregty om jou opinie te uiter.

Genealogiese bronne word vir twee redes gegee:

1. Om krediet te gee vir die werk van navorsers op wie se skouers jy staan. In die verband is dit heeltemaal voldoende om eenkeer te sê dat jy die Venters vanuit SAG gekry het, en klaar. Jy hoef dit nie in elke rekord te herhaal nie. Jy kan selfs net die boek in jou bronnelys aanhaal, soos wat SAG verwys na de Villiers Pama (as ek reg is!). Jy kan ook algemeen noem dat jou dope vanaf die LDS films kom, en jy kan dank betuig aan die NG Kerk vir sy argifale rekords wat jy geraadpleeg het, en dit is genoeg.
2. Genealogiese bronne word ook aangegee om die werk van die wat na jou kom te vergemaklik. Hier sit die groot bohaai oor die verwysings na elke geboorte, doop en sterfte rekord. Hierdie bronne hoef nie aangegee te word nie, daar is geen regsvereiste daarvoor nie, want die inligting is openbaar. Bitter min skrywers vermeld die name van persone met wie hulle onderhoude voer, want dit ook, is nie 'n regsvereiste nie. SA Genealogië, byvoorbeeld, noem nooit, nooit ooit, 'n doop, huweliks of sterfte sertifikaat of bron nie. Jy kan gerus maak soos hulle maak.

Maar, om genealogie REG te doen, en hiermee bedoel ek om dit DEEGLIK te doen (nie korrek in 'n regssin nie), is dit beter om wel vir ander te laat weet waar jou inligting vandaan kom. Dit maak die inligting meer betroubaar en meer bruikbaar. Dit sou dit, byvoorbeeld, makliker maak om die foute in SAG reg te stel.

Publiseer met 'n geruste hart jou navorsing net soos dit is.

Francois Greeff

[www.Greeff.info](http://www.Greeff.info)

[www.Hiddencode.co.uk](http://www.Hiddencode.co.uk)

0044 20 8543 6966 (Home)

0044 79 6372 2345 (Mobile)

Skype: Greefffrancois

Boodskap 9a. Re: Navorsing oor Rust familie  
Posted by: "Anne Rust" Anne.Rust@gov.ab.ca anne.rust  
Thu Jun 7, 2007 9:18 pm (PST)

Hi,

Het iemand dalk hierdie boek:  
Die Berg Piketberg en sy Mense deur Thys du Preez (1994).

Dankie

Boodskap 10a. WTBF CHAPTER VIII The War Presidents edited  
Posted by: "Annelie Els" annelie@who-els.co.za engelkind2000  
Thu Jun 7, 2007 9:59 pm (PST)

Hallo Medegeners veral die wat iets oor Kruger soek, `n Stuk wat onlangs geskryf is. Ek hoop die skakel kom reg by die lys uit.

Groetnis  
Annelie  
Valhalla.

Saffer.pbwiki.com/WTBF%20CHAPTER%20VIII%20The%20War%20Presidents was just edited

Admin1 (83.147.141.88) created the page WTBF CHAPTER VIII The War <<http://Saffer.pbwiki.com/>> Presidents.

Boodskap 10b. WTBF CHAPTER VIII The War Presidents edited  
Posted by: "Annelie Els" annelie@who-els.co.za engelkind2000  
Thu Jun 7, 2007 10:03 pm (PST)

Hallo weer,

Skies ek sien dat mens `n "password" en "login" gaan nodig hê om daardie artikel te lees.  
Sal moet uitvind of ek die hele ding so op die net mag sit.

Groetnis

Annelie

Vahalla

Boodskap 11a. Kopiereg

Posted by: "Helgard Holtzhausen" helgard2005@mweb.co.za helgard\_holtzhausen

Thu Jun 7, 2007 11:36 pm (PST)

Basil van Rooyen se boek : " Get Your Book Published in 30 (Relatively) Easy Steps"

Penguin Books, ISBN 0 143 02494 9, het insigewende inligting oor kopiereg. Hy

behandel die onderwerp in "Step 3" onder die opskrifte:

Who owns the copyright on a work?

What is copyright?

What is the purpose of copyright?

What law controls copyright in SA?

What does "original" mean?

ensovoorts.

Die boek bevat ook baie wenke vir die skywer soos bv. die voor en nadele om self te publiseer.

Groete

Helgard Holtzhausen

Pretoria

083 268 4111

Boodskap 12. [Koerant] Beeld 08 Junie 2007  
Posted by: "Blikkies" blikkies@mabonline.co.za blignautfanie  
Fri Jun 8, 2007 12:05 am (PST)

VAN DER MERWE; {Prof} David Frederik, in lewe van Pretoria Sungardens Hospice. Roudiens: Pretoria Sungardens Hospice Kapel, Twigstraat, Pretoria, 08/06/2007, 11:00. Veras. (Beeld – 08/06/2007) Grobbelaars en Kerkstraat Begrafnisdienste, Pretoria, 012-348-5556.

VAN VUUREN; Marthinus, in lewe van Carolina, Mpumalanga provinsie. Roudiens: NG Kerk, Carolina, 11/06/2007, 11:00. (Beeld – 08/06/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Pretoria, 012-327-3788.

WALTERS; Armand \* 05/04/1997. Edward Thomas ACKERMANN \* 1966/1967 kontak {me} DE KLERK by 082-374-0015 oor aanneming van Armand. (Beeld – 06, 07, 08/06/2007)

Groete.

Fanie Blignaut.  
Vanderbijlpark.  
Gauteng provinsie.  
blikkies@mabonline.co.za.

Boodskap 13a. Re: Marais en ander inligting - Plase  
Posted by: "Karel Marais" turando101@yahoo.com turando101  
Fri Jun 8, 2007 1:05 am (PST)

Dagse,

Aanvullend tot ondergenoemde is daar ook Claude Marais en Susanna Gardiol wat Le Plessis Merle geerf het en ook Meerrust, Lekkerwijn en en Wel van Pas besit het. Meerust en Lekkerwijn is deur Jacob de Villiers geerf terwyl Le Plessis Merle gesaamentlik deur Charl en Steven Marais (die twee se eerste name word soos al die vroeere Marais op verskeie maniere gespel) geerf is.

Vriendelike groete,  
Karel Marais

Boodskap 14. WEST GAUTENG BRANCH, NEXT MEETING: 16 JUNE 2007,  
ROODEPOORT

Posted by: "Japie Bosch" [jrbosch@telkomsa.net](mailto:jrbosch@telkomsa.net) boschjapie  
Fri Jun 8, 2007 1:07 am (PST)

Topic: How to be published in Familia

Speaker: Richard Y Ford, editor of Familia, quarterly journal of the  
Genealogical Society of South Africa.

Date: 16 June 2007;

Venue: LDS Church, Philips Avenue, Discovery, Roodepoort;

Commencement time: 14:00;

Fee: R5.00 for refreshments.

Having been responsible for the publication of nine editions of the journal over the past two years, Richard qualified to give advice to aspirant authors. He will explain what the editor looks for in deciding whether contributions are worthy for the Society's journal. In his presentation he will touch on readership, contents, language and style.  
Visit [www.westggsa.blogspot.com](http://www.westggsa.blogspot.com) for a map to the venue.

Boodskap 15. Kopiereg: Wat dink die lysteraars? Eerste vraag  
Posted by: "Elmien Wood" woodem@mweb.co.za  
Fri Jun 8, 2007 1:45 am (PST)

### Lysteraars

Ek luister gisteraand toevallig na die Rooms Katolieke biskop van Rustenburg, Kevin Dowling. Hy gee om vir die gemeenskap waar hy werk en hy stem nie saam met die Roomse kerk se posisie in verband met die HIV-pandemie nie. Hy sê dat morele en etiese sake baie komplek is. Ek dink ook dat die kwessie van kopiereg baie kompleks is, dit is waarom ek die vrae so een-vir-een wil vra.

Kan ek uit die antwoorde op die eerste vraag die volgende voorstel maak?

1. Data wat ingesluit is in enige vorm van inligtingsbewaring mag nie oorgeneem word deur 'n tweede party sonder die toestemming van die persoon wat oorspronklik die data versamel het nie. Dit maak nie saak of die tweede party dit vir geldelike gewin of vir slegs vir erkenning gebruik nie.
2. Uittreksels uit die data mag wel gebruik word, maar met volle erkenning aan die skepper van die oorspronklike bron.

Dit beteken dan dat inligting uit die filmrolle van die Genealogical Society of Utah (GSU) nie oorgeskryf kan word nie, want dit is klaar in 'n inligtingsbewaringsvorm, naamlik mikrofilms.

Dit beteken ook dat die GGSA die eerste aanspraak het op die gegewens wat van begraafphase gekry word, want wat op grafstene staan, is nog nooit gereed gemaak vir inligtingsbewaring en -verspreiding nie.

3. Inligting mag wel in 'n ander genealogiese genre gebruik word.

Dit beteken dat doopinskrywings van 'n GSU-filmrol en grafskrif-inligting van GGSA se kompaktskyf mag wel in 'n geslagsregister gebruik word, dit wil sê die inligting mag gebruik word, mits dit vervorm word.

Dankie vir jou bydrae Rita. Jy is seker die mees onselfsugtig persoon wat nog nooit meer van my verwag het as 'n "dankie" van die lys af nie. Maar as selfs jy, eienaarskap van jou werk verwag, beteken dit dat dit vir enige redelike mens belangrik is.

Nic, jy kom nou by my tweede vraag aan die lysteraars, ek sal netnou daardie vraag stel.

Francois, ek wil baie graag die vrae oor regsaspekte heel laaste vra. Kan jy net so 'n bietjie geduld gebruik sodat ons kon hoor wat die mense dink? Soos wat Ursuhla sê kopiereg is 'n "debakel" en ek dink ons praat verby mekaar en dit veroorsaak verskriklik baie ongelukkigheid.

Groete  
Elmien

Boodskap 16. Kopiereg; Wat dink die lysteraars? Tweede vraag  
Posted by: "Elmien Wood" woodem@mweb.co.za  
Fri Jun 8, 2007 1:50 am (PST)

Lysteraars,

Sjoe dit is 'n moeilike vraag hierdie!

Gestel Hendrik Kasteel en Willem Spreeuw woon langs mekaar. Net langs die grensdraad op Hendrik se erf groei 'n peerboom en net langs die grensdraad op Willem se erf groei 'n appelboom. Hendrik en Willem werk altwee hard aan hulle bome, hulle snoei, bemes, spuit vir plae en gee water. Teen die tyd dat die bome dra is daar in ongeskrewe ooreenkoms dat beide van hulle maar aan hulle kant van die draad kan pluk net soos hulle wil, dus het albei nou appels en pere.

Nic, jy sê dat ek vir jou jare gelede inligting gestuur het. Volgens hierdie ongeskrewe ooreenkoms waarna ek hierbo verwys, beteken dit dat ek dit gestuur het met die verstandhouding dat jy vir my van jou kant soortgelyke inligting sou stuur. Indien jy niks gehad het nie, maak dit ook nie saak nie, want aan die anderkant van my erf ruil en weer vye en perskes uit en dit is onmoontlik om te bepaal wanneer een van my bure 'n misoes gaan hê. Dit maak glad nie saak nie, solank daar net 'n goeie gesindheid van beide kante is. So moenie vir jou bekommer nie, wanneer ek inligting stuur is dit sonder om te verwag dat daaraan erkenning gegee word, omdat dit slegs 'n klein grepe in jou boek oor die Van Helsdingens sal wees.

Dit spreek ook jou vraag aan oor of jy die bronne moet meld. Ek is van mening dat GEDCOM-programme wel plek het vir al die verwysings, maar wanneer 'n mens 'n boek wil publiseer gaan dit heeltemal te dik word om elke enkele bron aan te gee.

My tweede vraag is nou aan die lysteraars, is ekiwalente uitruil van inligting sonder om dit aan te teken vir die meeste mense aanvaarbaar?

Ek weet ook nie of ekwivalent die regte woord is nie, maar ek bedoel dat Hendrik gee vir Willem al die Spreeuwe wat hy toevallig raakgeloop het en Willem gee vir Hendrik al die Kastele wat hy toevallig raakgeloop het.

Die vraag is moeilik omdat 'n mens nie beheer het oor elektroniese data nie en ek het besluit om maar eers later daaraan aandag te gee.

Groete  
Elmien

Boodskap 17. Re: DOORKOM David & Johan  
Posted by: "Marius Dickinson" mdickinson@amsa.co.za  
Fri Jun 8, 2007 2:06 am (PST)

Hi David,

Ek dink Johan Van Breda sal ook hierdie fotos waardeer asook die inligting.  
Ek was persoonlik al 4 keer daar by die Doornkom begraafplaas en sal met plesier die  
OTOS neem Ek skat daar is so 40 grafte meeste Van Heerdens & De Beer en van  
Emmenisse en andere. Ek kan nie van Stadens onthou nie. Die begraafplaas is tot onlangs  
deur oom Toes de Beer baie goed in stand gehou. Ek verbel my dat die eerste dopeling  
in Transvaal, dalk die dogter van A H Potgieter ( gedoop in Potchefstroom) wat met 'n  
van 'n Heerden getroud was ook daar begrawe is. Doornkom was lank voor  
Naboomspruit gestig is 'n sterk Boerenedersetting en was voortdurend aangeval deur die  
Matebeles van Makapaan vanuit die noorde (die huidige Mapela) lokasie. Ek dink dit is  
ook die waar die naam Potgietersrus en van Heerdensrust met mekaar verbind kan word.  
Help bietjie die geskiedkundiges! Dis maar 'n afleiding.

Groetnis  
Marius D  
Sien uit na Muskadel

**Onderwerp:** [SA-Gen] Bundel Nommer 2769

**Datum:** Saturday, June 09, 2007

Daar is 25 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:

1. Begraafplaas Projek From: Blikkies
2. Afterwe van n vriendin From: Jorge Estreux
- 3a. [Koerant] Beeld 24 Mei 2007 From: Blikkies
- 3b. [Koerant] Beeld 24 Mei 2007 From: Blikkies
- 3c. [Koerant] Beeld 24 Mei 2007 From: Blikkies
- 4a. Kopiereg: Wat dink die lysteraars? From: Blikkies
- 4b. Kopiereg: Wat dink die lysteraars? From: P Marx
- 5a. [KOERANT] Die Burger, 14 Mei 2007 From: Johan van Breda
- 5b. Re: [KOERANT] Die Burger, 14 Mei 2007 From: Willeen Olivier
6. OUDTSHOORN LIDMAATREGISTER (Deel 52) From: alta le roux
- 7.1. Re: Familiewapens From: Eben Vorster
- 7.2. Re: Familiewapens From: Karel Marais
- 7.3. Re: Familiewapens From: Annelie Els
- 7.4. Familiewapens From: Hendrik LOUW
- 8a. familiewapens From: Ann Tiran
- 8b. Re: familiewapens From: Karel Marais
9. Familiewapens vir Karel Marais From: Eben Vorster
10. Re: {Disarmed} Re: {Disarmed} [SA-Gen] Marais en ander inligting From: Jean lr Roux
- 11a. Familiewapens en GISA From: Japie Bosch

- 11b. Re: Familiewapens en GISA From: Karel Marais
- 12a. Re: Kopiereg: Wat dink die lysteraars? Eerste vraag From: Willeen Olivier
13. Marico Distrik - Paul Bosman From: Johan Niemandt
14. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 8 Junie 2007 From: P Marx
15. Re: Kopiereg: Openbare inligting bespreking. From: Francois Greeff
16. [KOERANT]PAARL POST- WEEK 23/2007 From: E Teir

Boodskap 1. Begraafplaas Projek  
Posted by: "Blikkies" blikkies@mabonline.co.za blignautfanie  
Fri Jun 8, 2007 2:47 am (PST)

Môre Vriende,

Beste Lys eienaars verskoon dat ek die lyste gebruik maak vir my navraag, maar ek het nie 'n keuse nie:

Kan elke GGSA –Tak die Voorsitter en/of Begraafplaas Koördineerder se inligting aan my deurgee sodat ek kan weet na wie om te gaan oor die Begraafplaas Projekte, ASB. Ek is heel nuut hierin en dit sal my taak in die toekoms vergemaklik.

Dankie Byvoorbaat,

Groete,

Fanie Blignaut,  
Vanderbijlpark.  
[blikkies@mabonline.co.za](mailto:blikkies@mabonline.co.za)

Boodskap 2. Afterwe van n vriendin

Posted by: "Jorge Estreux" jorgeestreux@yahoo.co.uk jorgeestreux

Fri Jun 8, 2007 3:42 am (PST)

Sarah Ann PRINSLOO (d.v. Phillipus Jacobus Petrus PRINSLOO en Florence Ada NN)

\*11/4/1951 +7/6/2007 Benoni X Sidney Charles HOFMEYR \*31/10/1946

Boodskap 3a. [Koerant] Beeld 24 Mei 2007  
Posted by: "Blikkies" blikkies@mabonline.co.za blignautfanie  
Fri Jun 8, 2007 3:44 am (PST)

COETSEE; Gertbrecht Elizabeth (Bessie), in lewe van Kempton Park, Gauteng provinsie. Verassingsdiens: NG Kerk, Birchleigh, Kempton Park, 25/05/2007, 11:00. (Beeld - 24/05/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Kempton Park, 011-975-5845.

REYNEKE; Kobus, in lewe van Germiston, Gauteng provinsie. Begrafnisdienst: NG Kerk, Elsburg, Germiston, 28/05/2007, 10:00 # Suidpark Begraafplaas, Germiston. (Beeld - 24/05/2007) AVBOB Begrafnisdienst, Germiston, 011-825-3667.

SPIES; Johannes Jacobus (Jannie), in lewe van Nigel, Gauteng provinsie. Begrafnisdienst: NH Kerk, Nigel, 25/05/2007, 11:00 # Nigel Begraafplaas. (Beeld - 24/05/2007) AVBOB Begrafnisdienst, Nigel, 011-814-4853.

BEZUIDENHOUT; Solly, in lewe van Krugersdorp, Gauteng provinsie. Begrafnisdienst: NG Kerk, Rant-en-Dal, Krugersdorp, 24/05/2007, 11:00 # Sterkfontein Begraafplaas, Krugersdorp. (Beeld - 24/05/2007) AVBOB Begrafnisdienst, Krugersdorp, 011-953-3808.

VILJOEN; Elsie Catharina, in lewe van Pretoria. Begrafnisdienst: Zambesie Aftree-oord, 25/05/2007, 09:30 # Heatherdale Begraafplaas, Britsweg, Pretoria-Noord. (Beeld - 24/05/2007) AVBOB Begrafnisdienst, Pretoria-Noord, 012-565-4269.

PUTTER; Trewer \* 23/06/2002 en Theresa Cecelia \* 05/05/2004. Kan die ouers van genoemde kinders dringend vir {Mevr} SWART by 011-907-2922 kontak. (Beeld - 21, 22, 24/05/2007)

DELPORT; Susanna Elizabeth \* 24/06/1922 + 20/05/2007. Begrafnisdienst: NG Gemeente, Greymont, Roodepoort, Gauteng provinsie, 25/05/2007, 10:00 # Wespark Begraafplaas, Johannesburg. (Beeld - 24/05/2007) Martin's Begrafnisdienst, Roodepoort, 011-760-2420.

Groete.

Fanie Blignaut.  
Vanderbijlpark.  
Gauteng provinsie.  
blikkies@mabonline.co.za.

Boodskap 3b. [Koerant] Beeld 24 Mei 2007  
Posted by: "Blikkies" blikkies@mabonline.co.za blignautfanie  
Fri Jun 8, 2007 4:01 am (PST)

PIENAAR; Jacoba Elizabeth, in lewe van Harveystraat 9, Albermarle, Germiston, Gauteng provinsie. Begrafnisdiens: NG Kerk, Kingfisherstraat 109, Elspark, Germiston, 29/05/2007, 11:00 # Suidpark Begraafplaas, Germiston. (Beeld - 25/05/2007) Doves Begrafnisdienste, Germiston, 011-873-8336.

SERFONTEIN; Johanna, in lewe van Pretoria. Dankdiens: NG Gemeente, Arcadia, h v Wessel- en Kerkstraat, Pretoria, 26/05/2007, 10:00. Veras. (Beeld - 25/05/2007) Sonja Smith Begrafnisgroep, Pretoria, 012-654-9902.

VERMAAK; Jannie, in lewe van Primrose, Germiston, Gauteng provinsie. Begrafnisdiens: NH Kerk, h v Rigel- en Plutostraat, Primrose, 29/05/2007, 12:00 # Suidpark Begraafplaas, Germiston. (Beeld - 25/05/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Germiston, 011-825-3667.

Groete.

Fanie Blignaut.  
Vanderbijlpark.  
Gauteng provinsie.  
blikkies@mabonline.co.za.

Boodskap 3c. [Koerant] Beeld 24 Mei 2007  
Posted by: "Blikkies" blikkies@mabonline.co.za blignautfanie  
Fri Jun 8, 2007 4:49 am (PST)

OPPERMAN; Frederick Jacobus (Oppie), in lewe van Wierdapark, Pretoria.  
Dankdiens: NH Kerk, Swartkop, Irelandlaan 107, Eldoraigne, Pretoria,  
28/05/2007, 10:00 # Olievenhoutbosch Begraafplaas, Centurion, Pretoria.  
(Beeld - 26/05/2007) Grobbelaars & Kerkstraat Begrafnisdienste, Pretoria,  
012-348-5556.

PIENAAR; Jacoba Elizabeth, in lewe van Harveystraat 9, Albermarle,  
Germiston, Gauteng provinsie. Begrafnisdiens: NG Kerk, Kingfisherstraat 109,  
Elspark, Germiston, 29/05/2007, 11:00 # Suidpark Begraafplaas, Germiston.  
(Beeld - 25, 26/05/2007) Doves Begrafnisdienste, Germiston, 011-873-8336.

Groete.

Fanie Blignaut.  
Vanderbijlpark.  
Gauteng provinsie.  
blikkies@mabonline.co.za.

Boodskap 4a. Kopiereg: Wat dink die lysteraars?

Posted by: "Blikkies" blikkies@mabonline.co.za blignautfanie

Fri Jun 8, 2007 7:39 am (PST)

Middag Medeledé,

Fanie Blignaut wat die Beeld en Vanderbijl Ster berigte stuur.

Ek verwag geen erkenning vir die berigte wat ek plaas nie, enkeles stuur wel somtyds 'n dankie daarvoor en ek waardeer dit. Dit vat tyd in beslag, maar ek geniet dit om sodoende ander te kan help om inligting te kry, veral ons mense oor die water en wat nie dieselfde koerante as ons kan kry nie.

Wanneer iemand die berig inligting in hulle navorsing kan gebruik, is dit goed want ek noem altyd die bron en datum van so 'n berig wat hulle kan gebruik. Soos Hester uit die Kaap genoem het, verwag die koerant egter dat erkenning as bron gegee moet word.

Baie keer is daar net bv. Centurion in die berig, dan voeg ek Pretoria by sodat 'n beter begrip van die plek gekry kan word. Meeste mense weet waar Pretoria is maar nie waar Centurion is nie. Ek bel ook baie kere van die Ondernemers as daar vir my onduidelikheid omtrent 'n berig is en voeg dan die nuwe inligting by.

Soos van u dark weet, het Tobi Swart my genader om die berigte op my huidige formaat te skryf en dan plaas hy dit op e-family onder sy naam. Ek doen dit maandelikse, so die hele maand se inligting is beskikbaar, maar sonder die Ondernemers se inligting.

Groete uit 'n koue Vanderbijlpark,

Fanie Blignaut.

Boodskap 4b. Kopiereg: Wat dink die lysteraars?  
Posted by: "P Marx" geelhoutboom@intekom.co.za  
Fri Jun 8, 2007 8:08 am (PST)

Van my kant (as stuurder van koerantberigte) die volgende:

Om daagliks die sterfgevalle ens. aan te stuur, is 'n werkie waarvoor ek nie erkenning verwag nie. Die kere dat iemand dankie sê vir 'n berig wat hy/sy kon gebruik, is genoeg beloning.

Wanneer iemand van die berigte gebruik in 'n geslagsregister sonder om my as bron te noem is dit doodreg. Ek is nie die bron nie maar wel die koerant waaruit die berig kom.

Daarom het my koerant, Die Burger Oos-Kaap, geen probleem daarmee dat ek die berigte op die forums plaas nie. Al wat hulle wil hê is dat die persoon wat die berig aan die einde gebruik die koerant moet erken as bron. By elke sterfgeval wat ek stuur word die koerant se naam en datum genoem. So het die navorser geen moeite om die bron te soek nie.

Soms voeg ek (in hakies) ekstra inligting by soos bv. 'n pleknaam vir beter identifikasie. Daar is ook gevalle waar ek weet wat die oorsaak van dood is maar dit nie sal noem nie om 'n geskokte, treurende familie verdere trauma te spaar.

Groete van Hester uit die Oos-Kaap

Boodskap 5a. [KOERANT] Die Burger, 14 Mei 2007  
Posted by: "Johan van Breda" cjvanbreda@gmail.com cjvanbreda  
Fri Jun 8, 2007 7:40 am (PST)

Dis nie myne nie, dis nie joune nie  
Deur Gerrit Brand

Sê-nou is 'n lekker sê - A.G. Visser

Woorde soos "kopiereg" en "intellektuele eiendom" laat my altyd aan John Lennon se "Imagine" dink:

Imagine no possessions  
I wonder if you can  
No need for greed or hunger  
A brotherhood of man  
Imagine all the people  
Sharing all the world

Soos onlangs, toe ek verneem van 'n Kopiereg-lekgotla. Altyd wanneer oor 'n kultuuruiting gepraat word asof dit iemand se eiendom is waarvan ander hul hande moet afhou, raak ek kriewelrig. Maar ek hink op twee gedagtes (©Paulus): Ek raak net so vies soos ander wanneer ek ontdek iemand het 'n stukkie woordkuns by my gesteel. Ek vererg my wanneer my werk sonder toestemming ge-reproduseer word. Ek is geskok wanneer ek hoor 'n skrywer het plagiaat gepleeg. Ek juig saam wanneer die Khomani-Boesmans baklei vir die patentreg op die gebruik van die ghaap-plant as eetlusdemper. Of Solomon Linda se familie vir hul regte op die trefferlied "Mbube". My reflekse hier veronderstel daar is iets soos intellektuele eiendom. Maar is dit nie die veronderstelling wat die genoemde "misdade" moontlik maak nie?

Sê-nou 'n lied, gedig, frase of uitvinding kon nie besit word nie - dat dit laf sou wees om te sê dis "myne" of "joune". Dan was plagiaat onmoontlik, kopiereg onskendbaar, intellektuele eiendom onsteelbaar. Sou dit betreurenswaardig wees? Die vraag is buite orde. Nes vrae oor die geldigheid van eiendomsreg as sodanig: In Malan Steyn se Jan en Jorie kan Jan Rabie, na die aankoop van 'n kuseiendom, nie kleinkry hoe 'n mens grond kan besit nie. Geld dit nie ook die pneuma, die wind of gees, wat "waai waar dit wil" nie (©Jesus)? Is elkeen wat 'n kleim op 'n stuk geestes-besit afsteek, 'n soort windvanger (©Breyten Breytenbach)?

"I may as well try and catch the wind," sing Donovan in sy temalied by Franco Zeffirelli se rolprent oor Franciskus van Assisi, Brother Son, Sister Moon. Leonard Cohen is glo eers gevra om die klankbaan te komponeer. Daar word (apokrief?) vertel hy het toe voorgestel dat almal wat aan die film meewerk dit, in die gees van Franciskus, gratis doen.

You may say I'm a dreamer

But I'm not the only one

Cohen vertel ook hy het die regte op sy trefferlied "Suzanne" kwytgeraak - dink net aan die tantieme! Toe hoor hy mense op 'n boot dit sing, en besef dis reg so: Die lied behoort nie aan hom nie.

Sê-nou kunstenaars, denkers, wetenskaplikes wou deur hul skeppings eerder iets gee as kry? Voor in Daniel Erlander se "Manna and Mercy—A Brief History of God's Unfolding Promise to Mend the Entire Universe" staan :- "... pages and pictures in this booklet may be reproduced by churches, schools and non-profit groups ..."

Intellektuele eiendom lyk so vanselfsprekend, maar is dit "altyd, oral, deur almal geglo" (©Vincentius van Lerins)? In die Ou Testament is outeurskap ingewikkeld: Elke teks is gelaag, met die bydrae van die eerste spreker en die van latere redaktors nouliks van mekaar te onderskei (©Julius Wellhausen). Indertyd is gemeen tekste — ten minste die met blywende waarde - moet voortdurend herskryf, ge-wysig, bygewerk word (©Jorg Jeremias). By een skrywersgesprek oor plagraat het 'n swart deelnemer daarop gewys dat Afrika-pryssangers se mondeline tekste ook so behandel word: Een pryssanger kan 'n ander se frases sonder toestemming of erkenning in sy eie pryslied opneem.

As filosofiestudent het ek geleer die vrye beskikbaarstelling van navorsingsresultate is 'n wesenskenmerk van die wetenskap. Deesdae word oor 'n geen se struktuur, 'n plant se medisinale werking, selfs Deepak Chopra se "sewe wette van geestelike welsyn", jaloers gewaak. Soos oor 'n motor. Of 'n diamantring. Ja, ek weet van die "eie segging", "unieke stelwyse", "original turn of phrase" (let op die aanhalingstekens). Maar in welke sin is dit iemand s'n? 'n Mens vergeet soms dat elke spreekwoord, daardie sogenaaamde "volksbesit", eenmaal die eerste keer deur iemand gebruik is (©Henry Odera Oruka). 'n Private taal is onmoontlik (©Ludwig Wittgenstein). Almal gebruik geleende woorde. Kan die eie bydrae, die skeppende moment, die oorspronklike bestanddeel so maklik gedistilleer word? Is kreatiwiteit nie maar herrangskikking nie?

'n Spreker van die Griekwa-gemeenskap net eenmaal op 'n taalberaad uitgevaar teen 'n wit skrywer wat Griekwa-Afrikaans gebruik en daaruit munt geslaan het: "Dis ons intellektuele eiendom!" Is taalvariante dan ook al eiendom? En aksente, haarstyle, maniërismes?

Cognac en port is al gepatenteer. Hoekom nie ook boerewors en braavleis nie? Of die Franse soen en die sendelingposisie? Die Bybel, volkswyses, Anon se sêgoed ... Die veld lê braak. Maar sê-nou woorde en gedagtes was ewe onbesitbaar as die lug wat ons adem. Ja goed, dis unrealisties. Maar dink net ...

Boodskap 5b. Re: [KOERANT] Die Burger, 14 Mei 2007  
Posted by: "Willeen Olivier" Willeen.Olivier@gmail.com willemplie5  
Fri Jun 8, 2007 12:53 pm (PST)

Johan,

Maar sê-nou woorde en gedagtes was ewe onbesitbaar as die lug wat ons adem. Ja goed, dis unrealisties. Maar dink net ...

Dan het mense wat so mooi kon praat soos jy doodgegaan van die honger, of iets anders as praat & skryf gedoen;-). Waar sou ons dan mooi woorde kry as lafenis vir ons siel?

Ek onthou 'n tyd toe almal so ontsteld was oor bruinbrood se prys opgegaan het na 8c! En ek is jammer vriend, maar die lug is nie onbesitbaar nie - ons koop en verkoop al klaar 'Carbon credits' :-).

Johan, ek haat dit om koue water op jou mooie, mooie relaas te gooii, maar ek kan myself nie help nie :-). Stenig my maar as jy so voel.

Willeen  
Willeen Olivier  
Rooihuiskraal  
Kotzé, van Wyk, Olivier, Bosman, en al hulle voorgeslagte ...

Boodskap 6. OUDTSHOORN LIDMAATREGISTER (Deel 52)  
Posted by: "alta le roux" altaler@odn.co.za  
Fri Jun 8, 2007 8:20 am (PST)

AANGENOMEN TE OUDTSHOORN OP DEN 13 SEPTEMBER 1867 (Deel 52)

Johannes Jurgen SCHOEMAN, \*23 Okt 1850 (Hendr.z.)  
Jan Johannes Matthys SMIT, \*8 Feb 1851 (Matjesgoed Vallei) Jan's.z.  
Daniel Jacobus NEL, \*20 Jan 1851 (Kraaldoornrivier) Hendr.z.  
Josephus Johannes Anthonie KELLER, \*9 Sep 1849 (Kliprivier) Joseph.z.  
Louis Matthys STEYN, \*21 Feb 1849 (Kruisrivier) Hermanus.z.  
Stephanus Jurgen SCHOEMAN, \*6 Feb 1851 (Schoemansdorp) Hendr.z.  
Johannes Hendrik SCHOEMAN, \*25 Jun 1850 (Schoemansdorp) Lukas.z.  
Johannes Hermanus VAN DER WESTHUYSEN, \*2 Aug 1847 (Muragie) Will.z.  
Johannes Petrus GEYSER, \*20 Jun 1850 (Schoemansdorp) Martinus.z.  
Andries Stephanus Johannes DUPREZ, \*1 Jan 1841 (Muragie) Ignat.z.  
Gerrit Johannes FOURIE, \*22 Nov 1847 (Camnazie) Steph.z.  
David Jacobus FOURIE, \*27 Apr 1850 (Camnazie) Jacobus.z.  
Jan Christoffel OLIVIER, \*30 Aug 1849 (Wynandsrivier) Christiaan.z.  
Johannes Diederik LEROUX, \*21 Mrt 1851 (Onverwacht) Andries.z.  
Stephanus Johannes FOURIE, \*30 Sep 1849 (Gamka) Steph.z.  
Maria Catharina GREEFF, \*27 Feb 1852 (Zeekoerivier) Gerrit.dr.  
Geertruida Anna Magdalena NEL, \*28 Jan 1852 (Kraaldoornrivier) Fred.dr.  
Catharina Maria Magdalena OLIVIER, \*4 Nov 1850 (Calitzdorp) Jerem.dr.  
Elsje Johanna KELLER, \*28 Feb 1851 (Kliprivier) Martinus.dr.  
Elsje Johanna KELLER, \*27 Sep 1851 (Kliprivier) Jacobus.dr.  
Susara Jacoba RADEMEYER, \*28 Sep 1851 (Kliprivier) Jacobus.dr.  
Danella Isabella Maria Cornelia STRYDOM, \*1 Aug 1851 (Kruisrivier) Coenraad.dr.  
Maria Dorothea Susanna Martina BEZUIDENHOUT, \*14 Okt 1849 (Roodekrans) Jac.dr.  
Echtgenoot van Philippus Spies  
Frederika Wilhelmina Johanna Jonk NOORDMAN, \*9 Mrt 1838 (Camnatie,  
Roodekrans) Will.dr.  
Johanna Herculina CLAASSEN, \*2 Okt 1850 (Gamka) Nicol.dr.  
Gesina Petronella Margaretha DYSEL, \*15 Apr 1849 (Camnatie) Leend.dr.  
Gesina Johanna VAN ANTWERPEN, \*18 Aug 1852 (Badplaats) Cornelis.dr.  
Judith Maria Magdalena VAN GREUNE, \*13 Apr 1851 (Badplaats) Georg.dr.  
Christina Susanna GRUNDELING, \*12 Aug 1851 (Badplaats) Cornelis.dr.  
Cornelia FOURIE, \*2 Jul 1852 (Badplaats) Piet.dr.  
Johanna Jacomina Elizabeth BEKKER, \*20 Feb 1851 (Diepkloof) Steph.dr.  
Cornelia Johanna BOSHOFF, \*10 Jul 1841 (Oudtshoorn) Louis.dr.

Alta le Roux  
altaler@odn.co.za  
Posbus 1138, OUDTSHOORN, 6620  
Tel. 083 996 0676 / 044 272 2271 (h) / 044 272 7636 (w)

Boodskap 7.1. Re: Familiewapens

Posted by: "Eben Vorster" ebenlouisvorster@gmail.com ebenlouisvorster

Fri Jun 8, 2007 9:10 am (PST)

Karel, ek is amper seker dat, selfs met skriftelike toestemming, jy dit NIE kan doen sonder om dit te meld nie. EK IS EGTER NIE SEKER NIE, SO MOET MY NIE DAAROP KRUISIG AS EK VERKEERD IS NIE. Verder, jy is korrek dat daar heraldiese tradisies is as jou dogter die wapen erf en verander. Ek dink nie dat sy sommer die agtergrond heeltemal kan verander nie, dis slegs iets klein! Ek is ook nie seker of sy deur die finansi-ele (my foon kan nie n deelteken e doen nie!) gedoentes moet gaan nie. Die beste persoon om te kontak is maar die staatsheraldikus!

Nog iets?

Eben

Eben Louis Vorster

Cell: +27 82 313 3902

Address: 91 Dublinstreet

Kenmare ext 4

Krugersdorp

1739

Boodskap 7.2. Re: Familiewapens

Posted by: "Karel Marais" turando101@yahoo.com turando101

Fri Jun 8, 2007 9:32 am (PST)

Weereens dankie Eben,

Ek het reeds and die staatdsheraldikus 'n epos gestuur maar nog geen antwoord gekry nie...ek dink hulle staak ook!

Groete,

KarelM

Boodskap 7.3. Re: Familiewapens  
Posted by: "Annelie Els" annelie@who-els.co.za engelkind2000  
Fri Jun 8, 2007 10:11 am (PST)

Hallo Medegener en veral Karel,

Oor die Pretoria Argief waar die staatsheraldikus is. Ons was Maandag daar en daar is mooi aan ons vertel dat ons wat 8 uur ons versoeke ingedien het tot 12uur daarvoor gaan wag omdat hulle op 'n "go-slow" staking is. Gelukkig het dit nie gebeur nie. Ek weet nie hoe dit nou gaan nie met die dat daar nie regtig `n oplossing vir die probleem is nie. Dalk is daar iemand wat meer onlangs daar was om te sê hoe dit nou daar gaan.

Groetnis  
Annelie.  
Valhalla.

Boodskap 7.4. Familiewapens

Posted by: "Hendrik LOUW" Loogkolk@gmail.com hendrik\_louw

Fri Jun 8, 2007 11:21 am (PST)

Dagsê alle mede generers ....

Net so hier en daar iets oor Familie wapens. Daar is 'n groot verskil tussen 'n familie wapen wat in iemand se naam geregistreer word, wat tereg dan deur daardie spesifieke persoon se nageslag, gewoonlik dan die oudste, en as die oudste 'n dogter is, moet sy 'n verandering aanbring of so ...

aan die ander kant, 'n wapen van bv. 'n BOND of familie, beteken net dat jy 'N LID VAN DAARDIE BOND IS. Dit is amper soos my Universiteitsbaadjie met sy wapen, dit beteken net dat ek daardie spesifieke jare daar in die koshuis was.

Daar is egter, en ek praat onder korreksie, slegs 3 mense of so wat kan aanspraak maak op familie wapens in SA. Oom Hein FRIEBUS, lid van GGSA NTvL tak het sy wapen laat ontwikkel en geregistreer by die staatsheraldikus en as ek reg onthou wat hy my meegedeel het, het dit hom so ongeveer R3750 plus minus gekos. Enige verdere veranderings ens kos natuurlik geld en dit is 'n nuwe wapen vir 'n nuwe persoon.

As mens dan kyk hoeveel wapen wettiglik geregistreer is, is die kans nog kleiner dat enige persoon, sou hy / sy dit erf regtig belang sou stel om daarmee voor te gaan, veral nog as hy / sy kostes moet aangaan ...

Ja, ons spog met 'n wapen, al is dit dan onwettig, maar dit is eenvoudig net te duur om een te registreer. Liewer dan eerlik wees om te sê dan die wapens in Cor Pama se Familienaamboek ongeregistreer is en slegs voorbeeld is. Die LOUW wapen lyk nogals redelik na van die wapens wat geregistreer was vir van die DE LAU, LOUW en ander persone.

Volgens my kan 'n BOND wapen dus NOOIT oorerf word nie, maar sal ook dadelik ongeldig wees indien die BOND totniet gaan. Die BOND sal volledig geregistreer moet wees ens. wat sekerlik ook weer finansiele implikasies en het

Se maar net, in SA is dit baie makliker om met die ongeldige wapen te spog .... terwyl Eksteen DE WAAL die DE WAAL wapen soos per C. Pama afgeneem het in Amsterdam, groot gebou met dieselfde klere alles 100% soos in Pama, so ons het darem bewys nog iemand dink dit is 'n DE WAAL wapen alhoewel ek glad nie weet hoe die wetlike en ander implikasies werk in Nederland nie

Groete  
Hendrik LOUW

Boodskap 8a. familiewapens  
Posted by: "Ann Tiran" anntiran@polka.co.za  
Fri Jun 8, 2007 10:15 am (PST)

Hallo Japie

Ek kwoteer 'n advokaat van Engeland wat verlede week vir my geskryf het oor die familie wapen ens.:

"Finally, whatever the position on the Continent, when a coat of arms is granted by the College of Arms in London, as was the case with Sir John Truter, it descends from eldest son to eldest son only, just like an hereditary title - there is no question of all members of the family being entitled to use it, even with permission!! If each want a lawful coat of arms, they must register it at the College with an appropriate 'mark of cadency' to distinguish it. This is a highly technical subject so I won't go into it!"

Volgens hom is dit beter om jou eie familie se wapen te ontwerp soos ek met ons TIRANS gedoen het, win die res van die familie se idees daaroor is en dan laat dit registreer...weereens geld dit dat elke familie vry is om sy eie wapen te ontwerp met insluiting van die embleme wat miskien op die "oorspronklike" familie wapen aangebring is.

Te veel mense klim op die "brandwagon" [om direk te vertaal.ekskuus daarvoor!!!] en ewe skielik verskyn daar familie wapens wat dateer uit die jare toet en niemand weet hoe hulle dit kwansuis in die hande gekry het nie.

Ek het bv 'n TIRAN familie wapen gekry wat die 3 fleur de Lis op het..daardie embleem is egter net deur die Franse koningshuis gebruik in daardie vorm....hulle beweer verder dat dit dateer uit 1086 in ENGELAND.in daardie tyd was daar geen TIRANs in daardie geweste nie.die van kom uit die ooste uit...

Groete

Annatjie

Boodskap 8b. Re: familiewapens

Posted by: "Karel Marais" turando101@yahoo.com turando101

Fri Jun 8, 2007 10:41 am (PST)

Ann,

Dankie vir die inligting! Dis goed om 'n regsmening te he hieroor.

My vraag is egter, jy het nou 'n familie wapen gerigistreer MAAR soos ek dit verstaan is dit dan net jy wat die wapen mag voer (ek dink voer is die regte term) en dan jou oudste en so aan.

Eksself sit in 'n situasie waar ek graag 'n wapen sal wil registreer om ons tak, maw van my oupa af, te verteenwoordig. Soos ek dit het is dit nie moontlik nie, of ten minste nie wettiglik moontlik nie.

Ek het intresantheids onhalwe onlangs gelees, en ek dink dit was op die museum by Franshoek se webwerf dat hulle vlae beskikbaar maak by feeste met die verskillende families se wapens daarop. Nou vra ek hoe werk dit, weet iemand watter wapens dan daar gevoer word?

Vriendelike groete,

Karel Marais

Boodskap 9. Familiewapens vir Karel Marais  
Posted by: "Eben Vorster" ebenlouisvorster@gmail.com ebenlouisvorster  
Fri Jun 8, 2007 11:28 am (PST)

Karel

Die staking is dalk nie die rede waarom jy nie n antwoord van die Staatsheraldikus kry nie! Glo dit of nie, maar Suid-Afrika se Buro van Heraldiek is in BAIE GROOT AANVRAAG regoor die wereld! Toe ek by die betrokke Heraldikus was, het hy my en my ma scrapbooks gewys van sy reise regoor die wereld. Hy was verskeie kere reeds in Frankryk, en is bevriend met een of ander prins of iets wat die eerste in die ry is om, indien Frankryk weer n koninkryk word, koning te word! Toe ek hom besoek het, was hy huis besig om vir n Kanadees n persoonlike wapen, sowel as n wapen vir sy besigheid, te ontwerp! Dit is 'n belewenis om in die gang vd buro te loop en al daai wapens te sien!

Dis voorwaar, dink ek, die moeite werd om n wapen te registreer. Dit is amper soos n identiteitsdokument wat jy aan jou van koppel! Ek gaan beslis een vir my registreer.

Die Buro kan jou ook help om in verbinding te tree met persone wat verskillende insignia druk met jou wapen op.

Interessant, die persoon wat verantwoordelik is vir die klug familiewapens wat oral beskikbaar is, Cor Pama, het nogal n boek geskryf met die naam Heraldiek ABC, waarvan ek n afskrif het waarin hy kortlik n oorsig lewer oor Heraldiek geschiedenis en wette. Die Groot Afrikaanse Familienaamboek wat hy geskryf het, is ook nie HEELTEMAL akkuraat nie, maar ek wil my nie daaroor uitlaat nie!

Lekker Aand!

Eben

Eben Louis Vorster

Cell: +27 82 313 3902

Address: 91 Dublinstreet

Kenmare ext 4

Krugersdorp

1739

Boodskap 10. Re: {Disarmed} Re: {Disarmed} [SA-Gen] Marais en ander inligting  
Posted by: "Jean lr Roux" [jean\\_leroux@wcaccess.co.za](mailto:jean_leroux@wcaccess.co.za)  
Fri Jun 8, 2007 11:30 am (PST)

Adelle,

Die plaasname kom voor in die boek "Hugenotebloed in ons Are" gepubliseer in 1688 deur die RGN asook die reeks "Ons Drakensteinse Erfgrond" gepubliseer deur Drakenstein Heemkring en versprei deur GISA

In die geval van David Senechal was daar op 21 Julie 1695 'n drierledige omruilig van plase waardeur hy sy plaas Hartebeeskraal in Klein Drakenstein (tans bekend as Amstelhof) afstaan aan sy stiefpa Salomon de Gournay terwyl hyself La Concorde in Suider-Paarl oorneem van Gabriel le Roux. Gabriel kry Salomon se ou plaas Salomonsvlei in Klein Drakenstein terwyk Salomon intrek op Hartebeeskraal.

Vriendelike Groete,  
Jean le Roux Paarl

Boodskap 11a. Familiewapens en GISA

Posted by: "Japie Bosch" [jrbosch@telkom.co.za](mailto:jrbosch@telkom.co.za) boschjapie

Fri Jun 8, 2007 12:07 pm (PST)

Iemand het my daarop gewys dat die Genealogies Instituut van Suid-Afrika (GISA) 'n hele rits familiewapens op sy webwerf het -- in alfabetiese volgorde.

Op die GISA-webtuiste se tuisblad staan "Die Genealogiese Instituut van Suid-Afrika (GISA) versamel en bewaar genealogiese bronnemateriaal op 'n wetenskaplike wyse en doen genealogiese navorsing met die oog op dienslewering en die publikasie van stamregisters en familiegeskiedenis van alle Suid-Afrikaanse families."

Die vraag is: hoe rym GISA se "wetenskaplike wyse" met 'n botsing in wetgewing?

Altemit kan iemand van GISA ons vertel.

Japie Bosch, Johannesburg

Boodskap 11b. Re: Familiwapens en GISA  
Posted by: "Karel Marais" turando101@yahoo.com turando101  
Fri Jun 8, 2007 11:28 pm (PST)

Japie en andere,

Ek is nie 'n lid van GISA nie. Ek het gou daar gaan loer en ja hulle het heelwat wapens daar. Onderandere sien ek hulle wys ook die Welgemoed wapen waarna vroeer verwys is as een van die enigste wat wetiglik geregistreer is aan 'n eienaar.

Ek dink nie daar is 'n wetlike probleem met die wapens wys nie aangesien hulle nie as sulks hulself as die wettige gebruiker van die wapen voorhou nie. Ek dink daar is wel 'n probleem in terme van die wetenskaplike daardelen want hulle impliseer dat dit die familie se wapen is en soos ons nou al in hierdie gesprek geleer het dit is eenvoudig nie so nie. Hulle kan ook onderskoot kom as medepligte in wapendiefstal! Ek dink veral hier aan die Welgemoed wapen wat wetlik gerigistreer is en dit kan maklik gebeur dat 'n ander Welgemoed dit nou gebruik (heelmoontlik in onkunde) wat dan inteenstelling met die wet is. Ook sou ek redelik knorrig raak as ek 'n wapen laat ontwikkel en al die tyd en geld spandeer net vir iemand anders om dit te gaps!

Ek sien ook iets anders daar wat ek graag oor wil uitvra. So met die vinnige geloer val my oog op twee wapens, die Kruger en dan die Vrey wapens. Ek beskryf gou: die kop van pres. Kruger met die woord Kruger onder dit op 'n vierkantige swartskild; die woord Vrey in rooi op 'n ligblou skild. Nou as ek die twee so bekyk lyk hulle nie vir my na heraldiese wapen nie maar eerder na 'n embleem of "logo" (Afrikaanse woord??). Kan een van die regsegeerde of die met bietjie meer kennis vir my verduidelik wanneer val 'n embleem onder kopiereg en wanneer oner heraldiek. Dit sou sekerlik goedkoper wees om 'n embleem te onwikkel en dit dan onder die toepaslike kopiereg wet te registreer as 'n embleem en so dan die wet op Heraldiek te omsy!

Jammer vir die lang boodskap,

Karel Marais,  
Ongewapen,  
Wene, Oostenryk

Boodskap 12a. Re: Kopiereg: Wat dink die lysteraars? Eerste vraag  
Posted by: "Willeen Olivier" Willeen.Olivier@gmail.com willemplie5  
Fri Jun 8, 2007 12:15 pm (PST)

Elmien,

Kan ek so paar klippe in jou netjies uitgelegde tuin maak? Kommentaar se nommers stem ooreen met jou punte.

1. NAAIRS is een van die 'enige vorm van inligtingsbewaring? Daar's 'n SK vir 'n Bosman x de Jager, ek neem dit af en sit dit in my databasis. Dis presies dieselfde inligting as wat Lou op sy databasis vir die de Jagers het - wie het by wie afgeskryf? Hierdie punt sal moet baie meer presies gedefinieer word om jou sentiment te weerspieel sonder om goed in te sluit wat nie moet in nie. Dis die hele probleem met 'n kompleks saak soos kopiereg - hoe sluit jy goed uit sonder om ander goed nie in te sluit nie? Net omdat iemand eerste 'n SK onder oë gehad het, meen nie 'n ander een kan dit nie ook met 'n skoon gemoed van die SK afskryf en gebruik nie. Die SK is tog immer publieke eiendom. Die probleem is die inligting lyk dieselfde, veral omdat ons dieselfde patroon van inligting weergee, volg!

Hierdie kompleksiteit is gewoonlik hoekom kompleks sake, as dit in regulasies omgesit word, maklik ondeurdag begin lyk.

2. Jy mag nie die filmrolle van die GSU oorskryf of gebruik sonder toestemming nie, maar die inligting in die oorspronklike dokument wat afgeneem is, is publieke eiendom. Die GSU het nie kopiereg op die inligting nie, bloot op die vorm waarin hulle die inligting gesit het - jy mag nie hulle vorm van die inligting voorsien gebruik sonder hulle toestemming nie. Tensy dit baie ooglopend gedoen word, hoe gaan jy bewys waar dit vandaan kom? As dit by 'n hofsaak kom sal die tweede persoon natuurlik ook moet kan bewys dat hy dit iewers anders gekry het.

GGSA het nie eerste aanspraak op die inligting nie, bloot op die vorm waarin hulle die inligting verskaf. Net omdat hulle oumagrootjie se graf in Kempton Park op hulle databasis het, stop dit my nie om na die begrafplaas te gaan, die graf af te neem, en die inligting te gebruik nie. Ek mag net nie hulle foto/databasis sommer goedsmoeds gebruik nie. En grafte word gewoonlik van dieselfde hoek af afgeneem - as jy drie fotos van dieselfde graf deur photoshop gesit het, gaan daar nie regtig 'n noemenswaardieg verskil tussen hulle wees nie - tensy jy mal genoeg is om 6 uur in die oggend/aand grafte af te neem, en jou skaduwee is op elke grafsteen :-).

3. Dis hier waar definieer moeilik word. Doop inligting bestaan uit 'n datum of twee, 'n plek, en ouers, dominee en getuies se name. Hoe gebruik jy dit anders as wat dit voorkom? Vir my is die verskiljetjies wat jy kan maak so klein, dat dit nie regtig as 'n ander 'genre' gedefinieer kan word nie? Ek is 'n natuurwetenskaplike, so ek verstaan dalk nie mooi wat jy hier bedoel nie, maar 'n doopdatum is vir my 'n doopdatum, en jy kan dit nie regtig iets anders maak nie. Waar jy die doopdatum kry, maw die bron, is hier

belangrik, maar dis juis dit wat moeilik is om te bewys, veral as pladiaat beskuldigings betrokke is. Daar is natuurlik uitsonderings, waar data uniek weergegee is, maar ek dink dis die uitsonderings. Meeste van ons las so stertjie van ons eie aan as ons persoonsgegewens in ons databasis sit.

En hoeveel vervorm is die ander gemors. Kan ek 'n familie uit SAG net so kopieer, en net so sinnetjie by drie van die ouens bylas, of twee geslagte verder gaan? Daar's nie 'n swart streep nie, daar's 'n 6-baan grys snelweg tussen reg en verkeerd, en elkeen kies 'n ander lyn, afhangende of hy die oorspronklike werk bymekaargemaak het, en of hy die vrug van die eerste ou se werk gebruik

Iemand het gesê dis nie nodig om 'n bron by elke feit te sit nie, maar boeta, die dag as jy ses feite en ses bronne het, wat maak jy dan? En glo jy my, as ek nie op my databasis opkyk nie, en ek badank gou so paar mense wat gehelp het, glo my vry, vergeet ek altyd een! Na twee jaar in die bedryf het ons almal uit soveel fonteintjies gedrink, ons het kaarte nodig om hulle weer op te spoor ;-).

En ek is bevrees die regaspekte is soos dodder ingeweef in elke enkele vraag wat jy ooit oor hierdie onderwerp gaan vra - jy gaan dit moeilik tot laaste los :-). Meeste van my kommentaar hierbo het een of ander regimplikasie, want jy kan dit omtrent nie skei nie.

En ons moenie ophou praat oor hierdie debakel nie, maar ons sal moet aanvaar dat elke mens nog altyd sy strepie op 'n ander plek gaan trek. Ons kan dalk, as ons genoeg mense aan die dink sit, die strepies nader aan mekaar bring, maar jy gaan nog altyd die ouens kry wat nie 'n vletter omgee nie.

En genealogie is een van daardie WONDERLIKE goed, waar die ouens wat dit as stokperdjie 'vir die liefde van die saak' doen, en die ouens wat dit vir hulle brood en botter doen, altyd koppe gaan stamp. Ek is terdeë bewus dat elke SK wat ek so vrylik rondstuur aan almal wat belangstel, en elke graf se foto wat ek aan 'n ieder en elk versprei, moontlike finansieëlle implikasies vir iemand het of moontlik mag hê in die toekoms, hoe klein ook al. In die omgewingsveld praat ons van hierdie klomp kleiner impakte as 'death by a thousand cuts'. As jy 'n sin vir morele waardes het, probeer jy soveel teruggee as wat jy vat, of meer indien moontlik - nie altyd so maklik nie, en soms heeltemaal onmoontlik, want jy kry so baie! Maar dis maar in essensie 'self-regulation', en dit werk nie regtig altyd vir almal nie. Daar is die ouens wat altyd polisiemanne gaan nodig hê.

Dis my 2c.

Groete,  
Willeen  
Willeen Olivier  
Rooihuiskraal  
Kotzé, van Wyk, Olivier, Bosman, en al hulle voorgeslagte ...

Boodskap 13. Marico Distrik - Paul Bosman  
Posted by: "Johan Niemandt" pcmechanic@vodamail.co.za johanniemandt  
Fri Jun 8, 2007 12:15 pm (PST)

Paul,  
Dit is  
<http://www.marico.co.za/>  
Ek stuur vir jou die fotos in 'n aparte epos aan.

Groetnis  
Johan

Boodskap 14. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 8 Junie 2007  
Posted by: "P Marx" geelhoutboom@intekom.co.za  
Fri Jun 8, 2007 12:56 pm (PST)

#### Geboortes

BARON, Kupido en Zubeida se babaseun, David John (DJ), is \* Woensdag 6 Junie 2007.  
Dank aan drs. Lizette OWEN, Abe DANIELS en Danie BOTHA en Greenacres-hospitaal  
se kraamsaal-personeel. (Die Burger Oos-Kaap 08/06/2007)

#### Sterfgevalle

BARNARD, Henna. +Dinsdag 5 Junie 2007. Eggenoot, kinders, kleinkinders.

Verassingsdiens

Saterdag 9 Junie 2007 11:00 Ou Apostoliese kerk van Afrika, Voylestraat, Sydenham.  
(P.E.)

Verassing privaat. (Die Burger Oos-Kaap 08/06/2007)

Reëlungs: Jan Ackerman Algoa Begrafnisdienste 041 484 5748

DE KOCK, Jakobus Petrus (Koos). \*28/05/1927. +Woensdag 6 Junie 2007 in Port Elizabeth.

Eggenote, kinders, kleinkinders. Roudiens Saterdag 9 Junie 2007 11:00 NG Kerk-kompleks,

Jeffreysbaai. Verassing privaat. (Die Burger oos-Kaap 08/06/2007)

Reëlungs: Bokkie Els AVBOB Humansdorp 042 291 1230

DE LANGE, Johan. +Disndag 5 Junie 2007. Eggenote Lisje, kinders, kleinkinders.

Dankdiens Maandag 11 Junie 2007 11:00 NG Kerk De Gama. Verassing privaat.

(Die Burger 08/06/2007) Reëlungs: Carisa Ellis DOVES 042 295 1663

FORBES, Augusta Maria 78 jaar. Begrafnisdiens Saterdag 9 Junie 2007 14:00 Roselane Kong.

Kerk. (Die Burger Oos-Kaap 08/06/2007) Van Willing Begrafnisdienste 041 988 1919.

KETTLEDAS, Pauline Hilda (Ant Polla). +Saterdag 2 Junie 2007 74 jaar. Eggenoot, kinders,

kleinkinders. Begrafnisdiens Saterdag 9 Junie 2007 11:00 UCC Gemeente, Kamesh, Uitenhage.

Jubileepark-begraafplaas. (Die Burger Oos-Kaap 08/06/2007)

Reëlungs: Ooskaap Begrafnisdienste 041 992 5704

SAULS, Ethal Joan. née DE VILLIERS. +Saterdag 9 Junie 2007 67 jaar. Kinders, kleinkinders.

Begrafnisdiens Saterdag 9 Junie 2007 12:00 St. Anthony's Katolieke kerk, Kanonstraat, Uitenhage. Jubileepark-begraafplaas. (Die Burger Oos-Kaap 08/06/2007)

Reëlungs: Ooskaap Begrafnisdienste 041 992 5704

VAN DER MERWE, Gerhard. My Mannetjie dankie vir kosbare jare saam, jou liefde vir my en ons kinders. Lalla. (Die Burger Oos-Kaap 08/06/2007)

VAN DER MERWE, Gerhard. +Woensdag 6 Junie 2007. Anette en familie.  
Teraardebestelling  
Saterdag 9 Junie 2007 10:00 Van Stadensrivier-begraafplaas. Roudiens 11:00 Heideveld NG kerk.  
Tel. Gerhard VAN DER MERWE 082 375 4975. (Die Burger Oos-Kaap 08/06/2007)  
Reëlings: Alfred Jones AVBOB Port Elizabeth 041 484 2731

#### In Memoriam

ERASMUS, Pieter Christiaan. Drie jaar oorlede 8ste Junie 2007. Ma, Pa, Jan, Sylvia, Nita, Zonene, Rodney.

#### Gelukwensings

MINNIE, Susannah (Sue). \*8 Junie 1917. Geluk met verjaarsdag. Marius, Colin, Marlene, Gloria, Elaine,  
Willem, skoondogters, skoonseuns, kleinkinders, agterkleinkinders.

#### (2 berigte)

NORTIER, Li-Ann. Geluk met 21ste verjaarsdag 8ste Junie. Pa, Ma, Ouma Tos en Ouma Joyce;  
Vincent en Kelleigh.

Hester Marx Loerie Oos-Kaap

Boodskap 15. Re: Kopiereg: Openbare inligting bespreking.  
Posted by: "Francois Greeff" Goodgreeff@hiddencode.co.uk francoisgreeff  
Fri Jun 8, 2007 1:13 pm (PST)

Ek is baie gefrustreerd deur die openbare onkunde oor bronvermelding en kopiereg, en die etiek daaromtrent.

Nog erger is dat veel minder mense ooit 'n idee van openbare inligting vorm. ALLES is vir hulle privaat. Nie ALLES is privaat nie. Sit jou naam, adres en telefoon nommer in die telefoon gids, dan word dit openbare inligting. Almal weet reeds watter skool jy bygewoon het - dit was nooit 'n geheim nie. Jou matriek uitslae (en ID Nommer) was in die koerante. Jy het in die openbaar skool gegaan, en jy was in die openbaar by Stellenbosch Universiteit. Jy was 'n geheime lid van die Ossewa Brandwag en Aquila. Waar lê die etiek van publikasie van jou biografiese besonderhede?

Die reg maak die aanname dat sekere inligting openbare inligting is, en dit is die onderliggende beginsel by die publikasie van die staatskoerant (Gazette) en van notarieel verleide dokumente, soos, bv, die oordrag en besit van vaste eiendom. Watter grond jy besit is dus reeds openbare inligting. Ek mag dit op my webblad en in my boek verkondig.

Ek nooi alle lysteraars nou om asseblief die kwessie van openbare inligting breedvoerig te bespreek, sodat almal hierdie idee deeglik kan verstaan.

Francois Greeff

www.Greeff.info  
www.Hiddencode.co.uk  
0044 20 8543 6966 (Home)  
0044 79 6372 2345 (Mobile)  
Skype: Greefffrancois

Boodskap 16. [KOERANT]PAARL POST- WEEK 23/2007  
Posted by: "E Teir" patriot.afrikaans@elisanet.fi kerrieborrie  
Fri Jun 8, 2007 11:46 pm (PST)

#### Births

---

VAN NIEKERK: ELIJESCHA. Eersteling vir Nel & Magaretha (gebr. Schutte) op Republiekdag gebore! Eerste kleinkind vir wyle D.J. van Niekerk van Twee-fontein. Eerste dogter in vyf dekades!

#### Deaths

---

JP, ONS GAAN JOU MIS. Een van ons beste vriende wat ons nooit sal vergeet nie. Henning, Wynand, Hardus, Monique, Michael, Sanja, Nicky, Tokkie, Bobby en Therie

#### In memoriam

---

ADAMS: DOLPHINA (NÉE OLIVIER). 1 Junie reeds twee jaar by ons Hemelse Vader. Ons mis jou steeds. Lieflike herinneringe is ons enigste troos. Van jou eggenoot, Noel snr, kinders, Noel jnr, Menisha, Joselyn en kleinkinders.

---

CAROLISSEN: IRWIN. Gebore: 10/06/1968 - 06/03/1998. Met liefde sal ons jou in ons harte hou tot ons geheue vervaag. Dank die Heer daarvoor. Mamma, broers, Judy & Dean.

---

PEKEUR: KIETY. Mamma, 13 jaar uit ons lewe op 5 Junie, maar vir ewig in ons harte. Claude, Elsa, Elmain & Manerva Voss

---

SONO: RODERICK. 2nd June, 6 years away from us. We still miss you, not only today, but every day. Mommy, Daddy, sisters and 2 daughters.

---

STEVENS: JJJ. 8/6/2007. We continue to remember you on your 2nd year away from us. Forever in our hearts. Love mom, brothers & extended family.

---

#### Gelukwensings

---

GUESS WHO'S 21? Mommy and daddy. Brothers and sisters.

---

**ULRICKE KULSEN** van Wellington ontvang BA Graad in Child & Family Psychology aan Johannesburg Universiteit. Sy was by Nederburg Primêr en KN Sekondêr.

---

**VAN DER WEST-HUIZEN: HENDRICK.** 28/05. Ons wil net weereens baie geluk sê met jou 64ste verjaars-dag. Van kinders, vrou, klein- en agterkleinkinders

**Onderwerp:** [SA-Gen] Bundel Nommer 2770

**Datum:** Saturday, June 09, 2007

Daar is 12 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:

- 1a. Re: Kopiereg: Openbare inligting bespreking. From: Karel Marais
- 2a. Re: Familiewapens en GISA From: Samuel Murray
- 2b. Re: Familiewapens en GISA From: Sarel Burger
- 3a. Re: LE ROUX-FAMILIE: VIR URSULAH From: Ursulah
- 3b. Re: LE ROUX-FAMILIE: VIR URSULAH From: Daniel Jacobs
4. [Koerant] Beeld 09 Junie 2007 From: Blikkies
- 5a. FAMILIEWAPENS From: Viljoen, HC
- 6a. [Koerant] Beeld 24 Mei 2007 From: Blikkies
- 6b. [Koerant] Beeld 24 Mei 2007 From: Blikkies
- 6c. [Koerant] Beeld 24 Mei 2007 From: Blikkies
- 6d. [Koerant] Beeld 24 Mei 2007 From: Blikkies
7. OUDTSHOORN LIDMAATREGISTER (Deel 53) From: alta le roux

Boodskap 1a. Re: Kopiereg: Openbare inligting bespreking.  
Posted by: "Karel Marais" turando101@yahoo.com turando101  
Fri Jun 8, 2007 11:54 pm (PST)

Francois ek stem volmondig met jou saam. Eksself sien openbare inligting nog 'n stap verder. Indien jy al hierdie inligting op jou webwerf sit kan ek dit gebruik, natuurlik met die nodige erkenning, op my webwerf of ander publikasie al se jy ook op jou webwerf dat dit nie gedoen mag word. My redenasie is as volg, as jy dit op 'n webwerf plaas wat vir die publiek toeganklik is, is dit nou in die openbaar en die inligting kan aangehaal word. Indien jy nie wil he mense moet dit aanhaal nie behoort die inligting agter geslote deure bewaar te word, maw jy moet jou webwerf beskerm en net toegang gee aan die wat onderneem om geen inligting daarop te gebruik nie. Let wel ek praat nie van plagiaat nie ek praat van werk aanhaal. Ek praat ook nie van 'n hele stamboom aanhaal nie maar wel gedeeltes wat jou eie werk komplimenteer.

Die klip is innie bos.

Groete,  
Karel Marais

Boodskap 2a. Re: Familiewapens en GISA  
Posted by: "Samuel Murray" leuce@absamail.co.za lacialacia  
Sat Jun 9, 2007 12:02 am (PST)

Japie Bosch wrote:

> Iemand het my daarop gewys dat die Genealogies Instituut van Suid-Afrika (GISA) 'n hele rits familiewapens op sy webwerf het -- in alfabetiese volgorde.

Toe ek die Murray-webwerf ontwerp het, het ek 'n skakel daarvoor na GISA gestuur, tesame met 'n Murray-wapen wat ek iewers van die internet af afgetrek het. Kort daarna het ek meer te wete gekom oor familiewapens, en toe uitgevind dat 'n wapen ingevolge ons wetgewing net aan één natuurlike of regspersoon kan behoort. Ek is nie seker of ons wetgewing enige iets oor 'n "heraldic badge" sê nie, maar die gebruik is dat dit deur alle mense gebruik kan word wat hulle met 'n familie vereenselwig.

[http://en.wikipedia.org/wiki/Heraldic\\_badge](http://en.wikipedia.org/wiki/Heraldic_badge)

Ek het toe die Murray-badge aan GISA gestuur met die versoek dat hulle dan eerder dit op die webwerf sit (wat hulle toe gedoen het). Ek het dieselfde met Grewar gedoen. Die Murray- en Grewar-badge'e is hier:

<http://www.gisa.org.za/download.php?ufci=74&ufct=7&uffiid=36&uftype=t>  
<http://www.gisa.org.za/download.php?ufci=74&ufct=7&uffiid=22&uftype=t>

Groete  
Samuel

Boodskap 2b. Re: Familiewapens en GISA

Posted by: "Sarel Burger" [inl0879@mweb.co.za](mailto:inl0879@mweb.co.za) [sarel.burger](mailto:sarel.burger)

Sat Jun 9, 2007 1:42 am (PST)

My opinie oor die familiewapen saga is eenvoudig. Ek gebruik net 'n logo op my briefhoofde, en basta! Dit kos niks.

Sarel Burger.

Boodskap 3a. Re: LE ROUX-FAMILIE: VIR URSULAH  
Posted by: "Ursulah" jvrens@tdm.co.mz jvrens  
Sat Jun 9, 2007 12:26 am (PST)

Hallo Daniel

Ons het so rukkie terug gesels oor die le roux familie. Jy het aangebied om vir my die volgende na te slaan

Kon jy al enigiets wys word. Ek is vreeslik nuuskierig!

My ouma aan vaderskant was Susara Jacoba le Roux geb. 1 Jan 1906. sy was getroud met Joachim Christoffel van Zweel geb. 17 Augustus 1896. Susara se vader was Hendrik Lucas Le Roux en hy was getroud met Elizabeth Margaretha Kruger geb 21 Junie (jaar ongelukkig nie bekend nie) Pa kan nie meer so goed onthou nie. Jou hulp word baie waardeer. Nogmaals dankie

Groetnis

Ursulah  
Maputo  
Groenkop Genealoog en  
Student in Sielkunde

Boodskap 3b. Re: LE ROUX-FAMILIE: VIR URSULAH  
Posted by: "Daniel Jacobs" danielmalanjacobs@gmail.com  
Sat Jun 9, 2007 1:49 am (PST)

Beste Ursulah

Jammer vir laat reaksie. Ek het tans probleme met my rekenaar. Stuur die boodskap vanaf my selffoon. Ek sal egter vandag nog in die Le Roux boek kyk. Sal ook vlg week vir jou na die KAB-verwysings kyk.

Groete Daniel

Boodskap 4. [Koerant] Beeld 09 Junie 2007  
Posted by: "Blikkies" blikkies@mabonline.co.za blignautfanie  
Sat Jun 9, 2007 12:27 am (PST)

DIEDERICKS; {Dr} Chris + 06/06/2007. Ons mis jou my man, ons pa en oupa van Anthea, Delia, George en Chloe. (Beeld – 09/06/2007)

REYNEKE; Libby + 07/06/2007, in lewe van Uitzicht Plaas. Roudiens: St Mary's Anglikaanse Kerk, Braak, Stellenbosch, Wes-Kaapprovincie, 11/06/2007, 10:30.  
Veras. Donasies: Stellenbosch Hospice, 021-886-5994. (Beeld – 09/06/2007)  
Doves Begrafnisdienste, Stellenbosch, 021-887-6941.

Groete.

Fanie Blignaut.  
Vanderbijlpark.  
Gauteng provinsie.  
blikkies@mabonline.co.za.

Boodskap 5a. FAMILIEWAPENS

Posted by: "Viljoen, HC" hcv@sun.ac.za hc\_viljoen  
Sat Jun 9, 2007 12:56 am (PST)

Beste SAGenealoë

Die bladsy met "familiewapens" van GISA is nie bedoel om enige status te verleen aan die betrokke "familiewapens" nie. (Eintlik is verreweg die meeste nie eens familiewapens nie, maar bloot skilde). In sommige gevalle is dit 'n bepaalde familiebond of -verneiging se wapen(skild), bv in die geval van die Conradies by

<http://www.afrikaner.co.za/pietwerf/conradie.htm>

Dit is 'n bladsy met skakels na familiewebwerwe, en die "familiewapens/skilde" dien bloot as ikone (soos wat die Kruger en Vrey ikone inderdaad is.. Die "familiewapens/logos" is soos dit verskyn op die betrokke familie se webwerf, of deur die betrokke webwerf se werfmeester aan Gisa voorsien is met die versoek om 'n skakel daarheen te voorsien. Ek het lukraak geklik op die Du Toit skakel en gevind dat by <http://www.dutoit.bravepages.com/> die betrokke "familiewapen" inderdaad vertoon word. Gisa verklaar op die betrokke webbladsy: "Let wel: Die inligting hieronder is deur lede van die publiek aangestuur. GISA aanvaar geen verantwoordelikheid vir die korrektheid van die inligting nie."

Gisa bied die betrokke webwerf aan as diens aan besoekers sodat hulle direk kan skakel na verskillende familiewebwerwe. Die verdagmakery en beskuldiging van "wapendiefstal" (!) oor dié diens op SAGenealogie sal waarskynlik tot gevolg hê dat die diens gestaak word.

Wat Karel se stelling "Dit sou sekerlik goedkoper wees om 'n embleem te onwikkel en dit dan onder die toepaslike kopiereg wet te registreer as 'n embleem en so dan die wet op Heraldiek te omsyl? (sic)" betref: onder die Wet of Outeursreg word oueursregwerke nêrens formeel geregistreer nie. Dit is voldoende om 'n toepaslike © verklaring in bv. 'n boek te plaas wat die aanspraak op oueursreg bevestig, maar selfs dit is nie nodig om oueursregaanspraak te wettig nie. Vir verdere inligting sien [http://innovus.sun.ac.za/ip\\_5.aspx](http://innovus.sun.ac.za/ip_5.aspx) 'n Alternatiewe moontlikheid sou wees om so 'n ontwerp as "handelsmerk" onder die Wet op Handelsmerke te registreer, ofskoon 'n handelsmerk (soos die naam aandui) hoofsaaklik in die handel gebruik word (sien [http://innovus.sun.ac.za/ip\\_6.aspx](http://innovus.sun.ac.za/ip_6.aspx)).

Ook webwerwe word outomatis deur oueursreg beskerm. Eksself is werfmeester van die Hugenote-Vereniging van SA se webwerf en vind dat grafika en teks daarin (ten spyte van 'n oueursregaanspraak) gereeld deur ander webwerwe sonder verlof en sonder enige erkenning oorgeneem en gebruik word. Sopas is ek in korrespondensie met nogal 'n gemeente van 'n kerk in die VSA wie se webwerf summier die inligting sonder verlof afgelaai en sonder erkenning op hul eie webwerf gedupliseer het.

Hierdie e-pos skryf ek in my persoonlike hoedanigheid en nie namens Gisa nie.

Groete

Christo Viljoen

Boodskap 6a. [Koerant] Beeld 24 Mei 2007  
Posted by: "Blikkies" blikkies@mabonline.co.za blignautfanie  
Sat Jun 9, 2007 1:03 am (PST)

ANNANDALE; Hendrina Catharina, in lewe van Boksburg, Gauteng provinsie.  
Dankdiens: NG Kerk, Impala Park, Canadairstraat, Boksburg, 29/05/2007, 12:00  
# 11:00, Boksburg Begraafplaas. (Beeld – 28/05/2007) AVBOB Begrafniisdienste,  
Boksburg, 011-917-5041.

COERTZEN; Rudi. Ons innige meegevoel aan Valerie, André, Ivan en familie van  
Alex en Caroline GORDON van Citrusdal, Wes-Kaaprovincie. (Beeld –  
28/05/2007)

KRIEL; Gideon Petrus, in lewe van Boksburg, Gauteng provinsie.  
Verassingsdiens: NG Kerk, Boksburg-Wes, h v Rietfonteinweg en Basssstraat,  
Boksburg, 29/05/2007, 11:00. (Beeld – 28/05/2007) AVBOB Begrafniisdienste,  
Boksburg, 011-917-5041.

Groete.

Fanie Blignaut.  
Vanderbijlpark.  
Gauteng provinsie.  
blikkies@mabonline.co.za.

Boodskap 6b. [Koerant] Beeld 24 Mei 2007  
Posted by: "Blikkies" blikkies@mabonline.co.za blignautfanie  
Sat Jun 9, 2007 1:26 am (PST)

BASSON; Deon (Tubby), in lewe van Krugersdorp, Gauteng provinsie.  
Verassingsdiens: NG Kerk, Krugersdorp-Noord, 30/05/2007, 11:00. (Beeld –  
29/05/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Krugersdorp, 011-953-3808.

BESTER; Magdalena Wilhelmina, in lewe van Pretoria. Verassingsdiens: AVBOB  
Kapel, 30/05/2007, 10:00. (Beeld – 29/05/2007) AVBOB Begrafnisdienste,  
Pretoria, 012-327-3788.

BRINK; Johannes Nicolaas, in lewe van Germiston, Gauteng provinsie.  
Begrafnisdienst: AGS Kerk, Galwaystraat, Germiston, 31/05/2007, 11:00 #  
Suidpark Begraafplaas, Germiston. (Beeld – 29/05/2007) AVBOB  
Begrafnisdienste, Germiston, 011-825-3667.

DIPPENAAR; Ashanté \* 22/12/2001. Kan Christo JACOBS dringend vir Natasha  
JANSEN van VUUREN skakel by 078-378-2006 oor aanneming van Ashanté. (Beeld –  
29/05/2007)

DU PLESSIS; Carren \* 19/11/1998. Kan Gerhard Cornelius BOTES,  
ID-650102-5024-085 en Petro DU PLESSIS, ID-810912-0122-081 dringend vir  
Alicia MENIERS skakel by 011-365-9000 oor aanneming van Carren. (Beeld –  
29/05/2007)

KOEKEMOER; Abram (Awie), in lewe van Newlands, Johannesburg. Begrafnisdienst:  
NG Kerk, Waterval, Longweg, Newlands, 30/05/2007, 10:00 # Wespark  
Begraafplaas, Johannesburg. Donasies: Hospice, Posbus 87600, Houghton.  
(Beeld – 29/05/2007) Collinge & Co Begrafnisdienste, Johannesburg,  
011-782-9240.

POTGIETER; Piet Petrus. Begrafnisdienst: AGS Kerk, h v Karen- en Pricestraat,  
Illiondale, Edenvale, Germiston, Gauteng provinsie, 29/05/2007, 12:00 #  
30/05/2007, op die plaas Kaya Bona, distrik Rustenburg, Noordwes provinsie.  
(Beeld – 29/05/2007) AVBOB Begrafnisdienste, van Riebeecklaan 63, Edenvale,  
011-609-7003.

Groete.

Fanie Blignaut.  
Vanderbijlpark.  
Gauteng provinsie.  
blikkies@mabonline.co.za.

Boodskap 6c. [Koerant] Beeld 24 Mei 2007  
Posted by: "Blikkies" blikkies@mabonline.co.za blignautfanie  
Sat Jun 9, 2007 1:39 am (PST)

CONNELLY; Terence Patrick, in lewe van Kensington, Johannesburg.  
Verassingsdiens: Methodist Kerk, h v Veertiendestraat en SesdeLaan,  
Edenvale, Johannesburg, 31/05/2007, 12:00. (Beeld – 30/05/2007) Doves  
Begrafnisdienste, Edenvale, 011-452-9103.

DIPPENAAR; Ashanté \* 22/12/2001. Kan Christo JACOBS dringend vir Natasha  
JANSEN van VUUREN skakel by 078-378-2006 oor aanneming van Ashanté. (Beeld –  
29, 30/05/2007)

ELS; {Regter} Johan. Begrafnisdiens: NG Gemeente, Waterkloof, Deystraat  
(oorkant Anton van Wouw Laerskool), 31/05/2007, 13:00. (Beeld – 30/05/2007)

JOUBERT; Anna Judith Getruida (71) \* VON HANZEN, in lewe van Pretoria.  
Verassingsdiens: Safarie Kwekery Kapel, 31/05/2007, 10:00. (Beeld –  
30/05/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Pretoria-Oos, 012-460-3745.

Groete.

Fanie Blignaut.  
Vanderbijlpark.  
Gauteng provinsie.  
blikkies@mabonline.co.za.

Boodskap 6d. [Koerant] Beeld 24 Mei 2007  
Posted by: "Blikkies" blikkies@mabonline.co.za blignautfanie  
Sat Jun 9, 2007 1:48 am (PST)

CONNELLY; Terence Patrick, in lewe van Kensington, Johannesburg.  
Verassingsdiens: Methodiste Kerk, h v Veertiendestraat en SesdeLaan,  
Edenvale, Johannesburg, 31/05/2007, 12:00. (Beeld – 30, 31/05/2007) Doves  
Begrafnisdienste, Edenvale, 011-452-9103.

DIPPENAAR; Ashanté \* 22/12/2001. Kan Christo JACOBS dringend vir Natasha  
JANSEN van VUUREN skakel by 078-378-2006 oor aanneming van Ashanté. (Beeld –  
29, 30, 31/05/2007)

KRÜGER; Leon, in lewe van Kempton Park, Gauteng provinsie. Begrafnisdiens:  
Geref Kerk, Kempton Park-Noord, 31/05/2007, 12:00 # 11:00, Zuurfontein  
Begraafplaas, Kempton Park. (Beeld – 30/05/2007) AVBOB Begrafnisdienste,  
Kempton Park, 011-975-5845.

Groete.

Fanie Blignaut.  
Vanderbijlpark.  
Gauteng provinsie.  
blikkies@mabonline.co.za.

Boodskap 7. OUDTSHOORN LIDMAATREGISTER (Deel 53)  
Posted by: "alta le roux" altaler@odn.co.za  
Sat Jun 9, 2007 1:18 am (PST)

### AANGENOMEN TE OUDTSHOORN OP DEN 23 DECEMBER 1867 (Deel 53)

Francis Louis William BOSWELL, \*1 Jan 1851 (Oudtshoorn)  
Esaies Richard VAN ROOYEN, \*3 Jan 1852 (Oudtshoorn)  
Johannes Jurgens Cornelis LOMBARD, \*24 Sep 1847 (Kliprivier) Henry.z.  
Jan Ockert Stephanus FOURIE, \*15 Nov 1851 (Goedverwacht, Gamka) Jans.z.  
Louis Johannes Christoffel BOTHA, \*26 Apr 1848 (Cango) David.z.  
Petrus Wynand NORTIER, \*29 Okt 1837 (Welbedacht) Karel.z.  
Hendrik Frederik BOSHOFF, \*19 Nov 1851 (Oudtshoorn) Jac.z. (Cert. naar George 17  
Jan 1882)  
Gotlieb BEKKER, \*21 Jun 1822 (Olyph Rivier) Gotlieb.z.  
Gideon NEL, \*1 Sep 1850 (Cango) Philip.z.  
Reinier Johannes Frederik SCHOEMAN, \*14 Jul 1846 (Loopenderivier) Steph.z.  
Johannes Frederik COETZEE, \*8 Feb 1849 (Loopende Rivier) Piet.z.  
Petrus Johannes Jacobus DYSSEL, \*3 Aug 1847 (Buffelsdrift) Jans.z.  
Jurgens Johannes DELPORT, \*7 Apr 1850 (Rietvallei) Andries.z. (Met attestaat naar den  
Vrijstaat)  
Johannes Gerhardus DELPORT, \*18 Apr 1850 (Rietvallei) Daniels.z.  
Gerrit Hendrik MEYER, \*28 Sep 1851 (Rietfontein) Esaies.z.  
Gabriel Johannes OTTO, \*12 Nov 1849 (Kruis, Cango) Joh.z.  
Nicolaas Jacobus JANSEN VAN VUUREN, \*10 Aug 1842 (Cango) Gerr.z.  
Gerrit Johannes CALITZ, \*29 Jul 1850 (Wynandsrivier) Piet.z.  
Hermanus Johannes BLIGNAULT, \*11 Des 1851 (Oudtshoorn) Jac.z.  
Pieter Bernardus KEYTER, \*27 Jun 1849 (Traka, Willowmore) Josephus.z.  
Jurgens Johannes KEYTER, \*24 Okt 1850 (Traka, Willowmore) Josephus.z.  
Aletta Johanna BERG, \*11 Aug 1851 (Oudtshoorn) (Attestaat 15 Mei 78)  
Emmarence Eliza Catharina SAUNDERS, \*3 Des 1850 (Oudtshoorn) Robert.d.  
Anna Jacoba MEYER, \*16 Mrt 1851 (Doornrivier) Jans.dr. (Cert. n. Transvaal 29 April  
74)  
Johanna Dorothea MEYER, \*3 Aug 1852 (Doornrivier) Jans.dr. (Cert. naar George 26  
Aug 89)  
Cornelia Helena BEZUIDENHOUT, \*31 Okt 1849 (Buffelsdrift) Jurg.dr.  
Elizabetta Petronella Margaretha BEZUIDENHOUT, \*27 Sep 1846 (Buffelsdrift)  
Jurg.dr.  
Anna Maria Elizabetta BEKKER, \*16 Mrt 1836 (Geb. Behr) Olyph Rivier  
Margaretha Elizabeth DEVILLIERS, \*23 Feb 1850 (Cango) Joh.dr.  
Anna Johanna HARTMAN, \*26 Jul 1849 (Loopende Rivier) Petrus. dr.  
Petronella Sophya SCHOEMAN, \*28 Feb 1852 (Loopende Rivier) Jans.dr.  
Isabella Maria Magdalena TERBLANCHE, \*9 Nov 1852 (Cango) Jan.dr.  
Helena Maria DUPLESSIS, \*30 Apr 1852 (Grobbelaarsrivier) Jacobus.dr.  
Susara Maria Elizabeth DIJSSEL, \*25 Sep 1846 (Camnatie) Leendert.dr.

Susanna Maria LOUWRENS, \*25 Nov 1851 (Oudtshoorn) Joh.dr. (Naar Boshoff, Transvaal)

Johanna Cecilia Maria LEROUX, \*23 Feb 1852 (Muragie) Joh.dr. (Cert. n. Graaff Reinet 26 April 1873)

Anna Elizabeth LOMBARD, \*19 Aug 1848 (Blaauwtjesdrift) Anton.dr.

Johanna Jacoba PIETERSE, \*29 Okt 1848 (Oudtshoorn) Jacobus.dr.

Anna Margaretha Aletta COETZEE, \*13 Sep 1850 (Loopende Rivier) Piet.dr.

Alta le Roux

altaler@odn.co.za

Posbus 1138, OUDTSHOORN, 6620

Tel. 083 996 0676 / 044 272 2271 (h) / 044 272 7636 (w)

**Onderwerp:** [SA-Gen] Bundel Nommer 2771

**Datum:** Saturday, June 09, 2007

Daar is 25 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:

1. [Koerant] Beeld 01 Junie 2007 From: Blikkies
- 2a. Familiewapens en GISA From: Japie Bosch
- 3a. Kopiereg: Wat dink die lysteraars? From: Elmien Wood
4. Oulike webblad :) From: soria@webink.co.za
5. researching their ancestors' lives in Cape Town but also the broader From: soria@webink.co.za
- 6a. Re: FAMILIEWAPENS From: Samuel Murray
7. Betulie begraafplaas From: Frederick Venter
- 8a. Re: LE ROUX-FAMILIE: VIR URSULAH From: Daniel Jacobs
- 9a. Re: [Koerant] Beeld 24 Mei 2007 - Coertzen From: Karel Marais
- 10a. Familie navorsing From: soria@webink.co.za
- 11a. Re: Kopiereg: Openbare inligting bespreking. From: Willeen Olivier
- 12a. Re: FAMILIEWAPENS - Christo From: Karel Marais
- 13a. Re: Familiewapen as taalverskynsel From: Francois Greeff
- 13b. Re: Familiewapen as taalverskynsel From: Samuel Murray
- 14a. Re: [Koerant] Beeld 24 Mei 2007 From: Martin Knoetze
15. "For men must work" Schnell, E. From: Karel Marais
- 16a. KOPIEREG OPENBEARE BESPREKING From: Sylvester Rascher
- 16b. Re: KOPIEREG OPENBEARE BESPREKING From: Samuel Murray
17. Idees ivm Familieboek. From: bmvgrey@eject.co.za

18. FAMILIE WAPEN - DANKIE From: Chris Meyer
19. nog 'n vraag From: bmvgrey@eject.co.za
20. Plase Distrik Albert From: Jean lr Roux
- 21a. Re: Marais en ander inligting - Plase From: Jean lr Roux
- 22a. BROADBENT FAMILIE From: Johan Vermeulen
23. FW: VERMEULEN - BOTHMA VERBINTENIS. From: Johan Vermeulen

Boodskap 1. [Koerant] Beeld 01 Junie 2007  
Posted by: "Blikkies" blikkies@mabonline.co.za blignautfanie  
Sat Jun 9, 2007 1:58 am (PST)

KLOPPERS; Maria Magdalena \* 28/10/1947 + 30/05/2007. Kerkdiens: Midrand Presbiteriaanse Kerk, St Saviors, Randjiesfontein, Johannesburg, 04/06/2007, 14:30. (Beeld - 04/06/2007)

Groete.

Fanie Blignaut.  
Vanderbijlpark.  
Gauteng provinsie.  
blikkies@mabonline.co.za.

Boodskap 2a. Familiewapens en GISA

Posted by: "Japie Bosch" [jrbosch@telkomsa.net](mailto:jrbosch@telkomsa.net) boschjapie

Sat Jun 9, 2007 2:00 am (PST)

Beste Christo

Ek begryp jou standpunt dat die betrokke â€œfamiliewapensâ€ bloot as ikone (of skakels) dien na die betrokke familiewebwerf. Dog, die opskrif van die betrokke bladsy is:

â€œFamiliewapens, webwerwe en kontakinligtingâ€ .

Die probleem is nie die diens wat GISA lewer nie, maar die indruk wat gewek word dat familiewapens bestaan.

Die oorsprong van hierdie debat was huis die onkunde wat oor familiewapens bestaan en die wangebruik daarvan. Myns insiens kan die betrokke bladsy van GISA mense laat vra: "Waar kry ek my familiewapen?" en dan een van iewers af opeis.

Ek is nie 'n GISA-lid nie en kan allerminds voorskryf, maar die oplossing is eintlik maklik: vervang die ikone, pas die opskrif aan en neem standpunt in teen familiewapens.

Groete, Japie Bosch, Johannesburg

Boodskap 3a. Kopiereg: Wat dink die lysteraars?  
Posted by: "Elmien Wood" woodem@mweb.co.za  
Sat Jun 9, 2007 2:13 am (PST)

### Lysteraars

Toekomstige gisteraand so lê en luister hoe dit reën in die Kaap, besef ek skielik dat ek 'n vreeslike fout gemaak het.

Natuurlik het die verskillende kerke kopiereg op hulle registers. Wanneer 'n mens dan uittreksels maak sonder om dit oor te sit in 'n ander genealogiese genre, dan oortree 'n mens in dieselfde mate as wanneer 'n mens van 'n filmrol of webbladsy inligting aftrek en herpubliseer.

Kan ek nou die fout regstel?

Inligting wat versamel is vir bewaring en verspreiding, mag nie oorgeneem word deur 'n tweede persoon sonder toestemming van die instansie of persoon wat die inligting versamel het nie. Selfs met toestemming moet erkenning aan die eerste eienaar gegee word.

Inligting kan versamel word in enige vorm; skriftelik, meganies (fotokopiëring, klankkopnames, fotografiese prosesse) of elektronies (kompaktskywe, e-pos, webwerwe) of enige ander stelsel.

Dit beteken die handgeskrewe registers van die kerke mag definitief nie oorgeskryf word nie.

Baie jammer vir hierdie fout. Ek wens so ek kon sê dit was 'n elektroniese fout of 'n ondeurdagte fout, maar dit was doodeenvoudig 'n oordeelsfout. Ek vra regtig om verskoning.

Groete  
Elmien

Boodskap 4. Oulike webblad :)

Posted by: "soria@webink.co.za" soria@webink.co.za vanliersoria

Sat Jun 9, 2007 2:21 am (PST)

<http://www.sagenealogy.co.za/AfrTrans.htm>

This is a guide to Afrikaans or Dutch words you might find in documents when researching your family tree in South Africa. You will find them in death notices, wills, liquidation & distribution accounts, divorce files etc. This is by no means a complete list and anyone is welcome to submit a word for translation.

Boodskap 5. researching their ancestors' lives in Cape Town but also the broader  
Posted by: "soria@webink.co.za" soria@webink.co.za vanliersoria  
Sat Jun 9, 2007 2:38 am (PST)

<http://www.sagenealogy.co.za/CapeTownMailingList.htm>  
The Cape Town Mailing List

Welcome to the Cape Town Mailing List. This list was created with the aim of establishing a forum to assist anyone researching their ancestors' lives in Cape Town but also the broader Cape Colony. There are many members of the list who are knowledgeable, not only about genealogy but also about the history of various geographical and social aspects of the Cape Colony from the time of Van Riebeeck to the 20th Century. So ask a question and you will more than likely receive advice in one form or another.

Boodskap 6a. Re: FAMILIEWAPENS

Posted by: "Samuel Murray" leuce@absamail.co.za lacialacia

Sat Jun 9, 2007 2:58 am (PST)

Viljoen, HC <hcv@sun.ac.za> wrote:

> Gisa verklaar op die betrokke webbladsy: "Let wel: Die inligting hieronder is deur lede van die publiek aangestuur. GISA aanvaar geen verantwoordelikheid vir die korrektheid van die inligting nie."

Goed, maar deur die familiewapens daar te plaas, versterk GISA die wanopvatting dat dié wapens legitiem is. Sou dit nie beter wees as daar op daardie bladsy tweé afdeling is nie, waarvan een vir skakels is waarby die skild of wapen legitiem is, en een wat net 'n lys vanne is? Of dalk moet GISA die wapens heeltemaal uithaal, omdat dit nie moontlik is om almal na te speur nie, en net 'n lys vanne daar sit.

Samuel

Boodskap 7. Betulie begraafplaas  
Posted by: "Frederick Venter" hexrivier@telkomsa.net  
Sat Jun 9, 2007 3:47 am (PST)

Goeiedag Simon van Potchefstroom en Johan Pottas,

Na betragsing het ek besluit om kommentaar te lewer oor die geweldige taak wat julle in Bethulie se begraafplaas verrig het. Ek ken hierdie begraafplaas en daarom besef ek die grootte van die taak. Die opvulling om die treinspoor lê aan die een kant, die grondpad aan die ander kant en die verwaelosing van die grafte aan die onderkant, wat maak dat hierdie een van die moeilikste begraafphase is om in te werk. Die hoeveelheid bosse en takke wat julle moes verwyder maak hierdie 'n enorme taak. Simon met die foto van die geref. kerk, met toestemming van jou verkry, sal ek in my Postma navorsing gebruik, daar is ander foto's beskikbaar maar hierdie is die kwaliteit wat ek soek.  
Ek dank julle altwee vir die werk wat julle doen, dit word waardeer en gaan nie ongesiens verby nie.

Seën groete  
Frik Venter

Navorser van die Vrystaat Venter's  
asook die Postma Familie

Boodskap 8a. Re: LE ROUX-FAMILIE: VIR URSULAH  
Posted by: "Daniel Jacobs" danielmalanjacobs@gmail.com  
Sat Jun 9, 2007 3:58 am (PST)

Beste Ursulah

jammer ek kon niks in die boek se indeks opspoor nie. Daar is ongelukkig net n indeks vir aanetroudes. Boek is ongelukkig te dik om deur te blaai vir soek na inligting. Sal in week dan met KAB verwysings help.

Groete Daniel

Boodskap 9a. Re: [Koerant] Beeld 24 Mei 2007 - Coertzen  
Posted by: "Karel Marais" turando101@yahoo.com turando101  
Sat Jun 9, 2007 4:24 am (PST)

COERTZEN; Rudi. Ons innige meegevoel aan Valerie, André, Ivan en familie van Alex en Caroline GORDON van Citrusdal, Wes-Kaapprovincie. (Beeld – 28/05/2007)

Weet iemand of dit die krieket skeidsregter was?

Groete,  
Karel Marais

Boodskap 10a. Familie navorsing  
Posted by: "soria@webink.co.za" soria@webink.co.za vanliersoria  
Sat Jun 9, 2007 4:28 am (PST)

'n chat room vir Familie goed uit te ruil :))))))

/server -m irc.talkative.co.za -j #Family\_Tree\_Genealogie  
Of tik dit in MIRC  
/server -m irc.talkative.co.za -j #Family\_Tree\_Genealogie

Geniet dit mense :)))

Soria

Boodskap 11a. Re: Kopiereg: Openbare inligting bespreking.  
Posted by: "Willeen Olivier" Willeen.Olivier@gmail.com willempie5  
Sat Jun 9, 2007 4:37 am (PST)

Dis definitief iets wat ons baie meer gereeld kan bepreek, en ek stem saam dat die onkunde nogal dik gesaai gelê, daar's min mense wat alles daaroor weet, ons kry so met stukkies op 'n slag te doen.

Ons moet net eers ons terminologie regkry, dat ons minder verby mekaar praat. Ek sien openbare inligting as 'public domain' - iets waaroor daar nie eienaarskap is nie, want almal weet daarvan - Die telefoonboek en skooluitslae is 'n goeie voorbeeld. 'n Webwerf is egter net 'n nuwe manier van publikasie, so dit het 'n eienaarskap aan verbonde, en is onderworpe aan dieselfde reëls wat vir boeke geld. Dis nie publieke eiendom nie, net soos wat boeke nie publieke eiendom is nie, al die inligting daarin publiek gemaak. Help my as ek verkeerd is?

Wat vir my meer fasineer, en waarvan ek bitter min weet, is die toepassing van die Wet op Toegang tot Informasie, en hoe dit ons raak t.o.v. gegewens wat in staatsbesit is - ID nommers, bankdetail, enjinnommers, voertuigdetail, ens. Sommige van dit is duidelik privaat, en mag nie bekend gemaak word nie, en ander is 'n grys gebied - tot watter mate mag 'n individu inligting van die staat eis en dan publiseer of gebruik vir watter doel ook al. Die kieserslyste is 'n goeie voorbeeld - die wet sê blykbaar (ek het dit nog nie self onder oë gehad nie) dat jy dit nie in jou besit mag hê nie - maar hulle publiseer dit en gee die publiek vrye toegang daartoe, en bloot daardie aksie sou ek sê sit dit in die 'public domain'. As dit publieke eiendom is, is dit wonderlike nuus vir ons - maar ook vir die ouens wat identiteitsroof gereeld pleeg.

Ek kry die indruk dat hier nog self t.o.v. die reg sekere grys gebiede is wat eers 'n paar keer in 'n hof getoets sal moet word. Ek self werk met programme waar sommige inligting net te sensitief is om aan die publiek bekend te maak, en tog is die basis in navorsing by universitete met huis hierdie inligting huis klaar gelê en gepubliseer (wat niks met genealogie te doen het nie :-)! ).

So presies wanneer is persoonlike inligting nie publiseerbaar nie, en wanneer is dit? En as dit gepubliseer is, wanneer is dit openbare inligting, en wanneer is daar kopiereg op?

Willeen  
Willeen Olivier  
Rooihuiskraal  
Kotzé, van Wyk, Olivier, Bosman, en al hulle voorgeslagte ...

Boodskap 12a. Re: FAMILIEWAPENS - Christo  
Posted by: "Karel Marais" turando101@yahoo.com turando101  
Sat Jun 9, 2007 4:40 am (PST)

Christo,

Ek dink nie daar is 'n verdagmakery nie en dar was GEEN beskuldiging van "wapendiefstal" nie. Al wat ek probeer se het is dat julle, jูลself aan sulke beskuldigings kan blootstel.

Persoonlik dink ek dis 'n waardevolle diens wat julle lewer maar as 'n gesaghebbende instansie glo ek dat julle meer kan doen om die onkundiges, en ek sluit myself hierby in, opleiding te gee. Soos ek gese het in my oorspronklike epos ek dink nie daar is 'n probleem nie maar dat dit meer gaan oor die idee wat by die onkundiges gekweek word. Ek dink jy het die konsep van 'n handelsmerk baie beter verduidelik as wat ek kon. Ek glo daar is potensiaal daarin om dit verder te ondersoek.

Vriendelike groete,  
Karel Marais

Boodskap 13a. Re: Familiewapen as taalverskynsel

Posted by: "Francois Greeff" Goodgreeff@hiddencode.co.uk francoisgreeff

Sat Jun 9, 2007 5:03 am (PST)

Ons sit met 'n nuwe probleem. In die regswerklikheid is daar nie so iets as 'n familiewapen nie, maar slegs 'n geregistreerde wapen van 'n persoon, waarop geen ander persoon aanspraak mag maak nie.

Taal en woordbetekenis verskuif gedurig, soos in die geval van 'muis'. In die volksmond bestaan daar wel 'n konsep van 'n familiewapen, en almal ken dit. Ons weet almal wat 'n familiewapen is. Dit is 'n spesifieke soort embleem of logo wat 'n hele stam, of uitgebreide familie van dieselfde van, verteenwoordig. Hierdie begrip van die woord gaan nooit uitgewis word nie, so kom ons aanvaar dit, en bou voort daarop.

Dit beteken dus dat ons, as genealoë, en kundiges, nie iemand anders se wapen of reg op 'n wapen moet kaap nie, maar dat ons wel 'n ongeregistreerde simbool, logo of wapen kan daarstel om 'n bepaalde familie te verteenwoordig. Elke persoon wat dieselfde van het, ongeag of hy bloedverwant is of nie, het dan die reg om hierdie simbool te gebruik om aan te dui dat hy aan 'n groep mense van 'n besondere van behoort. Nie 'n ingelyfde groep nie, bloot 'n los gedefineerde familiegroep.

In taal kry ons dikwels konseptuele begrippe wat nie verband het met die werklikheid nie - soos 'n eenhoring (unicorn). Konseptueel bestaan 'n eenhoring en ons weet almal wat dit is, maar in werklikheid is daar nie so iets nie.

Miskein moet ons aanvaar dat Coat of Arms, Family Crest, Familiewapen, Familieskild, en soortgelyke woorde twee betekenisse het. Die een duidende op 'n regskonsep van 'n geregistreerde ontwerp, en die ander betekenis duidende op 'n begrip in die internasionale volksmond, wat dui op 'n ikoon wat al die mense van een van verteenwoordig.

Waar 'n familiiegroep dan 'misbruik' maak van iemand anders se geregistreerde wapen, word dit dan die saak van die geregistreerde eienaar om sy eiendom te verdedig. 'n Simpel idee, want in die meeste gevalle is hierdie titelhouer reeds eeuelank dood. Soos met patente en kopiereg op boeke en tekste, verval die eiendomsreg van enigiets met tyd, na die dood van die titelreghouer, en dan word die reg om so iets te gebruik 'n openbare reg. Beethoven se musiek geniet tans geen kopiereg nie (maar 'n orkes geniet kopiereg op die klank (of CD) wat hulle produseer wanneer hulle sy musiek speel enof verkoop).

Wanneer iets nie meer aan iemand behoort nie, dan is almal vry om dit te gebruik, net soos die ontwerp van 'n kruiwa, wat geen patent op het nie. Die kruiwa is tans onpatenteerbaar. Die familiewapen wat in die volksmond verskyn is ewe onregistreerbaar, en net so algemeen bruikbaar as 'n kruiwa! Almal van ons het een!

Lekkerlag!

Francois Greeff

[www.Greeff.info](http://www.Greeff.info)

www.Hiddencode.co.uk  
0044 20 8543 6966 (Home)  
0044 79 6372 2345 (Mobile)  
Skype: Greefffrancois

Boodskap 13b. Re: Familiewanpen as taalverskynsel  
Posted by: "Samuel Murray" leuce@absamail.co.za lacialacia  
Sat Jun 9, 2007 7:26 am (PST)

Francois Greeff wrote:

> Ons sit met 'n nuwe probleem. In die regswerklikheid is daar nie so iets as 'n familiewanpen nie, maar slegs 'n geregistreerde wapen van 'n persoon, waarop geen ander persoon aanspraak mag maak nie.

As ek dit nie mis het nie, kan enige eienaar van 'n wapen enige iemand anders toestemming verleen om die wapen te gebruik. Die registrasie van die wapen maak dit bloot moontlik om iemand wat sulke toestemming nie wil gee nie, te help om sy saak af te dwing. Dus kan 'n persoon 'n "familiewanpen" registreer en dan alle lede van sy familie of uitgebreide familie toestemming gee om hulle met dié wapen te vereenselwig en dit te gebruik (ek is net nie seker of die toestemming dan verval of voortgaan wanneer die oorspronklike eienaar te sterwe kom en die wapen geërf word nie).

Dis ook nie nodig om 'n wapen te registreer nie. Die registrasie maak dit net makliker om jou saak te verdedig. Dieselfde geld byvoorbeeld vir 'n handelsmerk -- jy is onder geen verpligting om dit te registreer nie, maar 'n ongeregistreerde handelsmerk word net deksels moeilik beskerm teen misbruik. Vandaar dat meeste mense dit maar registreer.

Ek is nie seker hoe 'n mens sou bewys dat 'n wapen joune is as hy nie geregistreer is nie, behalwe as daardie wapen iewers gepubliseer is en die publikasie vryelik beskikbaar is of was.

> Waar 'n familiiegroep dan 'misbruik' maak van iemand anders se geregistreerde wapen, word dit dan die saak van die geregistreerde eienaar om sy eiendom te verdedig.

Dis 'n praktiese idee, maar is dit eerlik? Sodra 'n wapen onregmatig begin gebruik word, verwater die wapen se identiteit al klaar. As die eienaar van die wapen byvoorbeeld nie dood is nie, maar dit neem hom etlike jare voor hy agterkom dat sy wapen misbruik is/word, dan is die skade klaar gedaan... net omdat 'n paar mense lui was.

'n Mens kan maklik 'n nuwe wapen skep deur te kyk watter temas kom in bestaande wapens voor waarmee 'n sekere familiegroep geassosieer word.

Nog iets: Oor die gebruik van die wapen hou die herakdiekwetgewing wag, maar oor die gebruik van die voorstelling van die wapen (dit wil sê, daardie veelkleurige prentjies wat in 'n boek of op 'n webwerf sou verskyn) hou die kopieregwetgewing wag. Dit wat beskerm word, is die wapen se \*beskrywing\*, en nie die voorstelling wat die staats se heraldiese kunstenaar of enige ander kunstenaar van die wapen gemaak het nie. Die kunstenaar wat die voorstellig van die wapen gemaak het, behou kopiereg van die voorstelling, en dit beteken niemand mag dit goedsmoeds kopieer en op sy webwerf of in sy boek gebruik tensy dit "fair practice" is nie. Boonop het die kunstenaar vir die eienaar

van die wapen (of vir die persoon wat die afbeelding aangevra het) 'n lisensie verskaf om die voorstelling van die wapen tantiéme-vry vir sekere doeleindes te gebruik, maar daardie toestemming is aan die wapen se eienaar (of 'n spesifieke persoon of organisasie) verleen, en nie aan Jan Publiek nie.

> Soos met patente en kopiereg op boeke en tekste, verval die eiendomsreg van enigets met tyd, na die dood van die titelreghouer, en dan word die reg om so iets te gebruik 'n openbare reg.

Vir literêre werke is dit 50 jaar ná publikasie of 50 jaar ná die persoon se dood (afhangende van hoe jy ons land se kopieregwetgewing lees). Is jy seker dieselfde geld vir wapens? Die eienaarskap van wapens word nie deur die outeursregwet gereguleer nie.

Groete  
Samuel

Boodskap 14a. Re: [Koerant] Beeld 24 Mei 2007  
Posted by: "Martin Knoetze" knoetze@netrover.com lovegenaca  
Sat Jun 9, 2007 5:37 am (PST)

Hallo Fanie

Dankie vir die plaas van die berigges uit die koerant. Die een is my skoon-ma se verassing - my vrou is huis in SA op die oomblik. Vir my interresant die spelling van haar nooiens van. Al die familie wat ek ken spel dit as VAN HANSEN (met 'n A en 'n S), alhoewel ek die spelling VAN HANZEN (met die Z) al teegekom het.

So die vraag is: waar sou Beeld sy inligting gekry het vir die spelling. Is daar 'n manier om uit te vind?

As name in die hedendaagse so verwarring kan wees, hoe moes dit nie 'n 100 jaar en langer terug gewees het nie.

Martin

Boodskap 15. "For men must work" Schnell, E.  
Posted by: "Karel Marais" turando101@yahoo.com turando101  
Sat Jun 9, 2007 5:52 am (PST)

Dagse,

Indien iemand die boek het kan hulle asseblief vir my opkyk of die naam van Henry Otto Thurnau daarin verskyn. Hy was heelmoontlik van Hanover in Duitsland en het heelmoontlik in Suid Afrika aangekom saam met die 1858 of 1859 Duitse settelaars. Indien iemand 'n goeie webverwysing oor hierdie immegrasie het sal ek dit ook waardeer.

Groetnis,  
Karel Marais

## Boodskap 16a. KOPIEREG OPENBEARE BESPREKING

Posted by: "Sylvester Rascher" sylvesterrascher@yahoo.com sylvesterrascher  
Sat Jun 9, 2007 5:52 am (PST)

Beste Elmien en ander lysvriende

Ek stem volkome daarmee saam dat voldoende erkenning aan die oorspronklike “inligtinggewer” of “inligtingsbron” gegee moet word.

Terselfdertyd glo ek dat die “inligtingontvanger” ook genoeg ruimte moet he om die ontvangde inligting te publiseer. So nie, sal ons onself vasvang in oneindigende persoonlike gevegte om eienaarskap van spesifieke genealogiese inligting en sal die groter doel, naamlik die bevordering van kennis oor die breere Suid-Afrikaanse genealogie deur middel van publikasie, vir ons nageslag verlore gaan. (Dit herinner my nogal aan die lysgesprek oor “wat word van my navorsing as ek sterf ?”)

Na my mening ondervind ons hierdie hele probleem rondom “my inligting” en “almal se inligting” (openbare bronne of privaatbronne) omdat ons tot op hede nog nie, as amateurgenealoë, ‘n gestandardiseerde, algemeen aanvaarde, bronverwysings- en erkenningsprosedure navolg nie.

Die oplossing van die probleem van “die gebruik van andere se inligting” is ook nie oorbrugbaar nie. Daar word naamlik daagliks oor die wereld heen derduisende historiese bronne gepubliseer, waarvan bitter min tot hofsake oor oueursreg of plagiaat (of dan oor “my inligting” en “ons inligting”) lei. Die rede hiervoor is dat oueurs bloot die akademiese-, en regstegnies aanvaarde metode van verwysing en erkenning navolg.

‘n Oplossing is gevolelik beskikbaar wat beide die regssaspek sowel as die moreel etiese aspek insluit en ons hoef regtig nie weer die wiel te ontdek nie.

Ursela, as groenkop amateurgenealoog, het ons reeds in haar antwoord in hierdie rigting aangepor. Na my mening is die “Harvard metode” van bronverwysing en bronerkennung een van die mees erkende verwysings- en erkenningsstegnieke en dit word wereldwyd in akademiese kringe gebruik en erken. Dit voldoen aan beide die regstegnies sowel as die moreel/etiese vereistes van die professionele oueurskap van ‘n publikasie

## VOORBEELD VAN ‘N PROFESSIONELE VERWYSINGSMETODE

Ons kan dus kortpad vat na ‘n oplossing, deur as lyslede ooreen te kom op ‘n gestandariseerde metode (soos byvoorbeeld die Harvard metode) van inligtinguitruiling en die uiteindelike gebruik daarvan, met die nodige erkenning aan almal wat daartoe bygedrae het. Die werkswyse van die Harvard metode (en ander erkende metodes) is by alle Universiteite beskikbaar as handleiding vir studente by die samestelling van (veral nagraadse) verhandelinge en proefschrifte.

## DIE REGSASPEK

Begrippe soos “outeursreg”, “kopiereg” “beskerming van intellektuele eiendom” en “plagiaat” is baie goed in die SA regstelsel bekend. Dit bied aan enigiemand wat hom- of haarself in hierdie verband benadeel voel, die remedie om, deur middel van ‘n regsaksie, die nodige genoegdoening van die benadelende party te verkry. ‘n Mens kan dus, soos my ouma dit gestel het, “prosedeer” as jy wil. Om te “prosedeer” en om dan boonop nog as die wenner aan die anderkant uit te kom, is egter ‘n tydrowende en duursame proses wat nie ligtelik en beslis ook nie sonder die kundige bystand van gespesialiseerde regsgelerdes aangepak behoort te word nie.

Ek dink egter nie dat die van ons, wat nie gekwalifiseerde regsgelerdes is nie, en nie spesifiek op die registerrein van oueurstreg spesialiseer nie, werklike ‘n kundige mening kan uitspreek oor wat kopiereg en alles wat daarmee saamgaan alles behels nie. Nog minder kan diegene van ons dan goedsmoeds aan ander voorskryf wat regstegnies gedoen mag word of nie gedoen mag word nie. Of nog erger, om ongegronde “eiendomsreg” te wil vestig op inligting wat regstegnies en akademies gesproke, werklik nooit slegs “myne” kan wees nie.

Miskien moet ons as lyslede elk ‘n finansieele bydra maak en die kundige mening van ‘n regsgelerde, wat spesifiek op hierdie terrein spesialiseer, verkry. Sodoende kan ons vir eens en vir altyd professionele regsekerheid oor die aangeleentheid, spesifiek met betrekking tot genalogiese bronne en inligting kry. Soos wat een lyslid, met verwysing na iemand anders se opmerking, gese het, “as jy goedkoop regadvies wil he, gaan jy dit kry” Ek kan daaraan toevoeg dat goedkoop en onkundige regadvies jou uiteindelik duur te staan mag kom.

## DIE BELANG VAN VOLLEDIGE BRONVERWYSINGS

Indien ons ons gemeenskaplike genealogiese navorsingsmoeite en die inligting wat daaruit voortspruit bo spekulasies wil stel en uiteindelik aan ons nageslag die waarheid in publikasies wil oordra, is dit van uiterste belang dat ons bestaande inligting uit primere en sekondere bronne, sowel as ons vertolking daarvan, openlik en met in agneming van bogenoemde regstegniese en akademiese riglyne omtrent erkenning, met mekaar deel. Slegs dan kan ons deur middel van gemeenskaplike kritiese (sowel positiewe as negatiewe) bronverivieering en bronevaluering uiteindelik tot die waarheid kom. Hierdie gemeenskaplike kritiese bronverivieering en bronevaluering is wat uiteindelik die verskil tussen betroubare en korrekte genealogiese publikasies en onbetroubare publikasies gaan maak.

Anders gaan ons nageslag ook, soos wat ons nou met De Villiers en Pama doen, baie kritiek lewer en sal hulle nie weet of hulle ons gegewens kan glo of nie. (So in die verbygaan wil ek byvoeg dat dit maar goed is dat De Villiers se oorspronklike navorsing en interpretering van openbare bronne nie vir hom alleensegenskap en “eiendomsreg” op hierdie dokumente gegee het nie. Anders was die beoefening van ons stokperdjie daarmee heen en sou ons maar vir ewig met sy, dikwels foutiewe, weergawe van ons afkoms moes saamleef)

Beste groete  
Rassie

Boodskap 16b. Re: KOPIEREG OPENBEARE BESPREKING  
Posted by: "Samuel Murray" leuce@absamail.co.za lacialacia  
Sat Jun 9, 2007 7:35 am (PST)

Sylvester Rascher wrote:

> Ek stem volkome daarmee saam dat voldoende erkenning aan die oorspronklike "inligtinggewer" of "inligtingsbron" gegee moet word.

Ek is nie seker ek stem saam nie. Ja, dis goed om boek te hou van waar jy jou inligting vandaan gekry het, maar kom ons gaan kyk 'n bietjie hoe bestaande boeke die bronnelysding hanteer.

Die VAW (woordeboek) het géén bronnelys in nie. Die VAW het kennelik heelwat eksterne bronne gehad (die redakteur het dit nie alles uit sy duim gesuig of die woerdeboek saamgestel op grond van sy eie, persoonlike taalaanvoeling nie).

Die nuwe etimologiewoordeboek het wel 'n bronnelys, maar daar word geen poging aangewend om te wys watter brokkie inligting het uit watter bron gekom nie.

Die taalhandboek SAAZ het ook geen bronnelys nie, hoewel die redakteurs en belangrikste/bekendste medewerkers wel in die voorwoord bedank word (maar die bronne wat daardie mense gebruik het, word nêrens vermeld nie).

En is dié tipe boeke nie juis soos genealogiese publikasies nie? Dis lyste gekodeerde inligting, hier en daar ekstra brokkies toelighting.

Samuel

Boodskap 17. Idees ivm Familieboek.

Posted by: "bmvgrey@eject.co.za" bmvgrey@eject.co.za barbprior

Sat Jun 9, 2007 6:32 am (PST)

Halo

'n Week of wat gelede het ek navraag gedoen oor 'n Familieboek wat ek wil saamstel oor my navorsing. Daar was goeie reaksie en net sulke goeie idees van verskillende oorde. Net om 'n paar idees te noem.

1.

"Ek het 2 family geskiedenisboeke laat druk. Elkeen net 500 bladsye en honderde fotos. Alle families is gekontak en gevra om hulle inligting teen 'n sekere datum in te stuur. Daar is 'n vraelys uitgestuur en ek het 'n storie geskryf van dit wat hulle my gegee het. Dit is weer teruggestuur aan persone om te korrigeer, en informasie is uitgelaat of bygevoeg en ook moes hulle skriftelik toestemming gee dat ek inligting kan gebruik en publiseer. Fotos met byskrifte moes ook gestuur word. Na alles gereed was het ek 'n drukkery genader vir 'n kwotasie vir 'n hoeveelheid boeke met 'n mooi omslag met prent. Na ek my kwotasie gekry het, het ek weer die familie genader en almal laat weet dat dit die prys sou wees en dat, indien hulle sou belangstel 'n voorafbetaaling moes maak teen 'n sekere datum. Dit het goed gewerk en niemand het omgegee om vooraf te betaal nie. Sodoende kon ek die drukkers betaal met geen onkoste vir myself nie."

2.

Aangesien 'n familieboek net vir 'n sekere groep mense bedoel is, kan jy alles op 'n CD plaas en vir die belangstellendes stuur en hulle kan dit self uitdruk. (seker die goedkoopste manier! barbara)

3.

Gaan deur manuskrip, gee vir iemand om die taalgebruik deur te gaan. Vra drukker in watse vorm wil hy manuskrip he. Drukker kan dit professioneel uiteensit, (sal ekstra kos!) Verkieslik sagte buiteblad, moet gegom wees. Wanneer die proewe teruggekry is, doen dan die indeks. Boek is nutteloos sonder indeks, bibliografie en bronnelys. Elke kopie sal ongeveer R50 kos Kry ISBN nommer van SA Biblioteek en vind uit na watter argiewe, Gisa, (volgens wet) 'n kopie moet gaan. (weet iemand of dit verpligtend is om dit te doen? barbara)

4.

Druk self die manuskrif op die rekenaar. Maak gebruik van Word om fonte, kleur, ens. in te sit) Druk op A4 papier en laat dit gefotostateer en bind by 'n kopieerwinkel. Stuur aan belangstellendes en familie, EN as hulle dit deurlees sal hulle miskien meer inligting vir jou deurgee en moeite doen met fotos ens. want almal wil dan deel van jou boek wees! En dan is die belangstelling geprikkel. Wanneer jy dan meer informasie en fotos het, kan jy dink om dan 'n 'boek' te laat druk.

Ek hoop dat die inligting vir andere sal help indien hulle 'n familieboek wil laat druk.

Barbara  
bmvgrey@eject.co.za

Boodskap 18. FAMILIE WAPEN - DANKIE

Posted by: "Chris Meyer" mcmeyer@mweb.co.za chrisdanabay

Sat Jun 9, 2007 6:46 am (PST)

Goeie middag mede soekers,

Dit was nou sommer pragtig van julle vir al die terugvoering oor die soeke na die NORTJE / NORTIER se FW. Baie dankie aan almal wat so gehelp soek het, en toe is daar nogal n breedvoerige bespreking oor die Familiewapens se registrasie ens ook.

Te veel name om op te noem, maar julle weet wie almal terugvoering gegee het. Baie dankie daarvoor. Ja soos ek aan die begin genoem het, het ek die webwerf gedeurkruis na die wapen, maar geen sukses. Indien iemand wel iets raakloop, stuur maar asb. aan, of laat weet waar.

Die persoon het slegs sy eie familie register lyn nagevors, (NORTIER) en wil graag die wapen op die voorblad van sy boek plaas.

Groet en baie dankie,

Chris Meyer

Mosselbaai.

Boodskap 19. nog 'n vraag

Posted by: "bmvgrey@eject.co.za" bmvgrey@eject.co.za barbprior

Sat Jun 9, 2007 7:22 am (PST)

Halo

Aangesien my voorgeslagte met 'n boot na Suid Afrika gereis in die 1800's wil ek graag weet waar sal begin soek vir inligting van passasiers as ek 'n vae idee het watter jaar hulle hier aangeland het. Hulle het nie betrekking op die 1820 Settelaars nie.

Is daar enige rekords beskikbaar?

Dankie

Barbara

bmvgrey@eject.co.za

Boodskap 20. Plase Distrik Albert

Posted by: "Jean lr Roux" jean\_leroux@wcaccess.co.za

Sat Jun 9, 2007 8:03 am (PST)

Lyslede,

Weet iemand waar die volgende plase in die distrik Albert geleë is of was:-

Kornetskop, Damplaas en Olyvenbosfontein? Ek kry wel Olyfbos langs die Oranjerivier en die buurplaas Olywefontein, maar weet nie of een van die twee moontlik ook as Olyvenbosfontein bekend was nie.

Vriendelike Groete,

Jean le Roux Paarl

Boodskap 21a. Re: Marais en ander inligting - Plase  
Posted by: "Jean lr Roux" jean\_leroux@wcaccess.co.za  
Sat Jun 9, 2007 8:07 am (PST)

Karel,

Meerrust en Lekkerwyn was die eiendom van Suzanne Gardiolle se eerste man Abraham de Villiers en is daarom testamenter oorgedra aan haar seun Jacques de Villiers (1705-1736). Ek het egter nie Claude Marais se plase in aanmerking geneem nie omdat hy na die beste van my wete nie hier in jou stamlyn inpas nie.

Die vonkadres wat jy gestuur het is nie vir die kuberraum aanvaarbaar nie. Stuur asseblief 'n boodskappie aan my van die lys af.

Vriendelike Groete.  
Jean le Roux Paarl

Boodskap 22a. BROADBENT FAMILIE

Posted by: "Johan Vermeulen" jverm@lantic.net johanvermsa

Sat Jun 9, 2007 8:12 am (PST)

Goeie Middag vriende,

Is daar moontlik een van ons vriende wat beskik oor enige inligting van ene Sameul BROADBENT wat vroeg in die 1800's vanaf Engeland na Suid-Afrika as sendeling gekom het. Hy was na bewering met ene Anne getroud en hul eerste kind was Lewis BROADBENT.

Enige inligting sal waardeer word

Groete

Johan Vermeulen

Boodskap 23. FW: VERMEULEN - BOTHMA VERBINTENIS.  
Posted by: "Johan Vermeulen" jverm@lantic.net johanvermsa  
Sat Jun 9, 2007 8:34 am (PST)

Goeie middag vriende,  
Kan enige van ons vriende dalk help met die volgende persone :

Petrus Jacobus VERMEULEN,  
\* Boesmanshoek, Sutherland 12.12.1836, gedoop Worcester 16.9.1837 oorlede De  
Kuilen, Sutherland 8.9.1906. Hy was 'n boer te De Kuilen, Sutherland.  
Trou Sutherland 24.5.1869 Engela Elizabeth Jacoba Gertruida BOTHMA, \* ca 1853.  
Engala onderteken Petrus se sk. ook as EEJG Vermeulen.

Hierdie egpaar se oudste dogter, naamlik Anna Maria Elizabeth, \* 2.10.1888 trou te  
Merweville met Abraham Christoffel BOTHMA, \* Sutherland ca Nov.  
1887, oorlede Port Elizabeth 12.7.1942 ( Hy sterf op ouderdom 54 jaar en 8  
maande). (Hierdie sk. verskyn op eGGSA se webwerf).

Hierdie egpaar se tweede dogter Jacomina Elizabeth BOTHMA, \* 23.3.1909 is volgens  
haar pa se sk. getroud met ene Andries VERMEULEN. Gedurende 1972 leef Jacomina  
nog en woon te Krugersdorp.

Ek kon tot datum nie verdere inligting ivm. Andries bekom nie.

Enige inligting ivm. enige van hierdie BOTHMA's en/of hul ouers, of dalk verdere  
inligting oor Andries of hul kinders, sal verwelkom word.

Groete  
Johan Vermeulen  
Klerksdorp

**Onderwerp:** [SA-Gen] Bundel Nommer 2772

**Datum:** Sunday, June 10, 2007

Daar is 19 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:

- 1a. Re: KOPIEREG OPENBEARE BESPREKING From: Sylvester Rascher
- 2a. Re: OP SOEK NA N FAMILIE WAPEN! From: Nardus Combrinck
- 2b. Re: OP SOEK NA N FAMILIE WAPEN! From: Nardus Combrinck
- 2c. Re: OP SOEK NA N FAMILIE WAPEN! From: Nardus Combrinck
- 3a. Re: DIE GROOT AFRIKAANSE FAMILIENAAMBOEK From: Francois Greeff
- 3b. Re: DIE GROOT AFRIKAANSE FAMILIENAAMBOEK From: Martin Knoetze
- 4a. Re: Begraafplaas Projek From: Jaq Benadie
- 4b. Re: Begraafplaas Projek From: Samuel Murray
- 5a. Re: BROADBENT FAMILIE From: Ann Tiran
- 5b. Re: BROADBENT FAMILIE From: Johan Vermeulen
6. Venter Janka (Cornelia?) From: Louw van Deventer
- 7a. Re: nog 'n vraag From: piet hoffmann
8. Sterfgeval - OTTO From: Paul Bosman
9. [Koerant] The Mercury Vrydag 8 Junie 2007 From: aletta magrieta.quebbemann
10. Marico Mense From: Johan Niemandt
- 11a. Re: Betulie begraafplaas From: B J Venter
12. Kopiereg: Wat dink die lysteraars From: Elmien Wood
- 13a. Kopiereg: Wat dink die lysteraars? From: Elmien Wood
- 13b. Kopiereg: Wat dink die lysteraars? From: Elmien Wood

Boodskap 1a. Re: KOPIEREG OPENBEARE BESPREKING

Posted by: "Sylvester Rascher" sylvesterrascher@yahoo.com sylvesterrascher

Sat Jun 9, 2007 9:34 am (PST)

Beste Sameul,

Dankie vir jou antwoord.

Ek neem aan dat die VAW (woordeboek) waarna jy verwys staan vir (een van verskeie) Verklarende Afrikaanse Woordeboeke. Watter spesifieke publikasie verwys jy na en wie was die spesifieke redakteur?

Die vraag is bloot, hoe weet jy dat die redakteur van die VAW waarna jy verwys dit nie uit sy duim gesuig het nie? Hoe weet jy dat hy dit nie bloot op sy eie taalgevoel gedoen het nie? Hoekom dink jy dat hy kennelik baie bronne gehad het? Hoe kan ons op die korrektheid van sy gegewens vertrou as ons dit nie kan verifieer nie? En hoekom moet ons dit as korrek aanvaar as ons dit nie kan verifieer nie?.

Ja, hierdie bronlose woordeboek is bietjie verwant aan die genealogie in terme van die gekodeerde inligting. Maar lees ook maar weer die bronlose genealogiese weergawe van De Villiers en Pama se gekodeerde inligting en al die kritiek wat later daarooroor uitgespreek is toe ander persone, afsonderlik, die "heelwat kennelik bronne" tot sy beskikking aan die hand van verdere navorsing begin veriveer het.

Die spesifieke metode van bronverwysing in taalkunde en genealogie onderskeidelik, verskil egter grootliks van mekaar. Die Afrikaanse taalwetenskap maak ook wel gebruik van historiese dokumente om die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans uit die oorspronklike Nederlands (met beïnvloeding van Duits, Frans, Engels, Portugees en inheemse tale) na te gaan. Hier gaan dit egter oor woorde en taalfigure ten opsigte waarvan die bestaan nie noodwendig van 'n spesifieke geboortedatum en sterfdag afhang nie. 'n Ou Nederlandse woord se omvormde Afrikaanse nageslag het ook nie dieselfde betekenis as die spesifieke, gedetaileerde, nageslag van 'n Suid Afrikaanse voorouer nie.

Spesifieke bronverwysings in die genealogie bly dus van groot belang en kan na my mening nie met bronverwysings in woordeboeke vergelyk word nie.

Die wyse waarop bronerkennung gegee moet word, hetsy deur middel van 'n voetnoot, in die teks self, of in die voorwoord, is 'n verdere gesprek.

Beste groete

Rassie

Boodskap 2a. Re: OP SOEK NA N FAMILIE WAPEN!  
Posted by: "Nardus Combrinck" 0728862338@vodamail.co.za  
Sat Jun 9, 2007 9:42 am (PST)

Chris,

My ouma se neef P.H. Nortje`, die skrywer, sal moontlik kan help.Ek het ongelukkig nie sy nommer nie, maar weet hy bly in die Strand en 1023 help maklik uit.Die Nortje`s waarvan hy afstam, was eers Nortiers.Het oorspronklik van Calais in Frankryk gekom.

`n Kleinneef van P.H. Nortje` is in besit van `n familiewapen, ek het dit in sy huis in die Baviaanskloof sien hang ongeveer 8 – jaar gelede.

Groete

Nardus

Boodskap 2b. Re: OP SOEK NA N FAMILIE WAPEN!  
Posted by: "Nardus Combrinck" 0728862338@vodamail.co.za  
Sat Jun 9, 2007 10:09 am (PST)

Chris,

My ouma se neef P.H. Nortje`, die skrywer, sal moontlik kan help. Ek het ongelukkig nie sy nommer nie, maar weet hy bly in die Strand en 1023 help maklik uit. Die Nortje`s waarvan hy afstam, was eers Nortiers. Het oorspronklik van Calais in Frankryk gekom.

`n Kleinneef van P.H. Nortje` is in besit van `n familiewapen, ek het dit in sy huis in die Baviaanskloof sien hang ongeveer 8 – jaar gelede.

Groete

Nardus

Boodskap 2c. Re: OP SOEK NA N FAMILIE WAPEN!  
Posted by: "Nardus Combrinck" 0728862338@vodamail.co.za  
Sat Jun 9, 2007 10:32 am (PST)

Chris,

My ouma se neef P.H. Nortje`, die skrywer, sal moontlik kan help.Ek het ongelukkig nie sy nommer nie, maar weet hy bly in die Strand en 1023 help maklik uit.Die Nortje`s waarvan hy afstam, was eers Nortiers.Het oorspronklik van Calais in Frankryk gekom.

`n Kleinneef van P.H. Nortje` is in besit van `n familiewapen, ek het dit in sy huis in die Baviaanskloof sien hang ongeveer 8 – jaar gelede.

Groete

Nardus

Boodskap 3a. Re: DIE GROOT AFRIKAANSE FAMILIENAAMBOEK  
Posted by: "Francois Greeff" Goodgreeff@hiddencode.co.uk francoisgreeff  
Sat Jun 9, 2007 11:56 am (PST)

Hallo Lysteraars!

Het iemand dalk Cor Pama se boek, DIE GROOT AFRIKAANSE FAMILIENAAMBOEK ? Indien wel, kan iemand asseblief vir my 'n volkleur afskrif van sy Greeff wapen stuur, met 'n afskrif van die boek se titelblad, as bronverwysing asseblief. Ook alles wat hy oor die Greeff (Greef) wapen skryf, asseblief.

Verstaan ek reg dat Pama die goeters self geteken het, en self opgemaak het, of sê hy darem waar hy dit vandaan kry?

Dit is vir my snaaks dat ek tot nou toe die eng siening van familiewapens gehad het, en hulle heeltemaal vermy het omdat ons "geen reg op iemand ander se wapen gehad het nie". Ek het self geen familiewapen op die GISA webblad gesit omdat ek te verkrampt was. Nadat ek daaroor gedink en geredeneer het, het ek besluit dat die algemene volkssiening van 'n familiewapen ook geldig is, en dat 'familiewapen' ook kan dui op 'n ongeregistreerde ikoon wat alle mense van 'n spesifieke naam verteenwoordig. Nou gaan ek 'n familiewapen op die Greeff webblad sit, met 'n verduideliking van hoe die dinge werk! En ook op GISA se blad, wat nou my gekwalificeerde steun geniet.

Die bespreking op die lys het een purityn, ek self, tot die "verkeerde" volkssiening gebring. Mooi die teenoorgestelde van wat almal wou hê! Hehe!

Francois Greeff  
[www.Greeff.info](http://www.Greeff.info)  
[www.Hiddencode.co.uk](http://www.Hiddencode.co.uk)  
0044 20 8543 6966 (Home)  
0044 79 6372 2345 (Mobile)  
Skype: Greefffrancois

Boodskap 3b. Re: DIE GROOT AFRIKAANSE FAMILIENAAMBOEK

Posted by: "Martin Knoetze" knoetze@netrover.com lovegenaca

Sat Jun 9, 2007 5:17 pm (PST)

Francois

Ek stuur dit vir jou van die lys af.. Pama se boek het nie 'n GREEFF wapen in die boek nie, net 'n GRAAF.

Martin

Boodskap 4a. Re: Begraafplaas Projek  
Posted by: "Jaq Benadie" jaqb@telkomsa.net jaqbenadie  
Sat Jun 9, 2007 12:02 pm (PST)

Blikkies,

Die Durban tak het nie huis 'n aktiewe Begraafplaas projek of span aan die gang nie maar ons het wel 'n moontlike projek waaraan ons binnekort sal wil werk.

Ons kommitee is;

Jaq BENADIE : Voorsitter : jaqb@telkomsa.net  
Judy LETARD : Sekretaresse : kdee@mweb.co.za  
Shirley RICHARDSON : Tesourier : therichardsons@telkomsa.net  
Paul BOWER : Bibliotekaris : paul.r.bower@daimlerchrysler.com

Jaq BENADIE  
PO Box 2337, Pinetown. 3600  
Ph / Fax : 031 - 708 3746  
jaqb@telkomsa.net

Boodskap 4b. Re: Begraafplaas Projek  
Posted by: "Samuel Murray" leuce@absamail.co.za lacialacia  
Sun Jun 10, 2007 12:12 am (PST)

Blikkies wrote:

> Kan elke GGSA –Tak die Voorsitter en/of Begraafplaas Koördineerder se inligting aan my deurgee sodat ek kan weet na wie om te gaan oor die Begraafplaas Projekte, ASB.

Kan jy vir die res van ons 'n bietjie meer vertel oor die begraafplaasprojek? Het julle 'n webwerf met allerlei inligting?

Dis darem lekker van digitale kameras, deesdae, ne?

Groete  
Samuel

Boodskap 5a. Re: BROADBENT FAMILIE  
Posted by: "Ann Tiran" [anntiran@polka.co.za](mailto:anntiran@polka.co.za)  
Sat Jun 9, 2007 12:54 pm (PST)

Hullo Johan

Miskien kan Gordon Campbell jou help [HYPERLINK](#)  
["mailto:gordonc@npa.co.za"](mailto:gordonc@npa.co.za) [gordonc@npa.co.za](mailto:gordonc@npa.co.za)

Die enigste inligting wat ek oor die BROADBENTS het is die volgende:

MARIE THERESE TIRAN [daughter of CAMILLE FREDERICK TIRAN and SUSANNA  
ELIZABETH KEYTER] \*27th February 1869, Uniondale, »14th March 1869, NG Church, Krakeel River Uniondale, x date unknown, FRANK LEE BROADBENT

d1 SAMUEL CAMILLE BROADBENT \*1893, †1918, WW  
1.

d2 MARY ELIZABETH BROADBENT \*29th December 1893, »15th September 1895, Uniondale.

d3 CAMILLE TIRAN BROADBENT \*12th April[HYPERLINK](#) \l "BM\_\_ftn1"[1] 1895, »15th September 1895, Uniondale.

d4 MONA IRENE BROADBENT \*3rd August 1898, George, »23rd March 1899, George.

Groete

Annatjie

Boodskap 5b. Re: BROADBENT FAMILIE  
Posted by: "Johan Vermeulen" jverm@lantic.net johanvermsa  
Sun Jun 10, 2007 12:04 am (PST)

Hallo Annatjie,

Baie dankie vir die inligting. Ek sal verneem of Gordon Campbell dalk kan help.

Groete  
Johan Vermeulen.

Boodskap 6. Venter Janka (Cornelia?)

Posted by: "Louw van Deventer" louwmien@lantic.net louwmien2002

Sat Jun 9, 2007 1:12 pm (PST)

Lyslede

Ek is op soek na inligting van Janka (Cornelia?) VENTER \* ca 1942 - 1945.Gewoon in Pretoria 1962.Sy is die dogter van Stephanus Christiaan VENTER & Janka Cornelia VAN DER WATEREN.Enige inligting van huwelik en kinders sal waardeer word.

Groete

Louw van Deventer

Klerksdorp

Boodskap 7a. Re: nog 'n vraag

Posted by: "piet hoffmann" annelie@icon.co.za piet\_hoffmann

Sat Jun 9, 2007 2:03 pm (PST)

Hallo Barbara,

Ek het 'n boek met die titel "British Residents at the Cape 1795 - 1819" deur Peter Philip.  
Dit is "Biographical Records of 4800 Pioneers". Miskien net word jou voorgeslagte  
daarin vermeld. Laat my weet as ek kan help.

Marie Hoffmann,

Brooklyn, Pretoria.

Boodskap 8. Sterfgeval - OTTO  
Posted by: "Paul Bosman" pbosman@kleinfontein.net paul5016  
Sat Jun 9, 2007 2:19 pm (PST)

Dagsê Vriende

‘n Agterkleinniggie van my is in ‘n motorongeluk oorlede:

Alta OTTO \*3 Mar 1988 †8Jun 2007 dv Paul Daniel OTTO en Rosalie Aletta (Rosetta) LOOCK.

Groetnis  
Paul D Bosman

---

my grootjies: BOSMAN X DE VILLIERS / VERSTER X DE KLERK / FROST X VON BENECKE / SYMINGTON X PIENAAR

Ria s'n: BURGER X MOSTERT / MOSTERT X BRAND / KRUGER X VORSTER /  
KUHN X

BREDENHAHN

Posbus 1787 Rayton 1001

Tel: 012 802 1009, sel: 082 851 4039, Faks: 0866 581829

<pbosman@kleinfontein.net> HYPERLINK

"http://myweb.absamail.co.za/paul.bosman" http://myweb.absamail.co.za/paul.bosman/

Boodskap 9. [Koerant] The Mercury Vrydag 8 Junie 2007  
Posted by: "aletta magrieta.quebbemann" am.queb@mweb.co.za alettaqe9fac  
Sat Jun 9, 2007 8:00 pm (PST)

Dag vriende ,

QUICKQUIP:- " I always arrive late at the office, but I make up for it by leaving early . "  
- Charles LAMB.

GEBOORTES:- BUTCHER Ross & Elaine 'n tweeling Matthew en Julia \*6/06/2007 in Parklands Hospitaal Durban.

EDWARDS Debbie gee geboorte aan Jordan Guy \*4 Junie 2007 Van ouma Avril.

WESSELINK /POSEMANN Michelle & Athol 'n seun Alex Michael \* ?? Broer vir Adam en Anna. Kleinkind vir Mike en Ros POSEMANN. Ook Iris & + Vernon WESSELINK.

VERLOWING:- KLETTE - VILJOEN Dave & Lynda gee verlowing bekend van Sharon en Tim in Pretoria op 2/06/2007.

HERDENKINGS:- PROCTOR Colleen & Barry x St Thomas Anglican Church 8 June 1957 .

RONALDSON - BERRY Dick & Pam x 8 Junie 1957 TEL:- 0315646248.

DOOD:- BARTHOLOMEW Milton .Cherry & familie nooi almal uit na die viering van Milton se lewe by Quarters Hotel ,101 Florida Rd . Morningside Durban. om 11/06/2007 van 4---6nm.

BARTHOLOMEW Margaret Edith 19/08/1926 ----6/06/2007. Suster van Len BARTHOLOMEW. Tannie van Geoffrey, Yvonne, Craig, Denise en Melville.

BARTLESON Zane 12/10/2004-----01/06/2007. Begrafnis by Full Gospel Church Berea 9/06/2007. Ingesit deur DOVES.

CANHAM Cynthia . Begrafnis by St Gabriel's Anglikaanse Kerk 9/06/2007 om 2nm. Dan na Dudley Begraafplaas.

CHIDDY nee THERON Trusie 17/07/1909 -----1/06/2007. Ma van Pamela, June en Trish.

CLAYTON Ada + 5/06/2007 .Ma van Pat en Wilma, Syd & Danny, Marlene & Mark, Ouma van Noeleen en Colin, Greg en Bev, Chantelle, Laura, Sally en Jacque, Gaynor, Patricia, Nikki, Tony en Martin, Tina, Clayton. Oumagroot van Claire,, Caroline, Jenna, Brendon, Jesard, Juan, Chesney, Thomas, Savannah, Kayla, Rachael en Nikeisha. Oor-

oumagroot van Shannon en Rebecca. Memorial by Hillcrest Methodiste Kerk 8/06/2007 om 2nm. Dan na Danny en Sylve's Huis. TEL: - 0723776528.

DIEDRICK Avril Samantha van Wentworth. Dogter van Elsie en + Douglas DIEDRICK. Begrafnis by Christ The King Parish Wentworth. Diens 12nm. op 11/06/2007. Dan na Dudley Begraafplaas.

FREDERICKS Isaac John Phillip van Sydenham. x Connie. Pa van Joseph, Nigel en Ashleigh en oupa. Begrafnis op 10/06/2007 by Nuwe Apostoliese Kerk Sydenham om 10.30vm.

GRANT Peter 1937 ----06/06/2007. Nou saam met 3 broers en oom Pete. x Cynthia. Pa van Greg, Sandi en Jeff. Skoonpa van Ronel, Steve en Rene. Oupa van Adam, Celine, Abby en Hannah. Begrafnis by Star of the Sea Katolieke Kerk Umhlanga op 13/06/2007 om 11vm.

GREEN Felix x Yvonne. Pa van Brendon, Troy, Marcel & Avril. Skoonpa van Bianca, Cherri en Ashleigh. Oupa van Gastron, Roxanne, Tyrelle, en Chaz. Begrafnis 09/06/2007 by Kingdom Living Ministries ( oorkant Newlands Community Centre) om 11.30 vm Daarna na Stellawood Begraafplaas.

NELSON Graham Leslie + 4/06/2007 Oudste broer en oom van Petro ,Neville en Tristyn CROMPTON ; Anna ,Peter ,Nathan en Brandon.

SCHRIBANTE Laura + 06/06/2007 in Port Elizabeth. Ma van Leandro en Nancy. Ouma van Dinno, Shelley, Tamara, Mark & Louella. Bis-Nonna van Olivia en Giorgia.

SHAW nee STEAD Susan Margaret 15/10/1970 ----03/06/2007. Dogter van Judi & + John STEAD .Suster van Sal, Robs, Gen en George. Ma van Nick en Cam.

THOMAS Arthur Llewellyn 05/04/1928 -----05/06/2007. Ingesit deur Joyce en familie . Ondernemers SHANLEY'S.

THOMAS Author Begrafnis by Claude Page Hall Moth Memorial Cottages 8 en 11/06/2007 2007 om 11vm.

TIMMER Brian . Ingesit deur "Girls at Sure Corporate Travel Berea."

VICKERS Martin Andrew .Begrafnis by Camperdown Methodiste Kerk 11/06/2007 om 11vm.

WOOLF Arthur Alexandra 06/09/1937 ---02/06/2007.Pa van Ian, Lou-Ann, Barbara, Charmaine en Beverley, skoonpa en oupa.

SIMPATIE:- LEWIN Lofty. Simpatie aan Mark , Peter en Glen en familie van Mike & Alison RAUBENHEIMER en Marine Surf Lifesaving Club.

RIEKERT Errol Simpatie aan Martha. Van Durban Early Car Club.

SPENCE Mavis. Simpatie aan Lynn, Wolfgang, Heidi ,Ross, Natalie,Clint en familie. Van almal werksaam by H W SCHMIDT Industrials ,Pinetown, Johannesburg en Kaapstad.

MEMORIAL :- BRISSET Eric Mitchell 16/11/1945-----08/06/2006. x Rosalind. Pa van Gerard ,Raelene. Skoonseun Abdul ,toekomstige skoondogter Sorelle en kleinkinders.

DE MONTILLE Cicely 36 jaar dood nou. Onthou deur Ken, Brian, Jenny en Susan.

HOFF Derek Sydney (Foxy) x Joyce .Pa van Cy, Ren en John.

MONTGOMERY Bernard 26 Jaar dood nou. Ingesit deur Pa.

OSBORNE Jeff. Pa van Ravin.

PEARSE Joyce + 25/05/1988 & Les + 08/06/2006.Ouers van Des, Pat, Carol en familie.

POTTIER Archie .Van kinders.

ROBERTSON Troy Oreste 07/06/2006 ----08/06/2006. Kind van Coen & Karen jou boetie Keagan.Ook onthou deur Grootouers ,oorgrootouers ,tannie Angela en oom Kevin ook oom Bruce.

SAVAGE Veronica .1jaar dood nou.Ma van Mary-Anne.

DANKIE:- MARWICK Linda. Graham, Warren , Neil en Duncan bedank almal vir kaartjies ,blomme en ondersteuning.

gegroet uit Durban, nogaltyd sonskyn en matig.

Aletta Magrieta QUEBBEMANN ( Rita)

15 Mt Royal ,

Dunkirk Place Umbilo

Durban. Suid Afrika

Ouers:- STEENKAMP /LOURENS

GROOTOUERS :-STEENKAMP/ SCHEEPERS

LOURENS /SWANEPOEL / VELDMAN

SKOONDOGTER: BOTHA /SWANEPOEL/ SMITH

Boodskap 10. Marico Mense

Posted by: "Johan Niemandt" pcmechanic@vodamail.co.za johanniemandt  
Sat Jun 9, 2007 11:41 pm (PST)

Ek blaai gister deur 'n transportakte van die plaas Doornrivier in die Marico Distrik, en toe kom ek op die volgende name af. Moontlik kan dit iemand help.

Groetnis

Johan Niemandt

Piet Retief

Jan Johannes Jacobus /Kruger/ \* 12 December 1934

Jacobus Johannes /Van Der Merwe/ \* 1 March 1921

Gabriel Johannes Mathys /Wolmarans/ \* 9 January 1925

Antonie /Neveling/ \* 8 July 1919

Johannes Lodewikus /Coetzee/ \* 3 September 1921

Jacob /Coetzee/ \* 9 February 1919

Christoffel Johannes /Coetzee/ \* 1 September 1899

Ignatius Petrus Ferreira /Coetzee/ \* 25 November 1910

Jacob /Van Der Merwe/ \* 3 December 1897

Frederik Jacobus /Taljaard/ \* 19 May 1906

Johannes Cornelis /Coetzee/ \* 16 December 1914

Gideon Francois /Erasmus/ 24 February 1910

Pieter Johannes Barend /Van Der Merwe/ \* 26 May 1942

Gerhardus Johannes Jacobus Pretoris /Coetzee/ \* 27 May 1916

Boodskap 11a. Re: Betulie begraafplaas  
Posted by: "B J Venter" [twyfelpoort@gmail.com](mailto:twyfelpoort@gmail.com) twyfelpoort  
Sun Jun 10, 2007 12:44 am (PST)

Goeiemore Frik,

Ek stem een honderd persent met jou saam! Die werk wat Simon met die fotografering gedoen het is van onskatbare waarde. So ook die verwerking daarvan in 'n teksformaat deur Simon du Plooy en Johan Potas. Johan het reeds 'n bygewerkte lys aan 'n hele paar mense gestuur.

My bekommernis is egter dat daar geen erkenning op die bygewerkte lys gegee word aan die bydraers vir enige bywerking nie. Ek het ook alreeds hierdie bekommernis aan Johan in 'n e-pos uitgespreek waarop ek tot dusver nog geen antwoord van hom af ontvang het nie. Moontlik het hy nie my e-pos in hierdie verband ontvang nie?

Met vriendelike Venter-groete

Barend J Venter  
Navorsier van die Venter-Familie van Suid-Afrika  
[twyfelpoort@telkomsa.net](mailto:twyfelpoort@telkomsa.net)

Boodskap 12. Kopiereg: Wat dink die lysteraars  
Posted by: "Elmien Wood" woodem@mweb.co.za  
Sun Jun 10, 2007 1:27 am (PST)

Alida

Jy verstaan my heeltemal verkeerd. Ai tog! My beeld van die een buurman wat die ander een pere gee en dan weer appels in ruil ontvang, beteken glad nie dat 'n mens net gee wanneer jy ontvang nie!

Wat ek bedoel het is die volgende: Ek gaan deur die kieserslys van 1983 en maak 'n lys van al my Spiese. Daar vind ek drie Spiese wat met Schoultze getroud is. Vir jou is dit feitlik onmoontlik om hulle te kry, want hulle is onder hulle getroude naam gelys. Jy sal hulle wel eendag kan kry wanneer hulle op NAAIRS is, maar dan sal jy seker nog vyftig jaar moet wag! Ek stuur dan al die Schoultze wat ek het vir jou en jy stuur vir my die Spiese, as jy enige het. Dit gaan oor inligting wat toeganklik word wanneer 'n mens die soekwoord "Spies" gebruik en vice versa. Dit is wat ek in gedagte gehad het met die natgooi en bemes van die twee verskillende bome. 'n Navorsing kan maar so veel natgooi en bemes as wat hy wil, getroude vroue bly maar moeilik om te kry! Met my "Spies" soekwoord gaan het baie selde die nooi Spies wat met meneer Schoultz getroud is kry.

Ek wil juis wegkom van die idee dat "ek voel so, daarom moet ander ook so maak". Dit gee aanleiding tot die toutrekkery wat al van die GenForum-dae af bestaan.

Ek wil eers net uitvind wat is die ongeskrewe verstandhouding van die verskillende lede van hierdie gespreksgroepe.

Helgard, ek is baie beïndruk met Basil van Rooyen se werk, Hy raak aan die meeste aspekte waaroor 'n mens vrae wil hê, ("without copyright there would be no publishers and no authors", morele reg, billike gebruik, ens.). Kan jy asseblief weer dit ophaal nadat ons gesien het wat die mense in gedagte het.

Ek soek eerstens daardie ongeproke en ongeskrewe verwagtinge van mense wat inligting uitruil.

Ursulah dit is presies wat 'n mens sou wou bewerkstellig: "Kopiereg behoort nie 'n probleem te wees as ons mekaar respekteer, inligting wat ons van ander kry met respek behandel, en erkenning gee waar nodig"

Samual jy sê in baie min woorde waaroor hierdie hele gespek eintlik gaan: toeganklikheid vir die gebruiker en "Aan die ander kant moet 'n mens twee dinge van enige skrywer/navorsing respekteer, naamlik die reg om beloon te word en die reg om erken te word."

Die ander stelling van jou is een waaroor ek vrae wil vra, naamlik, wanneer 'n mens inligting elektronies bekend gestel het, het jy enige reg daarop of as jy wel 'n reg daarop het, is daar enige manier waarop jy die reg kan afdwing?

Die kwessie van kopiereg is so 'n belangrike saak vir almal dat ek nou 'n ellelange brief geskryf het, ten spyte van die feit dat ek stap vir stap wou vorder. Mense het so baie dinge op die hart, dat hulle behoeft voel om dit neer te skryf.

Groete  
Elmien

Boodskap 13a. Kopiereg: Wat dink die lysteraars?  
Posted by: "Elmien Wood" woodem@mweb.co.za  
Sun Jun 10, 2007 1:32 am (PST)

Johan

Ek het die artikel van Gerrit Brand baie ernstig begin lees, sonder dat ek besef het dit 'n joernalistieke stuk is. Ek het baie respek vir Gerrit as denker en daarom dat baie van die dinge wat hy sê sin maak, maar ek dink as joernalis probeer hy reaksie uitlok en dit gaan veels te moeilik wees om al sy standpunte logies te beredeneer.

Ek gaan die artikel nogtans hou om later weer daarna te kyk.

Groete  
Elmien

Boodskap 13b. Kopiereg: Wat dink die lysteraars?  
Posted by: "Elmien Wood" woodem@mweb.co.za  
Sun Jun 10, 2007 1:33 am (PST)

Hester Marx en Fanie Blignaut, ek het ongelooflik baie waardering vir julle werk. Wat julle sê is uiters belangrik. Verstaan ek reg as julle sê dat julle niks verwag nie, maar die dankies wat julle van tyd tot tyd kry waardeer? Die wete dat julle iets doen wat betekenis het vir ander is beloning genoeg?

Beide van julle gee glad nie om as poslyslede die inligting wat julle op die lys plaas in hulle geslagregisters gebruik nie.

Dit lyk vir my asof die beginsel dat iets in 'n ander genealogiese genre gebruik kan word universeel aanvaar kan word.

MAAR dit lyk vir my asof julle albei met die koerant in verbinding was en goedkeuring gekry het vir die gebruik van die persoonlike berigte?

Dit beteken dan ook dat niemand julle inligting woord vir woord kan afskryf en geld daaruit kan maak nie, want as julle nie gaan optree nie, dan gaan die koerant wel.

Beteken dit dan dat ons kan sê dat inligting nie van enige bron afgeskryf kan word, sonder dat dit met die broneienaar uitgeklaar is nie?

Groete  
Elmien

**Onderwerp:** [SA-Gen] Bundel Nommer 2773

**Datum:** Monday, June 11, 2007

Daar is 25 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:

- 1a. Kopiereg: Wat dink die lysteraars? From: Elmien Wood
- 2a. Re: Kopiereg: Wat dink die lysteraars From: Samuel Murray
- 3a. Re: LE ROUX-FAMILIE: VIR URSULAH From: Ursulah
- 4a. Re: KOPIEREG OPENBEARE BESPREKING From: Samuel Murray
- 4b. Re: KOPIEREG OPENBEARE BESPREKING From: Ursulah
- 4c. Re: KOPIEREG OPENBEARE BESPREKING From: Samuel Murray
- 4d. Re: KOPIEREG OPENBEARE BESPREKING From: Ursulah
5. familie stamboom sagteware From: Ursulah
- 6a. Re: DE BRUIN x DE LA REY From: Amanda
7. Amatola Museum Kontak From: Karel Marais
8. KAB Versoek aub. From: Simon du Plooy
- 9a. Re: Plase Distrik Albert From: B J Venter
- 10a. Re: Waterkloof begraafplaas Philippiolis distrik From: Annaretha Smitsdorff
11. Fw: Familie Saamtrek Organiseerders From: Francois Greeff
- 12a. Re: Marico Distrik Dennis From: Dennis Pretorius
- 13a. Vir Jean - Plase Distrik Albert. From: Simon du Plooy
14. [Koerant ] Sunday Tribune 9 Junie 2007 From: aletta magrieta.quebbemann
15. [Koerant] The Mercury Vrydag 8 Junie 2007 CREDITORS..... From: aletta magrieta.quebbemann
- 16a. Re: Idees ivm Familieboek. From: Jan van Rooy

- 17a. Re: Begraafplaas Projek From: Annelie Els
18. Epos adres vir Kobie Voster From: Marie Bossert
- 19a. Driehonderd jaar Nasiebou - Stamouers van die Afrikaner Volk. From: J van der Grijp
- 19b. Re: Driehonderd jaar Nasiebou - Stamouers van die Afrikaner Volk. From: Nardus Combrinck
20. Oudtshoorn doopregister From: Annemarie van den Doel
21. [Koerant] Beeld 11 Junie 2007 From: Blikkies

Boodskap 1a. Kopiereg: Wat dink die lysteraars?  
Posted by: "Elmien Wood" woodem@mweb.co.za  
Sun Jun 10, 2007 2:46 am (PST)

Willeen,

Ek soek huis 'n paar klippe in my tuin, hoe gaan ek anders weet wat is onkruid en wat nie!!!

Kom ek begin by nommer 2. Ek het 'n grooooooot blabs gemaak met die verskil wat ek gemaak het met die kerke se inligting en GSU se inligting.

Wanneer inligting gebruik word, moet 'n ooreenkoms met die oorspronklike eienaar aangegaan word. Dit is wat die GSU gedoen het in verband met die kerkregisters en dit is van Hester en Fanie gedoen het met die koerante waaruit hulle berigte oorneem.

Die begraafplaas-inligting van GGSA: Dit is waar wat jy sê, jy kan ook na 'n begraafplaas toe gaan en al die inligting afskryf en niemand sal ooit kan bewys dat jy dit nie self gedoen het nie. Maar as jy skielik vyftig begraafplase se grafkrifte op 'n kompaksky begin verkoop, sal iemand wel beswaar maak, want jy as enkele persoon, sal nooit die werk kan doen wat talle lede van die GGSA oor talle jare gedoen het nie.

Die derde vraag. My voorbeeld is partykeer verwarring en miskien my gebruik van "genre" ook. In die letterkunde word onder verskillende genres verstaan prosa, toneel, poësie, biografië, en so voorts.

Wat ek bedoel met genealogiese "genre" is die volgende: Ben Cilliers het die Afrikanerfamilies van Natal neergeskryf. Sal ek dit 'n "streeksgenealogie" noem? Nou gebruik ek sekere gegewens daaruit in die "Spiesfamilie". Ek glo dat dit nou 'n ander genre is. Of ek gebruik die begraafplaasdata (een genre) in die familiegenealogie ('n ander genre). Of ek gebruik Spiesgenealogie in die Woodgenealogie, dieselfde genre, maar 'n ander onderwerp.

Dit bring my nou weer by vraag een. 'n Sterftekennis, of 'n lys van sterftekennisse, is 'n ander genealogiese genre as 'n geslagsregister.

Ek wil glad nie die regssaspekte los nie, maar wil net 'n bietjie daarmee wag. Kan ek maar weer 'n beeld gebruik en hopelik maak dit hierdie keer nie alles weer nog meer onduidelik nie.

Wanneer ek van Belville af Stellenbosch toe ry en ek ry 'n bietjie vinnig, sal motors voor my dikwels aan die kant van die pad lings van die geel streep ry sodat ek kan verby kom. Wanneer ek dan verby is flikker ek my ligte om dankie te sê. Dit is nêrens in die padkode nie, maar dit word gewoonlik so gedoen. Op 'n dag was ek op pad Stellenbosch toe en my dogter het haar werk waaroer sy die volgende dag eksamen sou skryf met by bespreek. En die vreeslikste gebare en getoet en geskel het op my neergereën van die motor agter

my omdat ek nie vir hom plek gemaak het om verby te kom nie. Dit was op daardie stadium nie in die padkode nie, maar 'n ongeskrewe verstandhouding tussen bestuurders. Ek wil aanvanklik net weet wat maak mense ongelukkig voordat ek na die wetlike aspekte kyk. (Ek meen die padkode is intussen aangepas.)

Stem met jou opsomming saam, dit gaan oor toeganklikheid aan die een kant, en beloning en erkenning aan die ander kant.

Groete  
Elmien

Boodskap 2a. Re: Kopiereg: Wat dink die lysteraars  
Posted by: "Samuel Murray" leuce@absamail.co.za lacialacia  
Sun Jun 10, 2007 2:58 am (PST)  
Elmien Wood wrote:

> Die ander stelling van [Samuel] is een waaroor ek vrae wil vra, naamlik, wanneer 'n mens inligting elektronies bekend gestel het, het jy enige reg daarop of as jy wel 'n reg daarop het, is daar enige manier waarop jy die reg kan afdwing?

Dit wat geld vir elektronies vrygestelde inligting geld ook vir inligting in boeke. Enige werk wat op die web is, is outomatises onderworpe aan kopiereg en word deur ons land se kopieregwette beskerm. Die skrywer van sulke werke het dieselfde regte en moet dieselfde procedures volg as skrywers van boeke wie se kopiereg geskend word.

Dieselfde wat geld vir die maak van kopieë ter wille van navorsing of persoonlike gebruik van boeke, geld vir webwerwe.

Hier is twee vragen wat moontlik kan help om die webding perspektief te gee:

1. As ek 'n boek besit en jy besit dieselfde boek, mag ek dan 'n fotostaat van die hele boek maak en dit vir jou gee (mits beide jy en ek steeds die twee eksemplare van die boek in ons besit het en ons die fotostaat met niemand anders deel nie)?
2. As daar 'n boek is wat 'n mens gratis by die uitgewer kan kry (teen letterlik geen koste nie), en daardie boek is tans beskikbaar, en ek besit 'n eksemplaar daarvan, mag ek dan 'n fotostaat van die hele boek maak en dit vir jou gee as jy nog nie 'n eksemplaar van daardie boek het nie (mits die boek op daardie tydstip nog gratis beskikbaar is)? Onthou, die feit dat 'n boek gratis is, beteken nie dat daar geen kopiereg op is nie. Die uitgewer kan te enige tyd ophou om die boek te versprei (gratis of andersins), en die feit dat die boek eens op 'n tyd gratis was, beteken nie dat mense wat die boek het, dit nou aan mense mag versprei wat dit nog nie het nie. My vraag is of die verspreiding mag plaasvind so lank die boek by die uitgewer nog gratis beskikbaar is.

Die rede van vraag 2 is dit: mag jy 'n webwerf wat tans gratis op die internet is, aflaai en dit aan iemand gee wat byvoorbeeld nie internet het nie? As jou antwoord op vraag 2 "nee" is, moet jou antwoord op dié vraag ook "nee" wees.

Onthou, dié twee vragen geld net vir die kopieer van die hele boek/webwerf of 'n groot gedeelte van die boek/webwerf, wat nie normaalweg deur die uitsondering vir navorsing/persoonlike gebruik gedek word nie.

Die toepassing van vraag 1 is dit: Gestel ek koop genealogiese inligting wat in PAF-formaat is, en jy koop dieselfde produk, maar albei van ons wil dit graag in Alfaer-formaat hê. Ek weet hoe om dit om te skakel, maar jy weet nie. As 'n mens veronderstel dat dit wettig is om dit om te skakel, mag ek dit dan omskakel en die omgeskakelde

inligting vir jou stuur (met die verstandhouding dat dit net gedeel mag word met mense wat die oorspronklike betaalde produk besit)? My houding is "ja", maar IANAL.

Ek het eintlik gehoop om nie te veel by dié gesprek betrek te word nie.

Samuel

Boodskap 3a. Re: LE ROUX-FAMILIE: VIR URSULAH

Posted by: "Ursulah" jvrens@tdm.co.mz jvrens

Sun Jun 10, 2007 3:00 am (PST)

Beste Daniel

Baie dankie vir jou moeite. Wens ek was nader dan het ek gevra dat ek die boek leen en deurblaai.

Nogmaals dankie

Groetnis

Ursulah

Maputo

Groenkop Genealoog en

Student in Sielkunde

Boodskap 4a. Re: KOPIEREG OPENBEARE BESPREKING  
Posted by: "Samuel Murray" leuce@absamail.co.za lacialacia  
Sun Jun 10, 2007 3:04 am (PST)

Sylvester Rascher wrote:

> Spesifieke bronverwysing in die genealogie bly dus van groot belang en kan na my mening nie met bronverwysings in woordeboeke vergelyk word nie.

Jy het 'n punt beet.

Ek kry so 'n gevoel dat hier tweé kwessies ter sprake is, naamlik dié van kopieregskending, en dié van plagiaat. Die groot besware wat keer op keer hier opkom, klink vir my eerder na dit wat gebeur as mense ander mense se navorsing as hul eie afmaak, of nie voldoende erkenning aan ander navorsers se werk gee nie. Dit is plagiaat, en ek dink dit moet apart bespreek word van kopieregskending.

Samuel

Boodskap 4b. Re: KOPIEREG OPENBEARE BESPREKING  
Posted by: "Ursulah" jvrens@tdm.co.mz jvrens  
Sun Jun 10, 2007 3:45 am (PST)

Ek stem saam, tog kan die een nie sonder die ander nie

Na my mening is plagiaat die gebruik van ander se material, (wat onder die kopiereg beskerm word) sonder dat die oorsprong of outeur van die material erkenning gegee word. Weer, dis 'n kwessie van respek!

Wanneer inligting vanuit 'n boek, koerant, artikel of selfs die web gekwoteer of gekopieer word, sonder dat erkenning aan die oorsprong (source) gegee word, sien ek dit as plagiaat. Indien jy die material sou herskryf in jou eie woorde en nie erkenning gee aan die oorsprong van diemateriaal nie, sou ek ook se dit is plagiaat. Na my mening weer, is dit uiteindelik diefstal van iets wat aan iemand anders behoort en oneerlik om voor te gee dat dit aan jou behoort.

Plagiaat (die onerkende gebruik van iets wat aan iemand anders behoort) bestaan onder 'n ongeskrewe reel - (wendersydse respek), waar kopiereg baie duidelik in die wet omskryf word.

Alhoewel kopiereg die totale besitreg van iets aan 'n persoon toe eien, sou ek se dat wanneer daardie iets (inligting, material, boek, artikel) deur die persoon in die publieke domain openbaar gemaak word, hy sy besitreg prysgee en dis net hier waar plagiaat oorneem.

Hoeveel van ons kwoteer nie Shakespeare, Socrates, Nostradamus, die Bybel ens ens. dit behoort tweede natuur te word om te se waar jy aan jou inligting gekom het. "Hulle" en "iemand" behoort begrawe te word en die harde werk wat so baie van ons doen om iets mooi, belangrik of funksioneel te skep MOET individueel erken word.

Groetnis  
Ursulah  
Maputo  
Groenkop Genealoog en  
Student in Sielkunde

Boodskap 4c. Re: KOPIEREG OPENBEARE BESPREKING  
Posted by: "Samuel Murray" leuce@absamail.co.za lacialacia  
Sun Jun 10, 2007 5:50 am (PST)

Ursulah wrote:

> Alhoewel kopiereg die totale besitreg van iets aan 'n persoon toe eien, sou ek se dat wanneer daardie iets (inligting, material, boek, artikel) deur die persoon in die publieke domain openbaar gemaak word, hy sy besitreg prysgee en dis net hier waar plagiaat oorneem.

Nee, hiermee stem ek nie heeltemal saam nie.

Ten eerste handel kopiereg nie oor besitreg nie. Ek besit verskeie boeke wat ek gekoop het, maar ek het nie die kopiereg van daardie boeke nie. Iemand kan selfs kopiereg van iets hê wat hy nie besit nie ('n briefskrywer wat 'n brief aan iemand stuur, is byvoorbeeld die kopiereghouer van die brief, hoewel hy nie die brief besit nadat hy dit gestuur het nie).

Ten tweede maak blote openbaarmaking nie dat kopiereg op 'n werk verloor word nie. Enige boek wat gepubliseer is, is openbaar gemaak. Die begrip "public domain" het niks met openbaarmaking te doen nie.

Ten derde kan 'n skrywer wel sy kopiereg prysgee, maar nie sy morele reg nie (hy kan wel besluit om nie sy morele reg af te dwing nie). Iemand wat dus sy werk in die openbare domein vrystel, het steeds die reg om as skrywer van daardie werk erken te word.

> Hoeveel van ons kwoteer nie Shakespeare, Socrates, Nostradamus, die Bybel ens ens. Dit behoort tweede natuur te word om te se waar jy aan jou inligting gekom het.

Die rede hoekom mense die bron vermeld as hulle uit sulke bronne aanhaal, is bloot omdat hulle met dié bronvermelding gesag wil verleen aan hul eie geskrifte. 'n Stelling dra dikwels meer gewig as daar gewys kan word dat dit uit die een of ander gesaghebbende of bekende bron is.

Samuel

Boodskap 4d. Re: KOPIEREG OPENBEARE BESPREKING  
Posted by: "Ursulah" jvrens@tdm.co.mz jvrens  
Sun Jun 10, 2007 5:57 am (PST)

Nou ja mens is nooit te oud om te leer nie.

Dankie Samuel.

Vir my bly dit nog 'n kwessie van erkenning gee waar dit toekom

Groetnis

Ursulah  
Maputo  
Groenkop Genealoog en  
Student in Sielkunde

Boodskap 5. familie stamboom sagteware  
Posted by: "Ursulah" jvrens@tdm.co.mz jvrens  
Sun Jun 10, 2007 3:49 am (PST)

Hallo mede lyslede

Ek het 'n rukkie terug begin met my navorsing en aanvanklik ancestry.com gebruik om my inligting op te stoor. Die program is egter nie meer voldoende en ek het Legacy aangeskaf. My probleem nou is dat ek heelwat inligting op die ancestry databasis het. sonder om alles "manually" weer oor te skryf, hoe kan ek dit oordra op die legacy program. Dit lyk nie of die GEDCOM fasiliteit beskikbaar is op ancestry. Is daar dalk iemand wat kan help? Groot Groot asseblief.

Vriendelike Groete

Ursulah van Rensburg

Maputo  
Groenkop Genealoog en  
Student in Sielkunde  
09258 824 1011 54 Mobile  
09258 214 90 990 Home

Boodskap 6a. Re: DE BRUIN x DE LA REY  
Posted by: "Amanda" folkus@telkomsa.net annamariefolkus  
Sun Jun 10, 2007 5:05 am (PST)

Hallo Johan

Baie dankie vir die inligting.

Omdat die FOLKUS stam naam, Jan Johannes is en daar ook Anna Catharina by hulle voorkom en ook nog dat generaal DE LA REY 'n groot-oom van die FOLKUS familie was, het ek gewonder of die DE BRUIN x DE LA REY dalk erns 'n verbinding kon wees.

Ek sal maar nog moet soek om hierdie FOLKUS nagmerrie op te los!

As ek iets verder kry, sal ek laat weet as ek nog inligting benodig dankie.

Groete  
Annamarie Folkus  
Welkom  
folkus@telkomsa.net

Boodskap 7. Amatola Museum Kontak  
Posted by: "Karel Marais" turando101@yahoo.com turando101  
Sun Jun 10, 2007 5:53 am (PST)

Dagse,

Het iemand dalk 'n kontak persoon by die museum of het iemand dalk die lys van die Britse Duitse legioen soldate wat in omtrent 1858/9 in die Oos Kaap aangekom het?

Dankie,  
Karel Marais

Boodskap 8. KAB Versoek aub.  
Posted by: "Simon du Plooy" sjduplooy@mweb.co.za sjdp1951  
Sun Jun 10, 2007 10:06 am (PST)

Goeienaand aan die Kapenaars,

'n Argiefbesoeker wat tyd beskikbaar sal he vir die Sk aub.

Die dankbaarheid sal groot wees!!

Groetnis,

Simon.

DEPOT KAB  
SOURCE MOOC  
TYPE LEER  
VOLUME\_NO 6/9/23552  
SYSTEM 01  
REFERENCE 929/55  
PART 1  
DESCRIPTION EDWARDS, DOROTHEA HELENA. ESTATE PAPERS.  
STARTING 19550000  
ENDING 19550000

Boodskap 9a. Re: Plase Distrik Albert  
Posted by: "B J Venter" twyfelpoort@gmail.com twyfelpoort  
Sun Jun 10, 2007 11:30 am (PST)

Beste Jean,

Miskien help die volgende dalk, dit is 'n direkte aanhaling uit Die Venter-familie deur wyle ds D G Venter 1957. p38:

p38.

Volgens 'n testament wat Petrus Stephanus Venter op 19 Maart 1825 op Cradock laat maak het, moes die familie mettertyd nader aan Cradock as Graaff-Reinet gewoon het. Toe hy 'n man van ongeveer sewentig jaar was, het hy as sy laaste woonplaas verkry die plaas Cornetskop 2,355 morge groot en wel op die 8ste Aug. 1850. Die plaas lê tussen Molteno, Jamestown en Burgersdorp in die Stormberg, 'n deel wat in daardie oopgesit is.

p39

Toe ons die plaas besoek het in 1934, het mnr. Gabriel Venter op die Cornetskop-werf gewoon. Maar die plaas was toe al in baie stukkies opgedeel. Op die ou Cornetskopwerf het ons verneem dat dit van naam verander het en heet Silverstream. Volgens mnr. Gabriel Venter het die plaas die naam gekry deur ene Jan Mitschly. Hy dink dat dit oorspronklik Cornetskop genoem na die groot kop vlak by die werf.

Petrus Stephanus was in die omwandeling aan almal bekend as Piet Cornetskop en het die plaas gekry "on perpetual

p40

Quitrent" teen £5/5/0 per jaar en is later verkoop vir £150.

Piet Cornetskop en sy vrou het sewe kinders gehad - 4 seus en 3 dogters. Hy moet oorlede wees nie baie lank na hy op Cornetskop gaan woon nie, want sy weduwee het eksekutrise van sy boedel opgetree en die "letters of administration" was gedateer 17 Februarie 1853. Sy het ook die plaas verkoop aan Jacob en Adriaan van Wyk.

Ek hoop dat dit so 'n bietjie sal help.  
Met vriendelike Venter-groete

Barend J Venter  
Navorser van die Venter-Familie van Suid-Afrika

Boodskap 10a. Re: Waterkloof begraafplaas Philippolis distrik  
Posted by: "Annaretha Smitsdorff" [arets@absamail.co.za](mailto:arets@absamail.co.za)  
Sun Jun 10, 2007 11:57 am (PST)

Ek is opsoek na Johan Pottas se e-pos adres in verband met die waterkloof begrafplaas buite Philippolis.

Dankie

Aret Smitsdorff  
[arets@absamail.co.za](mailto:arets@absamail.co.za)  
Tel: 021-945 1985  
Sel: 082 851 9748

Boodskap 11. Fw: Familie Saamtrek Organiseerders  
Posted by: "Francois Greeff" Goodgreeff@hiddencode.co.uk francoisgreeff  
Sun Jun 10, 2007 11:57 am (PST)

Wie op hierdie lys het al 'n familie saamtrek gereel? Kontak my asb met advies.

> Wie weet waar die grootste karavaan en kampeer terreine in Suid Afrika is? Waar kom die hele stam byeen? Ek skat naby water (swemwater) in die Vrystaat, oor Kersfees en Nuwejaar, 2010.

>

> Watter familie het tot dusver die grootste saamtrek ooit gehad? Waar en wanneer?

>

> Francois Greeff

>

> www.Greeff.info

> www.Hiddencode.co.uk

>

> 0044 20 8543 6966 (Home)

> 0044 79 6372 2345 (Mobile)

> Skype: Greefffrancois

Boodskap 12a. Re: Marico Distrik Dennis  
Posted by: "Dennis Pretorius" krugersdorp@pixie.co.za dennis\_pretorius  
Sun Jun 10, 2007 11:59 am (PST)

Hallo Anne

Nee - ek het geen inligting van die Van der Lindes van die Marico nie.

Een van ons Marico-kenner is Johan Niemandt - miskien kan hy vir jou help

Jammer ek kan nie help nie

groetnis

Dennis Pretorius, Krugersdorp, South Africa/Suid Afrika  
Commercial Genealogical Researcher/Kommersiële Genealogiese Navorser  
Owner of SAGenealogy E-mail list/Lyseienaar - SAGenealogie poslys  
E-Mail/E-pos: krugersdorp@pixie.co.za  
Web address/Webadres: <http://mzone.mweb.co.za/residents/k75/genealogy.html>  
Telephone/Telefoon: +27-83-679-8541

Boodskap 13a. Vir Jean - Plase Distrik Albert.  
Posted by: "Simon du Plooy" sjduplooy@mweb.co.za sjdp1951  
Sun Jun 10, 2007 12:28 pm (PST)

Jean - goeienaand,

Ek het met my "informant" wat in Burgersdorp se distrik Albert woonagtig kontak gemaak en hy kon die volgende aan my medeel.(ek dra oor soos hy die plase se ligging aan my uiteengesit het!)

1. Kornetskop - Totaal onbekend aan hom, vermoedelik 'n plaasnaam wat nie meer algemeen in gebruik is nie. [soos "Balkfontein" wat eens van die grootste plase in die distrik was, maar hy sal navraag doen en my laat weet.]
2. Damplaas - Van Burgersdorp die roete na Bethulie - ongeveer 6-7 km verby Knapdaar draai links en Damplaas dan min of meer 10 km vandaar. Was vroer vir baie jare in Krugerbesit. Omliggende - nie noodwendig aangrensende - plase is Vlakfontein, Mooihook, Wasbank en Uitkyk. Huidige eienaar Izak - (Sakkie)Jacobs.
3. Olyfenboschfontein - Min of meer 30 km Noordoos van Burgersdorp ('n ent op die Aliwal-noordpad voordat afgedraai word.) Omliggende plase: Ellismere (Alicemere?) Deelspruit, en Glenridge. Huidige eienaars: Theuns en Bertha Coetzee.

Ek sal die eienaars se kontakbesonderhede kan bekom indien jy meer inligting benodig.

Groete,

Simon.

Boodskap 14. [Koerant] Sunday Tribune 9 Junie 2007  
Posted by: "aletta magrieta.quebbemann" am.queb@mweb.co.za alettaquea9fac  
Sun Jun 10, 2007 12:39 pm (PST)

Naand vriende,

Julle kan regtig informasie gebruik . Soos dit is gee ek net die nodige informasie UIT die koerant. Ek verlang geen betaling daarvoor. Ek het nie toestemming by die koerant gevra nie . Sal ook niemand aankla wat nie my naam bly sit nie-dis nie my inligting nie en ek het nie geld vir hofsake nie. As dit vir iemand van nut is is dit reeds iets goeds , want ek haat dit as dit verlore moes gaan en iemand kon dit gebruik het.

Ek is al oor die vingers getik oor privaat info wat ek uitgegee het omdat ek dit sonder die familie se toestemming gedoen het. Het ook gedink as dit in die koerant is, is dit nie meer privaat nie EN as persoon oorlede is ,is hy oorlede en kan dit hom nie meer seer maak nie. Nouja so leer ons.

GEBOORTES:- DE BEER nee SCOTT Fiona & Jason 'n 2de seun Jack \* 7/06/2007 om 21 uur .Broer vir Josh.

KERR Paul ,Jodi en Sheridan verwelkom dogter en suster Peyton Olivia \*07/06/2007 in Sunbury England . Kleinkind vir Hazel & Trevor CHELIN

MEIER Jenny & Uwe 'n seun Brendon \* 5/06/2007.

PRATO nee ARDENDORFF Oren & Lorina 'n dogter Erin Lorraine \* 28/05/2007 in St Augustines Hospitaal Durban. 40 st Huweliksherdenkings geskenk ,n kleindogter vir Des & Lorraine.

WILLINGTON nee PRICE Richard & Linda 'n dogter Teagan Lee \* 29/05/2007.in Westville Hospitaal. Suster vir David .

WOOLLASTON Grant ,Candice en Leigh gee geboorte bekend van Scott \* 6/06/2007. Kleinkind vir Jean en susters/broerskind van Lynda.

VERLOWING:- VENTER Danie & Rhoda se dogter Rhoda aan Dominique ,seun van Alec & Jacqueline MAROT.

DOOD:- DORE Peter + 4/06/2007 in Richardsbaai. Seun van Jean. x Jenny Pa van Sarah en Christopher, David & Cindy. Oupa van Bryce en Dylan.Memorial by die Presbyterian Kerk Essenwood Way ,Richardsbaai 11/06/2007 om 12.30nm.

EDGE Dr. Basil + 08/11/2007 x Suzanne. Pa en oupa. Begrafnis by Frere Rd Presbyterian Kerk Glenwood 12/06/2007 om 11.30vm.

KERNS Timothy 26/05/1961 -----05/06/2007 in JHB. Metgesel van Greg. Ook van Ma en stiepfa ,Maureen en Brian, Patricia , Hylton, Gary, en Lauren. Ook Tannie Peggie, Pam, Phil, Hannah en Ruth.

KURTEN Joan (LOVEY) 24/09/1941 -----5/06/2007 . Begrafnis by DOVES Greyville 11/06/2007 om 12 nm.

LANE Percival William ( Percy ). + 8/06/2007 x Martha Pa van Karen en Percy en kleinkinders Taryn, Candice, Lauren, Kim, Cameron en Jade-Kim. Begrafnis by The Bluff Methodiste Kerk 14/06/2007om 10vm Ingesit deur BELL Ondernemers.

OSBORNE Jeffrey. Broer van Shirley, Oom van die JONES Clan.

Hartlike groete

René Pansegrouw

Boodskap 14. OUDTSHOORN LIDMAATREGISTER (Deel 54)  
Posted by: "alta le roux" altaler@odn.co.za  
Mon Jun 11, 2007 12:44 pm (PST)

AANGENOMEN TE CALITZDORP OP DEN 8 FEBRUARY 1868 (deel 54)

Jeannetta Maria Magdalena Cornelia VAN DEN BERG, \*4 Apr 1850  
Cornelia Johanna Wilhelmina Petronella VAN DEN BERG, \*19 Des 1848  
Wilhelmina Jacoba Gertruida OLIVIER, \*19 Mei 1851 (Jeremias dr.)  
Jeannetta Wilhelmina STRYDOM, \*29 Sep 1852 (Coenraad dr.)  
Christina Dorothea KNIGT, \*30 Jun 1850  
Magdalena Josina GEYSER, \*22 Sep 1852 (Jan dr.)  
Hermina Catharina CALITZ, \*18 Mei 1849 (Gerrit dr.)  
Maria Susanna STRYDOM, \*3 Jan 1852 (Die.dr.)  
Anna Amerentia Jacoba RHEEDER, \*7 Mei 1850 (Jac.dr.)  
Jeannetta Gesina Johanna VAN GREUNE, \*15 Jan 1852 (Georg dr.)  
Mary ROBINSON, \*14 Okt 1845 (huisvrouw van Joh Matt Wienand)  
Johannes Mattheus WIENAND, \*17 Okt 1838  
Johannes Jacobus Stephanus GEYSER, \*7 Okt 1851 (Fred.zn.)  
Frederik Stephanus OLIVIER, \*1 Mei 1827 (Steph.zn.)

Alta le Roux  
altaler@odn.co.za  
Posbus 1138, OUDTSHOORN, 6620  
Tel. 083 996 0676 / 044 272 2271 (h) / 044 272 7636 (w)

Boodskap 15. OUDTSHOORN LIDMAATREGISTER (Deel 55)  
Posted by: "alta le roux" altaler@odn.co.za  
Mon Jun 11, 2007 12:45 pm (PST)

AANGENOMEN TE OUDTSHOORN OP DEN 10 APRIL 1868 (Deel 55)

Andries Gabriel Johannes LEROUX, \*7 Okt 1851 (Gabr.zn.) Buffelskraal (Met Attestaat naar Transvaal)  
Willem Hendrik Gabriel GREEFF, \*15 Nov 1851 (Hendr.zn.) Gamtoosberg  
Wessel Johannes GERBER, \*24 Mei 1849 (Steph.zn.) Gamtoosberg  
Petrus Wilhelmus TERBLANCHE, \*31 Mei 1846 (Salom.zn.) Hazenjacht  
Johan Christiaan OOSTHUYZEN, \*8 Feb 1851 (Jacobus zn.) Zeebraas Fontein  
Pieter Daniel ROUX, \*12 Jul 1839 (Hendr.zn.) Buffelskloof (Att. n. Calitzdorp 19 Jul 1884)  
George Johannes Christoffel LOUWRENS, \*6 Nov 1850 (Gideon zn.) Andrieskraal  
Johannes Lucas LEROUX, \*2 Mrt 1853 (Gab.zn.) Muragie (Att. n. George 29 Nov 75)  
Petronella Maria KLEYN, \*30 Des 1850 (Tobias dr.) Doornrivier  
Petronella Johanna Jacoba TERBLANS, \*2 Mei 1848 (Salom.dr.) Hazenjacht  
Sara Elizabeth TERBLANCHE, \*11 Aug 1850 (Salom.dr.) Hazenjacht  
Elizabeth Antonetta SCHAAP, \*19 Jan 1853 (Piet.dr.) Zeekoegat  
Emerentia Wilhelmina VAN ROOYEN, \*28 Jun 1852 (Piet dr.) Gamkasberg  
Susanna Johanna LEROUX, \*7 Nov 1852 (Izak dr.) Buffelskraal  
Frederika Maria Wilhelmina VERWEY, \*5 Apr 1853 (Tob.dr.) Welbedacht  
Jacoba Maria Susanna VAN GREUNE, \*10 Apr 1853 (Adam dr.) Welbedacht  
Susara Johanna Beatrix CALITZ, \*8 Apr 1853 (Jac.dr.) Welbedacht  
Jacomina Daniellina MEYERING, \*19 Jul 1851 (Mun.dr.) Welbedacht  
Gertruida Elizabeth Jacoba ROUX, \*22 Okt 1840 (Piet.dr.) Rietfontein  
Catharina Jacoba SCHOEMAN, \*14 Feb 1852 (Piet dr.) Schoemansdorp  
Judith Dorothea Philippina Johanna MEYER, \*3 Aug 1850 (Josef dr.) Cango  
Maria Susanna VAN DER WESTHUYZEN, \*26 Jul 1848 (Jan dr.) Cango  
Hester Engela Cornelia Zwiegelaar, \*7 Nov 1852 (Abm.dr.) Buffelsdrift  
Stephasina Elizabeth VAN ROOYEN, \*28 Okt 1852 (Mich.dr.) Rotterdam (Certif. naar Jacobsdal, 8 Mei 1882)  
Martha Jacoba LINDEQUE, \*20 Mrt 1853 (Joh.dr.) Saffraanrivier

Alta le Roux  
altaler@odn.co.za  
Posbus 1138, OUDTSHOORN, 6620  
Tel. 083 996 0676 / 044 272 2271 (h) / 044 272 7636 (w)

Boodskap 16a. Re: Sephton van Zeerust  
Posted by: "Nardus Combrinck" 0728862338@vodamail.co.za  
Mon Jun 11, 2007 3:08 pm (PST)

Barbara,

Skakel vir Derik Smit by 018 6422229

Nardus

Boodskap 17. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 11 Junie 2007  
Posted by: "P Marx" geelhoutboom@intekom.co.za  
Mon Jun 11, 2007 3:21 pm (PST)

Sterfgevalle

BEST, Donald Francis. +Donderdag 7 Junie 2007. John, Gay, Neil, Joy, familie en Sarah.  
(Die Burger Oos-Kaap 11/06/2007)

In Memoriam

BOUWER, Andre. Vandag jou eerste verjaarsdag in die Hemel. Vrou Jackie, 3 dogters,  
kleinkinders en skoonseuns. (Die Burger Oos-Kaap 11/06/2007)

Hester Marx Loerie Oos-Kaap.

**Onderwerp:** [SA-Gen] Bundel Nommer 2777

**Datum:** Tuesday, June 12, 2007

Daar is 19 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:

1. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 9 Junie 2007 From: P Marx
- 2a. Re: Gordon Campbell List of Names Researched From: Ariel Rudolph
- 2b. Re: Gordon Campbell List of Names Researched From: Ursulah
- 3a. Re: Greeffslaagte From: Nardus Combrinck
4. Re: {Disarmed} [SA-Gen] Vir Jean - Plase Distrik Albert. From: Jean lr Roux
5. Re: Volgorde van SAG volumes :vir Petronella From: SIEG
6. Deense skip 1779 - Rene From: kerrieborrie
7. [Koerant] The Mercury Maandag 11 Junie 2007 From: aletta magrieta.quebbemann
8. [Koerant] The Mercury Donderdag 7 Junie 2007 From: aletta magrieta.quebbemann
9. (koerant) HEILBRON HERALD boedelkennisgewings From: Johann De Bruin
- 10a. OUDTSHOORN LIDMAATREGISTER (Deel 55/54) From: Ursulah
- 11a. Kopiereg: Wat dink die lysteraars? From: Elmien Wood
- 11b. Kopiereg: Wat dink die lysteraars? From: Elmien Wood
- 11c. Re: Kopiereg: Wat dink die lysteraars? From: Samuel Murray
12. (koerant) HEILBRON HERALD 8 JUNIE 2007 From: Johann De Bruin
- 13a. Re: Koetscheid From: Paul Coetzer
14. Johanna Frederika Wilhelmina SCHEFFER From: louisaslabbert
15. Susanna Maria Magdalena COETZEE From: louisaslabbert
16. Hennenman From: J van der Grijp

Boodskap 1. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 9 Junie 2007

Posted by: "P Marx" geelhoutboom@intekom.co.za

Mon Jun 11, 2007 3:49 pm (PST)

Sterfgevalle

CAMPBELL, Algin. +Saterdag 26 Mei 2007. Ouma, ouers, kinders. Begrafnisdiens

Saterdag 9 Junie 2007

14:00 Emmanuael Kerk J-Baai. (Die Burger Oos-Kaap 09/06/2007)

VAN VUUREN, Renier Daniel (Van). +Vrydag 8 Junie 2007. Vrou, kinders, klein- en agterkleinkinders.

Begrafnisdiens Dinsdag 12 Junie 2007 13:00 Volle Evangelie Kerk, Van der Stelstraat, Kabegapark, PE.

Forest Hill-begraafplaas. (Die Burger Oos-Kaap 09/06/2007)

Reëlings; Esmé Groenewald AVBOB Uitenhage 041 922 8066

Hester Marx Loerie Oos-Kaap

Boodskap 2a. Re: Gordon Campbell List of Names Researched  
Posted by: "Ariel Rudolph" ariel.rudolph@gmail.com arielrudolph  
Mon Jun 11, 2007 3:53 pm (PST)

Ann,

Ongelukkig werk hierdie adres van Gordon nie.

Groete  
Ariel

Boodskap 2b. Re: Gordon Campbell List of Names Researched  
Posted by: "Ursulah" jvrens@tdm.co.mz jvrens  
Tue Jun 12, 2007 12:07 am (PST)

Beste ann

Ongelukkig werk die email adres vir Gordon nie Help asb?

Groetnis  
Ursulah  
Maputo  
Groenkop Genealoog en  
Student in Sielkunde

Boodskap 3a. Re: Greeffslaagte  
Posted by: "Nardus Combrinck" 0728862338@vodamail.co.za  
Mon Jun 11, 2007 4:11 pm (PST)

Annamarie,

Die Ampie Bosman kultuur - historiese museum te Lichtenburg is weer oop vir die publiek.

Tel. Nr. 018 632 5051 \* 2264

Groete

Nardus

Boodskap 4. Re: {Disarmed} [SA-Gen] Vir Jean - Plase Distrik Albert.

Posted by: "Jean Ir Roux" [jean\\_leroux@wcaccess.co.za](mailto:jean_leroux@wcaccess.co.za)

Mon Jun 11, 2007 6:41 pm (PST)

Simon,

Baie dankie vir al jou moeite. Dit is 'n groot probleem dat plaasname dikwels deur nuwe eienaars verander word sodat dit al hoe moeiliker word om vas te stel waar jou voorouers gebly het.

Vriendelike Groete,

Jean le Roux Paarl.

Boodskap 5. Re: Volgorde van SAG volumes :vir Petronella  
Posted by: "SIEG" bces@netactive.co.za buckleysieg  
Mon Jun 11, 2007 7:18 pm (PST)

Hi Petronella,

Jammer om so kontak te maak met jou. Kan jy my asb van jou e-pos adres voorsien. Ek wil graag met jou Du Toit gedagtes uitruil.

Dankie  
Siegfried Buckley

Boodskap 6. Deense skip 1779 - Rene

Posted by: "kerrieborrie" patriot.afrikaans@elisanet.fi kerrieborrie

Mon Jun 11, 2007 10:48 pm (PST)

Goeiemôre Rene,

Jy sal die huiswerk oor die skip eers moet doen. Naam, hoe lank geanker daar oppad na ens. Daarna kan die universiteit gekontak word of Orlogsmuseet den Danske Flådes Museum. Hulle het - "Naval History".

Groete

Elizabeth

Boodskap 7. [Koerant] The Mercury Maandag 11 Junie 2007  
Posted by: "aletta magrieta.quebbemann" am.queb@mweb.co.za alettaquea9fac  
Mon Jun 11, 2007 11:10 pm (PST)

Dag vriende,

QUICKQUIP:- " In a mere half century films have gone from silent to unspeakable." -  
Doug LARSON.

GEBOORTES:- SOUTTER nee DELL Clinton & Carin 'n seun Aiden Williams \*  
6/06/2007 in Westville Hospitaal.

DOOD:- BRAATVEDT Honor 27/04/2007 ----09/06/2007 . Memorial by St Thomas 's  
Church ,Musgrave Rd om 11vm 14/06/2007.

FANNIN Helen Anderson x Hon D G FANNIN .Ouma van Andrea, Andrew, Cullum,  
Katelyn en Erin. Memorial by St Thomas's Kerk Musgrave Rd 14/06/2007 om 3nm.

NAISH Harry Edward 29/11/1924 -----07/06/2007 by Bill Buchanan Kliniek. Sal onthou  
word deur Des, Cynthia en familie. Geen Begrafnis.

KARK Jeffery 1922 ----10/06/2007 x Constance.

MEMORIAM:- DUFOURQ Roland + 11/06/2005 .Pa van Bridgit.

HAMMOND Clive + 11/06/1987 .Onthou deur Arthur , Eva, Helena en kleinkinders.

HORNER Cyril (Trickey) + 10/06/2004.x Helen. Broer van Joanne en Steyn.

VENTER Sarel J 2/03/1937 -----11/06/2005 .Onthou deur Rosalie, en pa van Daryl,  
Clyde, Shauna en Alan en hul families.

VERE Linda Elizabeth (Norkie) . x Tony Ma van Leon, Carlo en Anthony.

Gegroet uit koeler Durban  
Aletta Magrieta QUEBBEMANN ( Rita)  
15 Mt Royal ,  
Dunkirk Place Umbilo  
Durban. Suid Afrika  
Ouers:- STEENKAMP /LOURENS  
GROOTOUERS :-STEENKAMP/ SCHEEPERS  
LOURENS /SWANEPOEL / VELDMAN  
SKOONDOGTER: BOTHA /SWANEPOEL/ SMITH

Boodskap 8. [Koerant] The Mercury Donderdag 7 Junie 2007  
Posted by: "aletta magrieta.quebbemann" am.queb@mweb.co.za alettaqea9fac  
Mon Jun 11, 2007 11:21 pm (PST)

Dag vriende,

QUICKQUIP:- " If all else fails, immortality can be assured by a spectacular error." - J K GALBRAITH.

GEBOORTES:- BUTCHER nee CAREY Ross & Elaine 'n tweeling Matthew en Julia \* 6/06/2007 . Kleinkind vir Brian & Maria CAREY. Ook gelukwense van Jenny, Ed, Paul, Mark en Daniela.

HATHRILL Travers & Joanne 'n tweeling dogters Riley Grace en Shannon Mia \* 1/06/2007 . Suster vir Calvin en Camryn. Kleinkindrs vir Dave & Mags.

WALTERS Shelly & Stuart 'n seun Christopher \* 1/06/2007 in UK. 1st kleinkind vir Neville & Adele. Nou is Lisa 'n tannie en Ross 'n oom.

VERLOWING:- BOWLES Maso , oudste seun van Shannon & + Ashley is verloof aan Candice, oudste dogter van Cindy & + Colin BEETAR.

MENDES Carlos & Paula se jongste seun Sergio aan Jacqueline ,dogter van Denis & Elaine ROBERT .

STEVENS Gavin & Maggie se dogter Lauren aan Andrew POTTER, oudste seun van Tim & Sandi.

HERDENKING:- OVERALL Ian & Beryl 60 Jaar getroud.Ouers van David , Maggie, Clive en Caren, Jodie, Taryn, Sheldon en Kerryn, Courtney, Seth en Callum.

DOOD:-CLELAND John Millar (Paddy) x Sheila . Pa van Jonathan , William en Howard, skoonpa en oupa . Memorial 8/06/2007 by Athlone Park Methodiste Kerk, Athlone Park, Amanzimtoti.

DUFFY Douglas Peter + 4/06/2007 x Caroline Pa van Philip en Paula, Klein en agterkleinkinders Tel:- 031- 2090425.

HADLOW David Desmond . Begrafnis by The Hillcrest Presbyterian Church 08/06/2007 om 11vm.

HART Ellen Andrew + 3/06/2007 x Doug .Ma van Alan Lee, Lauren, Robyn en Christopher, Jane, Robbie en Michael. Memorial Tee by Doone Village Terras Pinetown 7/06/2007 om 10.30 vm.

HOGG Edwin Matthew x Rosemary. Pa van Lindsay, Gregory, Graham, Craig, Venetia en Heather. Oupa en broer. Begrafnis by Holy Trinity Parish Musgrave 2nm op 8/06/2007. Verassing privaat.

JACOBS Jacob Casper + 5/06/2007 .Ingesit deur familie.Begrafnis by Greys Baptiste Kerk Northdene 8/06/2007 om 2 nm.

KING Elizabeth Ann + 4/06/2007 .Ma van Loren en Kirsten .Ouma van Brittany, Camryn, Declan, Benjamin en Holly.

MOODY Johnnie .Begrafnis 9/06/2007 by G H Memorial Church Harding. om 11.vm.

ROBERTS Rina . Begrafnis by DOVES Greyville 7/06/2007 om 11vm.

PURBRICK Joan Hilda + 4/06/2007. Ma van + Ron , Gill, Margaret, Tony, Jonathan, Belinda , Sandy en Sue. Ouma van 11 en oumagroot van 6. Memorial by All Saints Church Athlone 8/06/2007 om 12.30 nm Ingesit deur OAKLEIGH PMB.

STOLPER Valerie .Sterf by haar huis. Ma van John en Peter. Diens by Stellawood Kapel Umbilo Durban 9/06/2007 om 9vm.

SZEWCZYNSKI Eugeniusz Sylvester (Mr Nikki) + 5/06/2007 . Nou saammet geliefde Norah. Van die NEL familie. Begrafnis by DOVES Greyville 7/06/2007 om 9.30 vm. Memorial by Norah's Sanctuary Shongweni 8/06/2007 om 10vm.

VAN PLETZEN Tinka + 2/06/2007 Tragies. Haar familie is Sue, James ,Jim, Jack, Cheryl, Jeff, Fran en kleinkinders.

VAN WYK Andre Karl + 4/06/2007 Seun van Piet & June. Broer van Paul en Carmen. Oom van Gemma.Memorial by Our Beloved St James Church was reeds gehou.

MEMORIAM:- DUNN (DRAKE) Cynthia Lorraine + 6/06/2006.x Colin Ma van Wayne, Brinton, Menita en Sasha-Lee. Suster van Ann.

GAZZARD Chris .Van jou meisies (Girls) Jay, Robin, Jacqui en Kate.

MORROW Joseph William (Bill) .9jaar dood nou. x Vi.

PALMER Colin .+ 07/06/2005 x Alison.Pa van Mews. Ook van Alison en Mews en Laura. Broer en oom van Janette, Brett, Justin en Dee.

PEARDON Verdi .Suster ,ma en dogter .Ingesit deur die PEARSONS, BARRET, CLAIRE en RE/MAX kollegas.

PRETIOUS Audrey Vincent . 1 Jaar dood nou.Onthou deur kinders ,klein en agterkleinkinders..

RAMSAY Maud 5 jaar dood nou. Ma van Shane, Cheryl, Charlene en Henk, Caylene ,  
Clive en 6 kleinkinders.

Gegroet uit Durban ,  
Aletta Magrieta QUEBBEMANN ( Rita)  
15 Mt Royal ,  
Dunkirk Place Umbilo  
Durban. Suid Afrika  
Ouers:- STEENKAMP /LOURENS  
GROOTOUERS :-STEENKAMP/ SCHEEPERS  
LOURENS /SWANEPOEL / VELDMAN  
SKOONDOGTER: BOTHA /SWANEPOEL/ SMITH

Boodskap 9. (koerant) HEILBRON HERALD boedelkennisgewings  
Posted by: "Johann De Bruin" cjohann@heilbron.co.za cjohanndebruin  
Mon Jun 11, 2007 11:31 pm (PST)

Heilbron Herald 11 Mei 2007:  
SCHRAGE Aeikko (manlik)  
ID 490204 5002 089  
in lewe van Piercestraat 77, Heilbron  
boedelno. 11312/2006

Heilbron Herald 18 Mei 2007:  
MOSTERT Cornelia Elizabeth Hendrika (nooiensvan NN)  
ID 320614 0022 088  
+ 28.02.2007  
van Huis Bron van Heil, Heilbron

Heilbron Herald 25 Mei 2007:  
CLAASSEN Cornelius Johannes  
ID 360106 5004 089  
+ 15.02.2007  
in lewe van Prunuslaan 18, Reitz  
x Cornelia Johanna NN  
ID 390623 0079 084  
boedelnommer: 4950/2007

LE ROUX Flippina Rudolfina  
ID 040602 0004 080  
weduwee van Plaas Phienies Rust, distrik Heilbron (amper 103 jaar!!)  
+ 10.03.2007  
boedelnommer: 4693/2007

C Johann de Bruin  
082-733-3951  
058-852-1174  
Posbus 86  
Heilbron  
9650

Boodskap 10a. OUDTSHOORN LIDMAATREGISTER (Deel 55/54)

Posted by: "Ursulah" jvrens@tdm.co.mz jvrens

Tue Jun 12, 2007 12:00 am (PST)

Hallo alta

Baie dankie vir die opskryf van hierdie inligting. Vir die eerste keer vind ek vanne op die lyste wat inpas in my stamboom.

Groenkop genealoog wat ek is, nou weet ek nie hoe om verder te gaan nie.

Ek sien jy noem die lys "Lidmaatregister". Wat beteken dit? Is daar meer inligting as net hierdie beskikbaar en indien wel, hoe kan ek dit bekom?

Jou hulp word baie waardeer, baie dankie

Groetnis

Ursulah  
Maputo  
Groenkop Genealoog en  
Student in Sielkunde

Boodskap 11a. Kopiereg: Wat dink die lysteraars?

Posted by: "Elmien Wood" woodem@mweb.co.za

Tue Jun 12, 2007 12:01 am (PST)

### Lysteraars

Ek het nie gister by my e-pos uitgekom nie. Ek gaan hard probeer om elke brief persoonlik te beantwoord, maar die antwoorde gaan oor 'n paar dae versprei word.

Groete

Elmien

Boodskap 11b. Kopiereg: Wat dink die lysteraars?  
Posted by: "Elmien Wood" woodem@mweb.co.za  
Tue Jun 12, 2007 12:06 am (PST)

## Lysteraars

Ek dink ons kan van die veronderstelling uitgaan dat ons almal 'n oplossing soek sodat toeganklikheid tot genealogiese inligting beskerm word, maar dat die navorser steeds erkenning en beloning vir sy werk kry.

Enige iets wat op skrif gestel is, dit wil sê, enige handgeskrewe of getikte stuk of elektroniese data, of nie noodwendig op skrif nie, maar enige inligting wat bewaar is en versprei kan word, soos klankopnames of audio-visuele opnames, is onderworpe aan kopiereg.

Met betrekking tot databasisse die volgende: Tenspyte daarvan dat daar kopiereg op inligting is, word dit juis beskikbaar gestel sodat genealoë dit in hulle geslagsregisters of enige ander genre wat verskil van die oorspronklike, kan gebruik. (Ek gebruik die woord genealogiese genre, sodat dit nie beperk word tot geslagsregisters nie. Hier dink ek byvoorbeeld aan 'n personalia soos wat Hoge gedoen het.) Daar is dus 'n ongesproke verstandhouding dat data wat beskikbaar gestel word slegs in 'n ander, nuwe, genealogiese genre gebruik sal word. Dit word egter verwag dat erkenning gegee word aan die bron vanwaar die inligting verkry is.

**HOE DIT PRAKTIES GEDOEN KAN WORD** (Later)

**WAT DIE WET SÊ** (Later)

**HOE AFDWINGBAAR DIT IS** (Later)

**HOE LANK DIE KOPIEREG GELD** (Later)

**HOEVEEL MOET GEGEWENS VERWERK WORD OM "EIE WERK" TE WEES**  
(Later)

Data kan dus nie sonder verwerking oorgeneem word nie; 'n gedrukte geslagsregister mag nie 'n elektroniese geslagsregister word nie. 'n Filmrol van doopregisters, mag nie 'n gedrukte boek van doopregisters word nie. Dit is nie aanvaarbaar om data slegs van een vorm van bewaring in 'n ander om te sit nie. 'n Boek, data van 'n elektroniese webwerf, of selfs iemand se notas, kan nie sonder toestemming op 'n kompakskyf gesit word nie. Ander metodes soos bandopnames kan ook nie sommer gebruik word nie.

Van een geslagsregister na 'n ander geslagsregister: Daar bestaan 'n ander ongesproke verstandhouding onder genealoë, naamlik dat "nooiensvan data" oor en weer uitgeruil word.

Daar is 'n gedrukte Uysfamilierregister waarin 'n storie oor Andries Spies verskyn. (Ek het nie nou die boek voor my nie, ek dink dit is Andreas Theodorus Spies en ek weet op die oomblik ook nie wie die Uysboek geskryf het nie. Op hierdie stadium het ek die skets

nog glad nie in my geslagsregister ingesluit nie, nie 'n uittreksel nie en ook nie geparafeer nie.)

Volgens bostaande ongesproke verstandhouding kan ek dan gegewens oor Spiesvroue wat met Uysmans getroud is kontroleer en aanvul vanuit die Uysboek. (Soms geld dit ook vir Uysvroue wat met Spiesmans getroud is, dus alle aangetroude inligting.)

Aan die ander kant: Indien ek egter die storie oor Andreas T. Spies wil gebruik, sal ek volledige erkenning aan die oorspronklike bron moet gee aan, dit wil sê, die boek se naam, die skrywer, die uitgewer, die datum, die bladsy waarop die storie verskyn en die plek van publikasie. (As dit op 'n webwerf sou wees sou dieselfde geld; ek dink dan moet ek ook nog die datum waarop ek dit van die webwerf afgetrek het byvoeg.)

Ter samevatting:

Ek gaan van die veronderstelling uit dat dit aanvaar word dat data gebruik kan word met erkenning mits dit verwerk word in die skrywer-navorser se eie werk.

Die is die besprekingspunt wat ek vandag op die tafel lê is dit: Gebruik nooiensvan/aangetroude-inligting (waarskynlik met dank in die voorwoord of in 'n algemene bron aan die einde), maar gebruik stories slegs met volledige bronverwysings.

Groete  
Elmien

Boodskap 11c. Re: Kopiereg: Wat dink die lysteraars?  
Posted by: "Samuel Murray" leuce@absamail.co.za lacialacia  
Tue Jun 12, 2007 12:59 am (PST)

Elmien Wood wrote:

> Ek gaan hard probeer om elke brief persoonlik te beantwoord...

Is dit hoegenaamd nodig om elke briefie te beantwood? 'n Mens kan mos net reageer op die punte wat tot verdere bespreking kan lei, en enige "dooie" punte vir die argief los, of hoe?

Samuel

Boodskap 12. (koerant) HEILBRON HERALD 8 JUNIE 2007  
Posted by: "Johann De Bruin" cjohann@heilbron.co.za cjohanndebruin  
Tue Jun 12, 2007 12:25 am (PST)

Heilbron Herald  
Vrydag 8 Junie 2007

VAN ZYL Susanna Josina  
ID 210712 0029 088  
+ 12.03.2007  
in lewe ongetrouw, Huis Vergeet-my-nie, Breëstraat 66, Heilbron meestersverw. no. 5005/2007

UNDERHAY Magdalena Susara Gertruida Johanna (nooiensvan NN)  
ID 100921 0005 088  
weduwee van Huis Bron van Heil, Heilbron  
boedelnommer 11890/2006

ROOS Johannes Jacobus  
ID 320213 5071 081  
+ 04.12.2006  
van Steynstraat 9A, Reitz  
boedelnommer 14609/2006  
x Hester Dorothea NN  
ID 340426 0026 001

C Johann de Bruin  
082-733-3951  
058-852-1174  
Posbus 86  
Heilbron  
9650

Boodskap 13a. Re: Koetscheid  
Posted by: "Paul Coetzer" paulc@fcb.co.za paulctzr  
Tue Jun 12, 2007 12:57 am (PST)

Dag Ferdi,

Miskien is daar ook `n skakel met Coetzer, as mens kyk na die oorspronklike spelling.

Coetzer, afgelei van "kutscher", kan as koetsier of koetsbouer vertaal word, en dui waarskynlik op die beroep van die Oostenrykse stamvader - `n veronderstelling wat ondersteun word deur die uitbeelding van `n koets op die Coetzer-familiewapen.

Hoewel "Coetzer" of "Coetser" sedert die vroeë 1700s die algemeen-aanvaarde Suid-Afrikaanse spelling is, is die is die oorspronklike Europese spelling - "Kutzer" - deur die eerste geslag Suid-Afrikaanse voorouers gebruik. Hierdie spelling word in "Geslagsregisters van die Ou Kaapse Families" deur C. Pama en C.C. de Villiers gelys; "Coetzer" nie.

Verder word "Kutzer" of "Kützer" vandag deur Europese takke van ons familie gebruik, terwyl "Kutcher" (ja, Ashton Kutcher) die algemene Amerikaanse spelling is.

Glo nie ek het veel lig gewerp nie, maar dis tog interessant.

Goed gaan.  
Paul

Paul J. Coetzer  
COETZER / PUTTER / JANSE VAN RENSBURG / VAN TONDER

Boodskap 14. Johanna Frederika Wilhelmina SCHEFFER  
Posted by: "louisaslabbert" louisa.slabbert@ahmp.co.za louisaslabbert  
Tue Jun 12, 2007 1:06 am (PST)

Goeie more mede lyslede

Ek is opsoek na enige mede lyslid wat my kan help met inligting ten opsigte van Johanna Frederika Wilhelmina SCHEFFER \* 23 Maart 1902 te Ventersdorp. Sy was getroud met 'n Johan Joachim Lodewyk WERNICH en hertrou daarna met Cornelis Jacobus Petrus LOUW \* 23 Julie 1898 te Pearston.

Ek het reeds op NAAIRS 'n soektog gemaak ten opsigte van Johanna SCHEFFER maar sonder enige sukses.

Enige inligting oor die dame word waardeer.

Louisa Slabbert

Vanne: SLABBERT/LOUW/LOTTER/ERASMUS  
JORDAAN/GRUNDLINGH/ANDREWS/WHITEMAN

Boodskap 15. Susanna Maria Magdalena COETZEE  
Posted by: "louisaslabbert" louisa.slabbert@ahmp.co.za louisaslabbert  
Tue Jun 12, 2007 1:10 am (PST)

Goeie more lyslede

Ek is op soek na enige inligting van Susanna Maria Magdalena COETZEE \* ongeveer 1901. Sy was getroud met Cornelis Floris Johannes MEYER en hertrou daarna met Cornelis Jacobus Petrus LOUW \* 23 Julie 1898 Pearston

Ek het reeds soektogte op NAAIRS gedoen maar sonder enige sukses.

Enige terugvoer is welkom

Louisa Slabbert

Vanne: SLABBERT/LOUW/LOTTER/ERASMUS  
JORDAAN/GRUNDLINGH/ANDREWS/WHITEMAN

Boodskap 16. Hennenman

Posted by: "J van der Grijp" wolfoffice@absamail.co.za jacquesvdg

Tue Jun 12, 2007 1:29 am (PST)

Is daar enige lede wat in Hennenman bly of fotos het van die Hennenman familie begraafplaas. Daar is glo twee grafte, 'n EA van der Grijp(+1881) & Lizzie Scholtz wat ek fotos van hul grafte soek.

Jacques van der Grijp

**Onderwerp:** [SA-Gen] Bundel Nommer 2778

**Datum:** Wednesday, June 13, 2007

Daar is 25 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:

1a. Re: {Disarmed} [SA-Gen] Vir Jean - Plase Distrik Albert. From: Herman Labuschagne

2a. Re: Opspoor van motorvoertuig eienaar From: Herman Labuschagne

3a. Re: Adam Marthinus Christoffel Theron x Stoffelina Elizabetha Fourie From: Herman Labuschagne

4. [Koerant] Beeld 12 Junie 2007 From: Blikkies

5a. familie navorsing - van zweel From: Ursulah

5b. Re: familie navorsing - van zweel From: Nardus Combrinck

6. Kopiereg: [Koerant] Sterfgevalle en Geboortes From: P Marx

7a. Re: Volgorde van SAG volumes :vir Petronella From: Petronella

8. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 12 Junie 2007 From: P Marx

9. Doodsberigte, ens. From: Adriana Barrett

10a. Re: Die Jooste familie From: Petrus Fourie

10b. Re: Die Jooste familie From: B J Venter

11a. Re: Louis Voorstoep en Johan - Engelbrechts Marico From: Johan Niemandt

12. Re: Kopiereg: [Koerant] Sterfgevalle Tegnies Korrek From: Francois Greeff

13a. Re: Volgorde van SAG volumes From: Lee Marais

13b. Re: Volgorde van SAG volumes From: SIEG

13c. Re: Volgorde van SAG volumes From: rvanzijl@comcast.net

14a. Opsoek van sk.. te VAB. From: Johan Vermeulen

15a. Re: Gordon Campbell List of Names Researched From: Ann Tiran

16a. Re: Greeffslaagte From: Amanda

17a. Re: Deense skip 1779 - Rene From: Gustav & René Pansegrouw

17b. Re: Deense skip 1779 - Rene From: Martin Knoetze

18. Venter/Heymans Navorsers From: Amanda

19. Jooste familie vir NIC0 From: Annelie Els

20. Vir Faan Naude From: Alta Roux

Boodskap 1a. Re: {Disarmed} [SA-Gen] Vir Jean - Plase Distrik Albert.  
Posted by: "Herman Labuschagne" genealogy@allpress-sa.com hlabuschagne  
Tue Jun 12, 2007 3:50 am (PST)

Beste Jean,

Ek het 'n taamlike ou kaart wat plaas grense aantoon gefotografeer by die museum in Burgersdorp, met hulle toestemming. Ek kan jou die foto's in paaiememente stuur as jou posbus 'n paar MB kan hanteer. Ek moes die foto's so teen die muur neem in swak lig, so die kwaliteit is maar so-so. Dis egter goed genoeg om plekke te vind. Ek dink amper ek het by die unieke en baie behulpsame ou navorser, Duncan Ferguson, in Cradock ook so 'n kaart gefotografeer. Ek kan bietjie gaan kyk as ek by die huis is. Laat weet maar as dit nodig is. My belangstelling is by my stamvader George Augustus Kolbe wat volgens een bron in die veld dood is op sy plaas Knapdaar tussen Bethulie en Burgersdorp. Ek het 'n paar jaar gelede daar verbygery maar by Knapdaar is nou Knap-niks.

Ek gaan George toe vir 'n paar dae, so jy mag dalk eers volgende week weer van my hoor as dit nodig is.

Groete,

Herman Labuschagne  
Mellivora@hotmail.com

Boodskap 2a. Re: Opspoor van motorvoertuig eienaar  
Posted by: "Herman Labuschagne" genealogy@allpress-sa.com hlabuschagne  
Tue Jun 12, 2007 3:55 am (PST)

Baie dankie vir almal se insette en wenke omtrent ou motor eienaars. Dit gaan help met die speurwerk. As ek iewers kom sal ek die suksesverhaal met die poslys deel.

Groete,

Herman Labuschagne, Jhb  
Mellivora@hotmail.com

Boodskap 3a. Re: Adam Marthinus Christoffel Theron x Stoffelina Elizabetha Fourie  
Posted by: "Herman Labuschagne" genealogy@allpress-sa.com hlabuschagne  
Tue Jun 12, 2007 4:35 am (PST)

Hallo Adela,

Baie dankie vir jou waardevolle bydrae. Barend Venter het my reeds 'n ekstrak uit SAG Vol. 13 gestuur wat die stamlyn na die stamvader voltooi. Jou informasie strook mooi daarmee, so ek is regtig dankbaar vir jou vriendelike hulp. Daar is nou 'n klomp rafels wat uitgesorteer moet word in die nageslagte, so ek is nou daarmee besig om dit met die familie te vergelyk. Dr. Chris Theron van Upington het ook laat weet dat hy waarskynlik oor 'n paar dae sal kan help om die chaos in orde te omskep.

Intussen moet ek gou opmerk dat jy in 'n interessante deel van die land woon. Ons het nou al twee maal in die Langkloof kom soek na plase maar nog nie gekry wat ons in gedagte gehad het nie. Ons het gekyk na skaap/appel grond, maar ek begin dink ons moet maar miskien die plan bietjie wysig. Ek vlieg more George toe om te gaan soek na persele om 'n nuwe besigheid te begin, en dan sal ons seker so twee dae spandeer om na 'n paar plase te gaan kyk vanaf George tot Oudshoorn. Die Langkloof bied nie op die oomblik iets nuuts sovôr ek weet nie, maar as jy van iets hoor sal dit baie gaaf wees as jy my wil laat weet. My agtergrond is landbou so ek is nie onnosel as dit kom by die risiko's van boerdery nie. Dis maar net dat ek en my familie dit mis om ons voete in die grond te hê. Ek reken dis beter om in besigheid te wees vandag, maar mens moet nie jou wortels met grond verloor nie. Dit maak mens geestelik armer.

Met hartlike groete,

Herman Labuschagne  
082 800 8621  
Johannesburg

Boodskap 4. [Koerant] Beeld 12 Junie 2007  
Posted by: "Blikkies" blikkies@mabonline.co.za blignautfanie  
Tue Jun 12, 2007 5:42 am (PST)

CHAMBERS; Douglas Allan, in lewe van Pretoria. Verassingsdiens: AVBOB Kapel, 13/06/2007, 10:00. (Beeld -12/06/2007)

GEYSER; Cornelius Jacobus, in lewe van Ifafa Suidkus, KwaZulu Natal provinsie. Verassingsdiens: AVBOB Kapel, Margaretlaan 29, Kempton Park, Gauteng provinsie, 13/06/2007, 11:00. (Beeld - 12/06/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Kempton Park, 011-975-5845.

Groete,

VAN ASWEGEN; Cornelius Johannes - ID: 530414 5144 003, skakel {me} E J VAN ASWEGEN - ID: 551217 0085 087 by 012-386-6594 ivm skeisaak. (Beeld - 11, 12/06/2007)

WINTER; Elizabeth Petronella, in lewe van Pretoria. Begrafnisdienst: NG Kerk, Onderstepoort, Pretoria, 13/06/2007, 13:00 # Heatherdale Begraafplaas, Britsweg, Pretoria-Noord. (Beeld - 12/06/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Pretoria-Noord, 012-565-4269.

Fanie Blignaut,  
Vanderbijlpark,  
Gauteng provinsie.  
blikkies@mabonline.co.za.

Boodskap 5a. familie navorsing - van zweel  
Posted by: "Ursulah" jvrens@tdm.co.mz jvrens  
Tue Jun 12, 2007 5:53 am (PST)

Beste lyslede

Is daar dalk iemand wat onderstaande boek besit. Ek het verwysing gekry na my voorgeslagte en sal dit graag wil naslaan

H.W. Hammer, Oude families uit Genemuiden, 44 genealogieën uit de 17e en 18e eeuw

Vriendelike Groete

Ursulah van Rensburg  
Maputo  
Groenkop Genealoog en  
Student in Sielkunde  
09258 824 1011 54 Mobile  
09258 214 90 990 Home

Boodskap 5b. Re: familie navorsing - van zweel  
Posted by: "Nardus Combrinck" 0728862338@vodamail.co.za  
Tue Jun 12, 2007 9:06 am (PST)

Oom Piet Maritz - Protea Boekwinkel Potchefstroom Bult

Nardus

Boodskap 6. Kopiereg: [Koerant] Sterfgevalle en Geboortes  
Posted by: "P Marx" geelhoutboom@intekom.co.za  
Tue Jun 12, 2007 7:16 am (PST)

Hiermee vee ek al die duwweltjies voor in die (my) voetpaadjie weg.

Die Burger se ombudsman, mnr George Claassen, sê vanoggend (12 Junie 2007) per telefoon dat ek hierdie klein beriggies (sterfgevalle en geboortes) op Buitenposten en SAGen. mag plaas want dit 'dien 'n goeie doel'. Die persoon wat een van hierdie beriggies gebruik, 'kan dit ook by Buitelandse Sake gaan kry'.

Al wat van die gebruiker van die berig verwag word, is dat die koerant (in my geval Die Burger Oos-Kaap) erkenning kry in die gebruiker se geslagsregister. Let wel: Die koerant kry erkenning, nie ek as stuurder nie.

Word 'n boek gepubliseer, verander van die reëls. (Volgens mnr Claassen het dit te doen met hoeveel eksemplare gedruk gaan word.) Maar dit is die opsteller se plig om die betrokkenes te kontak, kennis te neem van hierdie reëls en dit na te kom; nie ekke van die Oos-Kaap s'n nie.

Amen  
Hester Marx

Boodskap 7a. Re: Volgorde van SAG volumes :vir Petronella  
Posted by: "Petronella" lalie@zatrade.com ldvpdt  
Tue Jun 12, 2007 9:28 am (PST)

Hallo Siegfried

My email adres is lalie@zatrade.com

Groete  
Petronella(Lalie)

Boodskap 8. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 12 Junie 2007  
Posted by: "P Marx" geelhoutboom@intekom.co.za  
Tue Jun 12, 2007 9:32 am (PST)

Sterfgevalle

DEYZEL, Phyllis (Fella). +Saterdag 9 Junie 2007. Kinders, klein- en agterkleinkinders.  
Roudiens Woensdag 13 Junie 2007 14:00 Volle Evangelie Kerk, Penford, Uitenhage.  
Verassing privaat. (Die Burger Oos-Kaap 12/06/2007)  
Reëlings: Annelie Fitchet DOVES Uitenhage 041 992 1349

GOUWS, Ferdi. +Vrydag 8 Junie 2007. Eggenote Nettie, kinders, klein- en  
agterkleinkinders.  
Begrafnisdiens Woensdag 13 Junie 2007 NG Kerk Parkheuwel, Poplarlaan, Adcockvale.  
Verassing privaat. (Die Burger Oos-Kaap 12/06/2007)  
Reëlings: Marie Steyn DOVES Port Elizabeth 041 365 5399

LOFTIE-EATON, Vaughn (Loftie). Tragies +Donderdag 7 junie 2007. Ouers, eggenote.  
Begrafnisdiens Woensdag 13 Junie 2007 14:00 Lede in Christus Gemeente,  
Williamstraat,  
Cotswold. Forest Hill-begraafplaas. (Die Burger Oos-Kaap 12/06/2007)  
Reëlings: Jan Ackerman Algoa Begrafnisdienste 041 484 5748

MÜLLER, Stefan. Tragies +Saterdag 9 Junie 2007. Pa Baby, Ma Annemari, Stef-Mari,  
Marelize, Riaan en Chantelle. Begrafnisdiens Donderdag 14 Junie 2007 14:00  
NG Kerk, Uitenhage-Noord. (Die Burger Oos-Kaap 12/06/2007)  
Reëlings: Miemie Grobler Algoa Begrafnisdienste 041 363 4874

In Memoriam

NEL, Bouwer. Een jaar oorlede 12de Junie 2007. Deon, Karen en Dantré.

Hester Marx Loerie Oos-Kaap

Boodskap 9. Doodsberigte, ens.

Posted by: "Adriana Barrett" ambarrett@intekom.co.za

Tue Jun 12, 2007 10:41 am (PST)

Goeienaand almal

Nou nie net omdat sy my kleinniggie en agterkleinniggie is nie, maar ek sê saam met Hester van die Oos-Kaap "Amen" op die polemiek aangaande kopiereg.

Groete,

Adriana Barrett - oorspronklik van die Oos-Kaap

Boodskap 10a. Re: Die Jooste familie  
Posted by: "Petrus Fourie" cecilia\_za@yahoo.com cecilia\_za  
Tue Jun 12, 2007 10:43 am (PST)

Nico,

Baie welkom Nico, onthou net hierdie is 'n verslawing wat nooit ophou nie. Jy wil net nog altyd meer hê  
:-} } }

Kontak my by die volgende adres pjf@telkomsa.net ek kom ook van Prieska se wêreld en my Fourie's is daar met Jooste's getroud. Dalk kan ek jou help met die klompie Jooste's.

Vriendelike groete

Petrus Fourie

Boodskap 10b. Re: Die Jooste familie  
Posted by: "B J Venter" [twyfelpoort@gmail.com](mailto:twyfelpoort@gmail.com) twyfelpoort  
Tue Jun 12, 2007 11:21 am (PST)

Goeienaand Nico,

Welkom. As jy my direk na my persoonlike e-pos adres toe kontak kan ek miskien vir jou inligting oor jou Venter ouma gee.

Met vriendelike Venter-groete

Barend J Venter  
Navorser van die Venter-Familie van Suid-Afrika  
[twyfelpoort@telkomsa.net](mailto:twyfelpoort@telkomsa.net) of [twyfelpoort@gmail.com](mailto:twyfelpoort@gmail.com)

Boodskap 11a. Re: Louis Voorstoep en Johan - Engelbrechts Marico  
Posted by: "Johan Niemandt" pcmechanic@vodamail.co.za johanniemandt  
Tue Jun 12, 2007 10:45 am (PST)

Marius,

Ongelukkig nie, ek het wel 'n foto van die grafsteen van ENGELBRECHT Johanna Elizabeth x LANGE in die Zeerust Begraafplaas.

Johan

Boodskap 12. Re: Kopiereg: [Koerant] Sterfgevalle Tegnies Korrek  
Posted by: "Francois Greeff" Goodgreeff@hiddencode.co.uk francoisgreeff  
Tue Jun 12, 2007 10:46 am (PST)

Om tegnies korrek te wees moet iemand wat inligting op SA Gen kry die lys as bron meld, met die skrywer van die brief of artikel, en dan die bron wat die briefskrywer aanhaal. Dit is tegnies verkeerd om die ou in die middel uit te laat, want dit skep die indruk dat die leeser die oorspronklike bron onder oe gehad het.

In die geval van 'n koerant blyk dit nie 'n probleem te wees nie, maar met seldsame en rare boeke is dit soms, want dit skep die indruk dat die leser die boek gelees het, wanneer hy net 'n sinnetjie gelees het.

Francois Greeff

www.Greeff.info  
www.Hiddencode.co.uk  
0044 20 8543 6966 (Home)  
0044 79 6372 2345 (Mobile)  
Skype: Greefffrancois

Boodskap 13a. Re: Volgorde van SAG volumes  
Posted by: "Lee Marais" leemarais@mweb.co.za maraislee  
Tue Jun 12, 2007 10:54 am (PST)

Vol 1 A-C  
Vol 2 D-G  
Vol 3 H-I  
Vol 4 J-K  
Vol 5 L-M  
Vol 6 N  
Vol 7 O-Ph  
Vol 8 Pi - Q  
Vol 9 Ra - Ron  
Vol 10 Roo - Schn  
Vol 11 Schno - Sny  
Vol 12 So -Sz  
Vol 13 T- U  
Vol 14 Va - Vir

Dit is tot waar dit by Gisa is.

Groete  
Lee Marais

Boodskap 13b. Re: Volgorde van SAG volumes  
Posted by: "SIEG" bces@netactive.co.za buckleysieg  
Tue Jun 12, 2007 11:36 am (PST)

Naand vriende

Is daar moontlik enige persoon wat vir my die BUCKLEY inligting in Vol1 kan nagaan?

Dankie  
Siegfried Buckley  
bces@netactive.co.za

Boodskap 13c. Re: Volgorde van SAG volumes  
Posted by: "rvanzijl@comcast.net" rvanzijl@comcast.net rvanzijl  
Tue Jun 12, 2007 2:35 pm (PST)

Hallo Siegfried

Ek kan help - laat my maar weet wat jy will weet

Groete

Richard van Zijl

Boodskap 14a. Opsoek van sk.. te VAB.

Posted by: "Johan Vermeulen" jverm@lantic.net johanvermsa

Tue Jun 12, 2007 10:57 am (PST)

Vriende,

Is daar dalk een van ons Bloemfontein/Vrystaat lede wat met 'n volgende besoek aan die argiewe vir my die volgende sk. kan bekom :

DE VRIES, Engela Anna Johanna, \* BOTHA, was getroud met Gideon Jacobus VERMEULEN en daarna met Ruth Gerrit DE VRIES.

Boedelverw. VAB . V1651.

Groete

Johan Vermeulen.

Boodskap 15a. Re: Gordon Campbell List of Names Researched  
Posted by: "Ann Tiran" anntiran@polka.co.za  
Tue Jun 12, 2007 11:12 am (PST)

Korrekte Adres vir Gordon Campbell is [HYPERLINK](#)  
"mailto:gordonc@npa.co.za" gordonc@npa.co.za

Hy was weg vir 'n paar dae en sy epos werk nie oor 'n naweek nie want dis op kantoor.  
Probeer maar weer

Annatjie

Boodskap 16a. Re: Greeffslaagte  
Posted by: "Amanda" folkus@telkomsa.net annamariefolkus  
Tue Jun 12, 2007 11:13 am (PST)

Hallo Nardus

Baie dankie vir die Museum se nommer. Ek gaan hulle probeer.

Groete  
Annamarie Folkus  
Welkom  
folkus@telkomsa.net

Boodskap 17a. Re: Deense skip 1779 - Rene

Posted by: "Gustav & René Pansegrouw" gustavre@absamail.co.za gustavre2003

Tue Jun 12, 2007 1:27 pm (PST)

Beste Elizabeth

Baie dankie. Ken jy hulle e-pos of selfs gewone adres?

Groete

René

Boodskap 17b. Re: Deense skip 1779 - Rene  
Posted by: "Martin Knoetze" knoetze@netrover.com lovegenaca  
Tue Jun 12, 2007 6:38 pm (PST)

René

Om die web tuiste te kry, tik "Orlogsmuseet den Danske Flådes" in Google en dit sal jou by die museum se web adres uitbring. Paar links in Google om uit te kies. As jy die Deens wil verstaan, hierdie lyk na 'n goeie Deens na Engels vertaler - het hom so 'n bietjie uit probeer:

<http://visl.dk/trs/?pair=da-en>

Ek is self geinteresseerd in die Deense skepe. Wil probeer uitvind hoe Cornelis Knoetzen aan die Kaap gekom het.

Martin

Boodskap 18. Venter/Heymans Navorsers  
Posted by: "Amanda" folkus@telkomsa.net annamariefolkus  
Tue Jun 12, 2007 2:52 pm (PST)

Goeie Naand

Ek wil net laat weet dat my swaer, Roelof Venter, se ma vandag oorlede is.

Susara Johanna Magdalena HEYMANS \* 2 Maart 1940, +12 Junie 2007 x

Jan Hendrik VENTER \* 8 Oktober 1936 en +6 Junie 1980 in Vanderbijl

Kinders:

1. Roelof VENTER \* 25 November 1958 in Phillipolis
2. Christoffel Petrus Cornelius VENTER \* 11 November 1962 in Bloemfontein
3. Jan Hendrik VENTER \* 25 Julie 1966 in Bloemfontein
4. Anna Maria Elizabeth VENTER \* 27 November 1970 in Vanderbijl
5. Magrieta Aletta VENTER \* 14 November 1971 in Vanderbijl
6. Martha Maria Venter \* 13 Julie 1975 in Vanderbijl

Groete

Annamarie Folkus

Welkom  
folkus@telkomsa.net

Boodskap 19. Jooste familie vir NICO  
Posted by: "Annelie Els" annelie@who-els.co.za engelkind2000  
Tue Jun 12, 2007 6:50 pm (PST)

Hallo Nico

Dalk moet jy met die begin. Vra vir `n gawe-medegener by die KAB om dit vir jou af te neem of te skryf.

DEPOT KAB SOURCE MOOC TYPE LEER VOLUME\_NO 6/9/661  
SYSTEM 01 REFERENCE 593 PART 1  
DESCRIPTION DUVENHAGE, MAGDALENA SOPHIA JACOBA CECILIA. NEE  
VENTER. DEATH  
NOTICE.  
STARTING 19110000 ENDING 19110000

Groetnis  
Annelie  
Valhalla.

Boodskap 20. Vir Faan Naude  
Posted by: "Alta Roux" rroux@yebo.co.za genealogiefreak  
Tue Jun 12, 2007 9:34 pm (PST)

Faan

Jammer, ek kry nie vanoggend jou privaat e-pos adres nie. Het jy dalk hierdie raakgesien? Dis vanaf Danie se Hulpanvrae.

Groete  
Alta van Kinross

[Naude Familie] (17486) Naude's van Bethlehem se omgewing gesoek. Die familieplaas was 'Bos-en-dal' agter die Golden Gate oord. Oom Frans blinkbaadjie se mense. Hou glo gereeld nog Naude's fees. Skakel Fancis by 084 506 8531 Francis gapienaar@lantic.net Ellisras

**Onderwerp:** [SA-Gen] Bundel Nommer 2779

**Datum:** Wednesday, June 13, 2007

Daar is 7 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:

1. [Koerant] The Mercury Dinsdag 12 Junie 2007 From: aletta magrieta.quebbemann
2. Geboortes en dope From: Annelize
- 3a. Re: familie navorsing - van zweel From: Ursulah
- 4a. Re: Louis Voorstoep en Johan - Engelbrechts Marico From: Marius Dickinson
- 5a. van Zyl From: Stamp and Print Creations
6. Re: Hendrik Willem DICKINSON From: Marius Dickinson
- 7a. Re: Penny Mannheim Kaapstad From: Marius Dickinson

Boodskap 1. [Koerant] The Mercury Dinsdag 12 Junie 2007  
Posted by: "aletta magrieta.quebbemann" am.queb@mweb.co.za alettaquea9fac  
Tue Jun 12, 2007 10:46 pm (PST)

Dag vriende ,

QUICKQUIP:- " Nobody minds having what is too good for them." Jane AUSTIN.

GEBOORTES:- BYRES nee PEMBERTON Kelvin & Taflin 'n seun Jordan John Pemberton BYRES \* 5/06/2007 in London > taflin@hotmail.com< .

CRUZ nee PICKFORD Natalie ,Miguel en Carmen 'n dogter en suster Valentina Sophia \* 4/06/2007 8 pond 15 onse . Kleinkind vir Elaine & Mike PICKFORD en sisterskind vir Allan.

WARBURTON nee LUCKEN Ryan & Portia 'n seun (prem) Damien \* 9/06/2007 in Parklands.

DOOD:- ADAM Victoria Anne † 10/06/2007 by Kloof Rest Home. Gemis deur Joyce, Gareth, Malcolm , Catherine en kinders.Ingesit deur OAKLEIGH Ondernemers.

ARDAIN Monique † 10/06/2007 Spesiale kind en engel. Dankie aan ondersteuning aan almal vanaf 1995. Van Marc, Robyn, Genevieve, Matthew en Nevin.

BARR Graham † 8/06/2007 .Pa van Glenn en Wayne . Dankie aan Suster Pat en personeel by Hospice, Suster Jenny en almal by Falls Haven en Doc Martin . Samekoms vir familie is 16/06/2007 by Clifton Hill Nursery School Hillcrest om 9vm.

EDGE Basil † 8/06/2007 x Suzanne . Pa en oupa.

HARRISON Elizabeth (BR) † 9/06/2007 x † John .Ma van Felecity, Peter en Fiona. Tannie van Robyn. Begrafnis by Our Lady of Fatima Church Durban Noord 13 /06/2007 om 3.30 nm.

HOCKEY Denis Leonard 1923 ----2007 . Pa ,oupa en oupagroot van Mike, Sue, Peter, Maria, Ron, Gerry en families. Memorial by Durban Noord Methodiste Kerk 13/06/2007 om 11.30 vm. Verassing privaat.

JOHNSON John .Onthou deur tennis vriende by die Hoy Park - Allan GOODMAN.

MANSFIELD RBERTt [ek neem aan dis veronderstel om Robert te wees) Ayres 21/02/1911 ----09/06/2007 (97jaar),by Providence Rest Home. Pa van Willard en Jenny, Gabrielle & Gerald WATERS Oupa van 11 en oupagroot.

MARKS Vernon 29/12/1923 ----09/06/2007 x † June. Swaer van Cherry & † Milton BARTHOLOMEW . Op versoek is verassing privaat.

MOULDER Ann Elizabeth 10/11/1919 -----10/06/2007 x † Jack. Ma en skoonma van Keith & Vi , Garth & Helen, Alan & Wendy en Kevin en Christine; Ouma van Nicky & Darren, Louise & Richard, † Jacqueline, Lee & Bianca, Hayley & Damon, Claire, Lauren & Mike en Beverley & Barandon . Oumagroot van Connor, Kyla en Beth. Memorial by Frere Rd Presbyterian Church Glenwood 14 /06/2007 om 11vm. Ingesit deur AVBOB.

MULLER Coenraad Jacobus 20/10/1941 -----08/06/2007 x Marie .Pa van Susan, Petrus en Coenie.Skoonpa van Grant, Jennie en Gail. Oupa van Nadine, Justin en Tyla. Memorial by NG Kerk Malvern op 13/06/2007 om 11vm.

NELSON Graham Leslie † 4/06/2007 . Ingesit deur Oom Kevin en tannie Emmie en familie.

ORBELL William Douglas (Bill) x Mavis . Pa van Jen & Derek BALFOUR, Penny& Ron SAAYMAN , Toot & Lou BOTHA. Oupa van Brett, Vicky , Penny, Ross, Myles, Bronwen, Tim, Matt en hul families. Memorial by St Charles Chapel Scottsville PMB 12/06/2007 om 11vm.

RANKIN Richard Nainby . Broer van Eric, Mary, Marjorie, Maude, Bertha , Edna en Thelma. Verassingsdiens by DOVES Greyville op 12/06/2007 om 11vm.

RICHARDS Elizabeth Susanna sterf by Mooi Havens Kingsburgh . Ma en ouma. Memorial by Mooi Hawens 14/06/2007 om 2.30.nm.

ROBINSON Wendy (ex Butterworth ) x † Norman . Ma van Ted en Glen.

RONNE Hughie † 9/06/2007 Nou saam met sy vrou.. Van kinders en kleinkinders.

SANDER Noel † 11/06/2007 Altyd in ons gedagtes. Van Mike, Carla en families.

TERBLANCHE Audrey . Suster van Clive en Joyce.Tannie van Candice, Belinda.

WARREN Eileen. Memorial by Eshow Methodiste Kerk 15/06/2007 om 10vm.

MEMORIAM:- CARRINGTON Heather 22/06/1936 -----12/06/2006. x Edward. Ma van Caroline, Jonathan en CARRINGTON & HOSKEN Families.

LEONARD Herbi . 5 jaar dood nou. x Penny .Pa van Steven en Ian.

MACHATTIE Doreen Elizabeth 4/05/1918 -----12/06/2006 .Ma van Merle & David. Gugs van Michelle en Gugu van Steven, Keri en Tracey.

SAVINGS Stanley x Lily Pa en oupa van Mervyn , Raylene en kinders.

VAN QUICKELBERGE Gregg . † 11/06/2005 . Onthou deur Ma en pa, Maureen en Mike.

Gegroet uit Durban,  
Rita Quebbemann

Boodskap 2. Geboortes en dope

Posted by: "Annelize" annelize.vanrooyen@pbmr.co.za annelizevanrooyen

Wed Jun 13, 2007 12:06 am (PST)

Ek sit letterlik met my hande in my hare. Dit wil voorkom asof my oumagrooi uit die lug geväl het en weer netso in die niet verdwyn het. Al bewys dat sy ooit geleef het is 'n inskrywing oor haar grafsteen en die ses kinders wat sy gehad het.

Gisteraand het my oupa my darem so 'n flou vlammetjie onder in die tonnel aangestEEK - haar mense kom blykbaar van Robertson af. Het enigiemand dalk iewers 'n Aletta Marais of Lettie Goodey, nee Marais. Gebore 19-10-1879. Oorlede 05-01-1929. Begrawe in die ou begraafplaas te Kroonstad.

Asseblief toggie! Ek probeer die inligting bymekaar kry in een of ander werkbare vorm om vir my oupatjie te gee voor dit te laat is, net om nog 'n ou glimlaggie te kry op daai liewe ou gesiggie!

Boodskap 3a. Re: familie navorsing - van zweel  
Posted by: "Ursulah" jvrens@tdm.co.mz jvrens  
Wed Jun 13, 2007 12:28 am (PST)

Nardus

Baie dankie vir die inligting van oom piet. Het jy dalk kontak detail vir hom. Ek woon nie in SA en sal graag per pos of e-mail met hom wil kommunikeer.

Groetnis

Ursulah

Maputo  
Groenkop Genealoog en  
Student in Sielkunde

Boodskap 4a. Re: Louis Voorstoep en Johan - Engelbrechts Marico

Posted by: "Marius Dickinson" mdickinson@amsa.co.za

Wed Jun 13, 2007 12:30 am (PST)

Dankie Johan, Ja dit is my oupagrootjie Jacobus Petrus Johannes se suster

Groetnis

Md

Boodskap 5a. van Zyl  
Posted by: "Stamp and Print Creations" lommies@mweb.co.za  
Wed Jun 13, 2007 12:38 am (PST)

Hello almal

Ek is op soek na besonderhede van die ouers van Gertbreggie Christina Dorothea van Zyl, gebore 30 Aug 1903 iewers in die Vrystaat. Sy was getroud met Philippus Jacobus van Wyk, gebore 19 Maart 1894. Kan iemand miskien help?

Beide bogenoemde is oorlede en begrawe in Namibië. As iemand dalk hierdie besonderhede verlang, sal ek dit met graagte verskaf.

HENNIE LOMBARD  
P.O. BOX 1037  
GARSFONTEIN 0042  
PRETORIA  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA  
TEL: +27 (0) 12 998 7264  
FAX: 086 601 1404

Boodskap 6. Re: Hendrik Willem DICKINSON  
Posted by: "Marius Dickinson" mdickinson@amsa.co.za  
Wed Jun 13, 2007 12:46 am (PST)

Ja beslis Louis Sy Engelse name was Henry William wat verBoer het na Hendrik Willem Hou asb die gegewens ek sal dit by jou kom kry. Kon jy dalk verbintenis kry tussen Piet Willem en Dick Engelbrecht van Groblersdal en Jacobus Petrus Johannes 1844

Groetnis Marius d

Boodskap 7a. Re: Penny Mannheim Kaapstad  
Posted by: "Marius Dickinson" mdickinson@amsa.co.za  
Wed Jun 13, 2007 12:58 am (PST)

Ursulah

Ek help maar net as ek kan en tyd het.  
Ek gaan so oor drie weke weer. Vra maar ek sal kyk. Ons server is groot maar as die gegewens meer as 5 mb en resolusies groot en hoog is sien ek die ontvangers sukkel om dit te ontvang

Kom ons probeer  
Groetnis Marius

**Onderwerp:** [SA-Gen] Bundel Nommer 2780

**Datum:** Thursday, June 14, 2007

Daar is 24 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:

1a. Myburgh From: Kok, Andrew

2a. Re: Deense skip 1779 - Rene 2 From: kerrieborrie

2b. Re: Deense skip 1779 - Rene 2 From: Gustav & René Pansegrouw

3a. VAB Opsoek From: Jaleen de Beer

4. Kosie van Witrand se naasbestaandes From: Johann De Bruin

5. GGSA Wes-Kaap Bibliotekuitstalling From: Gey van Pittius, NC, Dr

6. Julie GGSA Wes-Kaap Takvergadering - Uitstappie Solms-Delta From: Gey van Pittius, NC, Dr

7a. Humansdorp grafsoek Thurnau From: Karel Marais

7b. Re: Rust From: Anne Rust

8. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 13 Junie 2007 From: P Marx

9. KITSHOFF X DU TOIT From: Gustav & René Pansegrouw

10a. Re: Die Jooste familie From: Gustav & René Pansegrouw

11a. Re: Deense skip 1779 - Rene From: Gustav & René Pansegrouw

12a. Re: Humansdorp Grafsoek Thurnau From: Vic Olivier

12b. Re: Humansdorp Grafsoek Thurnau From: Karel Marais

13. [Koerant] Beeld 13 Junie 2007 From: Blikkies

14a. Kopiereg: Wat dink die lysteraars? From: Elmien Wood

14b. Kopiereg: Wat dink die lysteraars? From: Elmien Wood

15a. LANGE Johanna Elizabeth nee ENGELBRECHT 1846-1941 vir Marius From:  
Annelie Els

16a. GOODEY, JAMES. EGGENOTE: ALETTA (GEBORE MARAIS) vir Annelize  
From: Annelie Els

17a. Re: van zweel familie From: Annelie Els

17b. Re: van zweel familie From: Ursulah

18. [Koerant] The Mercury Woensdag 13 junie 2007 From: aletta magrieta.quebbemann

19. Probleem. From: J van der Grijp

Boodskap 1a. Myburgh  
Posted by: "Kok, Andrew" jakok@uj.ac.za jakok2001  
Wed Jun 13, 2007 2:44 am (PST)

Goeie More

Het iemand dalk asseblief vir my meer inligting oor die volgende man:

Pieter Abraham MYBURGH, \* ca 1869  
X  
Catharina Maria Wilhelmina SWIEGERS, \* 27 Mar 1869, — 11 Jul 1869 Hopetown

By voorbaat dankie

Andrew

Dr J Andrew Kok  
Tel: 011 559 2190  
Faks: 011 559 2822  
E-pos: jakok@uj.ac.za <mailto:hmarais@uj.ac.za>  
Webadres: <http://www.uj.ac.za/infoman/>

Boodskap 2a. Re: Deense skip 1779 - Rene 2  
Posted by: "kerrieborrie" patriot.afrikaans@elisanet.fi kerrieborrie  
Wed Jun 13, 2007 5:03 am (PST)

Goeiemiddag Rene,

Dis waar wat Martin meld maar tog:

Orlogsmuseet, Overgaden oven Vandet 58, 1415 København K. Tlf. 32 54 63 63 Fax 32  
54 29 80  
Email info@orlogsmuseet.dk

en

Statens Arkiver (Hulle algemene adres vir Staat Argiewe)  
Rigsarkivet  
Rigsdagsgården 9  
DK-1218 København K.  
Phone: +45 3392 3310  
Fax: +45 3315 3239

Asseblief indien daar geskukkel word met die taal het laat weet van die lys. Sal help waar moontlik.

Groete  
Elizabeth

Boodskap 2b. Re: Deense skip 1779 - Rene 2

Posted by: "Gustav & René Pansegrouw" gustavre@absamail.co.za gustavre2003

Wed Jun 13, 2007 12:29 pm (PST)

Goeienaand Elizabeth

Sal jou en Martin se raad volg en probeer. Sal seker later by jou lig moet opsteek!

Baie dankie

Groete

René

Boodskap 3a. VAB Opsoek  
Posted by: "Jaleen de Beer" fdebeer@netactive.co.za jaleen46  
Wed Jun 13, 2007 5:39 am (PST)

Kan iemand dalk help ?

VAB 4428 Abraham Jacobus DE BEER

Baie dankie!

Vriendelike groete,

Jaleen de Beer

Boodskap 4. Kosie van Witrand se naasbestaandes  
Posted by: "Johann De Bruin" cjhann@heilbron.co.za cjhanndebruin  
Wed Jun 13, 2007 7:09 am (PST)

Hallo Ferdie van Wyk

RE : KOSIE VAN WITRAND

Kon naasbestaandes gevind word?  
Is Kosie al begrawe?  
Ons sal graag die uiteinde van die verhaal ook wil verneem.

Groete

Johann de Bruin  
Heilbron

Boodskap 5. GGSA Wes-Kaap Biblioteekuitstalling  
Posted by: "Gey van Pittius, NC, Dr " ngvp@sun.ac.za niccitoernbicci  
Wed Jun 13, 2007 7:10 am (PST)

Beste vriende

Die Wes-Kaap tak van die GGSA hou tans `n uitstalling by die Belville biblioteek. Die uitstalling, wat oor genealogie handel en gemik is daarop om die publiek se belangstelling te prikkel, is tot die einde van Junie beskikbaar vir besigtiging. Baie dankie aan alle lede en nie-lede wat vir ons interessante materiaal gelewer het vir die uitstalling. Dit is die tweede jaar wat die uitstalling plaasvind (verlede jaar was so `n groot sukses dat die biblioteek ons gevra het om weer uit te stal) en is onder die bekwame leiding van Marianne Meyer. Ons wil ook vir Marianne bedank vir al haar harde werk en tyd wat sy bestee om ons navorsingsveld/stokperdjie/passie/lewe te bevorder. Ek wil graag almal wat in die omgewing bly aanmoedig om die uitstalling te besoek.

Vriendelike groete

Nico

Boodskap 6. Julie GGSA Wes-Kaap Takvergadering - Uitstappie Solms-Delta  
Posted by: "Gey van Pittius, NC, Dr " [ngvp@sun.ac.za](mailto:ngvp@sun.ac.za) niccitoernbicci  
Wed Jun 13, 2007 7:17 am (PST)

## KENNISGEWING VAN VERGADERING VAN DIE WES-KAAP TAK VAN DIE GGSA

Die Julie maandvergadering van die Wes-Kaap tak van die GGSA word gehou op Saterdag 7 Julie 2007 om 14:00

Ons besoek die plaas Solms-Delta in Franschoek. Die plaas was vroeër "Zandvliet" en was oorspronklik in die laat 1600's toegeken aan 'n Duitser wie se vrou die vrygemaakte slaaf, Ansela van de Caab was. 'n Volgende eienaar was die seun van 'n vroueslaaf. Die ou wynkelder (nou 'n museum) dateer uit 1740. Vir eeue is daar bekroonde wyne geproduseer totdat 'n phyloxera epidemie in 1899 Delta se wingerde verwoes het. Dit was eers in 2001, toe die wêreldbekende neurowetenskaplike, Professor Mark Solms, teruggekeer het na Suid-Afrika en die verwaarloosde eiendom oorgeneem het, dat dit weereens 'n leidende krag in die Suid-Afrikaanse wynindustrie geword het. Vandag het Dr Mark Solms en afstammelinge van geslagte van werkers, 'n Trust gevorm om die gerestoureerde wingerde te bestuur en te deel in die voordele daarvan. Dr Solms het 'n intense belangstelling in die plaas en sy mense sowel as in sy eie familiegeskiedenis. Hy beskik oor 'n volledige genealogie van sy familie wat terugdateer tot die jaar 788 in Europa. Dit is beskikbaar vir insae op die plaas se webtuiste by <http://www.solms-delta.co.za/main/familyhistory.html>. Argeologiese navorsing deur die Universiteit van Kaapstad se Kontraktekantoor het die Laat Steentydperk besetting van die plaas en sy 17e eeuse geskiedenis blootgelê. Ons sal begelei word deur die museumuitstalling en besoek bring aan die argeologiese terrein, gevvolg deur 'n wynproe. Ten laaste sal ons Dr Solms en Tracey Randle, 'n geskiedkundige op die personeel van die plaas en wat die brein agter die museum was, by die hoofgebou ontmoet, waar hulle van die genealogiese navorsing wat hulle gedoen het sal aanbied. Dr Solms en me Randle beplan ook die vestiging van 'n navorsingsentrum op die plaas met die fokus op genealogiese navorsing om die mense van die onmiddellike gemeenskappe te help om hulle families na te vors.

Die plaas het ook pieknieketes beskikbaar sodat lede, indien hulle belangstel, vroeër (12:00 -13:00 of selfs vroeër) kan kom en sulke etes kan bespreek en teen hul eie koste kan geniet. Gewoonlik word dié etes geniet in die woud, wat 'n vyf minute wandeling van die museum af geleë is. Die pieknieketes moet egter ten minste 'n dag vooraf bespreek word.

Vir meer inligting kan die Solms-Delta webtuiste by <http://www.solms-delta.co.za/index.html> besoek word

Kontakpersoon: Nico Gey van Pittius (082 4354478) of Fred Deas (021-939 2386).

Boodskap 7a. Humansdorp grafsoek Thurnau  
Posted by: "Karel Marais" turando101@yahoo.com turando101  
Wed Jun 13, 2007 8:38 am (PST)

Dagse,

Oor my oumagrootjie kan ek net se Steeds is het einde niet!  
Sy is blykbaar begrawe op Humansdorp, se my tannie wat al by die graf was, waar op Humansdorp die graf is weet niemand nie want dit was lang jare terug. Indien daar enige lede is wat daar bly en weet van die graf hoor ek graag van julle.

Haar details is as volg:

Dorothea Maria Augusta Sofia Thurnau \*12 Jun 1852 +30 Apr 1933, getroud met Johan Abraham Landman Marais. Haar nooiensvan kan ook wees: Turnau, Toernau, Toernou, Torno en volgens een bron moontlik Ottoterno (hierdie laaste een betwyfel ek sterk maar die bron is goed?!?!)

Groetnis,  
Karel Marais  
Wene, Oostenryk

Boodskap 7b. Re: Rust

Posted by: "Anne Rust" anne.rust@yahoo.ca anne.rust

Wed Jun 13, 2007 9:36 am (PST)

Indien iemand National Archives Repository (Public Records of former Transvaal Province and its predecessors as well as of magistrates and local authorities) toe gaan, sal ek dit waardeer is hulle hierdie inligting met my kan deel.

DEPOT TAB

SOURCE MHG

TYPE LEER

VOLUME\_NO 0

SYSTEM 01

REFERENCE 3393/58

PART 1

DESCRIPTION RUST, DIRK JACOBUS ADRIAAN.

STARTING 19580000

ENDING 19580000

REMARKS SURVIVING SPOUSE HUIBRECHT JOHANNA FRANCINA (BORN DREYER).

Baie dankie,

Boodskap 8. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 13 Junie 2007  
Posted by: "P Marx" geelhoutboom@intekom.co.za  
Wed Jun 13, 2007 9:39 am (PST)

Sterfgevalle

BLOHM, Gertrud. \*06/04/1927. Ons geliefde Mutti en Omi +11 Junie 2007 by Onrus Manor.  
Kinders Hans, Karen, Marianne, Gertrud en Peter, 13 kleinkinders en 4 agterkleinkinders.  
Dankdiens Vrydag 15 Junie 2007 10:30 Onrus Manor. Privaat verassing.  
Gertrud JARDINE: 083 484 7111. (Die Burger Oos-Kaap 13/06/2007)  
Windt Broers Hermanus 028 316 4205

DE KLERK, Daniel (Oom Daantje). +Maandag 11 Junie 2007. Kinders, klein- en agterkleinkinders.  
Begrafnisdiens Vrydag 15 junie 2007 14:00 NG kerk, Algoapark (P.E.) Forest Hill-begraafplaas.  
(Die Burger Oos-Kaap 13/06/2007) Reëlings: Jan Ackerman Algoa Begrafnisdienste 041 484 5748

JONKER, Jonga. Tragies +Saterdag 9 Junie 2007. Eggenote, kinders. 'n Kersliggie ter nagedagtenis aan jou, Jonga, 19:00 vanaand by die Willowdam. Begrafnisdiens Donderdag 14 Junie 2007 14:00 NG kerk Oos, Uitenhage. (Die Burger Oos-Kaap 13/06/2007) Navrae: Bossies 084 792 0442 / 041 991 1471

NELL, Joey, née ROSSOUW. +9 Junie 2007. Ons moedertjie, ouma en vriendin.  
Begrafnisdiens Donderdag 14 Junie 2007 11:00 Volle Evangelie kerk, Penford, Uitenhage. (Die Burger Oos-Kaap 13/06/2007)

VAN RENSBURG, Joyce. +Donderdag 7 Junie 2007. Kinders, kleinkinders. (Die Burger Oos-Kaap 13/06/2007)

In Memoriam  
RENSBURG, Gladys. (TURNER née BECK). Our mother and grandmother passed away 1 year ago today.  
TURNER, KOPS and NATHIE families.

Hester Marx Loerie Oos-Kaap

**Boodskap 9. KITSHOFF X DU TOIT**

Posted by: "Gustav & René Pansegrouw" gustavre@absamail.co.za gustavre2003  
Wed Jun 13, 2007 11:10 am (PST)

Beste lede

Ek het met groot verwagting uitgesien na deel 13 van SAG om die Kitshoff-Du Toit-verbintenis na te gaan en daar was net niks! Ek is op soek na die kinders van Kitshoff-Du Toit huwelike waar die moeder 'n Kitshoff was en ek sal alle hulp baie waardeer.

M.H.C. Kitshoff het in sy boek ook die kinders met Kitshoff moeders ingesluit het – darem nie kleinkinders soos Janet Melville gedoen het nie. Ek kry baie Du Toits in die Meesterskantoor in Kaapstad, maar ongelukkig word die name van die oorlede ouers dikwels nie vermeld nie en dan weet ek natuurlik nie of ek enigsins met die korrekte persoon te doen het nie.

In elk geval sal enigiets wat ek kan kry, baie welkom wees. Vanselfsprekend sal ek bereid wees om my inligting te deel.

Hartlike groete

René Pansegrouw (\* Kitshoff)

Boodskap 10a. Re: Die Jooste familie

Posted by: "Gustav & René Pansegrouw" gustavre@absamail.co.za gustavre2003

Wed Jun 13, 2007 11:14 am (PST)

Nico,

Moontlik kan jy ook Andre et Claudie Jooste by claundre@mweb.co.za nader.

Groete

René Pansegrouw

Boodskap 11a. Re: Deense skip 1779 - Rene

Posted by: "Gustav & René Pansegrouw" gustavre@absamail.co.za gustavre2003

Wed Jun 13, 2007 12:30 pm (PST)

Martin

Baie dankie. Sal jou raad volg.

René

Boodskap 12a. Re: Humansdorp Grafsoek Thurnau  
Posted by: "Vic Olivier" zs2sz@xsinet.co.za  
Wed Jun 13, 2007 12:56 pm (PST)

Hello Karel,

Humansdorp BP, Ou seksie, Ry 16, graf # 15. (Handmade stone).

D.M.S.A MARAIS, \* THAURNAU 12/5/1852, + 30/4/1933.

Beste groete van die Vriendelike Stad,  
Vic.

Boodskap 12b. Re: Humansdorp Grafsoek Thurnau  
Posted by: "Karel Marais" turando101@yahoo.com turando101  
Thu Jun 14, 2007 12:14 am (PST)

Vic,

Baie dankie!

Jy het ook nou vir my 'n nuwe spelling gegee van die van (wat intresant verskil van wat die familie het) en dit maak nou weer 'n nuwe veld oop in my soektog!

Dankie,  
Karel Marais

Boodskap 13. [Koerant] Beeld 13 Junie 2007  
Posted by: "Blikkies" blikkies@mabonline.co.za blignautfanie  
Wed Jun 13, 2007 1:32 pm (PST)

BARNARD; Martinus Christoffel, in lewe van Germiston Gauteng provinsie.  
Begrafnisdiens: NH Kerk, Delportstraat, Elsburg, Germiston, 15/06/2007,  
11:00 # Suidpark Begraafplaas, Elsburg, Germiston. (Beeld – 13/06/2007)  
AVBOB Begrafnisdienste, Germiston, 011-825-3667.

BLOHM; Gertrud 06/04/1927 + 11/06/2007. Ons Mutti en Oumi sal onthou word  
deur Hans, Karen, Marianne, Gertrud en Peter, dertien kleinkinders en vier  
agterkleinkinders. Dankdiens: Onrus Manor, 15/06/2007, 10:30. Veras. Kontak:  
Gertrud JARDINE, 083-484-7111. (Beeld – 13/06/2007)

BREYTENBACH; Maria Margaretha (Ouma Mieta), in lewe van Elsburg, Germiston  
Gauteng provinsie. Begrafnisdiens: NG Kerk, Elsburg-Suid, 13/06/2007, 11:00  
# Suidpark Begraafplaas, Elsburg. (Beeld – 13/06/2007) AVBOB  
Begrafnisdienste, Germiston, 011-825-3667/8.

CASSIDY; Joseph Michael, in lewe van Duncanville, Vereeniging, Gauteng  
provinsie. Roudiens: Geref Kerk, Vereeniging, 13/06/2007, 11:00. Veras.  
(Beeld – 13/06/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Vereeniging, 016-421-4054.

DE MILANDER; Dennis (Dimmy) \* 15/04/1927 + 06/06/2007, in lewe van Pretoria.  
Herdenkingsdiens: NG Gemeente, Arcadia, Pretoria, 14/06/2007, 14:00. (Beeld  
– 13/06/2007)

FRANCOIS; Clive Andrew John, in lewe van Pretoria. Begrafnisdiens: Volle  
Evangelie van Jesus Christus, Eastlynn, Pretoria, 14/06/2007, 12:00 #  
Pretoria-Oos Begraafplaas. (Beeld – 13/06/2007) Saf-Bob Begrafnisdienste,  
Pretoria, 012-331-5030.

KARSTEN; Elizabeth Johanna, in lewe van Pretoria. Begrafnisdiens: NG Kerk,  
Florandia, Pretoria, 14/06/2007, 13:00 # Heatherdale Begraafplaas, Britsweg,  
Pretoria-Noord. (Beeld – 13/06/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Pretoria-Noord,  
012-565-4269.

LATEGAN; Maria Jacomina, in lewe van Pretoria. Roudiens: NG Kerk,  
Wonderpark, Pretoria, 14/06/2007, 10:00 . Veras. (Beeld – 13/06/2007) AVBOB  
Begrafnisdienste, Pretoria-Noord, 012-565-4269.

NIENABER; Martinus Johannes, in lewe van Sasolburg, Vrystaat provinsie.  
Roudiens: NG Kerk, Tuinedal, Sasolburg, 14/06/2007, 12:00. Veras. (Beeld –  
13/06/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Vereeniging, 016-421-4054.

PRINSLOO; Jochemus Johannes Lourens, in lewe van Elsmed, Vereeniging,

Gauteng provinsie. Begrafnisdienst: Geref Kerk, h v Grey- en Bothastraat, Vereeniging, 15/06/2007, 12:00 # Vanderbijlpark Begraafplaas, Gauteng provinsie. (Beeld – 13/06/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Vanderbijlpark, 016-933-9734.

VAN ASWEGEN; Cornelius Johannes - ID: 530414 5144 003, skakel {me} E J VAN ASWEGEN – ID: 551217 0085 087 by 012-386-6594 ivm skeisaak. (Beeld – 11, 12, 13/06/2007)

VAN DEN BERG; Adriaan Stefanus, in lewe van Kempton Park, Gauteng provinsie. Verassingsdiens: AVBOB Kapel, Margaretlaan 29, Kempton Park, 14/06/2007, 11:00. (Beeld – 13/06/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Kempton Park, 011-975-5845.

VAN DER WESTHUIZEN; Jan (79), in lewe van Pretoria, vroeër Oos-Londen, Wes-Kaapprovinsie. Verassingsdiens: NG Kerk, Monument Park, Pretoria, 15/06/2007, 10:00. (Beeld – 13/06/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Pretoria-Oos, 012-460-3745.

VAN SCHALKWYK; Frieda + Mooigeleë Kliniek, 10/06/2007, bekende Kunskonsultant in lewe van Pretoria. Gedenkdiens: NG Kerk, Lynnwood, Sussexlaan 439, Pretoria, 17/06/2007, 16:00. Veras. (Beeld – 13/06/2007) Grobbelaars & Kerkstraat Begrafnisdienste, Pretoria, 012-348-5556.

Groete,

Fanie Blignaut,  
Vanderbijlpark,  
Gauteng provinsie.  
[blikkies@mabonline.co.za](mailto:blikkies@mabonline.co.za).

Boodskap 14a. Kopiereg: Wat dink die lysteraars?  
Posted by: "Elmien Wood" woodem@mweb.co.za  
Wed Jun 13, 2007 1:56 pm (PST)

### Lysteraars

My volgende vraag in verband met kopiereg is:

In hoe 'n mate kan 'n mens inligting uit gepubliseerde bronne op die lys aanhaal?

Die motivering vir die vraag is dit: Daar word dikwels uit die Begraafplaas-kompakskyf van die GGSA, uit Bewaarders van ons Erfenis, uit verskillende boeke, uit geslagsregisters en so voorts aangehaal.

Dit beteken dat iemand nie die boek hoef te koop nie, want hy kry die inligting op die lys.

Ek het gedink aan 'n soortgelyke situasie waar iemand 'n boek by 'n biblioteek naslaan. Dieselfde beginsel sal seker hier geld, naamlik dat slegs 'n klein stukkie uit 'n boek aangehaal mag word sodat dit kan inpas in die navorsing se eie werk.

Is daar enige teenvoorstelle?

Groete  
Elmien

Boodskap 14b. Kopiereg: Wat dink die lysteraars?  
Posted by: "Elmien Wood" woodem@mweb.co.za  
Wed Jun 13, 2007 1:59 pm (PST)

### Lysteraars

Op my aanmerking "Ek gaan hard probeer om elke brief persoonlik te beantwoord" het Samuel Murray die volgende geantwoord:

Is dit hoegenaamd nodig om elke briefie te beantwoord? 'n Mens kan mos net reageer op die punte wat tot verdere bespreking kan lei, en enige "dooie" punte vir die argief los, of hoe?

Ek dink ek gaan sy voorstel aanvaar. Dit neem net eenvoudig te lank vir my om elke brief te beantwoord en vrae word in elk geval uitstekend deur sekere van die ander lyslede beantwoord.

As iemand dus regtig van my persoonlik 'n antwoord wil hê, vra net en dan doen ek dit.

Groete  
Elmien

Boodskap 15a. LANGE Johanna Elizabeth nee ENGELBRECHT 1846-1941 vir Marius  
Posted by: "Annelie Els" annelie@who-els.co.za engelkind2000  
Wed Jun 13, 2007 7:02 pm (PST)

Hello Marius,

Daar is ook fotos van die graf by die skakel. Ons het dit afgeneem en dis hier beskikbaar.

[http://www.eggsa.org/library/main.php?g2\(itemId=48785](http://www.eggsa.org/library/main.php?g2(itemId=48785)

Groetnis  
Annelie  
Valhalla.

Boodskap 16a. GOODEY, JAMES. EGGENOTE: ALETTA (GEBORE MARAIS) vir  
Annelize  
Posted by: "Annelie Els" annelie@who-els.co.za engelkind2000  
Wed Jun 13, 2007 7:11 pm (PST)

Hello Annelize,

Indien jy nog nie na jou Oupagroot se SK gekyk het nie mag jy dalk daar deur die naam  
gee patroon probeer uitvind wie jou Oumagroot se ouers was.

Groetnis  
Annelie  
Valhalla.

DEPOT VAB SOURCE MHG TYPE LEER SYSTEM 02  
REFERENCE 23978 PART 1

DESCRIPTION GOODEY, JAMES. EGGENOTE: ALETTA (GEBORE MARAIS).  
STARTING  
19320000 ENDING  
19320000

Boodskap 17a. Re: van zweel familie  
Posted by: "Annelie Els" annelie@who-els.co.za engelkind2000  
Wed Jun 13, 2007 8:00 pm (PST)

Hello Ursulah,

Ek kan nie hiermee help nie. Miskien moet jy die lys daaroor vra.

Groetnis  
Annelie.  
Valhalla.

Boodskap 17b. Re: van zweel familie  
Posted by: "Ursulah" jvrens@tdm.co.mz jvrens  
Wed Jun 13, 2007 11:44 pm (PST)

Hallo almal

Ek het inligting i.v.m. twee familie plase by Annelie Els gekry. Annelie baie dankie vir jou hulp.

Die plase is geleë in die Bethal dist "Onverwacht" no 75 (voorheen 286 Standerton) het in 1900 behoort aan Carel Lewis Wilhelm van ZWEEL. `n Ander plaas in die BETHAL dist wat ook aan hom behoort het was Langsloot no 76 (voorheen 4 Standerton.)

Ek wonder of daar dalk iemand is wat vir my kan se wie die huidige eienaars van hierdie plase is en hoe ek met hulle in aanraking kan kom.

Vriendelike Groete

Ursulah  
Maputo  
Groenkop Genealoog en  
Student in Sielkunde

Boodskap 18. [Koerant] The Mercury Woensdag 13 junie 2007  
Posted by: "aletta magrieta.quebbemann" am.queb@mweb.co.za alettaqea9fac  
Wed Jun 13, 2007 10:50 pm (PST)

Naand vriende,

QUICKQUIP:- " Denail ain't just a river in Egypt. " Mark TWAIN.

GEBOORTES:- DAY /DREYER Jacques, Christine en Zoë 'n dogter en suster geen naam \* 9 /06/2007 in Dubai.

DOOD:- BOYDER Stanley John x Rusty Pa van Mitch, Colleen, Porky en Shellley. Oupa van Lance , Kevin, Brandon, Tannith en Megan.

BYDAWELL Helen Maude + 10/06/2007 x + Dudley. Ma ,ouma,oumagroot en ooroumagroot.Begrafnis by DOVES Greyville 15/06/2007 om 12nm.

CHOPPIN Mervyn Laurence (Bunny) + 10/06/2007 x Betty .Broer van Ronald x Denise ,Oom van Graham, Tracy en Liesl. en ook broer van Michael . Verassing privaat.

CRONJE Catharina Petronella x + Pieter. Ma van Una. Begrafnis by Frere Rd Presbyterian Kerk om 12.30 nm op 15/06/2007. Dan na Stellawood . Ingesit deur BELL ondernemers.

MAGGS Brian Jarvis 26/09/1926-----11/06/2007 x Joan.Pa van Jenny,Patsy, Margy en David en hulle families. Begrafnis by St Michaels Anglikaanse Kerk Umhlanga op 14/06/2007 om 11.30vm. Ingesit deur BELL'S ondernemers.

MANSFIELD Robert Ayres (hierdie keer is dit reg in die koerant.) 21/02/1911 -----09/06/2007.

ROBERTS PHILLIPS nee BOND Eva Edna + 9/06/2007 . "Wake" by 13 Siesta, 76 Ocean Drive , Chaka's Rock 18/06/2007 . TEL :- 032 5255823.

ROWDON John + 06/06/2007 in UK. x Ariana. Pa van Kallan en Fabio. Broer van Jackie en Mavis.

SAMSON Desire. Ma van Christine .Ouma van Gayle, Richard en Bella. Memorial by Kloof Methodiste Kerk op 14/06/2007 om 1500 uur. TEL:- 0824513395.

SHAW Sue (Muzerie) . Vriendin van Lisa ROETS.

SHAW nee STEAD Susan Margaret . Memorial by St Andrew's Anglikaanse Kerk Dargle 15/06/2007 om 10vm. Ingesit deur OAKLEIGH Ondernemers.

SOUTHY Flen Trevor. + 10/06/2007 in JHB. Seun van Moragh & Bob. Broer van Barbara ,swaer van Wayne en oom van Brett en Stewart.

TERBLANCHE Audrey Anne . Ma van Rosemary, Fiona, Chantal, Desireë en Kyle. Dogter van Beryl RUDMAN. Ouma van Kaelin, Dane, Macayla, Tamica en Shianne.. Begrafnis 15/06/2007 om 2nm by House of Prayer in Malvern. Ingesit deur OAKLEIGH Ondernemers.

TIMMER Brian + 6/06/2007 x Wendy .Pa van Rowan en Megan.

WILTON Pamela Atholl Murray 1914 ----- 11/06/2007 .Ma van Bruce, Michael, Barry en Gillian. Ouma en oumagroot.. Memorial by Woodgrove 14/06/2006 om 10vm.

MEMORIAM:- BOULLE Lynette . 5 jaar dood nou. Vrou en ma van Eddy, Edmond en Desiree.

EDWARDS Neville Charles (Tiger) . 2 jaar dood nou .Onthou deur Avril, Debbie nuwe kleinseun. Ook Gareth, Nicole en Olivia-Beth.

JAMES Irene . 4 jaar dood nou..Onthou deur Martin , Diane, Lavern, Giselle, Glenda, Lauren, Tyrone en families.

MAARTENS Allan . 2 jaar dood nou. Onthou met liefde van Owen, Jenny, Claire en Darryn.

METCALF Brian Alan .20 jaar dood nou. Man ,pa en oupa.

RANKIN Daphne .Ma van Marcel, Denise en familie.

TERANES Peter . 5 jaar dood nou .Man,swaer ,pa ,skoonpa en oupa . Onthou deur Essie en familie,;Poppy & Stan,Sheila, Manoli en familie; Thelma, Mike en familie.

Gegroet uit Durban waar dit bewolk is en elke nou en dan Spoeg.

Rita Quebbemann.

Boodskap 19. Probleem.

Posted by: "J van der Grijp" wolfoffice@absamail.co.za jacquesvdg

Thu Jun 14, 2007 12:40 am (PST)

Dag Lede.

Ek het 'n probleem oor een persoon in my databasis. Ek het meeste van die inligting wat ek het oor haar hieronder ingeplaas

Wilhelmina Gertruida van der Grijp

Volgens haar SK:

Ouers: Willem Frans van der Grijp & Elizabeth Adriana Schultz

Age of deceased: 41 years of age (8/8/1861)

Date of decease: 21 Apr 1901

& kinders Info.

Volgens DRIEHONDERD JAAR NASIEBOU - STAMOUERS VAN DIE AFRIKANERVOLK" Outeur Dr D F du T Malherbe:

Geboorte: 4 Aug 1855.

Volgens familie:

Geboorte: 4 Aug 1853

Nou vir die probleem: Hoekom sou 'n man op sy vrou se SK opsetlik foute maak. Bv. haar pa se name is verkeerd, sy kon nie 41 jaar oud gewees het teen dood nie, en die doodsdatum verskil met ses jaar. Kon dit gewees het dat die konsentrasiekampe ingedeel was volgens ouderdom, dat hy gelieg het om vir haar te "cover" oor haar ouderdom om die kinders te beskerm.

Kan enige iemand verdere lydrade gee.

Groete

Jacques van der Grijp

**Onderwerp:** [SA-Gen] Bundel Nommer 2781

**Datum:** Thursday, June 14, 2007

Daar is 25 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:

- 1a. Re: Kosie van Witrand se naasbestaandes From: Nardus Combrinck
2. [Koerant] Beeld 14 Junie 2007 From: Blikkies
- 3a. WALKER From: TRUDY DU BRUYN
- 3b. Re: WALKER From: J van der Grijp
- 4a. Re: van zweel familie From: Ursulah
- 4b. Re: van zweel familie From: Cathy
- 5a. Re: vir Mara Potgieter From: mara potgieter
6. witbank begraafplaas From: Ursulah
7. NAB opsoeke From: Ursulah
- 8a. Re: Vir Faan Naude From: Faan Naude, Rietfontein, PRETORIA
- 9a. [KOERANT]BEELD MPUMALANG- Bellie -of -Tienie From: E Teir
- 9b. Re: Rust/Dreyer From: Anne Rust
10. [koerant]Beeld-Dozi From: E Teir
- 11a. Mediese Joernale From: Gert Schepers
- 11b. Re: Boek Rust familie From: Anne Rust
- 11c. Re: Mediese Joernale From: Karel Marais
- 11d. Re: Mediese Joernale From: Gert Schepers
- 11e. Re: Boek Rust familie From: Nardus Combrinck
- 12a. [KOERANT]NOORDWES-BEELD.plaas Leeuwfontein From: E Teir

- 12b. Re: [KOERANT]NOORDWES-BEELD.plaas Leeuwfontein From: k75
13. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 14 Junie 2007 From: P Marx
14. [KOERANT]PAARL POST WEEK 24/2007 From: E Teir
15. GGSA Nasionale Begraafplaas Opskryf Projek From: Blikkies
- 16a. Re: Begraafplaas Projek From: Blikkies
- 17a. Re: familie navorsing - van zweel From: Nardus Combrinck

Boodskap 1a. Re: Kosie van Witrand se naasbestaandes  
Posted by: "Nardus Combrinck" 0728862338@vodamail.co.za  
Thu Jun 14, 2007 3:42 am (PST)

Ek het ook `n soortgelyke hartseer verhaal om te vertel. `n Broerskind van Adv. Strijdom , Milo Strijdom, se ma het hom op nege - jarige ouderdom by Witrand gaan aflaai. (Nie seker watter jaar) Hy was slegs selebraal - verlam en volgens my kennis het sy verstand niks makeer nie. Hy het sy eie besigheidjie daar bedryf en homself leer lees en skryf.

Tydens die sewentiger - jare het my ouers hom `n aantal kere gaan haal en op vakansie geneem. Omrede hy wanaangepas was na al die jare tussen geestes ongestelde mense, is my ouers versoek om hom nie weer uit te neem nie. Die familie het hom sedertdien afgesterf en dit het my bly pla dat niemand hom meer besoek het nie. Ons het self later Potchefstroom toe getrek, maar niemand het ooit by hom uitgekom nie!!

Vroeg in hierdie jaar ry ek weer verby Witrand oppad na Ventersdorp en ek besluit om gou daar in te loer - miskien leef hy nog!!

Die verpleegster was nogal aangedaan , want al die jare wat sy hom verpleeg het, was daar nooit weer enige familie by hom nie!!

Hy het altyd gepraat van die "advokaat" wie hom sou kon haal!! Die storie het ook geloop dat die Strijdom - familie niks met hom te doen wou gehad het nie omrede hy `n verleenheid vir hulle was. Dit was egter `n leun omrede Adv. Strijdom in lewe na baie van sy familie omgesien het wie hulpbehoewend was. Daarvoor bestaan `n aantal koerant berigte in my besit. Milo se pa Mathijs was ook later `n swerwer en sy broer (Adv. Strijdom) het ook vir hom `n huis gevind en sy verblyf betaal.

Ek is baie hartseer daar weg - ek het bly dreig om hom te besoek, maar ek was twee jaar te laat. Ek kon `n verskil gmaak het in `n eensame mens se lewe!!

Nardus

Boodskap 2. [Koerant] Beeld 14 Junie 2007  
Posted by: "Blikkies" blikkies@mabonline.co.za blignautfanie  
Thu Jun 14, 2007 3:48 am (PST)

BLOHM; Gertrud 06/04/1927 + 11/06/2007, Onrus Manor. Ons Mutti en Oumi sal onthou word deur Hans, Karen, Marianne, Gertrud en Peter, dertien kleinkinders en vier agterkleinkinders. Dankdiens: Onrus Manor, 15/06/2007, 10:30. Veras. Kontak: Gertrud JARDINE, 083-484-7111. (Beeld - 13, 14/06/2007)

BOYZEN; Willem. Dankdiens: Geref Kerk, Silverton, Presidentstraat, Pretoria, 14/06/2007, 11:00 # 10:00, Pretoria-Oos Begraafplaas. (Beeld - 14/06/2007) Sonja Smith Begrafnisgroep, Pretoria, 012-654-9902.

BREED; {Kaptein} Johan (Bokkie) \* 05/06/1935 + 12/06/2007. Begrafnis: Zandfontein Begraafplaas, 10:00. Kontak: Dogter Edna BOTHA 079-632-2550. (Beeld - 14/06/2007)

CHELIN; Jean Claude, in lewe van Pretoria. Begrafnisdiens: Magnolia Haven Muckleneuk, Pretoria, 15/06/2007, 13:00 # Heatherdale Begraafplaas, Britsweg, Pretoria-Noord. (Beeld - 14/06/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Pretoria-Noord, 012-565-4269.

HALL; Benjamin William Joubert, in lewe van Boksburg, Gauteng provinsie. Verassingsdiens: NG Kerk, Lowtherstraat, Boksburg, 15/06/2007, 10:00. (Beeld - 14/06/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Boksburg, 011-917-5041.

SMIT; Phillipus Jacobus, in lewe van Kempton Park, Gauteng provinsie. Begrafnisdiens: AGS Kerk, Fiskaalstraat, Kempton Park, 15/06/2007, 12:00 # Zuurfontein Begraafplaas, Kempton Park. (Beeld - 14/06/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Kempton Park, 011-975-5845.

VAN ASWEGEN; Cornelius Johannes - ID: 530414 5144 003, skakel {me} E J VAN ASWEGEN - ID: 551217 0085 087 by 012-386-6594 ivm skeisaak. (Beeld - 11, 12, 13, 14/06/2007)

VAN DEN BERG; Heila Magdalena, in lewe van Pretoria. Roudiens: NG Kerk, Florauna, Pretoria, 15/06/2007, 14:00. Veras. (Beeld - 14/06/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Pretoria-Noord, 012-565-4269.

Groete,

Fanie Blignaut,

Vanderbijlpark,  
Gauteng provinsie.

blikkies@mabonline.co.za.

Boodskap 3a. WALKER

Posted by: "TRUDY DU BRUYN" trudydubruyn@hotmail.com trolle001  
Thu Jun 14, 2007 4:14 am (PST)

Middag Lede,

Ek weet ek het al verskeie kere die versoek aan die lys gerig, maar ons het soveel nuwe lede en gaan ek maar weer probeer.

Ek is (nou al vir 5 jaar) opsoek na enige inligting van JOHN HERBERT WALKER +  
(ongeveer) 1921 x PRETORUIS - 2 kinders MARTIN & SHELAGH

Enige Lid wat dalk ENIGE van die WALKER familie navors sal ek baie waardeer as u my asb kan kontak, dalk vind ons iewers 'n kontak.

Byvoorbaat dankie

Groete vanuit 'n (letterlike) snikhete Saudia Arabia

Trudy du Bruyn \* MEYER

Boodskap 3b. Re: WALKER  
Posted by: "J van der Grijp" wolfoffice@absamail.co.za jacquesvdg  
Thu Jun 14, 2007 6:11 am (PST)

Dag Trudy.

Het jy al die volgende leers getrek:

DEPOT TAB SOURCE WLD TYPE LEER VOLUME\_NO 0 SYSTEM 01  
REFERENCE 390/1920 PART 1 DESCRIPTION ILLIQUID CASE DIVORCE  
CATHERINE GERTRUDE MARIA WALKER (BORN PRETORIUS) VERSUS JOHN  
HERBERT. STARTING 19200000 ENDING 19200000 DEPOT TAB SOURCE WLD  
TYPE LEER VOLUME\_NO 5/375 SYSTEM 01 REFERENCE 530/1921 PART 1  
DESCRIPTION OPPOSED APPLICATION. CATHERINE GERTRUDE MARIA  
WALKER (BORN PRETORIUS) VERSUS JOHN HERBERT WALKER. STARTING  
19210000 ENDING 19210000 DEPOT TAB SOURCE TPD TYPE LEER  
VOLUME\_NO 8/62 SYSTEM 01 REFERENCE 780/1912 PART 1 DESCRIPTION  
OPPOSED APPLICATION. CATHERINE GERTRUDE MARIA WALKER (BORN  
PRETORIUS) VERSUS JOHN HERBERT WALKER. STARTING 19120000 ENDING  
19120000 GroeteJacques van der Grijp----- Original Message -----

From: TRUDY DU BRUYN

To: SAGenealogie

Sent: Thursday, June 14, 2007 1:11 PM

Subject: [SA-Gen] WALKER

Middag Lede,

Ek weet ek het al verskeie kere die versoek aan die lys gerig, maar ons het soveel nuwe lede en gaan ek maar weer probeer.

Ek is (nou al vir 5 jaar) opsoek na enige inligting van JOHN HERBERT WALKER +  
(ongeveer) 1921 x PRETORUIS - 2 kinders MARTIN & SHELAGH

Enige Lid wat dalk ENIGE van die WALKER familie navors sal ek baie waardeer as u my asb kan kontak, dalk vind ons iewers 'n kontak.

Byvoorbaat dankie

Groete vanuit 'n (letterlike) snikhete Saudia Arabia

Trudy du Bruyn \* MEYER

Boodskap 4a. Re: van zweel familie  
Posted by: "Ursulah" jvrens@tdm.co.mz jvrens  
Thu Jun 14, 2007 5:24 am (PST)

Hallo almal

Is daar iemand wat kan help met inligting van waar ek die titelaktes van die onderstaande plase kan kry?

Hulp sal baie waardeer word

Vriendelike Groete

Ursulah  
Maputo  
Groenkop Genealoog en  
Student in Sielkunde

>>Daardie plaas in die Bethal dist "Onverwacht" no 75 (voorheen 286 Standerton) het in 1900 behoort aan Carel Lewis Wilhelm van ZWEEL.

>>'n Ander plaas in die BETHAL dist wat ook aan hom behoort het was Langsloot no 76 (voorheen 4 Standerton.)

Boodskap 4b. Re: van zweel familie  
Posted by: "Cathy" cathynu@bellsouth.net dickydube  
Thu Jun 14, 2007 5:57 am (PST)

More Ursulah,

Beide Aktes sal jy kan kry by die Pretoria Aktekantoor. Ek het onlangs titelaktes by die Bloemfontein Aktekantoor gekry vir 'n grootjie van my man .... Wat ek gedoen het was om 'n Aktevervaardiger in Bloemfontein te nader om dit namens my te doen. As jy die naam van 'n Aktevervaardiger soek, e-mail my van lys af, en ek sal bly wees om te help. Ek het my dokumente binne omtrent 'n maand gehad.

Vriendelike groete,  
Cathy Nieuwoudt  
Birmingham V.S.A.

Boodskap 5a. Re: vir Mara Potgieter

Posted by: "mara potgieter" mara.potgieter@yahoo.com mara.potgieter

Thu Jun 14, 2007 5:25 am (PST)

Goeimiddag Lee

Jammer om nou eers te antwoord maar dit gaan dol hier by my, dit is nou wat gebeur as 'n ma van 4 op 44 wil gaan eksamen skryf. Ek het verskeie inligting oor beide jou twee name kan jy my dalk meer gee, waar kom jy aan die twee.

Ek het Prof Marx se boekie oor die Marx'e gekry en daar is seker drie van elke naam wat jy soek in.

Groetnis

Mara

Boodskap 6. witbank begraafplaas  
Posted by: "Ursulah" jvrens@tdm.co.mz jvrens  
Thu Jun 14, 2007 5:26 am (PST)

Hallo trudy

Jy het 'n rukkie gelede aangebied om grafte in witbank begrafplaas vir my te fotografeer.  
Hier is die besonderhede.

Oupa Joachim Christoffel is oorlede in April 1957. Ouma Susara Jacoba Mocke (nee le Roux voorheen van Zweel) is oorlede op 2 of 4 Augustus 1993. Rozanne Ingrid van Zweel is oorlede in Junie 1981 of 1982. Sy is langs oupa van zweel begrawe. Dan was ook my pa se oudste broer CARL LOUIS WILHELM van Zweel sy datum van afsterwe ±1977. volgens my ouers is die familie in die ou begrafplaas buite die dorp begrawe.

Pa het probeer beduie waar die grafte lê – ek wens ek kon 'n kaart teken. As jy by die begraafplaas inkom deur die hek, draai reg, JC van Zweel en Rosanne se grafte is bymekaar op linkerkant 'n paar treë van die draai af. Gaan nou verder met die paadjie, 'n goeie ent vorentoe op regterkant lê Susara Jacoba Mocke – 'n plat grafsteen sonder kopstuk. Nou na links tot bo in die hoek van die begraafplaas daar lê Carel Louis Wilhelm van Zweel.

Baie dankie vir jou voorlopige moeite. Ek waardeer dit baie

Vriendelike Groete

Ursulah van Rensburg  
Maputo  
Groenkop Genealoog en  
Student in Sielkunde  
09258 824 1011 54 Mobile  
09258 214 90 990 Home

Boodskap 7. NAB opsoeke  
Posted by: "Ursulah" jvrens@tdm.co.mz jvrens  
Thu Jun 14, 2007 6:31 am (PST)

Hallo almal

Is daar dalk enigiemand wat 'n kontak het by die Natalse Argiewe wat kan help met opsoeke asb?

Vriendelike Groete

Ursulah van Rensburg  
Maputo  
Groenkop Genealoog en  
Student in Sielkunde  
09258 824 1011 54 Mobile  
09258 214 90 990 Home

Boodskap 8a. Re: Vir Faan Naude

Posted by: "Faan Naude, Rietfontein, PRETORIA" faann@icon.co.za

Thu Jun 14, 2007 7:12 am (PST)

Beste Alta

Baie dankie vir die besonderhede van Francis se navraag. Ek sal heel waarskynlik kan help. Hulle vorm deel van die nageslag van Francois Paulus Naudé, 'n mede-stigter van Bethlehem. Soos jy weet, het ek verlede jaar vir hul fees in April 'n boek van 244 bladsye oor sy nageslag gepubliseer en hulle is daarin opgeneem.

Groete en beste wense.

Faan

Boodskap 9a. [KOERANT]BEELD MPUMALANG- Bellie -of -Tienie  
Posted by: "E Teir" patriot.afrikaans@elisanet.fi kerrieborrie  
Thu Jun 14, 2007 7:15 am (PST)

Bellie-of-Tienie is steeds groot maats  
Jun 12 2007 03:50:49:100PM - (SA)Aldi Schoeman

'n Tweeling van die Kronendal-ouetehuis in Arcadia, Pretoria, vier vandag hul 84ste verjaarsdag.

Volgens mev. Bellie Woest, een van dié tweeling, gaan kuier sy elke dag by haar suster, mev. Tiena du Preez.

"Ons is altyd so saam-saam," sê Du Preez.

"Dit is lekker om te weet daar is 'n maat," sê Woest.

Woest het onlangs van Polo-kwane (Pietersburg) af na Pretoria verhuis om meer tyd saam met haar suster te kan deurbring.

"Ek wou graag by haar wees. Ek het my woonstel en my meubels gelos om naby haar te wees.

"Dit sal vir my baie swaar wees as sy voor my moet gaan," sê Woest.

Hulle is die vyfde en sesde van agt broers en susters wat op 'n plaas in die Vryburg-omgewing in Noordwes grootgeword het.

"Ons ma het ons altyd dieselfde laat aantrek. Sy het ons klere self gemaak. As ons verskillende klere gedra het, het ons ma gesê een moet ander klere gaan aantrek."

Volgens Woest het hul ma altyd gesê: "Julle is 'n tweeling en 'n tweeling sal julle bly."

Hoewel hul ouers hulle darem nooit met mekaar verwarring het nie, het baie van hul vriende en vriendinne deurmekaar geraak.

Woest sê baie vriende het hulle "Bellie-of-Tienie" genoem.

Tussen die twee van hulle is daar ses kinders en 16 kleinkinders.

Du Preez het ook al twee agterkleinkinders en Woest sê haar eerste agterkleinkind is reeds "op pad".

Boodskap 9b. Re: Rust/Dreyer

Posted by: "Anne Rust" anne.rust@yahoo.ca anne.rust

Thu Jun 14, 2007 7:54 am (PST)

Hi,

Ek is opsoek na inligting oor JOHANNA FRANCINA HUIBRECHT (BORN DREYER).

Sy is oorlede in die 1980's in Krugersdorp.

Dankie,

Anne Rust

anne.rust@yahoo.ca

Boodskap 10. [koerant]Beeld-Dozi  
Posted by: "E Teir" patriot.afrikaans@elisanet.fi kerrieborrie  
Thu Jun 14, 2007 7:33 am (PST)

Trouklokke vir Dozi, Muriël  
Jun 14 2007 06:57:44:477AM - (SA)

Arnold Ras

Kaapstad. – Dozi saal môre die Ryperd op kansel toe.

Dozi (41) en Muriël Lategan (22) het mekaar vyf jaar gelede tydens een van sy optredes in Langebaan ontmoet.

Die twee trou môre op 'n plaas buite Moorreesburg.

“Dit is 'n plaastroue wat baie gaan wees soos Dozi en Muriël is,” het me. Ilza Roggebond, Dozi se woordvoerder, gesê.

Volgens haar begin die glansgeleentheid môremiddag laat op die Lategan-gesin se familieplaas. “Ons probeer dit om veiligheidsredes so ver moontlik stil hou.”

Sy het gesê Dozi, sy ma en suster het reeds Maandag in Moorreesburg aangekom. “Dozi en Muriël is opgewonde.”

Van die gaste sluit die sangers Theuns Jordaan, Valiant Swart, Anton Goosen en die aktrise Shaleen Surtie-Richards in. – Arnold Ras en Cherice Smith

Boodskap 11a. Mediese Joernale  
Posted by: "Gert Schepers" [gschepers@iburst.co.za](mailto:gschepers@iburst.co.za) gertschepers  
Thu Jun 14, 2007 9:55 am (PST)

Beste Lyslede

Is daar enige iemand wat my kan se of daar argiewe bestaan vir Mediese Joernale en waar word dit gehou. 'n Adres sal help.

By voorbaat dankie

G E R T S C H E P E R S  
VANDERBIJLPARK  
[gschepers@iburst.co.za](mailto:gschepers@iburst.co.za)

Boodskap 11b. Re: Boek Rust familie  
Posted by: "Anne Rust" anne.rust@yahoo.ca anne.rust  
Thu Jun 14, 2007 10:21 am (PST)

Hi,

Het iemand dalk hierdie boek:

Hoge, J., 1946, Personalia of the Germans at the Cape 1652-1806

Dankie,

Anne Rust  
anne.rust@yahoo.ca

Boodskap 11c. Re: Mediese Joernale  
Posted by: "Karel Marais" turando101@yahoo.com turando101  
Thu Jun 14, 2007 10:59 am (PST)

Gert,

Dit hang af van die tydperk waarna jy verwys maar, kyk gerus hier:  
[http://www.ru.ac.za/library/electronic\\_resources/OA-journals.htm](http://www.ru.ac.za/library/electronic_resources/OA-journals.htm)  
<http://library.dit.ac.za/webfiles/ejhealth.htm>

As jy van langer terug praat behoort 'n www soek vir jou inligting te gee oor dokters en sieketroosters aan die Kaap.

Groete,  
Karel Marais

Boodskap 11d. Re: Mediese Joernale  
Posted by: "Gert Schepers" [gschepers@iburst.co.za](mailto:gschepers@iburst.co.za) gertschepers  
Thu Jun 14, 2007 12:08 pm (PST)

Karel,

Baie dankie het nou net daarna gaan kyk maar ek soek in jare vanaf 1861 tot 1897 in daar die omgewing miskien nader aan 1861. Nou ja www soek tog is seker maar my voorland maar êrens in Kaap behoort daar iets êrens te wees. --- Ek soek die inligting moontlik tussen Piketberg en Jacobsdal. Stamvader Dr Willem Abert Schepers het in daardie jare 'n unieke operasie gedoen wat in een van die joernale genoem is, en ek wil graag weet wat was. Aldus familie inligting.

Baie dankie

G E R T S C H E P E R S  
VANDERBIJLPARK  
[gschepers@iburst.co.za](mailto:gschepers@iburst.co.za)



Boodskap 11e. Re: Boek Rust familie  
Posted by: "Nardus Combrinck" 0728862338@vodamail.co.za  
Thu Jun 14, 2007 12:22 pm (PST)

Oom Piet Maritz se "magic" kan dalk help!!

Tel 018 297 1583/4  
Faks: 018 297 3775  
E-Pos: proteapotch@ <mailto:proteapotch%40intekom.co.za> intekom.co.za

Boodskap 12a. [KOERANT]NOORDWES-BEELD.plaas Leeuwfontein  
Posted by: "E Teir" patriot.afrikaans@elisanet.fi kerrieborrie  
Thu Jun 14, 2007 11:03 am (PST)

Erfenis bewaar  
Jun 07 2007 09:52:50:073AM - (SA)

Nicolize van der Walt

Wolmaransstad – Op die stofpad na Syferfontein, digby Witpoort, lê die plaas Leeuwfontein. Dis hier waar 'n stukkie geskiedenis tussen rooi grond en doringboom versteek is...

Hier, op 'n byna gewyde stukkie aarde, is die eerste wit kind noord van die Vaalrivier gebore, Lewis Broadbent.

Sy pa van Engeland af, Samuel Broadbent, ma, Anne, en hul mede-landsburger Thomas Hodgon was die eerste wit sendelinge wat die gebied in 1822 betree het om die Woord na die Barolong-stam te bring.

Vandag word hulle, wat Metodiste was, as die baanbrekers van Woordverkondiging beskou toe hulle toentertyd die Christendom na die eertydse Wes-Transvaal gebring het.

Dit is ook die samebindende faktor vir die diverse kulture wat vandag hier saamwoon.

Die Metodiste het vanjaar vir die eerste keer hul sinode hier gehou.

Jan Naudé, 'n boorling en sakeman van die gebied, het Ben Tlhakanelo en Oliver Mashoko gehelp om langs die ou gedenksteen op 'n nuwe een die geskiedenis in Afrikaans, Engels en Tswana op te som. Hy het die graniet en steen geskenk.

Skaars 'n klipgooi van die gedenksteen is die ou tweevertreksendelinghuisie wat meer as 'n eeu gelede, klip vir klip, opgestapel is.

"Dit is baie belangrik dat dié deel van ons erfenis bewaar bly. Dis hierdie mense wat die Woord na ons gebied gebring het. Jy moet weet, die ouens het op 'n skip geklim en met gewere oor die skouer hierdie gebied probeer tem. 'n Vreemde land... En tog het dit gebeur en het hulle goeie werk onder die Baralong en Batswana gedoen," gesels Naudé.

Johan van Vuuren, die eienaar van die plaas, verduidelik dat die sendelinge tussen drie fonteine in die kliprandjies gebly het. Wilde diere het hul veiligheid dag en nag bedreig.

“Dit is baie belangrik vir ons kerk, hierdie gebeurtenis. Daarom is ons 184ste sinode hier gehou. Hulle het in die ware sin van die woord die Lig na die nasie gebring,” vertel Tlhakanelo. Hy het vir die Suid-Afrikaanse Metodiste die navorsing-span gelei.

Die Noordweslug is potblou. Dis doodstil tussen die bosse. ’n Gewyde stilte heers by die kliphuisie. Waar twee Engelsmanne, gehoorsaam aan hul roeping, die Woord kom verkondig het

Boodskap 12b. Re: [KOERANT]NOORDWES-BEELD.plaas Leeuwfontein  
Posted by: "k75" krugersdorp@pixie.co.za dennis\_pretorius  
Thu Jun 14, 2007 12:32 pm (PST)

Dennis Pretorius, Krugersdorp, South Africa/Suid Afrika  
Commercial Genealogical Researcher/Kommersiële Genealogiese Navorser  
Owner of SAGenealogy E-mail list/Lyseienaar - SAGenealogie poslys  
E-Mail/E-pos: krugersdorp@pixie.co.za  
Web address/Webadres: <http://mzone.mweb.co.za/residents/k75/genealogy.html>  
Telephone/Telefoon: +27-83-679-8541

Boodskap 13. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 14 Junie 2007  
Posted by: "P Marx" geelhoutboom@intekom.co.za  
Thu Jun 14, 2007 11:30 am (PST)

Gelukwensings  
(2 berigte)  
ISAACS, Farouk. Geluk met 50ste verjaarsdag. Tiefie, Dahria & kinders. Sharon, Landie, Lentie & Zava.

Sterfgevalle  
ANKER, Jacobus Stephanus (Koos). Begrafnisdiens Vrydag 15 Junie 2007 10:00 NG Kerk, Algoapark.  
Forest Hill-begraafplaas.(Die Burger Oos-Kaap 14/06/2007) Reëlings: First Ave Funeral Home 041 581 5028

BARNARD, Susan. +Maandag 11 Junie 2007. Man Dawid BARNARD, seun Johan en skoondogter Sharon BARNARD,  
dogter Marietjie en skoonseun Cobus BOSHOFF. Roudiens Saterdag 16 Junie 2007 10:00 NG Kerk Oos-gemeente,  
Humansdorp. (Die Burger Oos-Kaap 14/06/2007) Reëlings: Bokkie Els AVBOB Humansdorp 042 291 1230

BEKKER, Bernie. Van "Tranquil House", Melton Gardens, Queenstown. Tragies +Dinsdag 12 Junie 2007 38 jaar  
in Burgersdorp-distrik. Haar broers en skoonsusters Noel & Elize, Jacques & Liandre. Gedenkdiens Dinsdag 19 Junie 2007 NG Kerk, Robinsonweg, Queenstown. Verassing privaat. Donasies i.p.v. blomme aan die Dierebeskermingsvereniging, Posbus 407, Queenstown 5320. (Die Burger Oos-Kaap 14/06/2007)  
Stones Begrafnisdienste Cambridge Oos-Londen 043 726 9828

CONRADIE, Chris (Lange). +Maandag 11 Junie 2007. Begrafnisdiens Vrydag 15 Junie 2007 11:00 Evangelisasiesentrum, Cotswold. Forest Hill-begraafplaas. Geen blomme op versoek. Donasies aan Hospice.  
(Die Burger Oos-Kaap 14/06/2007) Journey's End Begrafnisdienste 041 484 1464

DE VRIES, Jan Johannes Hermanus Le Roux (Jan). +Dinsdag 5 Junie 2007 op Ermelo. Miem, kinders, klein-en agterkleinkinders. Roudiens Vrydag 15 Junie 2007 15:00 NG Kerk, Despatch-Noord. (Die Burger Oos-Kaap 14/06/2007) Reëlings: Esmé Groenewald AVBOB Despatch 041 933 2039

JOUBERT, Juan Pierre (JP) Tragies +Saterdag 9 Junie 2007. Ouers, broers, suster. Begrafnisdiens

Donderdag 14 Junie 2007 15:00 AGS Kerk, Uitenhage. Jubilee-begraafplaas.  
(Die Burger Oos-Kaap 14/06/2007) Reëlings: Esmé Groenewald Uitenhage 041 922 8066

Hester Marx Loerie Oos-Kaap

Boodskap 14. [KOERANT]PAARL POST WEEK 24/2007  
Posted by: "E Teir" patriot.afrikaans@elisanet.fi kerrieborrie  
Thu Jun 14, 2007 11:48 am (PST)

In memoriam

---

ARENDE: ANDRÉ EUGENE. 14/12/1983 - 13/06/2005. 2 Jaar gelede op 13 Junie was die donkerste dag in ons lewens. Die dag toe jy skielik en sonder afskeidsgroet uit ons lewens weggeruk is. Wanneer jou naam genoem word, loop daar tranе van verlange. Ons mis jou verskriklik baie. Sal altyd deel van ons lewens wees en in liefde onthou word. Mammie, Daddy & Julian.

---

JANNIE BOOYSEN: 1Ste verjaardag, 12 Junie weg van ons. Vermissing is groot, die mens wик maar God beskik. Van vrou, kinders, familie en vriende.

---

MATTHEE: JOSEPH. Gebore 18.06.48-23.10.06. Jou 1ste Vadersdag en verjaardag weg van ons. Mooi herinneringe bring ver-troosting. Jy sal met baie liefde en stille traan onthou word. Jou vrou Elise, kinders en kleinkinders

---

PLAATJIES: CYRIL. 13-6-2006. 'n Jaar van hartseer en verlange is verby, maar mooi herinneringe sal altyd bly. Van: Vrou Louise en drie seuns, Craig, Lucian, Darren

---

RAGEL RONDGANGER (ALLA). Met liefde dink ons aan jou met jou eerste verjaarsdag weg van ons op 13.06.2007. Soms met 'n glimlag, soms met 'n traan, maar mooi herinneringe sal altyd by ons bly. Liefde: Eggennoot, kinders en kleinkinders.

---

RICHARD SLATER: Died 15.06.1997. Father's Day we will never forget. One day we will meet again. Lizzy, children and grandchildren

Boodskap 15. GGSA Nasionale Begraafplaas Opskryf Projek  
Posted by: "Blikkies" blikkies@mabonline.co.za blignautfanie  
Thu Jun 14, 2007 11:56 am (PST)

Naand Vriende,

Ek het navrae gekry oor die Opskryf van Begraafphase. Hier is 'n paar riglyne.

BP = Begraafplaas.

Groete,

Fanie Blignaut,  
Vanderbijlpark.

GGSA Nasionale Begraafplaas Opskryf Projek.

Daar word beoog om soveel as moontlik ou Begraafphase en Plaas Begraafphase te dokumenteer sodat daar 'n rekord van gehou kan word van waar die so 'n BP is en wie daar begrawe is. Hierdie inligting word dan verwerk volgens voorgeskrewe riglyne deur GGSA en in die besonder Peter en Beverley Moss wat in beheer is van die Dokumentasie vir hierdie projek. Die inligting word dan op 'n CD gesny wat beskikbaar gestel word en te koop aangebied word.

Opskryf Projek: (Ek gaan die GGSA Vaaldriehoek tak as voorbeeld gebruik.)

Ons as tak besluit op 'n BP dan reël ons 'n dag, wat almal wat wil help sal pas, en kom dan by die betrokke BP byeen.

Een persoon fotografeer die grafte en die res van die groep skryf dan die inligting vanaf die Grafstene op, volgens die riglyne wat ook op die BP-CD beskikbaar is. Neem ook een of meer algemene foto's van die Begraafplaas. Ook waar moontlik 'n GPS lesing of die korrekte naam van die Plaas en Distrik.

Die foto's en geskrewe inligting word met mekaar vergelyk dan doen ek die verwerking op die voorgeskrewe Excel "Spreadsheet" wat vanaf Peter Moss beskikbaar is.

Sodra ek daarmee klaar is, word dit aan Peter gestuur vir finale redigering. Hy plaas dit dan op die Databasis waarna dit op 'n BP-CD gesny word.

Onder leiding van Richard Ball word die Grafstene se foto's nou ook op die eGGSA webblad beskikbaar gestel.

Van ons tak lede skryf ook op hul eie BP op en hierdie inligting word dan aan my deur gegee met foto's waar moontlik.

Wanneer ‘n persoon ‘n BP opgeskryf het, word daar erkenning aan hom/haar op die BP-CD gegee.

Wanneer daar as ‘n groep die opskryf werk gedoen het, word aan die tak erkenning op die BP-CD gegee (daar word wel op die dokumente al die belanghebbendes se name weergegee.).

Ek is nou voorgestel as die GGSA Nasionale Begraafplaas Koördineerder en die verskeie takke of privaat persone, in die land moet asseblief dan die inligting na my deurgee vir verwerking.

Mettertyd sal aan alle Takke inligting deur gestuur word sodat almal op dieselfde procedures kan werk.

Enige persoon wat nie aan ‘n GGSA Tak behoort nie, is welkom om vir my of Peter Moss te kontak oor die dokumente en inligting en ons sal u daarmee help so goed as wat ons kan.

Eksself is nog baie jonk in hierdie “besigheid” en leer elke dag iets by en is oop vir voorstelle.

Groete,

Fanie Blignaut (Blikkies),  
20 Carterstraat,  
Vanderbijlpark,  
Gauteng,  
1911.  
Tel: 016-982-2069.  
Sel: 083-594-3822.

Boodskap 16a. Re: Begraafplaas Projek  
Posted by: "Blikkies" blikkies@mabonline.co.za blignautfanie  
Thu Jun 14, 2007 11:58 am (PST)

Naand Samuel,

Ek het op SAGen 'n riglyn geplaas oor jou navraag. Kontak my gerus vir verdere vrae of inligting.

Hoop dit sal jou vraag beantwoord.

Groete.

Fanie Blignaut

Boodskap 17a. Re: familie navorsing - van zweel  
Posted by: "Nardus Combrinck" 0728862338@vodamail.co.za  
Thu Jun 14, 2007 12:24 pm (PST)

Ursulah,

Oom Piet Maritz  
Tel 018 297 1583/4  
Faks: 018 297 3775  
E-Pos: proteapotch@ <mailto:proteapotch%40intekom.co.za> intekom.co.za

Groete

Nardus

**Onderwerp:** [SA-Gen] Bundel Nommer 2782

**Datum:** Friday, June 15, 2007

Daar is 21 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:

- 1a. SPOORWEG STASIES From: barkerma barker
- 1b. Re: SPOORWEG STASIES From: Jorge Estreux
- 1c. Re: SPOORWEG STASIES From: J van der Grijp
2. Verna Fourie From: k75
- 3a. Doornkuil, distr. Potchefstroom From: Jozua van Vuuren
- 3b. Re: Doornkuil, distr. Potchefstroom From: Annelie Els
- 3c. Re: Doornkuil, distr. Potchefstroom From: Paul Coetzer
- 4a. Re: [KOERANT]NOORDWES-BEELD.plaas Leeuwfontein From: Cathy
- 5a. Re: Mediese Joernale From: Karel Marais
- 5b. Re: Mediese Joernale From: Ursulah
- 5c. Re: Mediese Joernale From: Karel Marais
- 6a. [Koerant] The Mercury Donderdag 14 Junie 2007 From: aletta magrieta.quebbemann
- 6b. [Koerant] The Mercury Donderdag 14 Junie 2007 From: aletta magrieta.quebbemann
- 7a. Subscribe From: Ben Cilliers
- 8a. GGSA Nasionale Begraafplaas Opskryf Projek From: Blikkies
- 9a. Re: familie navorsing - van zweel From: Ursulah
- 9b. Re: familie navorsing - van zweel From: Johan van Breda
- 10a. Kopiereg: Wat dink die lysteraars? Afdwingbaarheid van regte. From: Elmien Wood
- 10b. Re: Kopiereg: Wat dink die lysteraars? Afdwingbaarheid van regte. From: Samuel Murray

11a. Kopiereg: Wat dink die lysteraars? From: Elmien Wood

12a. Re: Myburgh From: Jaq Benadie

Boodskap 1a. SPOORWEG STASIES

Posted by: "barkerma barker" barkermaenator@gmail.com

Thu Jun 14, 2007 12:32 pm (PST)

Kenners van spoorwee stasies - weet iemand dalk waar is/was BLACKHILL? Ook soek ek na LUIPARDS VLEI - ek dink dit is nou Krugersdorp?

Vriendelike groete

--

MARK A BARKER

P R E T O R I A

Boodskap 1b. Re: SPOORWEG STASIES

Posted by: "Jorge Estreux" jorgeestreux@yahoo.co.uk jorgeestreux

Thu Jun 14, 2007 12:51 pm (PST)

Mark,

Volgens Kennis was daar twee Blackhill stasies. Een naby Adelaide in die Kaap en een n stasie met n poskantoor suidwes van Witbank, met n syspoor na die myn.

Luipaardsvlei is n stasie (met n poskantoor) suid van Krugersdorp.

Gert

Boodskap 1c. Re: SPOORWEG STASIES

Posted by: "J van der Grijp" wolfoffice@absamail.co.za jacquesvdg

Thu Jun 14, 2007 10:47 pm (PST)

Dag Mark.

Luipaardsvlei trein stasie is die eerste treinstasie in Krugersdorp as jy van JHB se kant af kom. Ek bly baie naby. Die voorstede daarom is Lewisham (Suid), Factoria (Noord), Silverfields (Oos) & Wentworth Park (Wes). Die voorstad Luipaardsvlei is 5 km wes.

Daar is geen BLACKHILL inskrywings in ons padkaart boek.

Jacques van der Grijp

Boodskap 2. Verna Fourie  
Posted by: "k75" krugersdorp@pixie.co.za dennis\_pretorius  
Thu Jun 14, 2007 12:40 pm (PST)

Hallo Almal

Ek het die volgende boodskap van Verna se dogter ontvang - ons is almal saam met haar bly dat die operasie so suksesvol was !

Groet is

Dennis Pretorius, Krugersdorp, South Africa/Suid Afrika  
Commercial Genealogical Researcher/Kommersiële Genealogiese Navorser  
Owner of SAGenealogy E-mail list/Lyseienaar - SAGenealogie poslys  
Ek dink dus jy moet uitvind of Potch se distriksgense in die tydramwerk waarin jy belangstel tot daar gestrek het, indien wel is hierdie Doornkuil hoogs waarskynlik jou antwoord.

('n Verdere interresantheid is die Johanna Jacobs - en Tweefontein privaat natureservate in die onmiddelike omgewing Eersgenoemd waar Evaton vandag is)

Indien jy belangstel kan ek die toepaslike kaartgedelte fotograveer en stuur, laat weet net aub.

Groetnis,

Simon.

Boodskap 8b. Re: Vir Jozua - Doornkuil, distr. Potchefstroom  
Posted by: "Isebelle Krauss" iekrauss@yahoo.com iekrauss  
Tue Jun 19, 2007 10:48 am (PST)

Ek het deur al die distrikte van Potch gegaan, sal op aanvraag dit aanstuur, hope Doornfonteine, maar beslis geen "kuile" in 1912-1914 nie....bitter min "kuile" in die Potch distrikte...hierdie is volgens die Braby's plaasindekste vir die periodes.

Isebelle.  
Isebelle E Krauss \*Lloyd.  
011 954 6666  
082 851 5648

Boodskap 9a. Re: Die Pienaars in Suid-Afrika

Posted by: "Isebelle Krauss" iekrauss@yahoo.com iekrauss

Tue Jun 19, 2007 10:11 am (PST)

Sakkie Pienaar woon in Pretoria....en is tans besig met n opgedateerde Pienaarboek, mag dalk al voltooi wees.. Ek vermoed hierdie is sy, of sy seun se tel. nommer, beide met dieselfde naam.. 012 6644330 (woon op dieselfde grond).

Isebelle.

Isebelle E Krauss \*Lloyd.

011 954 6666

082 851 5648

Boodskap 10. Charles Marais se dood

Posted by: "Jean lr Roux" jean\_leroux@wcaccess.co.za

Tue Jun 19, 2007 11:07 am (PST)

Karel,

Charles Marais geb 1668 is reeds in 1711 oorlede. Claude Marais se seun Charles \*1694 is wel op 7 Aug 1735 ongetroud oorlede, maar ek weet nie op welke wyse nie. Moontlik kan Juna Malherbe jou help.

Vriendelike Groete,

Jean le Roux Paarl.

Boodskap 11. [KOERANT]WES-RAND BEELD-Oupa Willie Kok  
Posted by: "E Teir" patriot.afrikaans@elisanet.fi kerrieborrie  
Tue Jun 19, 2007 12:44 pm (PST)

Steeds haan onder henne  
May 24 2007 11:11:21:933AM - (SA)

Kim Snyders

Oupa Willie Kok van die Moria-ouetehuis in Krugersdorp is op die ouderdom van 100 steeds €'n haan onder die henne.

Hy het Dinsdag sy 100ste verjaarsdag met van sy vriende en familie by die ouetehuis gevier en al wat €'n vrou is, kon nie wag om hom geluk te wens nie.

Sy oogappel van die laaste tien jaar, Kitty Botha (86), het egter knap langs hom gesit by die hooftafel om €'n wakende ogie te hou.

Hy is in 1907 op die plaas Doornfontein gebore en is 90 jaar gelede by die Hervormde kerk reg langs die ouetehuis gedoop.

Hy en sy oorlede vrou Martie het in Fochville op die plaas Deelkraal gebly.

Hul enigste seun, Gert (72), en sy vrou, Malie, het later saam met hulle op die plaas geboer.

Hy het nou drie kleinkinders en vyf agterkleinkinders.

Die twee is nege jaar getroud voordat Oupa Willie ook sy tweede vrou aan die dood moes afstaan.

.....verkort.....

Boodskap 12. [KOERANT]PAARL POST- WEEK22 /2007 BERIGGIES

Posted by: "E Teir" patriot.afrikaans@elisanet.fi kerrieborrie

Tue Jun 19, 2007 12:50 pm (PST)

Births

---

JORDAAN: NIKITA. S.P. & Loraine kondig met blydschap die aankoms van 'n pragtige dogtertjie op 17 Mei 2007 in Medi-Clinic, Paarl aan. Baie dankie aan ons Skepper vir sy genade en liefde. Van: Gelukkige oupa en ouma Jordaan

Deaths

---

RIDDLES: ESMERALDA. Gebore: 11.03.1953. Oorlede: 24.05.2007. Sag heengegaan in die ouderdom van 54 jaar. Word diep betreur deur familie en vriende. Begrafnis vind plaas op Saterdag 2 Junie 2007. Begrafnisdien word waargeneem deur: Willy's Begrafnis-dienste BK. 021-862-0948. Na ure: 083-947-6347.

---

SPASIE ALEXANDER (NÉÉ) GOETHAM. Gebore: 21.06.1923. Oorlede: 27.05.2007. Sag heengegaan in die ouderdom van 84 jaar. Word diep betreur deur Goetham-familie en vriende. Begrafnis vind plaas op Saterdag 2 Junie 2007 by die huis: 09:00. By die Bethel Cong Kerk: 10:00. Begrafnisdien word waargeneem deur: Willy's Begrafnis-dienste BK. 021-862-0948. Na ure: 083-947-6347.

---

SPASIE VAN NIEKERK. Gebore: 13.04.1916. Oorlede: 26.05.2007. Sag heengegaan in die ouderdom van 91 jaar. Word diep betreur deur Adams- Arendse-, Van Niekerk-, Julies-, Accum-families en vriende. Begrafnis vind plaas op Saterdag 2 Junie 2007 by die huis: 10:00. By die Klapmuts skoolsaal: 11:00. Begrafnisdien word waargeneem deur: Willy's Begrafnisdienste BK. 021-862-0948. Na ure: 083-947-6347.

---

WIILEMSE: JONATHAN. Liefste Daddy. Daddy is so skielik van ons af weggenoem in die ouderdom van 41 jaar. Daddy se heengaan laat 'n diep leemte, maar ons dank God vir die vol lewe wat hy gelei het. Leandré, Nathan en Lauren.

---

WILLEMSE: JONATHAN. Vandag het ons nie woorde nie. Jou skielike heengaan was 'n groot skok vir ons almal. Met groot hartseer en liefde neem ons afskeid van ons dierbare kind. Ons gaan jou baie mis. Van: Gibson & Joan Joyi.

---

In memoriam

---

ADAMS: WALLY. 24/05/2004. A year has passed. Time does not bring relief.  
What is precious to us is never to be forgotten. Warren.

---

DECEASED: PASTOR David Juries. Born 26/08/34. Died 06/06/88. Dad, there  
couldn't be a dearer dad than you have always been. The best daddy anywhere  
to be found and that's why, with many loving thoughts we say thanks for all  
you've done and strived for us. From your loving wife Abigail, Danielle,  
Kobus, Diane, Grey & Debby & grand-children.

---

FRANCKE: NORMA-LEIGH 25.05.2007. Your fourth birthday awat from us. For ever  
in our hearts. Love Derra, Mommy, sisters & brother.

---

KURTZ: ERIC. Ons herdenk sy dood 1 jaar gelede op 31.05.2006. Die hartseer  
en vermis-ting is steeds groot. Uit ons lewe, maar vir ewig in ons harte.  
Mamma en May.

---

MACK: Abraham (Abie). Op 29.05.2007 is jy 1 jaar van ons geskei. Verlange is  
groot, maar ons berus ons daarin. Van: vrou, kinders en kleinkinders

---

MINNAAR: MAGERETH. 02/06. 1 jaar dat Mammie skielik uit ons lewens geruk is.  
Herinneringe raak sterker, die vermissing en hartseer groter. Ons praat elke  
dag nog met Mammie, sonder oëë, maar in ons harte. Vir ewig by ons. Van  
Daddy, kinders & kleinkinders.

---

PAULSE: ELIZABETH. Op 31 Mei 2007 is Mamma drie jaar van ons, maar veilig in  
die hemel. Mooi herinneringe bly nog daagliks by ons. Verlene, Bevin,  
Brittle, Bronwell en Cara-Lee.

---

ROUX: JOSEPH DANIËL (Joey/Pa) 3 June 2007: Two years have passed. Your love  
and laughter still fill our hearts. We miss you! Love, Billie, Joy, Claude,  
Ilse, Tamarin & Keenan

---

Thanks

---

SISTER AND FAMI-LY, daughters and spouse and grandchildren of the late Douglas Deacon and Lindsey wish to thank family, friends, neighbours and colleagues for all their prayers, thoughts, calls, cards, flowers and the staff of Drakenstein Hospice and Paarl Medi Clinic for their wonderful love and support during a very sad and difficult time.

Boodskap 13a. Datum-fout op 'n grafsteen  
Posted by: "Charlie Els" el55@mweb.co.za charlieels  
Tue Jun 19, 2007 12:53 pm (PST)

Naand Almal,

Het julle al ooit so iets gesien? 'n Grafsteen wat sê 'n vrou is dood 32 jaar voor haar geboorte! (Foto op die eGGSa Webwerf). Haar sterfjaar moes duidelik gelees het 1887 en nie 1987 nie. Snaaks dat die familie dit nooit raakgesien het nie.

ELS Johannes Renier 1887 - 1956 & Heila Magarietha Maria Johanna 1987 - 1955

[http://www.eggsa.org/library/main.php?g2\\_itemId=139947&g2\\_imageViewsIndex=1](http://www.eggsa.org/library/main.php?g2_itemId=139947&g2_imageViewsIndex=1)

Groete,  
CHARLIE

Boodskap 13b. Re: Datum-fout op 'n grafsteen  
Posted by: "Annelie Els" annelie@who-els.co.za engelkind2000  
Tue Jun 19, 2007 9:15 pm (PST)

Hallo Charlie,

Toe tik jy ook so bietjie verkeerd..... Dis haar geboorte datum wat 1887 moes wees.

Groetnis  
Annelie.

Boodskap 14. [KOERANT]BEELD-Mnr. Leon Maré  
Posted by: "E Teir" patriot.afrikaans@elisanet.fi kerrieborrie  
Tue Jun 19, 2007 12:56 pm (PST)

Jun 06 2007 11:07:16:137PM - (SA) Marisa Phillips

Bultfontein. ¶n 80-jarige wewenaar van dié dorp is vermoedelik in die straat voor sy huis deur 'n buurman se twee boerboele doodgebyt.

Mnr. Leon Maré, oudonderwyser van Bultfontein, se lyk is eergistermiddag deur 'n verbyganger in die oprit van 'n huis skuins oorkant Maré se huis gekry. Sy hoed en bril het in die straat gelê.

Me. Leana Pottas van Gauteng, Maré se dogter, het gesê niemand het iets gesien nie en hulle weet nie wat gebeur het nie.

Maré het alleen gewoon sedert sy vrou sowat tien jaar gelede oorlede is.

Hy word ook deur twee seuns, Anton en Ettienne, en drie kleinkinders oorleef.

.....verkort.....

Boodskap 15a. JW Sauer Spoorweg Hostel, Germiston  
Posted by: "kerrieborrie" patriot.afrikaans@elisanet.fi kerrieborrie  
Tue Jun 19, 2007 1:04 pm (PST)

Goeiemiddag Almal,

Kan iemand help met die liggen van JW Sauer Spoorweg Hostel, Germiston 1957/1958.  
Wie was JW Sauer?

Dankie by voorbaat.  
Elizabeth

Boodskap 15b. Re: JW Sauer Spoorweg Hostel, Germiston  
Posted by: "Ina Penberthy" diepennies@gmail.com inapenberthy  
Tue Jun 19, 2007 2:46 pm (PST)

Elizabeth,

Kan iemand help met die liggen van JW Sauer Spoorweg Hostel, Germiston  
> 1957/1958. Wie was JW Sauer?

>

> Volgens die boek "The Randlords" deur Geoffrey Wheatcroft was JW Sauer 'n kabinetslid in die Kaap en ouer broer van Hans Sauer, 'n mediese dokter wat in 1884 in Kimberley gepraktiseer het. Hans Sauer het homself baie ongewild gemaak toe hy gewaarsku het dat hy vermoed dat daar 'n pokke epidemie op die diamantvelde uitgebreek het, iets wat kategories deur Dr. Jamieson en sy trawante ontken is. Sauer was natuurlik heeltemal reg, en op sy aandrang is die Wet op Openbare Gesondheid kort daarna aangeneem.

Vriendelike groete uit Seattle,  
Ina Penberthy

Boodskap 16. [KOERANT]BEELD-MINI EN MYNHARDT ALBEI BY DRIEKWARTEEU

Posted by: "E Teir" patriot.afrikaans@elisanet.fi kerrieborrie

Tue Jun 19, 2007 1:05 pm (PST)

Mimi en Mynhardt albei by driekwarteeu

Jun 10 2007 11:30:23:180PM - (SA)

Philip de Bruin

pdebruir@beeld.com

Tussen hulle het hulle 150 jaar se lewenservaring, waarvan die grootste deel op verhoë oor die wêreld heen deurgebring is.

Môre vier Mimi Coertze, Suid-Afrika se opera-diva, en Patrick Mynhardt, veteraan van die verhoog, rolprente en TV, saam hul 75ste verjaardag.

Albei is op 12 Junie 1932 gebore.

Coertze het haar 75ste verjaardag op haar beurt eergisteraand met €n groot partytjie gevier.

Sy is op haar verjaardag genooi na die Dameskring van Johannesburg, waarvan sy die beskermvrou is, en vlieg Donderdag Oostenryk toe waar twee huldigingskonserte vir haar gereël is: een in Wene, waar haar roemryke loopbaan begin het, en die ander in Graz.

€n Nuwe CD van haar waarop opnames verskyn wat sover nie op CD beskikbaar was nie, word vandeelsweek uitgereik om met haar verjaardag saam te val

.....verkort.....

Boodskap 17. [KOERANT]BEELD-Man op kleinhoewe vermoor  
Posted by: "E Teir" patriot.afrikaans@elisanet.fi kerrieborrie  
Tue Jun 19, 2007 1:07 pm (PST)

Man op kleinhoewe vermoor  
Jun 10 2007 11:30:44:477PM - (SA)

Virginia Keppler

Terwyl die eienaar van €'2n kleinhoewe in Strydfontein, noord van Pretoria, besig was om aan sy wonde te sterf, het €'2n gewapende rower op sy vrou se vinger gespoeg sodat hy haar troupand kan loswikkeld.

Enkele ure tevore het mnr. Deon de Bruyn (49) saam met sy vrou en dogter deur foto-albums geblaai in €'2n €'3trip down memory lane€'.

Hy is eergister omstreeks 02:30 met €'2n hamer geslaan en geskiet toe hy uit die bed probeer opstaan het.

Me. Minnie de Bruyn (50) het ges€'ê haar man het enkele sekondes nadat die rowers uit hul huis gevlug het, ophou asemhaal. Sy en haar dogter, Mindie (14), het net tre€'ë van haar man se lyk vasgebind op hul sitkamervloer gesit.

Die moordenaars het ook eers van haar man se truie en sweetpakke aangetrek voordat hulle gevlug het met twee vuurwapens, €'2n DVD-speler, R400, juwele, horlosies, twee biere, klere, selfone en Mindie se R50 uit haar beursie.

De Bruyn het ges€'ê sy het omstreeks 02:30 wakker geskrik toe sy voetstappe gehoor het. €'3Ek het gewag om nog iets te hoor en toe staan daar skielik twee mans in ons kamer wat die lig aanskakel.

€'3Een het €'2n vuurwapen gehad en die ander het €'2n hamer in sy hand gehad. Toe ek by ons deur uitkyk, sien ek nog €'2n man by my dogter se kamer ingaan.€''

De Bruyn het begin gil en dit het haar man wakker gemaak. €'3My man het ook begin gil en terwyl hy uit die bed opgestaan het, het die een man hom met die hamer in sy sy geslaan terwyl die ander een hom in die bolyf en regterhand geskiet het.

€'3My man het tot by die kamerdeur gestrompel en daar inmekaaargesak en baie moeilik begin asem haal, €' het €'2n hartseer De Bruyn vertel.

Een rower het intussen vir Mindie in die sitkamer vasgebind. In die kamer het die ander twee op haar ma geskreeu: €'3Waar€'2s die geld? Waar€'2s die vuurwapens?€''

Ek moes die heeltyd vir hulle wys waar die goed is en het so verskeie kere oor my man getrap, maar ek kon hom nie eens help nie. Ek was te bang om te vra of ek kon.

Een rower het daarna gesê sy moet haar troupaard afhaal, maar omdat dit nie van haar vinger kon kom nie, het hy dit gelos.

Die ander rower het egter daarop aangedring.

Hy het my hand gegryp en op my vinger gespoeg. Toe draai en trek hy die ring, dan spoeg hy weer en draai en trek totdat hy dit afgekry het.

Haar vinger is in die proses oopgeskeur en sy gaan teenvigsbehandeling moet kry omdat sy vrees die rower kan MIV-positief wees.

Voordat die rowers gevlug het, het hulle De Bruyn langs haar dogter laat sit en haar hande met 'n strykysteroord en haar voete met die koord van 'n selfoonlaaier vasgebind.

Een van die rowers het toe Mindie se stewels na haar uitgehou en gesê hy gaan dit vat en vir sy vrou gee.

Sy was kalm en het net gesê: Dit is wonderlik. Ky kan dit kry. Toe is hulle weg.

Hulle het mekaar losgemaak en by die bure hulp gaan soek.

My man was so wonderlike mens en ons was 'n hegte gesin.

Boodskap 18. KOSTER navorsers  
Posted by: "dickydube" cathynu@bellsouth.net dickydube  
Tue Jun 19, 2007 1:23 pm (PST)

Beste Lys Lesers,

My man se ouma se moeder was:

Rachel Jacoba KOSTER  
\*1877 in die Oranje Vrystaat (volgens haar SK)  
+9 Januarie 1924, Fouriesburg

sy was die dv Bastiaan Hendrikus KOSTER & Elsje Josina VAN NIEKERK

Ek sal werklik enige hulp/inligting tov hierdie familie baie waardeer.

Vriendelike groete,  
Cathy Nieuwoudt  
Birmingham V.S.A.

Boodskap 19a. Kopiereg: Wat dink die lysteraars?  
Posted by: "Elmien Wood" woodem@mweb.co.za  
Tue Jun 19, 2007 3:57 pm (PST)

Ek dink ek is nou amper op die einde, maar ek wonder tog of daar 'n verskil van opinie oor die volgende twee sake is?

1. Blybaar moet 'n mens altyd toestemming kry as jy 'n gepubliseerde stuk wil verwerk. As 'n mens byvoorbeeld 'n register van persoonsname wat in 'n boek verskyn wil maak, moet 'n mens eers van die kopiereghouer toestemming kry. Dieselfde geld vir 'n indeks van dope uit doopregisters.

Ek het eers gewonder hieroor. As ek byvoorbeeld van, sê nou maar, Die Geslagsregister van die Mentzgeslag 'n persoonsregister maak, sal dit die "aangetroudes" mos na die publikasie toe lei en die boekverkope opstoot. (In hierdie geval is die boek uit druk uit, so dit geld nie regtig nie.)

Toe besef ek dat die skrywer self besig sou kon wees met so 'n register en dat ek hom baie in die wiele sal ry as ek hom skielik voorspring. As die skrywer egter self nie lus is vir so 'n groot taak nie, sal hy seker bly wees. Daarom dink ek is dit noodsaaklik om eers net seker te maak 'wat die toedrag van sake is.

2. Wat is die geval met artikels wat in tydskrifte gepubliseer is? Het die skrywer of die tydskrif die kopiereg? Hang dit af van die voorwaardes wat deur die betrokke tydskrif gestel word?

Groete  
Elmien

**Onderwerp:** [SA-Gen] Bundel Nommer 2788

**Datum:** Wednesday, June 20, 2007

Daar is 11 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:

1. Ellis From: Johan Niemandt

2a. Re: Datum-fout op 'n grafsteen (vir Annelie) From: Charlie Els

3a. Re: Kopiereg: Wat dink die lysteraars? From: Samuel Murray

4a. Re: {Disarmed} [SA-Gen] Vir Jean - Plase Distrik Albert. From: Herman Labushagne

5. Coetzee/Steenkamp From: J van der Grijp

6. Die Pienaars in SA From: Viljoen, HC

7a. Re: St Johns Congregation - 24 Riviere Begraafplaas - vir FANIE From: Alta Griffiths

8a. Re: Datum-fout op 'n grafsteen From: Alta Griffiths

9a. Nogdens kopiereg From: Viljoen, HC

9b. Re: Nogdens kopiereg From: Samuel Murray

10a. Re: Charles Marais se dood From: Almare Marais

Boodskap 1. Ellis

Posted by: "Johan Niemandt" pcmechanic@vodamail.co.za johanniemandt

Tue Jun 19, 2007 9:28 pm (PST)

More almal,

Is daar enigiemand wat dalk inligting het van die Ellis families van die Marico distrik?

Groetnis

Johan Niemandt

Piet Retief

Boodskap 2a. Re: Datum-fout op 'n grafsteen (vir Annelie)

Posted by: "Charlie Els" el55@mweb.co.za charlieels

Tue Jun 19, 2007 10:40 pm (PST)

Hallo Annelie,

Ja jy's reg! Dis nog steeds vreemd, né. Kyk op die grafsteen self; dis verkeerd (die byskrif is die korrekte weergawe van die datums op die steen!)

Groete,  
CHARLIE

Boodskap 3a. Re: Kopiereg: Wat dink die lysteraars?  
Posted by: "Samuel Murray" leuce@absamail.co.za lacialacia  
Tue Jun 19, 2007 11:02 pm (PST)

Elmien Wood wrote:

> Daarom dink ek is dit noodsaaklik om eers  
> net seker te maak 'wat die toedrag van sake is.

Nee, nie "daarom" nie. Die skrywer se houding of potensiële houding is absoluut irrelevant wanneer dit kom by die verbreking van kopiereg. As jy gebruik wil maak van werk waarop kopiereg is, moet jy toestemming kry ongeag of jy besig is om die skrywer 'n guns te doen.

Die enigste uitsondering is billike gebruik (wat soortgelyk maar nie dieselfde is nie as die Amerikaanse "fair use").

Tog is ek na al hierdie gesprekke nog nie seker of daar kopiereg op genealogiese data (en spesifiek geslagsregisters, dit wil sê harde feite) is nie.

> 2. Wat is die geval met artikels wat in tydskrifte gepubliseer is?  
> Het die skrywer of die tydskrif die kopiereg? Hang dit af van die  
> voorwaardes wat deur die betrokke tydskrif gestel word?

Lees gerus die Kopieregwet -- daar is spesiale reëls vir artikels en die versameling van artikels.

Of die tydskrif of die skrywer kopiereg het, hang af van die kontrak wat daar tussen hulle was. As die skrywer nie spesifiek kopiereg aan die tydskrif oorgedra het nie, en as die skrywer nie 'n werknemer van die tydskrif was nie, het die skrywer kopiereg. As die skrywer egter 'n werknemer van die tydskrif was, is dinge meer ingewikkeld, en moenie vir my vra hoe en wat nie.

Ek weet nie eens of dit volgens Suid-Afrikaanse wetgewing moontlik is om van jou kopiereg ontslae te raak nie (hoewel uitgewers tog so dink). Die wet self is nie duidelik daaroor nie. Die wet praat sover ek weet nie van kopiereg as 'n kommoditeit nie. Prof Viljoen moet maar help.

Samuel

Boodskap 4a. Re: {Disarmed} [SA-Gen] Vir Jean - Plase Distrik Albert.  
Posted by: "Herman Labushagne" genealogy@allpress-sa.com hlabuschagne  
Tue Jun 19, 2007 11:19 pm (PST)

Hallo Ina,

Altyd bly om te kan help. Ek skat jy is reg met jou afleiding aangaande die "outspan" tekens. Ek weet nie of dit noodwendig binne wa-skofte uitgelê was nie. As ek nie verkeerd is nie was 'n wa-skof maar 8 myl op 'n dag.

Die uitspannings is egter nog waar ek vandaan kom gebruik tot in die 1980's. Daar was sulke blik bordjies op, en elke uitspanning was netjies afgekamp sodat die boere daar kon oornag as hulle met hulle skape trek tussen die hoëveld en die middelveld. Later het die uitspannings in onbruik verval, en ek vermoed dat die grondeienaars uiteindelik die uitspannings maar weer as deel van hulle plase opgeneem het. Ek sou raai dat die Burgersdorp se kaart se uitspannings maar 'n algemene doel gedien het vir reisigers en trekboere.

Terloops, daar was dikwels moeilikheid rondom die uitspannings. In ons geweste (Piet Retief/Pongola/Amsterdam/Ermelo/Wakkerstroom) het die boere in die middelveld later begin boomplantasies vestig. Die uitspannery het maklik weghol brande veroorsaak, dus het die boomboere nie die trekboere verwelkom nie. En natuurlik het die duisende stuks vee die boere langs die pad se weiding kwaai vertrap en afgewei en soms ook die landerye verniel. Ek kan nog onthou hoe my oupa sy werkers die dood voor die oë gesweer het as hulle ooit 'n vuur by Hermann Egers se plantasies sou laat weghol het. En iewers langs die pad het Oupa ook 'n vete met 'n boer gehad oor uitspannings wat later in harde dreigemente ontaard het. Die oumense het klipkoppe gehad, en as hulle koppe gestam het het die vonke gespat.

In Piet Retief het die trekboere nog elke jaar deur die dorp getrek met duisende skape wat die hele hoofstraat gevul het. Ons het elke jaar by die skool gestaan en kyk hoe die khaki tapyt verby die sportgronde vloeい. Dit was iets om te sien as die Scheepers boerdery bv. verbygetrek het met troppe van honderde skape wat al blêrende op die sypaadjie langs Barclays Bank, die Imperial Hotel, die drukkery, die Dee Bee supermarket en die slaghuise afgestroom het. Ek dink hulle troppe was die laaste trek-troppe, en ek sou raai hulle het hier in die laat tagtigs opgehou trek. Die booswigte steel vandag soveel skape dat meeste boere na beeste oorgeskakel het.

Daar is nou vir jou sommer 'n paar herinneringe. Van die bekende ou wol-families van weleer is daar sover ek weet nog net een oor. Dis jammer. Dit was deel van ons volksgeschiedenis.

Groetnis!

Herman Labuschagne, Jhb

mellivora@hotmail.com

Boodskap 5. Coetzee/Steenkamp  
Posted by: "J van der Grijp" wolfoffice@absamail.co.za jacquesvdg  
Tue Jun 19, 2007 11:21 pm (PST)

Dag Alle Lede.

Verder na gister se versoek, kan ek nou die volgende las.

Alida Barendina COETZEE x Jan Harm STEENKAMP. Hul het dogter gehad Catherina Maria STEENKAMP, \* 1855.

Hendrik Louw het my die volgende deurgegee.

Jan Harmse STEENKAMP, \* 23 Apr 1812, = 7 Jun 1812 Graaff Reinet, \* 30 Dec 1891 Dwaalfontein, distr. Burgersdorp S.v. Jan Harm STEENKAMP (\* Aug 1792) & Catharina Maria STEYN x Alida Barendina Hendrina COETZEE, + 7 Jan 1905

Miskien kan die COETZEE mense my nou help.

Groete

Jacques van der Grijp

Boodskap 6. Die Pienaars in SA

Posted by: "Viljoen, HC " hcv@sun.ac.za hc\_viljoen

Tue Jun 19, 2007 11:36 pm (PST)

Beste Isebelle

Baie dankie. Ek gee die inligting deur aan Marguerite Pienaar in Nieu-Seeland.

Vriendelike groete

Christo

Boodskap 7a. Re: St Johns Congregation - 24 Riviere Begraafplaas - vir FANIE  
Posted by: "Alta Griffiths" alta@pinnaclespot.co.za griffithsalta  
Tue Jun 19, 2007 11:44 pm (PST)

More Fanie

Ek sien ons het 56 foto's op eGGSA van die begraafplaas. Die foto's was gedoen deur Simon du Plooy! Hoor net by hom!

<http://www.eggsa.org/>

Groete

Alta Griffiths  
PO Box 1998  
DURBANVILLE  
7551  
Tel: 021-975 5491  
Cell: 083 948 5207

Boodskap 8a. Re: Datum-fout op 'n grafsteen  
Posted by: "Alta Griffiths" alta@pinnaclespot.co.za griffithsalta  
Tue Jun 19, 2007 11:48 pm (PST)

More Charlie

Daar is 'n paar sulkes op eGGSA! Ons maak gewoonlik 'n nota om te sê dat alles nie juis is nie!

Groete

Alta Griffiths  
PO Box 1998  
DURBANVILLE  
7551  
Tel: 021-975 5491  
Cell: 083 948 5207

Boodskap 9a. Nogdens kopiereg

Posted by: "Viljoen, HC" hcv@sun.ac.za hc\_viljoen

Wed Jun 20, 2007 12:00 am (PST)

Beste Elmien

Ek het my tot dusver weerhou van deelname aan die kopieregdebat wat tans (weer) op SAGenealogie gevoer word.

Wat jou twee vrae betref:

1. As jy 'n "gepubliseerde stuk wil verwerk", hang dit af wat jy onder "verwerk" bedoel as jy toestemming wil kry vir die verwerking daarvan. Ek sou sê ja, want as die verwerkte produk grootliks gebaseer is op die oorspronklike werk, sou dit kopieregskending wees. As jy egter net uittreksels uit 'n gepubliseerde dokument (wat die internet insluit) maak onder die billike gebruik ("fair use") doktrine vir insluiting in 'n nuwe werk, is dit nie nodig om vooraf verlof te vra nie, so lank as wat die bron erken word. Die kernvraag is telkens: sal die publikasie wat ek uitbring mense ontmoedig om die oorspronklike publikasie aan te skaf? Indien "ja", is dit outeursregskending. Die feit dat die oorspronklike publikasie uit druk is, is geen verskoning nie. So bv is die Viljoen familieregister, wat die RGN in 1978 uitgegee het, uitverkoop. Niemand mag egter die boek skandeer en op CD aan enigiemand anders beskikbaar stel (selfs nie gratis) nie, tensy hulle verlof daarvoor ontvang het. (As 'n RGN publikasie is die outeursreg, terloops, aan GISA oorgedra). Eksel het egter die outeursreg op die inhoud behou en kan, sonder verlof, 'n verbeterde weergawe van die register publiseer.

2. Wat publikasies in tydskrifte betref: ja, dit hang dit af van die voorwaardes wat deur die betrokke tydskrif gestel word en die kontrak wat vooraf met die outeur aangegaan word. As die outeur vergoed word vir die publikasie (dws betaling daarvoor ontvang, hoe gering ookal), is dit 'n "work for hire" geval en gaan die outeursreg normaalweg oor na die uitgewer van die tydskrif. In die geval van geen vergoeding, het die uitgewer nie die outeursregte gekoop nie, en bly dit dié van die outeur. Die tydskrif kan ook nie met enige verklaring voorin aanspraak maak op kopiereg nie, en dit vestig nie in die tydskrif nie tensy dit kontraktueel vooraf met die skrywer bevestig is. So bv behou ek die kopiereg op alle artikels wat uit my pen in Familia verskyn het. Sommige vaktydskrifte betaal nie vir artikels nie (dit is 'n eer vir die outeur om sy artikel gepubliseer te kry in die vaktydskrif) maar gaan vooraf 'n skriftelike kontrak met die outeur aan waarin die outeursreg skriftelik oorgedra word aan die uitgewer. Normaalweg kan die outeur egter wel self sy artikel herpubliseer, bv. in 'n boek wat hy skryf, sonder verlof van die tydskrif (maar normaalweg met erkenning van die oorspronklike publikasie).

Groete

Christo

Boodskap 9b. Re: Nog eens kopiereg  
Posted by: "Samuel Murray" leuce@absamail.co.za lacialacia  
Wed Jun 20, 2007 12:50 am (PST)

Viljoen, HC <hcv@sun.ac.za> wrote:

> As die uteur vergoed word  
> vir die publikasie (dws betaling daarvoor ontvang, hoe gering ookal),  
> is dit 'n "work for hire" geval en gaan die uteursreg normaalweg oor  
> na die uitgewer van die tydskrif.

Dis baie interessant, Christo. Ek dog "work for hire" is spesifiek 'n Amerikaanse ding wat nie op Suid-Afrika van toepassing is nie.

Ek dog die Suid-Afrikaanse beginsel berus op die vraag of die verhouding met die opdraggewer 'n "contract of [a] work" of 'n "contract of service" is. In eersgenoemde geval word die skrywer opdrag gegee om 'n literêre werk te skep, en die eienaar van die werk is die opdraggewer, maar die kopiereghouer bly die skrywer.

Kyk ook maar gerus na dinge soos argitekstekeninge -- jy wat die argitek vra om die tekening op te trek, besit wel die tekening, maar die argitek behou kopiereg op die tekening, omdat hy nie by jou in diens was nie. Dieselfde geld vir 'n fotograaf wat 'n foto van jou neem -- die foto is joune, maar kopiereg van die foto bly die fotograaf s'n, al het jy hom hóéveel betaal.

Altans, dis hoe ek dit verstaan het.

Samuel

Boodskap 10a. Re: Charles Marais se dood  
Posted by: "Almare Marais" almaremarais@yahoo.com almaremarais  
Wed Jun 20, 2007 1:13 am (PST)

Jean,

Ek weet al die Charles Marais kan 'n mens deurmekaar maak. Volgens die Gedcom-file wat ek van die GISA website gekry het, is Charles (gebore 1668) wel oorlede op 7 Aug 1735 maar geen melding word gemaak hoe hy oorlede is.

Volgens die file het Claude Marais geen seun gehad wat gebore is in 1694. Slegs 10 kinders is genoem van sy eerste vrou en nie een was Charles Marais, daar is egter n gaping tussen 1690 - 1698 wat geen kinders gebore is nie (volgens die file).

**Onderwerp:** [SA-Gen] Bundel Nommer 2789

**Datum:** Wednesday, June 20, 2007

Daar is 25 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:

1. Re: Die Pienaars in Suid-Afrika vir Christo. From: Jozua van Vuuren
- 2a. Re: Charles Marais se dood From: Karel Marais
- 3a. Re: [KOERANT]WES-RAND BEELD-Oupa Willie Kok From: Nardus Combrinck
- 4a. Re: Ellis From: Nardus Combrinck
- 4b. Re: Ellis From: Nardus Combrinck
- 5a. Re: DOORNKOM David & Johan From: Marius Dickinson
- 5b. Re: DOORNKOM David & Johan From: David vd Merwe
6. Fw: Engelbrechts van Groblersdal From: Marius Dickinson
- 7a. LOUW From: J van der Grijp
- 7b. Re: LOUW Familie From: David Jamieson
- 8a. Struwig en Schnitter familei From: Ursulah
- 8b. Re: Struwig en Schnitter familei From: Karel Marais
- 8c. Re: Struwig en Schnitter familei From: Annaretha Smitsdorff
- 8d. Re: Russt Familie From: Anne Rust
- 8e. Re: Struwig en Schnitter familie From: Ann Tiran
- 8f. Re: Struwig en Schnitter familei From: Jorge Estreux
9. Pretorius, Swart, de Wet, Lourens, Nortje From: Alta Roux
10. KAB opsoeke asseblief From: vonlocherenberg
11. Richard Wolfaardt From: Blikkies

12. OUDTSHOORN LIDMAATREGISTER (Deel 63) From: alta le roux

13. LANDMAN From: alta le roux

14a. VENTER - DU PLESSIS From: alta le roux

14b. Re: VENTER - DU PLESSIS From: B J Venter

15. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 20 Junie 2007 From: P Marx

16. [Koerant] Byvoegsel Die Burger Oos-Kaap 20 Junie 2007 From: P Marx

Boodskap 1. Re: Die Pienaars in Suid-Afrika vir Christo.  
Posted by: "Jozua van Vuuren" [jozuavv@absamail.co.za](mailto:jozuavv@absamail.co.za) vuren1940  
Wed Jun 20, 2007 1:54 am (PST)

Dagsê Christo

Ek is ook 'n afstammeling van die Pienaarstamvader, maar my eintlike belangstelling is Pieter Pinaar wat volgens Jose Burman in sy boek "Who really discovered South Africa", hoofstuk XII, tussen ongeveer 1750 en 1803 gelewe het.

Ek hom sover nie opspoor onder die Pinaars nie.

Ek merk op dat jy oor 'n boek beskik wat handel oor die Pienaars.

Is daar miskien enige melding van die persoon daarin?

Hy was 'n avonturier en grootwildjagter en word deur onder andere Lichtenstein beskryf.

Enige hulp sal waardeer word!

Beste Groete

Jozua

Boodskap 2a. Re: Charles Marais se dood  
Posted by: "Karel Marais" turando101@yahoo.com turando101  
Wed Jun 20, 2007 2:14 am (PST)

Jean,

Dankie vir die inligting. Ek sal maar weer moet gaan kyk na my bronnes, maar so vinnige kykie laat my dink jy is reg.

Almare,

Ek het ook al daardie tien kinders gesien en ek weet nie waar dit vandaan kom nie! Hulle was ook in my databasis gewees maar meeste van hulle het sederdien na Charles \*1668 se kant toe migreer! (Hy het volgens my inligting 10 kinders gehad) (..en toe skielik stam ek uit die Charles-Charles lyn en nie die Charles-Claude lyn nie!!)

As jy kyk na MOOC 8/5.51

[http://databases.tanap.net/mooc/main\\_article.cfm?id=MOOC8%2F5%2E51&freesearchkey=MOOC8%2F5%2E51](http://databases.tanap.net/mooc/main_article.cfm?id=MOOC8%2F5%2E51&freesearchkey=MOOC8%2F5%2E51) wat Gardiol (Claude se tweede vrou) se testament is sal jy sien onder die laste (feitlik heel onder op die dokument) word die drie kinders genoem uit Claude se eerste huwelik met Avice. Die kinders bo-aan die dokument genoem is Gardiol se "voorkinders" dus uit haar vorige huwelik.

Miskien kan een van die Marais-kenners laat weet of ek die storie reg het!

Sterkte,  
Karel Marais

Boodskap 3a. Re: [KOERANT]WES-RAND BEELD-Oupa Willie Kok  
Posted by: "Nardus Combrinck" 0728862338@vodamail.co.za  
Wed Jun 20, 2007 3:43 am (PST)

Oom Willie neem saam met `n groep boere deel om die Deelkraal - grondeis te beveg.  
Ons maak baie staat op sy helder brein om feite uit die verlede op te haal!! Merkwaardige  
geheue op sy ouderdom!!

Nardus

Boodskap 4a. Re: Ellis  
Posted by: "Nardus Combrinck" 0728862338@vodamail.co.za  
Wed Jun 20, 2007 3:44 am (PST)

Johan,

Probeer gerus die handsentrale by 014-252 in Groot Marico. Ds. Van der Linde kan ook dalk help.

Nardus

Boodskap 4b. Re: Ellis  
Posted by: "Nardus Combrinck" 0728862338@vodamail.co.za  
Wed Jun 20, 2007 4:05 am (PST)

Johan,

Probeer gerus die handsentrale by 014-252 in Groot Marico. Ds. Van der Linde kan ook dalk help.

Nardus

Boodskap 5a. Re: DOORKOM David & Johan  
Posted by: "Marius Dickinson" mdickinson@amsa.co.za  
Wed Jun 20, 2007 4:08 am (PST)

Hi Jaleen,

Ek dink My SA- Gen poslys is weer in werking. Kobus de Beer se Sel no is 072 3807020  
Gerhard het uit Naboomspruit getrek Ek gaan volgende week die foto's neem.

Boodskap 5b. Re: DOORKOM David & Johan  
Posted by: "David vd Merwe" vdmerwe.david@gmail.com beerisgr8too  
Wed Jun 20, 2007 9:30 am (PST)

Byvoorbaat baie dankie Marius

Groete

David vd Merwe  
Warmwater  
Montagu  
Tel. (023) 614-2761  
Sel: 082-490-9160  
Faks: 0866964579

Boodskap 6. Fw: Engelbrechts van Groblersdal  
Posted by: "Marius Dickinson" mdickinson@amsa.co.za  
Wed Jun 20, 2007 4:15 am (PST)

Goeie dag almal,

Ongelukkig het ek baie pos verloor en is daar dalk gereageer op hierdie navraag:  
Ek sal graag inligting wil hê oor die nasate van Jacobus Petrus Engelbrecht geb Marico  
22.12 1909 oorlede Groblersdal 21.05.1973 wat getroud was met Judith Maria  
WELTERS

Hulle kinders was Jacobus Petrus geb 3.11.1935  
Johannes Jacobus geb 5.11.1938  
Martha Hendrina geb 2.10.1940 getroud met Collen  
Andries Johannes geb 5.10.1949

Kan hulle die Engelbrechts wees van die Piet Engelbrecht Trust  
Inligting met erkenning aan Louis Engelbrecht uit sy Engelbrecht stamregister

Groetnis Marius Dickinson

Boodskap 7a. LOUW

Posted by: "J van der Grijp" wolfoffice@absamail.co.za jacquesvdg  
Wed Jun 20, 2007 5:21 am (PST)

Dag (weereens) Hendrik

Ek het ook 'n paar LOUW's tussen my inligting. Miskien stel jy belang.

1. Theunis Johannes KOTZE, \* 29 Jan 1791, + 2 Apr 1873 x Maria Gloudina LOUW, \* 22 Jul 1792, + 1862. D.v. Hermanus LOUW & Hester Wilhelmina VAN ZYL

Die volgende LOUW is direkte familie. Ria is my ma se suster wat getroud is met 'n LOUW

Cornelius Johannes Schlebusch, 20 Sep 1926, still living in Klerksdorp

+ Maria Elizabeth Oberholzer, 9 Dec 1930, still living in Klerksdorp

- Johanna Zuzet (Ria) Schlebusch, 21 Jun 1950

+ Johannes Willem Louw te Klerksdorp op 10 Maart 1967

o Maria Elizabeth (Lindie) Louw, 27 Oct 1967, getroud 6 Jan 1990

+ Gerhardus Karel Dawid van Tonder, 14 Oct 1966

§ Cornet van Tonder, 4 Aug 1990 te Klerksdorp

§ Marie-Zuzet van Tonder, 6 Jan 1992 te Klerksdorp

§ Gerhadrus Karel Dawid van Tonder, 19 Des 1994 te Klerksdorp

§ Johanné van Tonder, 19 Apr 2000 te Klerksdorp

o Anna Magrietha Louw, 31 Des 1968 te Klerksdorp, getroud 10 Dec 1988 te Potchefstroom

+ Petrus Frans Jacobus Luijs, 3 Jan 1968

§ Jean-Pierre Luijs, 8 Mei 1992 te Pretoria

o Andries Barnabas Louw, 27 Julie 1981 te Bothaville

Kan jy my meer detail oor die LOUW's gee.

Groete

Jacques van der Grijp

Boodskap 7b. Re: LOUW Familie

Posted by: "David Jamieson" davidkjamieson@yahoo.co.uk davidkjamieson

Wed Jun 20, 2007 7:22 am (PST)

Goeie Dag Hendrik,

Ek wonder of jy miskien besonderehede oor my oorlede ouma mag behou. Ek het al ooral probeer om inligting oor haar familie te ontdek, maar kry nerens enige sukses. Haar besonderehede is soos volg :

Johanna ? Louw ook later bekent as Jane / Jeanie Louw I.D. No : 022/ 307268W

Gebore : 7 Februarie 1884 erens in die Kaap

Getroud met : Francis Mc Kenzie Jamieson ( Gebore 1871 Arbroath, Skotland - oorlede te Kaapstad op 17 Nov. 1948 6323/49 ) in 1908 in die Congregational Kerk, Mowbray, CP

Johanna ? / Jane Jamieson ( nee Louw ) Oorlede te Kaapstad op : 27 Maart 1964

Verwysing : 765 van 04 April 1964 - ook HAWC 1/3/9/5/ 111 ( My pa het die verkeerde voorname op haar dood sertifikaat ingeskryf - Jean Harris - did is verkeerd want sy was bekend as Jane of Jeanie - Haar dogter was Jean Harris Jamieson later getroud met Duff )

Ek het tevore aan Binnelandse Sake in Pretoria toe geskryk maar hulle vind geen rekords vir haar nie.

Indien jy enige inligting oor bo-genoemde mag he, sal ek dit baie waardeur want ek soek al jare vir haar familie se besonderhede.

Nogmals baie dankie indien jy my verder kan help.

Groete uit 'n baie nat Skotland.

David Jamieson

Montrose, Angus

Boodskap 8a. Struwig en Schnitter familei  
Posted by: "Ursulah" jvrens@tdm.co.mz jvrens  
Wed Jun 20, 2007 6:48 am (PST)

Hallo almal

Ek het 'n redelik volledige familie register van 'n been van die struwig en schnitter families van 'n niggie van my ontvang. Indien iemand sou belang stel hierin, kontak my gerus

Dan het ek 'n probleem en ek hoop dat iemand my sal kan help

My suster is geskei toe haar dogter 2 jaar oud was. Sy is weer getroud en haar tweede man het haar dogter wettiglik aangeneem op ouderdom 13 jaar. Dogter se pa is nog lewend en het haar afgeteken. Dogter is onlangs getroud. Nou my probleem

Ek gebruik legacy vir my familie register. Ek het dogter ingevoer op haar bloedpa se van en die aanneming ook ingevoer asook die huwelik. Wanneer ek egter nou na haar pedigree kyk, verskyn sy onder haar bloedpa se van, met 'n verwysing na haar stiefpa a.g.v. haar ma se tweede huwelik. geen melding word gemaak van die aanneming en haar huwelik word ook gewys. Ek het hierdie GEDCOM in pdf vir haar gestuur om na te gaan en sy was baie ontsteld omdat haar dokumente (ID, huwelikssertifikaat ens.) haar aangee op stiefpa se van. Sy dring aan dat ek my records regstel en haar van na stiefpa s'n toe verander. Hoe kry ek dit reg. ek het ooral gesoek op Legacy maar kry dit nie reg nie. is so iets moontlik. Wat doen mens in elk geval in hierdie geval. Ek moet net noem dat haar bloedpa nog lewe. Mens kan hom seker nie heeltemal misken nie of hoe?

Help asb?

Vriendelike Groete

Ursulah van Rensburg  
Maputo  
Groenkop Genealoog en  
Student in Sielkunde  
09258 824 1011 54 Mobile  
09258 214 90 990 Home

Boodskap 8b. Re: Struwig en Schnitter familei  
Posted by: "Karel Marais" turando101@yahoo.com turando101  
Wed Jun 20, 2007 9:03 am (PST)

Dagse,

Jammer Ursulah ek kan jou nie help nie maar terwyl die "eksperts" gaan raad uitdeel soek ek ook hulp asseblief.

Ek het 'n niggie wat getrou het, toe geskei het en toe weer getrou het met dieselfde man. Om dit meer kompleks te maak lyk dit vir my, ek wag op die oomblik vir nog inligting, dat daar is 'n kind in die eerste huwelik gebore, 'n kind buite eg en 'n kind uit die tweede huwelik. Hoe nou gemaak? Of ignoreer ek die hele dink as onbelangrik en gee net die eerste huweliks datum? Terloops ek gebruik PAF5.

Dankie en groetnis,  
Karel Marais  
Wene Oostenryk.

Boodskap 8c. Re: Struwig en Schnitter familei  
Posted by: "Annaretha Smitsdorff" [arets@absamail.co.za](mailto:arets@absamail.co.za)  
Wed Jun 20, 2007 9:05 am (PST)

Ursula

Ek doen navorsing oor die struwigs en sal inligting oor hulle verwelkom.

Dankie

Aret

Boodskap 8d. Re: Russt Familie  
Posted by: "Anne Rust" anne.rust@yahoo.ca anne.rust  
Wed Jun 20, 2007 9:26 am (PST)

Hi almal,

Ek het die volgende inligting uit die "Personalia of the Germans at the Cape, 1652 - 1806" deur Dr. J Hoge gekry:

Rust, Melchior (S Röth). - Schwarzenfels near Kassel. Smith 1749 - 63; ~25.1.1756  
Catharina Cornelisse van Tondern, wid. Adolph Bogerts. One daughter. +1763. (GMR 1749-63; G.R. nr. 814; Test. CJ 1179:3.)

Kan iemand dalk vir my sê waar ek die documents in die hande kan kry?

Dankie,

Anne Rust  
anne.rust@yahoo.ca

Boodskap 8e. Re: Struwig en Schnitter familie  
Posted by: "Ann Tiran" [anntiran@polka.co.za](mailto:anntiran@polka.co.za)  
Wed Jun 20, 2007 11:26 am (PST)

Hallo Karel en Ursula

Omdat daar nou kleinkinders is wat betrokke is en dit 'n gevoelige saak is, het ek die egskeiding van my ma se suster van haar man uitgelos. Sy het twee kinders by hom gehad, toe geskei, 'n jaar later verwag sy by hom en hulle trou 'n jaar later, en toe het sy weer 'n kind by hom.....dus is al 4 kinders tog wettiglik hare en syne....een ma en een pa.....die kinders [my niggies en neefs] sien nie die noodsaaklikheid in dat dit verkondig moet word nie.

Ek het nog 'n voorbeeld waar die ma geskei is van die pa...een kind. Sy hertrou drie jaar later, nuwe man neem wettiglik kind aan en verander haar van...hulle het nog twee kinders.....hierdie familie wil ook nie dit bekend gemaak hê dat sy geskei is nie en dus respekteer ek haar wense. Ek dink veral waar daar lewende kinders betrokke is moet mens dit respekteer en hulle kontak en hulle opinie vra waar dit moontlik is.

Terloops as die pa sy dogter AFSKRYF waarom moet hy nog geken word as deel van die familie???

Annatjie

Boodskap 8f. Re: Struwig en Schnitter familei  
Posted by: "Jorge Estreux" jorgeestreux@yahoo.co.uk jorgeestreux  
Wed Jun 20, 2007 11:31 am (PST)

Hallo Ursulah,

Ek verneem graag of jy iets het oor n Jan (volle name onbekend) Struwig \*3 Mei 1937 X  
Joy NN, Kinders Joanne en Jacques Hulle skakel iewers by my in!!

Groete  
Gert

Boodskap 9. Pretorius, Swart, de Wet, Lourens, Nortje  
Posted by: "Alta Roux" rroux@yebo.co.za genealogiefreak  
Wed Jun 20, 2007 10:03 am (PST)

### Lysteraars

Ek het 'n afskrif van 'n huweliks consent gekry - ongedateer.  
Kan iemand dalk help om die mense te identifiseer?

#### Huweliks Consente

Ons die ondergetekende ouers gee hiermee onse volle toestemming aan onse oudste dogter Francina Petronella Johanna Swart om haar in die huwelik te begewe met die jonge heer Daniel Johannes Gerhardus Nortje van Hendrina.

Alsmede ook aan onse oudste seun Mathys Johannes Lourens om hom in die huwelik te begewe met die jonge dogter Anna Elizabeth de Wet van die plaas Rooikop distr Middelburg Transvaal.

C D Pretorius  
A M Pretorius

Wie was die mense?

Groete  
Alta van Kinross

Boodskap 10. KAB opsoeke asseblief  
Posted by: "vonlocherenberg" susan.linde@absamail.co.za vonlocherenberg  
Wed Jun 20, 2007 10:11 am (PST)

Goeie dag

`n Versoek aan enige gawe lyslede wat my kan help met die KAB opsoeke asseblief?

DEPOT  
KAB  
SOURCE  
MOK  
TYPE  
LEER  
VOLUME\_NO  
1/1/183  
SYSTEM  
01  
REFERENCE  
242  
PART  
1  
DESCRIPTION VAN LOGGENBERG, JOSEPH. DECEASED ESTATE  
PAPERS.  
STARTING  
19050000  
ENDING  
19050000

DEPOT  
KAB  
SOURCE  
1/GR  
TYPE  
LEER  
VOLUME\_NO  
16A/3  
SYSTEM  
01  
REFERENCE  
33/2/3/12  
PART  
1  
DESCRIPTION PROTECTION OF CHILDREN. COMMITTALS. VAN  
LOGGERENBERG, JOYCE A.  
STARTING

1941  
ENDING  
1941  
REMARKS NEW NO 33/2/4/12.

DEPOT  
KAB  
SOURCE  
MOOC  
TYPE  
LEER  
VOLUME\_NO  
7/1/93  
SYSTEM  
01  
REFERENCE  
21  
PART  
1  
DESCRIPTION VENTER, JAN LEWIES.  
WILL.  
STARTING  
18220000  
ENDING  
18220000  
REMARKS FILED 1824.

Dankie  
Groete  
Susan  
[Susan.linde@absamail.co.za](mailto:Susan.linde@absamail.co.za)

Boodskap 11. Richard Wolfaardt  
Posted by: "Blikkies" blikkies@mabonline.co.za blignautfanie  
Wed Jun 20, 2007 10:22 am (PST)

Naand Vriende, jammer ek maak hiervan gebruik, maar ek is op soek na Richard Wolfaardt se kontak besonderhede ivm Rawsonville Begraafplaas.

Groete,

Fanie Blignaut,  
016-982-2069,  
blikkies@mabonline.co.za

Boodskap 12. OUDTSHOORN LIDMAATREGISTER (Deel 63)  
Posted by: "alta le roux" altaler@odn.co.za  
Wed Jun 20, 2007 10:39 am (PST)

AANGENOMEN TE OUDTSHOORN OP DEN 24sten DECEMBER 1869 (Deel 63)

Johan Diederik BENEKE, \*2 Aug 1850 (Kruisrivier) Hendr.zn.  
Marthinus Jacobus VAN ROOYEN, \*30 Sep 1853 (Kamnatie) Marth.zn.  
Daniel KEYTER, \*20 Des 1843 (Rust en Vrede) P.zn. (N. Prince Albert 18/3/75)  
Jacobus Johannes BOTHA, \*25 Jan 1853 (Nooitgedacht) Hendr.zn.  
Johannes MEIRING, \*7 Okt 1851 (Rietfontein) Pietzoon  
Johannes Stephanus OLIVIER, \*30 Jul 1852 (Jan Fourieskraal) Jac.zn.  
Gideon Jacobus VAN ECK, \*27 Apr 1851 (Amospoortjie, Distr. Beaufort) Gid.zn.  
Cornelis Jacobus POTGIETER, \*8 Aug 1850 (Vleyplaats) Hermanus zn.  
Johannes Jacobus POTGIETER, \*24 Mrt 1851 (Welgevonden) Herm.zn.  
Jan Hendrik VAN ROOYEN, \*6 Jan 1851 (Rotterdam) Carel zn.  
Jan Hendrik VAN ROOYEN, \*25 Aug 1851 (Rotterdam) Jan zn.  
Benjamin Johan Nicolaas RHEEDER, \*26 Nov 1849 (Armoed) Christ.zn.  
Johannes Paulus KOTZÉ, \*20 Okt 1853 (Buffelskloof) Jacs.zn.  
John Andreas MEIRING, \*19 Des 1850 (Meiringspoort) Petrus zn.  
Sophia Johanna Maria MALLENSON, \*12 Jul 1853 (Buffelfontein) Robt.dr.  
Emmerentia Margaretha MEIRING, \*20 Aug 1851 (Jan Fourieskraal) Piet dr.  
Susanna Petronella Susara MEIRING, \*27 Feb 1853 (Jan Fourieskraal) Piet dr.  
Susanna Elisabeth COETZEE, \*8 Mei 1854 (Kamnatie) Jacs.dr.  
Susanna Francina OLIVIER, \*23 Mei 1854 (Jan Fourieskraal) Jacs.dr.  
Dorothea Maria VAN ROOYEN, \*18 Apr 1855 (Rotterdam) Jan dr.  
Johanna Catharina VAN ROOYEN, \*20 Aug 1854 (Rotterdam) Carel dr.  
Geesina Anna Christina FOURIE, \*5 Okt 1853 (Hottentotskloof) Stephs.dr.  
Aletta Helena DAVEL, \*30 Mei 1851 (Meiringspoort) Willm.dr.  
Catharina Elisabeth DU TOIT, \*18 Okt 1852 (Andrieskraal) Andr.dr.  
Martha Maria DU TOIT, \*2 Sep 1854 (Buffelboschrevier) Johs.dr.  
Beatrix Sophia Elsje SAAYMAN, \*1 Des 1851 (Armoed) Geb. Tesner  
Johanna Beatrix STRIJDOM, \*22 Jul 1854 (Buffelskloof) Corn.dr.  
Magdalena Johanna BENEKE, \*21 Aug 1854 (Kruisrivier) Abr.dr.  
Magdalena Johanna BENEKE, \*17 Feb 1853 (Kruisrivier) Hendr.dr.  
Susara Johanna LAURENS, \*28 Aug 1853 (Hartebeestrivier) Wm.dr.  
Johanna Catharina LAURENS, \*30 Sep 1854 (Andrieskraal) Marth.dr.  
Martha Maria DU TOIT, \*5 Jan 1851 (Andrieskraal) P.dr.  
Pietina Helena MEIRING, \*1 Sep 1853 (Meiringspoort) Petrus dr.  
Catharina Helena MEIRING, \*7 Aug 1854 (Meiringspoort) Petrus dr. (Attestaat naar  
Wakkerstroom 6 Nov 1882)  
Susanna Elisabeth GERICKE, \*22 Apr 1853 (Amsterdam) Jac.dr.  
Magdalena Elisabeth BODES, \*30 Nov 1852 (Stolsvlakte) Klaas dr. (Overleden)  
Martha Magdalena VAN ECK, \*9 Okt 1854 (Amospoortjie, Distr. Beaufort) Gid.dr.  
Magdalena Charlotta Salomina OLIVIER, \*16 Mei 1852 (Andrieskraal) Hendr.dr.  
Martha Maria OLIVIER, \*29 Des 1853 (Andrieskraal) Matthys dr.

Alta le Roux

altaler@odn.co.za

Posbus 1138, OUDTSHOORN, 6620

Tel. 083 996 0676 / 044 272 2271 (h) / 044 272 7636 (w)

Boodskap 13. LANDMAN

Posted by: "alta le roux" altaler@odn.co.za

Wed Jun 20, 2007 12:07 pm (PST)

Vriende

Is daar enige Landman-kenners onder ons? Ek is op soek na die name van die ouers van Christoffel Johannes Landman, \*1/11/1899 en +25/3/1962. Hy was getroud met Rhoda Scholtz

Hulle dogter, Thelma Berenda Landman, \*13/9/1939 is getroud met Abram Snyman.

Baie dankie

Alta le Roux

altaler@odn.co.za

Posbus 1138, OUDTSHOORN, 6620

Tel. 083 996 0676 / 044 272 2271 (h) / 044 272 7636 (w)

Boodskap 14a. VENTER - DU PLESSIS  
Posted by: "alta le roux" altaler@odn.co.za  
Wed Jun 20, 2007 12:07 pm (PST)

### Venterkenners

Beskik iemand dalk oor meer besonderhede van Abram Adriaan Venter en Hendrina Francina du Plessis? (Vermoedelik van iewers in die Vrystaat) Hulle dogter, Francina Sophia Venter was getroud met Gabriel Johannes Snyman en sy is oorlede op 20 Sep 1994.

Francina Sophia Venter & Gabriel Johannes Snyman het 4 kinders gehad, nl. Frederik (1931), Rina (1933), Abram (1938) en Unita (1946).

Baie dankie  
Alta le Roux  
altaler@odn.co.za  
Posbus 1138, OUDTSHOORN, 6620  
Tel. 083 996 0676 / 044 272 2271 (h) / 044 272 7636 (w)

Boodskap 14b. Re: VENTER - DU PLESSIS  
Posted by: "B J Venter" twyfelpoort@gmail.com twyfelpoort  
Wed Jun 20, 2007 12:58 pm (PST)

Naand Alta,

Ek antwoord jou van die lys af direk na jou adres.

Met vriendelike Venter-groete

Barend J Venter  
Navorsing van die Venter-Familie van Suid-Afrika  
twyfelpoort@telkomsa.net of twyfelpoort@gmail.com

Boodskap 15. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 20 Junie 2007  
Posted by: "P Marx" geelhoutboom@intekom.co.za  
Wed Jun 20, 2007 1:23 pm (PST)

Sterfgevalle

BOSHOFF, Emma Bertha. +Vrydag 15 Junie 2007 op Despatch. Kinders, klein- en agterkleinkinders.  
Begrafnis Donderdag 21 Junie 2007 14:00 NG Kerk Bothasrus, Despatch. (Die Burger Oos-Kaap 20/06/2007)  
Reëlings: Esmé Groenewald AVBOB Despatch 041 933 2039

LÖTTER, Ruben (Wally). +Saterdag 16 Junie 2007. Kinders Mark, Jacki, Natalie en Andrew.

Kleinkinders Daniel, Tamryn, Dylan, Jayde, Lindzey en Matthew. Roudiens Vrydag 22 Junie 2007 11:00

NG Kerk, Winterhoek, Uitenhage. Verassing privaat. (Die Burger Oos-Kaap 20/06/2007)  
Reëlings: Esmé Groenewald AVBOB Uitenhage 041 922 8066

MARX, Jan Willem (Jan). +Saterdag 16 Junie 2007 op Uitenhage, 95 jaar. Kinders, klein- en agterkleinkinders.

Begrafnis Donderdag 21 Junie 2007 11:00 NG kerk Despatch-Suid. (Die Burger Oos-Kaap 20/06/2007)

Reëlings: Esmé Groenewald AVBOB Despatch 041 933 2039

SAMPSON, Eddie. +Sondag 17 Junie 2007. Vrou, kinders, kleinkinders. Roudiens Vrydag 22 Junie 2007

12:00 NG Kerk Bothasrus, Despatch. Verassing privaat. (Die Burger Oos-Kaap 20/06/2007)

Reëlings: Annelie Fitchet DOVES Uitenhage 041 992 1349

VORSTER, Mercia Maria. +Sondag 17 Junie 2007. Marléne, Rijno en Kate. Roudiens Donderdag 21 Junie 2007

10:30 Avbob-kapel. Verassing privaat. (Die Burger Oos-Kaap 20/06/2007)

Reëlings: Alfred Jones AVBOB Port Elizabeth 041 484 2731

In Memoriam

MULDER; Stephanus Petrus Malan (61), in lewe van Rayton, distrik Pretoria, voorheen Pretoria. Verassingsdiens: NG Kerk, Lynnwoodrif, Pretoria, 25/06/2007, 10:00. (Beeld – 22/06/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Pretoria-Oos, 012-460-3745.

PENTZ; Alec \* 01/11/1951 + 17/06/2007. Sal onthou word deur Janet, Henri, Yolandi en Angie. (Beeld – 22/06/2007)

ROBERTSON; Maria Elizabeth. Roudiens: NH Kerk, Aasvoëlkop, Hokeylaan, Northcliff, Roodepoort, Gauteng provinsie, 26/06/2007, 15:00. Veras. (Beeld – 21, 22/06/2007) Thom Kight & Kie Begrafnisdienste, Johannesburg, 011-814-4853.

TRAUT; Moira Lynette, in lewe van Brakpan, Gauteng provinsie. Verassingsdiens: NG Kerk, Dalpark, Boekenhoutstraat, Dalpark, Brakpan, 25/06/2007, 11:00. (Beeld – 22/06/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Boksburg, 011-917-5041.

YOUNG; René, in lewe van Arconpark, Vereeniging, Gauteng provinsie. Roudiens: NG Kerk, Arconpark, 22/06/2007, 11:00. Veras. (Beeld – 22/06/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Vereeniging, 016-421-4054.

Groete,

Fanie Blignaut,  
Vanderbijlpark,  
Gauteng provinsie.  
blikkies@mabonline.co.za.

Boodskap 22. dr Eric H Louw

Posted by: "Hugenote Museum" hugenoot@museum.co.za

Fri Jun 22, 2007 1:11 am (PST)

Goeiedag,

Ek het iewers gelees dat Eric Hendrik Louw, 'n gewese advokaat, diplomaat en kabinetsminister, 'n oom was van Aletta Gertruida Louw, die eerste vrou van prof Chris Barnard.

Hendrik (Louw) kan jy dit asb bevestig ?

Baie dankie

Juna Malherbe

FRANSCHHOEK

**Onderwerp:** [SA-Gen] Bundel Nommer 2792

**Datum:** Saturday, June 23, 2007

Daar is 20 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:

1. Charles Marais x Anne des Ruelles se kinders From: Hugenote Museum
- 2a. Re: TAB opsoek From: Annaretha Smitsdorff
- 3a. Re: dr Eric H Louw From: Dennis Pretorius
- 3b. Re: dr Eric H Louw From: Hendrik LOUW
- 3c. dr Eric H Louw From: Hendrik LOUW
- 3d. Re: dr Eric H Louw From: Dennis Pretorius
- 3e. Re: dr Eric H Louw From: Nardus Combrinck
- 3f. Re: dr Eric H Louw From: Nardus Combrinck
4. Petrusville From: willieta
- 5a. Re: Verna Fourie From: Ann Tiran
- 5b. Re: Verna Fourie From: Blikkies
6. Greeff eposlys From: Francois Greeff
7. [Koerant] The Mercury Vrydag 22 Junie 2007 From: aletta magrieta.quebbemann
8. [Koerant] Forest Express Fieldshill to Boths's Hill 22 Junie 2007 From: aletta magrieta.quebbemann
- 9a. Pretorius, Swart, de Wet, Lourens, Nortje From: Tobi Swart
- 10a. Kopiereg: Wat dink die lysteraars? From: Alet Swanepoel
- 10b. Re: Kopiereg: Wat dink die lysteraars? From: Nardus Combrinck
- 10c. Re: Kopiereg: Wat dink die lysteraars? From: Blikkies

11. [Koerant] The Mercury Vrydag 22 Junie 2007 CREDITORS .... From: aletta  
magrieta.quebbemann

12a. Re: [KOERANT]BeeldLappe Laubscher: Slawehandel se einde oral herdenk From:  
Nardus Combrinck

Boodskap 1. Charles Marais x Anne des Ruelles se kinders  
Posted by: "Hugenote Museum" hugenoot@museum.co.za  
Fri Jun 22, 2007 2:09 am (PST)

Goeiedag,

Aangesien Charles Marais onder bespreking is wil ek net meld dat Marie wat in SAG Deel 5 bl.463 as b2 c12 aangegee word c 10 moet wees. Sy is op 14.10.1708 in die NG gemeente Kaapstad gedoopt [KAB: VC 604]

c10 Jacques op bl.453 word c11 (hy is gebore op 12.7.1709 en op 22.9.1709 in die NG gemeente Drakenstein (die huidige Paarl) gedoopt

c11 Izak op bl.457 word c12 (hy is gebore op 15.4.1711 en op 17.5.1711 in die NG gemeente Drakenstein gedoopt). Toe hy gedoopt is was sy vader Charles Marais al oorlede, dus kan Marie nie sy jongste kind wees nie.

Vriendelike groete

Juna Malherbe  
FRANSCHHOEK

Boodskap 2a. Re: TAB opsoek  
Posted by: "Annaretha Smitsdorff" [arets@absamail.co.za](mailto:arets@absamail.co.za)  
Fri Jun 22, 2007 10:52 am (PST)

Lysteraars,

Is daar nie dalk iemand wat in die nabye toekoms Pretoria argief gaan besoek en die volgende vir my sal opsoek.

MHG: volume: 0 REF: 22575: Struwig Maria Magdalena Johanna Christina (born Rheede van Oudshoorn)

Type: Photo: REF: 13298 SJ Struwig en MMJC Struwig (Van Reede van Oudtshoorn).

Baie dankie

Aret

Boodskap 3a. Re: dr Eric H Louw

Posted by: "Dennis Pretorius" krugersdorp@pixie.co.za dennis\_pretorius

Fri Jun 22, 2007 12:14 pm (PST)

Hallo Juna

Wat ek kon vassel is die volgende:

Louw, Eric Hendrik \* Jacobsdal 21 Nov 1890 died Rondebosch 24 Jun 1968 advocate, diplomat and cabinet minister, was the eldest son of Johannes Albertus Louw and Margaretha Magdalena de Villiers. Louw was first baptised as Hendrik after his grandfather but after the death of his younger brother who was called Frederick after his maternal grandfather, he was also given the name of Erik (originally Erik)

Bron

SABW

Groetnis

Dennis Pretorius, Krugersdorp, South Africa/Suid Afrika

Executive Member of GSSA / Uitvoerende Lid van GGSA

Genealogical Researcher/Genealogiese Navorsser

Owner of SAGenealogy E-mail list/Lyseienaar - SAGenealogie poslys

E-Mail/E-pos: krugersdorp@pixie.co.za

Web address/Webadres: <http://mzone.mweb.co.za/residents/k75/genealogy.html>

Telephone/Telefoon: +27-83-679-8541

Boodskap 3b. Re: dr Eric H Louw  
Posted by: "Hendrik LOUW" Loogkolk@gmail.com hendrik\_louw  
Fri Jun 22, 2007 12:14 pm (PST)

Beste Juna ...

Ek het Eric Hendrik LOUW, neef van Daniel de Villiers LOUW. Daniel de Villiers LOUW is die vader van Aletta Gertruida LOUW

Groete  
Hendrik LOUW

Boodskap 3c. dr Eric H Louw  
Posted by: "Hendrik LOUW" Loogkolk@gmail.com hendrik\_louw  
Fri Jun 22, 2007 12:20 pm (PST)

b5c2d5e12f8g3h6i3;- Aletta Gertruida LOUW [Lettie/Louwtjie], \* Mariental, SWA. 13.2.1924, x c. 1947 met en ÷ 1970, b2c4d7e2f4g6h3;- Christiaan Neethling [Chris] Barnard, \* Beaufort-Wes, 8.11.1922, = NG. Sendingkerk, Beaufort-Wes, 7.1.1923. Chris xx met Barbara Zoelner, 2k. ÷ Chris xxx met Karin [NN], 1k. Hy was die befaamde hartchirurg, prof. by UK. die eerste persoon wat die menslike hart oorplant in 1967, skrywer van verskeie boeke, wêreld-wyd bekend, ? Griekse eiland, Sept. 2001, W Beaufort-Wes.

b5c2d5e12f8g7h1;- Eric Hendrik LOUW \* Jacobsdal, OVS. 21.11.1890, ? Beaufort-Wes, 24.6.1968, x c. 1918 met Anna Snyman, \* Oos-London. Anna 'n bekwame violiste was bekend in Grahamstad, sy het 'n graad in musiek behaal L.C.U.M. Eric behaal sy B.A.-graad in 1910, in Stellenbosch se Victoriakollege en hy behaal sy L.L.B.-graad, by Rhodes Kollege. Hy is van 1912 registrator vir regter McGregor in Kaapstad, dan vir regters Shiel en Hutton op Grahamstad. Eric word in 1917 as adv. tot die Balie toegelaat. Hy neem in 1918 sy vader se handelsonderneming in Beaufort-Wes oor. Daar begeef hy hom in die politiek. Hy was voors. van die dorps- en distriksraad, later lid van die Hoofraad van die NP van Kaapland. In 1920 en in 1921 het hy die setel in Queenstown vir die NP. gewen. Op Beaufort-Wes was hy lid van die Skoolraad en Jongenskoolkom. en later stigter en voors. van die Kamer van Koophandel. In 1924 word hy as Volksraadlid van Beaufort-Wes verkies, in 1925 as eerste handelskommissaris in die VSA. en Kanada. Van 1928 beklee hy diplomatieke poste in Engeland, Amerika, Italie, Frankryk en Portugal. Hy verteenwoordig S.A. ook by die Internasionale Immigrasiekonferensie in Havanna, Kuba 1928, ook by die Rooi Kruiskonferensie in Geneve 1929. In 1929 word hy as Hoëkommissaris aangestel in London en in dieselfde jaar Gevolmagtigde minister in die VSA.- die Unie se eerste Gesant oorsee. Hy bedank in 1937 uit die politieke diens en keer terug na Beaufort-wes. In 1948 en 1951 verteenw. by die Statebondkonferensies en ook in 1948 en 1949 leier van die afvaardiging by die VVO. Hy is later Minister van Ekonomiese Sake, van 1955 Minister van Finansies en van 1957 Minister van Buitelandse Sake, hy lê hierdie amp neer op 31.12.1863. Hul het 2k

Hendrik LOUW

Bron: Louw Familie Bond Register

Boodskap 3d. Re: dr Eric H Louw  
Posted by: "Dennis Pretorius" krugersdorp@pixie.co.za dennis\_pretorius  
Fri Jun 22, 2007 12:46 pm (PST)

Hallo Hendrik

Ek kan die items in [ ] byvoeg:

> b5c2d5e12f8g3h6i3;- Aletta Gertruida LOUW [Lettie/Louwtjie], \* Mariental,  
> SWA. 13.2.1924, x [6 Nov 1948 Kaapstad] met en ÷ 1970, b2c4d7e2f4g6h3;-  
Christiaan  
> Neethling [Chris] Barnard, \* Beaufort-Wes, 8.11.1922, = NG. Sendingkerk,  
> Beaufort-Wes, 7.1.1923. Chris xx [13 Feb 1970] met Barbara Zoelner, 2k. ÷ Chris xxx  
[22 Jan 1988 Kaapstad] met  
> Karin [Setzkorn], 1k. Hy was die befaamde hart-chirurg, prof. by UK. die eerste  
persoon wat die menslike hart oorplant in 1967, skrywer van verskeie boeke,  
> wêreld-wyd bekend, ? Griekse eiland, Sept. 2001, W Beaufort-Wes.

Dennis Pretorius, Krugersdorp, South Africa/Suid Afrika  
Executive Member of GSSA / Uitvoerende Lid van GGSA  
Genealogical Researcher/Genealogiese Navorsaar  
Owner of SAGenealogy E-mail list/Lyseienaar - SAGenealogie poslys  
E-Mail/E-pos: krugersdorp@pixie.co.za  
Web address/Webadres: <http://mzone.mweb.co.za/residents/k75/genealogy.html>  
Telephone/Telefoon: +27-83-679-8541

Boodskap 3e. Re: dr Eric H Louw  
Posted by: "Nardus Combrinck" 0728862338@vodamail.co.za  
Sat Jun 23, 2007 1:09 am (PST)

Eric Hendrik Louw, minister van Mynwese en Ekonomiese Sake – advokaat, sakeman, politikus en diplomat – was `n baanbreker op die gebied van die Unie se buitelandse verteenwoordiging en het `n belangrike rol gespeel in die stigting van die Unie se diplomatieke diens. Hy was die eerste Unie – burger om `n diplomatieke benoeming te ontvang.

Hy is op 21 November 1890 op Jacobsdal gebore en het op Beaufort – Wes grootgeword, waar sy vader `n bekende sakeman was. Sy opleiding het hy op Beaufort - Wes en Stellenbosch ontvang.

Hy ontvang die graad B.A. op Stellenbosch en die graad LLB. Op Grahamstad waarna hy as Advokaat praktiseer. Na die afsterwe van sy vader in 1918, neem hy sy vader se saak op Beaufort – Wes oor waar hy `n belangrike rol in die samelewing gespeel het.

In 1924 word hy LV vir Beaufort-Wes en begin die volgende jaar met sy diplomatieke loopbaan. Van hier af het hy weggegaan, `n wye draai draai deur die wêreld gemaak en eindelik in 1938 weer teruggekom.

Ander belangrike datums:

Van 1925 – 1929, Suid – Afrikaanse handelskommisaris in die Verenigde state van Kanada.

1929 – word hoë kommissaris in London.

Einde van 1929 – word aangestel as gevolemagtige Minister in die Verenigde State – eesrte Unie – gesant in die buiteland 1933 – word Unie se gevolemagtigde in Rome en einde 1933 die eesrte Unie – gesant in Frankryk Terselfdertyd gesant in Portugal en het die Unie se handelsbelange in Spanje behartig.

Gedurende sy diens van twaalf jaar in die buiteland het Eric Louw hom veral beywer om op elke moontlike geleentheid klem te lê op die Unie se soewereine onafhanklikheid, en het uit sy pad gegaan om inligting oor Suid – Afrika te versprei.

Ric Louw was bekend as vloeinde en gedugte speker in albei landstale en was ook die Franse taal magtig.

Hy was ook `n direkteur van Sanlam.

Hy is in 1918 getroud met Anna Snyman, L.C.U.M., `n bekende violoste, wie ook haar plek volgestaan het in die diplomatieke wêreld. Hulle het twee seuns gehad.

(Triomf van Afrikaner Nasionalisme in Suid – Afrika 1910 - 1953)

Die louws was ook later miskende mense. Tydens die viering van die vyftigjarige bestaan van die Departement van Buitelandse Sake was nie Mev. Anna Louw of haar seun Adv. Louw na die verrigtinge genooi nie – dit terwyl Adv. Louw seker ons beste diplomat en buitelandse gesant in ons geskiedenis was!!

3f. Re: dr Eric H Louw  
Posted by: "Nardus Combrinck" 0728862338@vodamail.co.za  
Sat Jun 23, 2007 1:10 am (PST)

Eric Hendrik Louw, minister van Mynwese en Ekonomiese Sake – advokaat, sakeman, politikus en diplomat – was `n baanbreker op die gebied van die Unie se buitelandse verteenwoordiging en het `n belangrike rol gespeel in die stigting van die Unie se diplomatieke diens. Hy was die eerste Unie – burger om `n diplomatieke benoeming te ontvang.

Hy is op 21 November 1890 op Jacobsdal gebore en het op Beaufort – Wes grootgeword, waar sy vader `n bekende sakeman was. Sy opleiding het hy op Beaufort - Wes en Stellenbosch ontvang.

Hy ontvang die graad B.A. op Stellenbosch en die graad LLB. Op Grahamstad waarna hy as Advokaat praktiseer. Na die afsterwe van sy vader in 1918, neem hy sy vader se saak op Beaufort – Wes oor waar hy `n belangrike rol in die samelewing gespeel het.

In 1924 word hy LV vir Beaufort-Wes en begin die volgende jaar met sy diplomatieke loopbaan. Van hier af het hy weggegaan, `n wye draai draai deur die wêreld gemaak en eindelik in 1938 weer teruggekom.

Ander belangrike datums:

Van 1925 – 1929, Suid – Afrikaanse handelskommisaris in die Verenigde state van Kanada.

1929 – word hoë kommissaris in London.

Einde van 1929 – word aangestel as gevolemagtige Minister in die Verenigde State – eesrte Unie – gesant in die buiteland 1933 – word Unie se gevolemagtigde in Rome en einde 1933 die eesrte Unie – gesant in Frankryk Terselfdertyd gesant in Portugal en het die Unie se handelsbelange in Spanje behartig.

Gedurende sy diens van twaalf jaar in die buiteland het Eric Louw hom veral beywer om op elke moontlike geleentheid klem te lê op die Unie se soewereine onafhanklikheid, en het uit sy pad gegaan om inligting oor Suid – Afrika te versprei.

Ric Louw was bekend as vloeinde en gedugte speker in albei landstale en was ook die Franse taal magtig.

Hy was ook `n direkteur van Sanlam.

Hy is in 1918 getroud met Anna Snyman, L.C.U.M., `n bekende violoste, wie ook haar plek volgestaan het in die diplomatieke wêreld. Hulle het twee seuns gehad.

(Triomf van Afrikaner Nasionalisme in Suid – Afrika 1910 - 1953)

Die louws was ook later miskende mense.Tydens die viering van die vyftigjarige bestaan van die Departement van Buitelandse Sake was nie Mev. Anna Louw of haar seun Adv. Louw na die verrigtinge genooi nie – dit terwyl Adv. Louw seker ons beste diplomat en buitelandse gesant in ons geskiedenis was!!

Boodskap 4. Petrusville  
Posted by: "willieta" willieta@xnets.co.za alwiette  
Fri Jun 22, 2007 12:37 pm (PST)

Goeienaand,

Petrusville se skool is die jaar 100 jaar oud. 'n Uitgewer het nou aan die mense van die omgewing die uidaging gestel en 'n aanbod gemaak, dat as hulle voor die einde van die maand vir hom inligting bymekaar maak, druk hy vir hulle die eerste 100 gedenkalbums oor die dorp en skool gratis! Elke boer in die omgewing is gevra om die geskiedenis van sy grond op te spoor en deur te gee. Ek wonder so of daar nie onder die lyslede kundiges is of mense wat dalk voorsate in daardie omgewing gehad het, wat iets kan bydra nie. Daar is ongelukkig nie die tyd om vir die aktekantoor te skryf en inligting van hulle te kry nie.

Enige hulp sal baie waardeer word. Dit kan aan my gestuur word en ek sal alle deurgee.

Groete,

Willieta de Swardt  
willieta@xnets.co.za  
Tel/faks: 044 535 0027

Boodskap 5a. Re: Verna Fourie  
Posted by: "Ann Tiran" anntiran@polka.co.za  
Fri Jun 22, 2007 12:46 pm (PST)

Hullo Barend

Dankie vir hierdie nuus al is dit "sad". Ons kan net bid dat Verna sal herstel. My niggie het soortgelyk operasie gehad en het wakker geword met haar een kant verlam..regte kant gelukkig nie links nie.....ons het 'n hele familie/vriende PRAYER CHAIN gehad en vir almal op ons epos laat weet om te bid. Lenie is vandag [3 jaar daarna] so te sê 100% gesond...al haar blonde hare is af en het pikswart terug gegroei...en haar regte hand is soms dom as sy iets klein moet raak vat..... Ek glo ook dat as ons VERA in ons gebede hou en dit as gebed na al ons eposmaatjies stuur daar wel 'n wonderwerk kan gebeur.

Wanneer jy weer haar gesin besoek dra asseblief al ons liefde en seënwense oor.

Groete  
Annatjie

Boodskap 5b. Re: Verna Fourie  
Posted by: "Blikkies" blikkies@mabonline.co.za blignautfanie  
Fri Jun 22, 2007 12:59 pm (PST)

Naand Barend,

Dra ASB ons sterkte aan die Verna se familie oor en ons sal hulle opdra in ons Gebede.

Sterkte en Beterskap aan haar,  
Fanie & Hikkie Blignaut,  
Vanderbijlpark.

Boodskap 6. Greeff eposlys

Posted by: "Francois Greeff" Goodgreeff@hiddencode.co.uk francoisgreeff

Fri Jun 22, 2007 1:44 pm (PST)

Hello Cousins, and all !

Starting from 22 June 2007, the Greeff family has its own mailing list, at which you can email Greeff people all over the world. It is mainly for genealogical research concerned with compiling a global Greeff family tree, but also for all matters relating to the Greeff family, including the Greeff Global Gathering of 2010.

To join the email list please send an email to GREEFF-L-request@rootsweb.com with only the single word, subscribe, in the message subject and body.

For technical details about the list, please visit:

<http://lists.rootsw.../index/surname/g/greeff.html>

Please forward this email to your relatives.

Regards,

Francois Greeff  
Greeff List Administrator.

---

Hallo Neefs, Niggies en almal!

Vanaf 22 Junie 2007 het die Greeff familie sy eie gemeenskaplike epos lys, waar almal met Greeff mense die wereld oor kan gesels. Die hoof doel van die lys is genealogiese navorsing vir die samestelling van 'n globale Greeff stamboom, maar ook vir ander Greeff sake, soos die Globale Greeff Saamtrek 2010.

Om by die lys aan te sluit, stuur asseblief 'n epos aan GREEFF-L-request@rootsweb.com, met net die enkele woord, subscribe, as onderwerp en as inhoud.

Vir tegniese besonderhede oor die lys, kyk asseblief na:

<http://lists.rootsw.../index/surname/g/greeff.html>

Stuur asseblief hierdie epos verder aan al jou Greeff familie.

Groete,

Francois Greeff

Greeff Poslys Administrateur.

---

Greeff Family Web Site: [www.Greeff.info](http://www.Greeff.info)

Boodskap 7. [Koerant] The Mercury Vrydag 22 Junie 2007  
Posted by: "aletta magrieta.quebbemann" am.queb@mweb.co.za alettaqea9fac  
Fri Jun 22, 2007 1:50 pm (PST)

Dag vriende,

QUICKQUIP:- " What the large print giveth, the small print taketh away."  
ANONYMOUS.

GEBOORTES:- STOTT nee ERIKSEN Steve & Vicky 'n seun Daniel Steven \* ??.  
Kleinkind vir Gavin & Sarah BAMBER en Roger & Beth STOTT.

WILLIS Jason & Nikki 'n seun Matt \*20/06/2007 in Umhlanga Hospitaal.

VERLOWINGS :- LECLEZIO Patrick & Brigitte se jongste seun Frederic aan Loren  
enigste dogter van Abrie & Susan STANDER van George.

WATSON Chantal se seun Marc aan Sandra ,dogter van Jose & Rosaria DE ANDRADE.

DOOD:- BRAATVEDT Honor . Gedagtes by Harold . Ingesit deur Wendy.

BARTHOLOMEW Margaret Edith .Memoriam by Parish of All Saints Church Bellair op  
26/06/2007 om 10vm.

CAMPBELL voorheen ZORAB nee A'WOOD TAYLOR Irene Patricia 1921 ----2007..  
Gebore in Delhi 1st taal Hindi, Dan na Australia op ouderdom 28, Dan Kenya &  
Tanzania leer Swahili. Leef in Australia, Phalaborwa, Zimbabwe, Mauritius en laastens  
Zambia vir 21 jaar. Het 4 seuns, 11 kleinkinders en 6 agterkleinkinders. Gemis deur seun  
Clive ZORAB x Jo Mole en sy kinders Chad, Daniel, Alexis, Nakita, Andrea en Adam.

DESTOMBES Jacques + 19/06/2007 .x Shirley en pa van Mark . Swaer en oom van  
Moira, Michael en fam.Begrafnis by St. Cyprians Anglikaanse Kerk 22/06/2007 om  
1130vm.

DE SOUSA Matilda van Newlands East x + Joseph Eric, Ma van Laukin, Ambrose,  
Gerlinde, Louise, Joe, Fiola, Martin en + Paul, Skoonma, ouma en oumagroot. Requiem  
Mass 23/06/2007 by Holy Family Parish Hangberger Rd om 10vm daarna na Newlands  
Est Begraafplaas.

ELLIS Desmond Anthony x Urshla. Pa van Carl en Michelle. Seun van Desmond en  
Maureen. Broer van Virgile, Thurl en Bradley.. Was prinsipaal van Haythorne Secondary  
School in Woodlands waar begrafnis sal wees op 23/06/2007 om 10vm Daarna na Mt.  
Rise Krematorium vir privaat verassing..

FOURIE Albert Henry x + Rachael. Pa van Judy , Debrah, Ronelle, Myrna, en Errol, skoonpa, oupa en broer. Begrafnis by St. Frances Xavier Church Bluff om 10vm. Daarna na Dudly begraafplaas.

GROBBELAAR Roderick (Roster) .Seun van Aldred & Richard. Broer van Emelda, Brian, Collin, Gordon en Craig. Pa van RodriqueJnr, en Rodricko . Begrafnis by The Assemblies of God Newlands East op 23/06/2007 om 12 middag Daarna na Newlands Eat Begraafplaas.

HARGREAVES Benjamin van Doonside ,voorheen van Harding. Pa van Queenie, Peggy, Katherine, Mark, Theressa en Hugo. Begrafnis by Church of Good Shepherd Kingsway. om 11vm Daarna na Stellwood Begraafplaas.

JACOBS Mary Doris van 58A Woodville Rd. Ma van Yvonne en John. Ouma van Chantal, Mario, Preston, Tevon, Tirria-Lee, Layton, Shamelle en Lee-roy. Begrafnis 23/06/2007 by Grey's Convention Church Austerville Primary School Wentworth. om 11 vm. Verassing privaat.

JASPER Jack 02/11/1949 ----19/06/2007 (Founder & Director of J & B Printers) Est 1985 x Cookie. Pa van Andre, Kathryn x Ashley en Jamie(vroulik). Diens by Shekinah Temple Chatsworth om 11vm.Daarna na Stellawood Begraafplaas om 2nm.

JENNEKER nee SMITH Bernadette Anne x Alwyn . Ma van David, Anna-Lee en Jody,skoonma, suster en ouma. Begrafnis 23 /06/2007 by die Kingdom Living Ministries Newlands East om 1030. Daarna na Stellawood Begraafplaas.

JOHNSON Delphie + 18/06/2007 x Willis.Suster van Stella en Dave. Requiem Mass by St Cyprians Anglikaanse Kerk Umbilo 25/06/2007 om 11vm.

OLIVIER Annie Marie x + David . Ma van John, Pedo, Maureen, Chris, Nick en Louise. Skoonma ,ouma en oumagroot. Begrafnisdiens uit Livingwaters Mission Redhill 23/06/2007 om 1030vm Daarna na Redhill begraafplaas.

OLIVIER Lawrence Orlando (Boetie ) van Wentworth x Theresa . Pa van Glen, Neil, Gail en Heather. Skoonpa en oupa. Begrafnis 23/06/2007 by Christ The King Parish Wentworth om 12 middag. Verassing privaat.

OLDFIELD Andrew . Seun van Leila .Broer van Michael en Robin. Memorial diens by DHS Founder's Room 25/06/2007 om 3nm.

REYNOLDS Lewis Robert (Lu) . Begrafnis by St Luke's Anglikaanse Kerk Howick 22/06/2007 om 11vm. Ingesit deur OAKLEIGH.

SOUTHY Glen . Memorial by Star Of The Sea Catholic Church Amanzimtoti 22/06/2007 om 10vm.

TAVIRA Flora Margaret x + Serafin. Ma van Felicity, Joey, Percy, Patricia, Christopher en + Norman. Ouma en oumagroot . Begrafnis by Our Lady of Good Help Katolieke Kerk om 10vm . Daarna na Mount Edgecombe Begraafplaas. Ingesit deur VERULAM Ondernemers.

USSHHER Doreen + 19/06/2007 x Albert. Ma van Lawrence ,Ingrid ,Dave en Judy. Ouma van Karin, Mark , Lisa ,Sarah, Brett, en Ian. Verassing privaat.Ingesit deur OAKLEIGH .

WILLIAMS Elton Maruis sterf skielik in Dublin Ierland. Ingesit deur sy ma, broer en susters.

WILLIAMS Trevor + 17/06/2007 x Emer . Memorial by Main Centre at Amberglen Retirement Village in Howick 27/06/2007. Ingesit deur OAKLEIGH.

MEMORIUM:- HAWKINS Brian 1 jaar dood nou. x Frances. Pa van Michelle, Brigitte, Nic, Patrik en klein Alexander.

LEECH Ken .Onthou deur Shirley, Brad, Jane, Trish en families.

MILES Alex .1 jaar dood nou.Vriend van Ian EDOM.

OLDFIELD Gordon + 22/06/2003. Onthou deur Jane, Sue, Pete , Grant, Shea , Muzz, Robs, Kurt, Gab, Nick, Gregg, Cam, Katie, Meggie ,klein Nick en Helen.

PRANGE Dorothy 3jaar dood nou.Vrou ,ma en ouma.

RYAN Eileen .Ma en ouma van Monica, Ron, Carey-Ann,Shaun en Donna; Cynthia en Alistair.

Gegroet uit Durban  
Aletta Magrieta QUEBBEMANN ( Rita)  
15 Mt Royal ,  
Dunkirk Place Umbilo  
Durban. Suid Afrika  
Ouers:- STEENKAMP /LOURENS  
GROOTOUERS :-STEENKAMP/ SCHEEPERS  
LOURENS /SWANEPOEL / VELDMAN  
SKOONDOGTER: BOTHA /SWANEPOEL/ SMITH

Boodskap 8. [Koerant] Forest Express Fieldshill to Boths's Hill 22 Junie 2007  
Posted by: "aletta magrieta.quebbemann" am.queb@mweb.co.za alettaqea9fac  
Fri Jun 22, 2007 1:50 pm (PST)

Dag vriende,

Lyk asof die hospitaal die geboortes bekend gegee het.  
Life Westville Hospitaal:-

GEBOORTES:- ABRAHAM Jerri & Keshini 'n dogter Laiika Letara \*21/05/2007 .

COOPER Mike & Trudi 'n dogter Danielle Megan \*30/05/2007.

DE BRUYNE Rob & Lisa 'n seun Benjamin Jules \* 21 /05/2007 .

DENT Jason & Wendy 'n seun James Storey Alyssa \* 22/05/2007 .Broer vir Tayla en Justine.

EKSTEEN Grant & Sylvie 'n dogter Mary-Kate \* 28/05/2007.

GREEN Taryn & Kathy 'n seun Seth James \*29/05/2007.

OOSTHUIZEN Leon & Sue 'n dogter Ellan Sarah \*23 /05/2007.

REINECKE Kobus & Shirley Rochelle 'n dogter Stella Amber \* 22/05/2007.

Life Crompton Hospitaal:-

GEBOORTES:- COUCH Clyde & Sherry'lyn 'n dogter \*13/06/2007.

CARPENTER Geoge & Michelle 'n seun Benjamin \*13/06/2007.

VIEGAS Mickey & Liesl 'n dogter Amelia \* 17/06/2007.

Gegroet uit Durban,  
Aletta Magrieta QUEBBEMANN ( Rita)  
15 Mt Royal ,  
Dunkirk Place Umbilo  
Durban. Suid Afrika  
Ouers:- STEENKAMP /LOURENS  
GROOTOUERS :-STEENKAMP/ SCHEEPERS  
LOURENS /SWANEPOEL / VELDMAN  
SKOONDOGTER: BOTHA /SWANEPOEL/ SMITH

Boodskap 9a. Pretorius, Swart, de Wet, Lourens, Nortje  
Posted by: "Tobi Swart" tswart@xsinet.co.za tobiswart  
Fri Jun 22, 2007 3:30 pm (PST)

Alta,

Hieronder, tussen-in jou skribering van die consent, is vierkantige hakies ingevoeg met bevindinge soos in bronne tussen ronde hakies geplaas en ook ander kommentaar. Indien meer inligting verlang word, skryf asb e-pos aan myself.

Tobi Swart, professionele navorser by tsearch Pretoria  
Tel: (0)12 333 7392; sel: 082 934 5807  
faks: 086 621 9231  
Posbus 11551, QUEENSWOOD, Pretoria 0121  
Posted by: "Alta Roux" rroux@yebo.co.za genealogiefreak  
Wed Jun 20, 2007

Lysteraars

Ek het 'n afskrif van 'n huweliks consent gekry - ongedateer. Kan iemand dalk help om die mense te identifiseer?

#### Huweliks Consente

Ons die ondergetekende ouers gee hiermee onse volle toestemming aan onse oudste dogter Francina Petronella Johanna Swart [oudste d v Swart, Matthys Johannes Nicolaas (in die bron: DE VILLIERS, CSG. 1977. Die familie Swart in Suid-Afrika. Pretoria. RGN, p215 is hy slegs Matthys Johannes, wat onvolledige voorname is) (Landdros Middelburg Tvl. Sterfregister. Inskrywing 857/1919) (Boedel TAB MHG 1437/1919) en Roos, Anna Maria Johanna (Boedel TAB MHG 3144/1944), voorheen weduwee van wewenaar Lourens, Matthys Johannes (Boedel TAB MHG 11935/1908), wie voorheen x du Toit, Margaretha Elizabeth (Boedel TAB: MHG 973/1912)] om haar in die huwelik te begewe met die jonge heer Daniel Johannes Gerhardus Nortje van Hendrina. [ Dankie, vir sy voorname soos voorsien uit jou consent-bron --- wat jy waar kry?].

Alsmede ook aan onse oudste seun Mathys Johannes Lourens [hierdie seun is nie op SKe van genoemde MJ Lourens --- moontlik sy pa --- en ME \* du Toit, wie slegs drie dogters had, of AMJ \* Roos nie; moontlik 'n weglatting op lg se SK wat deur haar 3de man voltooi is; sy eie SK sal moontlik bepaal of AMJ \* Roos sy ma was, want volgens die consent kom dit so voor] om hom in die huwelik te begewe met die jonge dogter Anna Elizabeth de Wet van die plaas Rooikop distr Middelburg Transvaal.

C D Pretorius [hy was Christiaan Daniel, 3de man van Anna \* Roos, mede-ondertekenaar; ek het nie vir hom 'n boedel probeer vind nie]  
A M Pretorius [sy had 'n 3de voornaam soos hierbo gegee]

Alta van Kinross

Boodskap 10a. Kopiereg: Wat dink die lysteraars?

Posted by: "Alet Swanepoel" alet@blignaut.co.za aletbmw

Fri Jun 22, 2007 4:21 pm (PST)

#### Lyslede en Ander

Ek volg die gesprek oor kopiereg, met belangstelling, na aanleiding wat met my in die Van der Merwe boek gebeur het.

Aangesien Janet Melville nie reageer op my e-pos aan haar persoonlik, of op die lyste nie, rig ek nou 'n ope brief aan haar. (Kyk onder)

Ek wil dit ook baie duidelik stel, dat enige drukstukke wat aan mede navorsers verskaf word deur Janet Melville vanaf die PEGIS databasis, wat aansluiting vind by die Combrin(c)k, Groenewald en Swanepoel navorsing, my persoonlike navorsing is, en het sy geen toestemming van my gekry, om die inligting beskikbaar te stel nie. Die enigste werk wat ek nie self volledig kon doen nie, was die Natalse families, en was "Genealogieë van die Afrikaner Families in Natal" van Ben Cilliers, 'n groot hulp. GISA het ongelukkig nie genoeg mikrofilms oor Natal beskikbaar, sodat ek die navorsing self kon doen nie.

Die Swanepoel navorsing wat op die PEGIS databasis is, is my persoonlike navorsing, en het GEEN betrekking op die Swanepoel register wat reeds gepubliseer is nie. As medewerker van die betrokke register, was al my persoonlike navorsing daarin opgeneem. Die enigste navorsing in die Swanepoel register, wat ek nie self gedoen en nagegaan het nie, was die navorsing oor die Stamvader, en sommige gedeeltes van die Marico NHK en GK. Meeste van die huwelike wat in die betrokke register gepubliseer is, sowel as die Sterfkennis besonderhede van AL die dames wat met Swanepoels getroud was, was my uitsluitlike navorsing wat in die boek gebruik is.

Ek wil weereens, nuwe onervare navorsers, ernstig waarsku, om versigtig te wees aan wie julle, jul navorsing beskikbaar stel.

Alet Swanepoel

My ope brief aan Janet Melville:

Janet

Ek is tans besig, om die VAN DER MERWE boek sistematies deur te gaan, om te bepaal, wat die omvang van die skade is wat jy my berokken het, deur my navorsing, skaamteloos, en in meeste gevalle, woordeliks in jou register te gebruik.

Afgesien, van die vergrype wat ek reeds aan Buitengestuur en SA Genealogie gerapporteer het, haal ek die volgende uit jou boek aan op bladsy 135 - woordeliks - my navorsing - sowel as geboortedatum en doop. Jan Daniel COMBRINCK \* 8.8.1917 =

Roossenekal as volwassene 29.4.1939 "Hy is die buite egtelike kind van Magdalena Elizabeth Maria Harmse. Op sy moeder se sterfkennis (dit het jy afgekort na S/K) word sy naam genoem as Jan Daniel Harmse. Ten tye van sy doop as 22jr volwassene, word sy ouers se name in die doopregister aangedui as Willem Lodewicus Combrinck en Magdalena Maria Bezuidenhout. Hy word as Combrinck gedoop".

Dit beteken - jy het my 'sterfkennis' met S/K vervang - dus het jy willens en wetens my navorsing woordeliks gebruik!

Ek het ook sy egskeiding besonderhede, verlede jaar ontvang, maar ek sou baie beslis nie die rede daarvoor publiseer nie. In jou boek, word dit uitgeblaker, om sy lewende geslag in die verleenheid te stel.

Verder in jou boek bl 119 wat oorgaan op bl 120, asook bl 117 - My persoonlike navorsing waar ek SAG verkeerd bewys (wat ek aanvanklik "Heese" genoem het - sit jy my navorsing en notas in, asof dit navorsing is wat jy gedoen het! Hoe regverdig jy jouself, deur om weereens TWEE geslagte van my navorsing in jou boek te publiseer. En ek beskuldig jou daarvan, dat jy nie die navorsing persoonlik gedoen het nie, maar dat jy my persoonlike, ongepubliseerde navorsing skaamteloos aan jouself toeëien. Gelukkig het daar ander werk bygekom na die jaar 2000, wat jy nie ook kon kaap nie.

Aan jou wil ek dit duidelik stel, indien jy die Van der Merwe vrou, wat met Combrin(c)k, Groenewald of Swanepoel getroud was, se kinders gelys het, sou ek geen probleem daarmee gehad het nie. Maar twee geslagte en my navorsing wat in geen ander bronne beskikbaar is nie, is onaanvaarbaar. Die feit, dat jy my bewoording, in meeste gevalle onveranderd gebruik het, beskou ek as absoluut laakbaar.

**HOE DURF JY JOU AAN SULKE VERGRYPE SKULDIG MAAK?  
HOE DURF JY MY NAVORSING WOORDELIKS GEBRUIK?  
HOE DURF JY GOED PUBLISEER,** wat ek in my Combrinck Stamregister sou weglaat, om die lewende nageslag te beskerm? Hier verwys ek pertinent, na die buite egtelike status van bogenoemde persoon.

As jy jou aan hierdie soort van vergrype kon skuldig maak met my persoonlike navorsing (en ek is maar net een persoon), hoeveel ander navorsers se werk is blatant en sonder erkenning gebruik? En vir hierdie vergrype van jou, kry jy 'n toekenning en word benoem vir ander toekenning, asook 'n radio onderhou vir die "monumentale werk" wat jy gedoen het? Hoeveel van hierdie "monumentale werk" was jou persoonlike navorsing?

Ek vra jou weer ..... waar het jy erkenning aan my gegee, sodat ek dit in jou boek kan naslaan? Ek vind dit nie! Miskien soek ek op die verkeerde plek? Help my reg as ek verkeerd is.

Ek eis van jou, om aan alle persone, my insluitend, wat reeds jou boek gekoop het, skriftelik in te lig dat jy my navorsing, sonder my toestemming gebruik het, en dat jy my nou erkenning daarvoor gee.

Ek eis van jou, om in alle toekomstige verkope van jou boek, my erkenning te gee, vir my navorsing, wat jy woordeliks, gebruik het.

Ek eis 'n skriftelike apologie van jou oor hierdie saak - aan my persoonlik, op die lyste, sowel as alle Genealogiese Kwartaal- of maandblaarie.

Alet Swanepoel  
Paarl

Boodskap 10b. Re: Kopiereg: Wat dink die lysteraars?  
Posted by: "Nardus Combrinck" 0728862338@vodamail.co.za  
Fri Jun 22, 2007 11:58 pm (PST)

Alet,

Jou persoonlike e-pos, alet@blignault.co.za wil nie deurgaan nie – is die` adres reg??

Laat weet my asb.

Groete

Nardus

Boodskap 10c. Re: Kopiereg: Wat dink die lysteraars?  
Posted by: "Blikkies" blikkies@mabonline.co.za blignautfanie  
Sat Jun 23, 2007 12:05 am (PST)

Hi Nardus, probeer alet@blignaut.co.za

Groete,  
Fanie Blignaut

Boodskap 11. [Koerant] The Mercury Vrydag 22 Junie 2007 CREDITORS ....  
Posted by: "aletta magrieta.quebbemann" am.queb@mweb.co.za alettaqe9fac  
Fri Jun 22, 2007 10:28 pm (PST)

Dag vriende,

THE BOTTOM LINE:- " Life is a tragedy when seen in close-up, but a comedy when seen in long shot." -Charlie CHAPLIN.

CREDITORS / DEBTORS:-

MONK Donald James ID 3607135109188 + 15/11/2006 van 20 Penzance Rd Umbilo x Lalitha \* 6504030724087 .ESTATE Nr. 3162/2007 .FNB TRUST SERVICES P.O.Box 40076 Arcadia.

DENNIS William Samuel ID 4804105022082 + 8/12/2003 van 13 High Str ,New Germany. x Alice DENNIS ID 4902190013t089 ESTATE Nr. 293/2006/DBN. Mev. A. DENNIS 13 High Str. New Germany 3610.

MORRISON Mary Elizabeth ID 2002070053087 + 17/06/2006 van 7 Cleevewood Park ,3 Camp Rd , Gillitts KZN ESTATE Nr 13247/2005/PMB .BEDER-FRIEDLAND INC. Oxford Chambers,95 Oxford Rd , Saxonworld JHB.

RIC-HANSEN Patricia Agatha ID 0902200025085 + 17/02/2007 van 20 Horseshoe Rd Everton ,Gillits .ESTATE Nr3581/2007/ DBN. CECIL RHODES P.O.Box 983 ,HILLCREST.

FIRST /FINAL:-

STONELL Alexander William ID 2708135017081 + 6/07/2006 van 10 Killarny Valley Cato Ridge. ESTATE Nr. 9442/2006/PMB. LESTER HALL,SWAN & FLETCHER INC. Privaatsak X 1016 ,Hillcrest 2650.

WEITZ Heather ID 4011020080084 + 13/02/2006 van 24 Markrams Drive, Panorama Park, Winkelspruit 4126. ESTATE Nr. 4006/2006/ PMB. ROGER BROWN, 32 Monteith Place, Durban Noord 4051.

READ Severt Archibald ID 3702145035083 +13/01/2007 van 412 Farrer House,East Str Sydenham. ESTATE Nr. 2246 /2007. SANLAM TRUST REF:-SM P.O.Box 27428 Port Elizabeth, 6057.

CONSES Lionel Edmond John ID 5410095030082 + 22/08/2006 van Lot 1, Cnr Acacia & Mimosa Rd, Mtubatuba. x Wendy CONSES ID 5512210008081 . ESTATE Nr. 12410/2006/ PMB. MORRIS FULLER WALDEN WILLIAMS , 1 Knightsbridge, 16 Westville Rd. Westville , 3629.

Gegroet uit Durban,  
Aletta Magrieta QUEBBEMANN ( Rita)  
15 Mt Royal ,  
Dunkirk Place Umbilo  
Durban. Suid Afrika  
Ouers:- STEENKAMP /LOURENS  
GROOTOUERS :-STEENKAMP/ SCHEEPERS  
LOURENS /SWANEPOEL / VELDMAN  
SKOONDOGTER: BOTHA /SWANEPOEL/ SMITH

Boodskap 12a. Re: [KOERANT]BeeldLappe Laubscher: Slawehandel se einde oral herdenk

Posted by: "Nardus Combrinck" 0728862338@vodamail.co.za

Sat Jun 23, 2007 12:59 am (PST)

Elizabeth,

Ja, wat jy sê is waar.

Ek, `n "Right wing lunatic fringe" moes op `n redelike hoë ouderdom uitvind dat my stamvader, Herman Combrink, lief was vir die anderskleuriges en dat my stammoeder Magdalena Ley , die dogter van Armsyn van die Kaap, afkomstig van Guinieë in Oos – Afrika is!!

Ek kou maar moeilik daaraan, maar is en bly nog meer regs as voorheen. Miskien gaan dit oor water wat sewe keer oor die klip geloop het of so` iets!! Die Woord sê mos ook dat ons almal uit een bloed gemaak is en daar is ook baie ander faktore wat ons van mekaar onderskei behalwe net suiwer bloed!!

Groete

Nardus

**Onderwerp:** [SA-Gen] Bundel Nommer 2793

**Datum:** Sunday, June 24, 2007

Daar is 22 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:

- 1a. Nardus COMBRINK se voorouers! From: Alta Griffiths
- 1b. Re: Nardus COMBRINK se voorouers! From: Nardus Combrinck
- 1c. Re: Nardus COMBRINK se voorouers! From: Karel Marais
- 1d. Re: Nardus COMBRINK se voorouers! From: Nardus Combrinck
- 1e. Combrinck From: sastamouers
- 1f. Re: Combrinck From: Charlie Els
2. Legacy fundies help asb From: Ursulah
- 3a. GGSA - familia naslaan versoek From: Ursulah
- 4a. Nuwe kontak besonderhede. From: Bonnie Sydow
- 4b. Re: Nuwe kontak besonderhede. From: Annelie Els
5. Fw: TAB opsoek From: Annaretha Smitsdorff
6. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 23 Junie 2007 From: P Marx
7. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 22 Junie 2007 From: P Marx
8. [Koerant] Beeld 23 Junie 2007 From: Blikkies
9. OUDTSHOORN LIDMAATREGISTER (Deel 64) From: alta le roux
- 10a. Re: Kopiereg: Wat dink die lysteraars? From: Vince Otto
11. OUDTSHOORN LIDMAATREGISTER (Deel 65) From: alta le roux
12. [Koerant] The Mercury Dinsdag 19 Junie 2007 From: aletta magrieta.quebbemann
13. [Koerant] The Mercury Donderdag 21 Junie 2007 From: aletta magrieta.quebbemann

14. Petrusville en die plaas Taaiboschpoort From: willieta

15a. OUDTSHOORN LIDMAATREGISTER (Deel 66) From: alta le roux

15b. OUDTSHOORN LIDMAATREGISTER (Deel 66) From: Annelie Els

Boodskap 1a. Nardus COMBRINK se voorouers!  
Posted by: "Alta Griffiths" alta@pinnaclespot.co.za griffithsalta  
Sat Jun 23, 2007 2:58 am (PST)

Nardus

O wee ... jy moet sal moet maar ophou met jou stokperdjie!!! Wat jy nie van weet nie;  
kan nie seermaak nie! :)

My voorouers is heeltamel verweef met slawe, halfslag en volslagbloed!

Alta Griffiths  
PO Box 1998  
DURBANVILLE  
7551  
Tel: 021-975 5491  
Cell: 083 948 5207

Boodskap 1b. Re: Nardus COMBRINK se voorouers!  
Posted by: "Nardus Combrinck" 0728862338@vodamail.co.za  
Sat Jun 23, 2007 5:42 am (PST)

Alta,

Ek hoor wat jy sê, maar dit is seker nou te laat – nou moet ek dit maar verwerk!!

Nardus

Boodskap 1c. Re: Nardus COMBRINK se voorouers!  
Posted by: "Karel Marais" turando101@yahoo.com turando101  
Sat Jun 23, 2007 6:58 am (PST)

Nardus,

Dit raak erger! Kyk 'n bietjie hoeveel Combrincks daar op die Kaapse Vlakte bly, ek is seker jy sal verbaas wees! (..en dis ook jou naaste ;-)

Vir my is dit nie 'n groot ding nie, Pieter Marais moet iewers familie wees soos die duisende ander "kleurling" Marais moet wees en dan het ons nog nie eers van die Landmans begin praat nie!

Die amerikaners vertel met groot genot hulle is 1/8ste Sioux of 1/32ste cherokee of enige een van die ander inheemse stamme. Ek dink dit sal intressant wees as 'n Johannes Jacobus Pieterse (naam opgemaak en verwys nie na enige spesifieke persoon, lewend of dood nie!!!) skielik op regstellende aksie aanspraak maak op grond daarvan dat daar teen sy 1/8ste voorouer gediskrimineer is!

Wat se die regsgelerde lysteraars?

Groete,  
Karel Marais  
NS: Ek kyk rugby oor die internet so kan rugby ky en boodskappe tik!

Boodskap 1d. Re: Nardus COMBRINK se voorouers!  
Posted by: "Nardus Combrinck" 0728862338@vodamail.co.za  
Sat Jun 23, 2007 3:12 pm (PST)

Karel,

Ek het geen probleem met die naaste - gedeelte nie. Jesus self het die voorbeeld genoem op die vraag "wie is my naaste?", van `n Jood en `n Samaritaan. Hulle onderskeiding kan seker vergelyk word met wat ons vandag as Blank en Kleurling sien. Opmerklik wat betref die` vergelyking is dat die Samaritaan die beseerde slagoffer gehelp het en tot vooruit vir sy versorging betaal het, maar hom nie na sy eie huis geneem het nie of homself gebind het tot latere verbintenisse nie!

Ek is tog bly die Combrincks waarvan jy praat is nie Combrinks nie, want dit is eintlik hoe my van gespel word!! Ek is ook nie `n Amerikaner nie en so` iets maak my beslis nie trots nie!! Ek soek vir tekens van krulletjies, donker vel ens., maar vind nikks, so` ek bly sterk voel oor die water wat sewe keer oor die klip gevloeи het!!

Groete

Nardus

Boodskap 1e. Combrinck

Posted by: "sastamouers" andre@rensburg.com sastamouers

Sat Jun 23, 2007 8:39 pm (PST)

Ek is trots oor my eie voorouers. Herman Combrink was sekerlik lief vir sy vrou Machteld Ley en hy het haar in sy huis geneem, of eerder hulle het 'n gemeenskaplike huis en bed gehad, hierdie twee het 'n langtermyn verbintenis gehad. Volgens Nardus se uiteensiting van die Samaritaan was ons stamvader meer gasvry en toeganklik.

Sover ek weet gebruik hulle afstammelinge die van Combrinck of Combrink in is daar nie 'n verskil nie.

Ek stel belang in genealogie en nie in die houdinge van die "Right wing lunatic fringe" nie, die selfde geld vir die "left wing lunatic fringe".

Karel, ek verstaan nie wat jy bedoel met, "Dit raak erger! kyk hoeveel Combrincks daar op die Kaapse vlakte bly"

Wat is erger? Is daar iets verkeerd met die Kaapse Vlakte? Of wil jy vir ons vetel dat daar iets verkeerd is met die mense wat daar woon?

Nee mense, dink voordat julle sulke dinge skrywe. Ons beleidig nie mense hier op hierdie lys nie.

Andre v R

Boodskap 1f. Re: Combrinck

Posted by: "Charlie Els" el55@mweb.co.za charlieels

Sat Jun 23, 2007 10:43 pm (PST)

Ja-nee,

Ek voel sommer klaar beledig! Ek is - soos meeste van julle - self 'n "anderskleurige" (wat 'n afstootlike term!) want ek het minstens 12 vrysgetelde slawe in my stamboom! En ons kan almal trots wees op hierdie Afrikaner-volksmoeders, wat eerste was om die "Rainbow"-nasie te versoen en 'n reuse bydrae gemaak het tot die kleurryke woordeskat van ons Moedertaal (in sigself 'n veelseggende term).

So kom ons gesels nou oor ander goed.

CHARLIE

Boodskap 2. Legacy fundies help asb  
Posted by: "Ursulah" jvrens@tdm.co.mz jvrens  
Sat Jun 23, 2007 3:09 am (PST)

Hallo almal

Ek sit en speel op die legacy webtuiste en sien dat hulle 'n family tree draw packet beskikbaar het.

Nou wonder ek, is dit die moeite werd om te koop?

Kan die legacy gebruikers my asb se of ek sal baat by die aankoop van hierdie addisionele sagteware.

Vriendelike Groete

Ursulah van Rensburg  
Maputo  
Groenkop Genealoog en  
Student in Sielkunde  
09258 824 1011 54 Mobile  
09258 214 90 990 Home

Boodskap 3a. GGSA - familia naslaan versoek  
Posted by: "Ursulah" jvrens@tdm.co.mz jvrens  
Sat Jun 23, 2007 3:15 am (PST)

Hallo alle genea vriende

Is daar dalk iemand wat vir my inligting van bladsye uit die eGGSA tydskrif Familia kan gee.

Ek stel belang in die volgende:

1. Familia Vol 23 No 2, 1986, p 41-42

Die van Rensburgs van Prieska

2. Familia vol 9, No 2, 1972, p 43-45

Kwartierstaat van Nicolaas Christiaan Havenga

3. Familia Vol 3, 1966, p29 - 30

Vriendelike Groete uit 'n lekker sonnige Maputo vandag

Ursulah van Rensburg  
Groenkop Genealoog en  
Student in Sielkunde  
09258 824 1011 54 Mobile  
09258 214 90 990 Home

Boodskap 4a. Nuwe kontak besonderhede.

Posted by: "Bonnie Sydow" bsydow@netactive.co.za aaosydow  
Sat Jun 23, 2007 4:16 am (PST)

Hallo Vriende

My vorige kennisgewing aan SAGen het blybaar nie deurgegaan nie omdat ek my nuwe epos adres gebruik het. Hier is dit weer.

Uiteindelik het ek baie teësinnig n selfoon bekom sodat ek my epos kan aflaai sonder om van n landlyn gebruik te maak!

Saam met die sel het ek ook die Epos adres bsydow@vodamail.co.za gekry wat ek in die toekoms uitsluitlik gaan gebruik.

My sel nr is 082 6192713.

Groete vanaf Pretoria waar ek nog lekker kuier.

Andrew (Bonnie) Sydow

Boodskap 4b. Re: Nuwe kontak besonderhede.  
Posted by: "Annelie Els" annelie@who-els.co.za engelkind2000  
Sat Jun 23, 2007 9:53 am (PST)

Hello Bonnie,

Hoe vaar jy by die Argief. Is dit die moeite werd om Maandag te gaan? Of moet ons maar eers die kalmeerpilletjies sluk.

Groetnis  
Paul en Annelie.  
Valhalla.

Boodskap 5. Fw: TAB opsoek  
Posted by: "Annaretha Smitsdorff" [arets@absamail.co.za](mailto:arets@absamail.co.za)  
Sat Jun 23, 2007 5:37 am (PST)

----- Original Message -----

From: Annaretha Smitsdorff  
To: forum  
Cc: forum  
Sent: Friday, June 22, 2007 7:41 PM  
Subject: RE: TAB opsoek

Lysteraars,

Is daar nie dalk iemand wat in die nabye toekoms Pretoria argief gaan besoek en die volgende vir my sal opsoek.

MHG: volume: 0 REF: 22575: Struwig Maria Magdalena Johanna Christina (born Rheede van Oudshoorn)

Type: Photo: REF: 13298 SJ Struwig en MMJC Struwig (Van Reede van Oudtshoorn).

Baie dankie

Aret

Boodskap 6. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 23 Junie 2007

Posted by: "P Marx" geelhoutboom@intekom.co.za

Sat Jun 23, 2007 7:08 am (PST)

Troudagvierings

GOLDING, Jerry en Hester (LLOYD) Getroud 22 Junie 1957 te Kwagga  
(Gamtoosvallei).

Geluk van kinders en kleinkinders. (Die Burger Oos-Kaap 23/06/2007)

In Memoriam

SNYMAN, Jeandré. (geen datum) Ouers, Anzel, oupa en ouma en Michael.

(Die Burger Oos-Kaap 23/06/2007)

Hester Marx Loerie Oos-Kaap.

Boodskap 7. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 22 Junie 2007

Posted by: "P Marx" geelhoutboom@intekom.co.za

Sat Jun 23, 2007 7:12 am (PST)

**Sterfgevalle**

COLESKE, Pieter. Geliefde pa van Ockert +Maandag 18 Junie 2007. Verassingsdiens

Saterdag 23 Junie 2007 11:00 Milnerton-huiskapel. Verassing privaat.

(Die Burger Oos-Kaap 22/06/2007) Reëlings: First Ave Funeral Home 041 581 5028

DIDLOFT, Michelle Geraldine 23 jaar. Begrafnisdiens Saterdag 23 Junie 2007 12:00

Roselane Kong. kerk. (Die Burger Oos-Kaap 22/06/2007)

Van Willing Begrafnisdienste 041 988 1919

**In Memoriam**

(2 berigte)

ALLERS, (Nicky). Een jaar oorlede 22ste Junie 2007. Vrou Johanna, kinders John en Tanya,

kleinkinders Nicole en Justin. (Die Burger Oos-Kaap 22/06/2007)

Hester Marx Loerie Oos-Kaap

Boodskap 8. [Koerant] Beeld 23 Junie 2007  
Posted by: "Blikkies" blikkies@mabonline.co.za blignautfanie  
Sat Jun 23, 2007 8:07 am (PST)

PARKER; Eric Paul Peter, in lewe van Pretoria. Begrafnisdiens: NG Kerk, Eloffsdal-Wes, Pretoria, 25/06/2007, 15:00 # 14:00, Zandfontein Begraafplaas, Pretoria. (Beeld - 23/06/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Pretoria, 012-327-3788.

PRETORIUS; {Dr} Johannes Hermanus (91), in lewe van Pretoria. Verassingsdiens: NG Kerk, Suidoos Pretoria, Stellastraat, 26/06/2007, 14:00. (Beeld - 23/06/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Pretoria-Oos, 012-460-3745.

WILLERS; Susanna Johanna Magdalena, in lewe van Pretoria. Verassingsdiens: AVBOB Kapel, 25/06/2007, 14:00. (Beeld - 23/06/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Pretoria, 012-327-3788.

Groete,

Fanie Blignaut,  
Vanderbijlpark,  
Gauteng provinsie.  
blikkies@mabonline.co.za.

Boodskap 9. OUDTSHOORN LIDMAATREGISTER (Deel 64)  
Posted by: "alta le roux" altaler@odn.co.za  
Sat Jun 23, 2007 10:40 am (PST)

## AANGENOMEN TE OUDTSHOORN OP DEN 15den APRIL 1870

Johannes Hendrik SCHOEMAN, \*25 Mrt 1847 (Roodewal) P.zn.  
Johannes Hermanus REDELINGHUIS, \*22 Feb 1851 (Nooitgedacht) J.zn.  
Willem Hendrik Salomon KLEYN, \*13 Jun 1851 (Doornrivier) W.zn.  
Cornelis Johannes KLEYN, \*25 Mrt 1853 (Doornrivier) W.zn.  
Esaias Ignatius JANSE VAN RENSBURG, \*5 Okt 1847 (Armoed) Jasper zn.  
Jan Louis VENTER, \*9 Jan 1850 (Kouka) Jan zn. (Cert. na Willow. 13 Oct. 74)  
Gerrit Gerhardus David UNGERER, \*23 Nov 1849 (Buffeljagtsfontein) G.zn.  
Willem NEL, \*28 Des 1849 (Huisrivier) Stephs.zn.  
Adriaan Johannes NEL, \*25 Jan 1852 (Huisrivier) Ockert zn.  
Daniel Jan Hendrik SWANEPOEL, \*10 Feb 1850 (Huisrivier) P.zn.  
Abraham Stephanus DU TOIT, \*20 Mei 1853 (Langverwacht) Corn.zn.  
Johannes Theodorus CLAASSEN, \*25 Des 1853 (Buffelskloof) Jan zn.  
Gideon Johannes Christoffel LOURENS, \*30 Okt 1852 (Andrieskraal) Gid.zn.  
Susanna Catharina Elizabeth DE RIDDER, \*7 Okt 1852 (Oudtshoorn) Ant.dr.  
Susanna Johanna LEROEX, \*30 Okt 1854 (Onverwacht) Andr.dr.  
Susanna Geesina NEL, \*4 Nov 1852 (Huisrivier) Corns.dr.  
Petronella Catharina JAMNECK, \*24 Des 1854 (Schoongezicht) Matth.dr.  
Anna Sophia DUTOIT, \*18 Jan 1855 (Langverwacht) Corns.dr.  
Dirkje Catharina Elisabeth DUTOIT, \*24 Sep 1854 (Langverwacht) Danl.dr.  
Johanna Helena Maria POTGIETER, \*15 Mei 1854 (Welbedacht) Corns.dr.  
Anna Catharina DUPREEZ, \*15 Apr 1855 (Hazejagt) Andrs.dr.  
Martha Francina Elisabeth VISAGIE, \*24 Sep 1854 (Huisrivier) Barend dr.  
Hester Salomina Dorothea VAN WIJK, \*12 Apr 1852 (Vergelegen) Carel dr. (cert. 27 Nov 77 n. Jacobsdal, Vrystaat)  
Anna Susanna BRAAF, \*26 Feb 1853 (Huisvrouw van Karel Swanepoel)  
Johanna Elisabeth Susanna SWANEPOEL, \*20 Sep 1851 (Huisvrouw van Cornelis Jacobus Grundling)  
Anna Elisabetha OLIVIER, \*20 Mei 1852 (Langverwacht) Ignat.dr.  
Maria Catharina Susanna SWANEPOEL, \*6 Apr 1834 (Huisrivier) W.dr.  
- 3c. Re: Genealogie of Familie navorsing From: Ernest Bessinger
- 4a. Re: Slawebloed. "Jumping to Confusions"-Elisabeth KOPS From: louis@voorstoepl.co.za
- 5a. Re: Familie Navorsers en begraafplaas inligting From: Paul Bosman
- 5b. Re: Familie Navorsers en begraafplaas inligting From: Ursulah
- 5c. Re: Familie Navorsers en begraafplaas inligting From: Roy Venter
- 5d. Re: Familie Navorsers en begraafplaas inligting From: Roy Venter
6. NATAL NG KERKREGISTERS: TER INLIGTING From: Viljoen, HC
- 7a. BRESLER familie From: Avida Bresler
- 7b. Re: BRESLER familie From: Melani van Wyk
8. Hergebruik van doopname. From: Francois Greeff
9. Re: Familie Navorsers - 'n bron van inligting. From: Francois Greeff
10. Is Professor Andre Servaas Greeff in jou stamboom? From: Francois Greeff
11. OUDTSHOORN LIDMAATREGISTER (Deel 68) From: alta le roux

12. Doel met ons genealogie From: Nardus Combrinck
- 13a. Re: RE : RE: [SA-Gen] Combrinck From: Nardus Combrinck
- 13b. Re: RE : RE: [SA-Gen] Combrinck From: Nardus Combrinck
- 13c. Re: RE : RE: [SA-Gen] Combrinck From: Dennis Pretorius
14. Fw: Militere navorsing From: Dennis Pretorius
15. Diskriminerende Woord From: Nardus Combrinck

Boodskap 1a. Re: Familie Navorsers en begraafplaas inligting (vir Johan Pottas)

Posted by: "Charlie Els" el55@mweb.co.za charlieels

Mon Jun 25, 2007 1:49 am (PST)

Hallo Johan,

Ek het 'n klompie McDonalds wat ek graag vir jou sal stuur as jy belangstel. Jy weet seker Dennis Pretorius kan jou ook help met die McDonalds.

Groete,  
CHARLIE

Boodskap 2a. Re: NG Kerk Argiewe  
Posted by: "Ursulah" jvrens@tdm.co.mz jvrens  
Mon Jun 25, 2007 2:12 am (PST)

Hallo johan

Baie dankie vir die inligting.

Weet jy of die Hervormde kerk ook argiewe het en wat hulle kontak detail is

Vriendelike Groete

Ursulah  
Maputo  
Groenkop Genealoog en  
Student in Sielkunde

Boodskap 2b. Re: NG Kerk Argiewe  
Posted by: "Blikkies" blikkies@mabonline.co.za blignautfanie  
Mon Jun 25, 2007 3:20 am (PST)

Hallo Ursulah,

Probeer Nándor Sarkady by argief@nhk.co.za hy is die argivaris van die Hervormde Kerk,

Groete,  
Fanie Blignaut

Boodskap 2c. Hervormde kerk argief  
Posted by: "Ursulah" jvrens@tdm.co.mz jvrens  
Mon Jun 25, 2007 3:31 am (PST)

Baie dankie fanie vir die inligting

Lekker week vir julle almal

Vriendelike Groete

Ursulah  
Maputo  
Groenkop Genealoog en  
Student in Sielkunde

Boodskap 3a. Genealogie of Familie navorsing  
Posted by: "Ursulah" jvrens@tdm.co.mz jvrens  
Mon Jun 25, 2007 2:20 am (PST)

Ernest

Ek sou ook graag wil weet wat die verskil is

Vriendelike Groete

Ursulah  
Maputo  
Groenkop Genealoog en  
Student in Sielkunde

Boodskap 3b. Genealogie of Familienavorsing  
Posted by: "Paul Bosman" pbosman@kleinfontein.net paul5016  
Mon Jun 25, 2007 3:52 am (PST)

Dagsê Vriende

Ek het by geleentheid min of meer die volgende onderskeid tussen die twee begrippe raak geloop:

Genealogie is die versameling van data met die oog op die samestelling van 'n geslagsregister, wat nie noodwendig tot een of twee vanne beperk is nie. Die data is gewoonlik beperk tot name, belangrike datums en plekname (kan egter meer inligting bevat soos beroepe, plase besit en/of bewoon, ens.). [Die geraamte].

Familienavorsing is die versameling van alle bekombare inligting in verband met die wel en weë van een bepaalde "familie" wat dieselfde van het (wat uit die aard van die saak dan interessante staaltjies insluit). [Die vleis om die geraamte].

Groetnis  
Paul D Bosman

---

my grootjies: BOSMAN X DE VILLIERS / VERSTER X DE KLERK / FROST X VON BENECKE / SYMINGTON X PIENAAR

Ria s'n: BURGER X MOSTERT / MOSTERT X BRAND / KRUGER X VORSTER /  
KUHN X  
BREDENHAHN

Posbus 1787 Rayton 1001

Tel: 012 802 1009, sel: 082 851 4039, Faks: 0866 581829

<pbosman@kleinfontein.net> <http://myweb.absamail.co.za/paul.bosman/>

Boodskap 3c. Re: Genealogie of Familie navorsing

Posted by: "Ernest Bessinger" ernestbes@telkomsa.net ernest\_bessinger

Mon Jun 25, 2007 10:40 am (PST)

Ursulah,

Net nie vir my vir bewyse vra nie.

My siening is dat Genealogie te doen het met gene en bloedverwante inligting. Soos, wie is my biologiese ouers (getroud of dan nie) en wie is my biologiese kinders (nie die wat ek aanvaar is myne nie). Al rede hoekom doods rekords nodig is omdat dit moeilik sal wees om kinders te verwek as mens dood is (is al gedoen maar is nie die norm nie). Dus, al wat nodig is 'n "kwatiersstaat" wat biologies kan vergelyk word met siekte verwante verwysings om oordraging te voorkom. Mag foto's insluit om te kan skat hoe my kinders mag voorkom.

Familie navorsing gaan oor aangename ouers, kinders en alle aanvaarde familie (bloedverwant al dan nie). Dit sluit werksomstandighede, godsdiens beleid en kultuur in. Dit is nimmereindend van navolg en ondersoek (sluit self stories en skinder in). Party privaat en ander publieke inligting en sluit self foto's in.

Dan is daar 'n spesiale geval waar net die "familie" navorsing gedoen word (stel net belang in my van - of selektiewe geddeltes daarvan) en niks verder word verlang nie. Aangetroudes het geen belang in die struktuur of ondersoek nie (dit mag slegs 'n naam wees met gen inligting nie).

My 2c werd

Ernest

Waterpoort.

Boodskap 4a. Re: Slawebloed. "Jumping to Confusions"-Elisabeth KOPS  
Posted by: "louis@voorstoep.co.za" louis@voorstoep.co.za boerseun\_1838  
Mon Jun 25, 2007 2:40 am (PST)

Goeiedag.

Om hierby aan te sluit:

Iets wat my pla en waaroor ek nie baie seker is nie, is wie die vrou van Krelis (Crelis)Cornelisz DE JONGH was. Testamente en doopinskrywings verwys na haar somtyds as Elisabeth KOPS ander tye as Elisabeth KOBESZ of Elisabeth COBBESZ.

Volgens SAG 4 (J-K),bl 415 was Jacob KOPS die vader van Elizabeth KOPS. Dit lyk ook asof die meeste navorsers hiermee saamstem, maar ek moet erken dat ek nie heeltemal gemaklik hiermee is nie.

Volgens Susanna van Batavia se testament was Jacob COPS, in die weeshuis op Batavia, haar enigste erfgenaam. Ek dink dit is as gevolg hiervan dat mense aanneem dat Jacob COPS, Elisabeth COPS se pa moes wees. Maar ek dink hierdie aanname is verkeerd.

Susanna van Batavia se testament was aan die einde van 1713 geskryf. Toe het sy verwys na Jacob COPS wat in die weeshuis was. In 1723, is Elisabeth KOPS van die Kaap getroud met Krelis Cornelisz DE JONG. As hierdie Jacob COPS haar pa was, moes hy na 1713, Kaap toe gegaan het en daar 'n kind verwek het (sy is "van Cabo"). Sy kon dus nie ouer as 9 jaar gewees het toe sy getroud is nie. En dan moet ons aanneem dat Jacob COPS wel Kaap toe gekom het. Is daar bewyse dat so 'n persoon aan die Kaap geleef het?

Daar is wel 'n sekere Susanna wat op 19 Januarie 1698, 'n halfslagte dochter genaamd Elijsabet gedoop het. Ek sou reken daar is 'n beter kans dat hierdie Susanna, Elisabeth KOPS se ma was as dat Jacob COPS haar pa was. Maar self dit betwyfel ek.

Vertel my wat julle dink. Miskien het iemand beter bewyse uit beter bronne uit.

Groete.

Louis Engelbrecht.  
Pretoria, Villieria

Boodskap 5a. Re: Familie Navorsers en begraafplaas inligting  
Posted by: "Paul Bosman" pbosman@kleinfontein.net paul5016  
Mon Jun 25, 2007 3:25 am (PST)

Dagsê Johan

Die families wat ek volledig navors is Verster en Bosman.

Groetnis  
Paul D Bosman

---

my grootjies: BOSMAN X DE VILLIERS / VERSTER X DE KLERK / FROST X VON  
BENECKE / SYMINGTON X PIENAAR

Ria s'n: BURGER X MOSTERT / MOSTERT X BRAND / KRUGER X VORSTER /  
KUHN X

BREDENHAHN

Posbus 1787 Rayton 1001

Tel: 012 802 1009, sel: 082 851 4039, Faks: 0866 581829

<pbosman@kleinfontein.net> HYPERLINK

"<http://myweb.absamail.co.za/paul.bosman>"<http://myweb.absamail.co.za/paul.bosman/>

Boodskap 5b. Re: Familie Navorsers en begraafplaas inligting  
Posted by: "Ursulah" jvrens@tdm.co.mz jvrens  
Mon Jun 25, 2007 5:12 am (PST)

Hallo johan

Die families wat ek navors is as volg

Van zweel  
Le Roux  
Espach  
Kruger  
Van der linde  
Homan  
Van den berg  
Van Rensburg (janse)  
Vriendelike Groete

Ursulah

Maputo  
Groenkop Genealoog en  
Student in Sielkunde

Boodskap 5c. Re: Familie Navorsers en begraafplaas inligting

Posted by: "Roy Venter" roy@justv.co.nz wepener1

Mon Jun 25, 2007 11:57 am (PST)

Hi Johan,

Ek sal graag wild eel in die informasie wanneer jy dit saam gestel het (roy@justv.co.nz).

Groetnis uit `n baie nat Auckland, New Zealand.

Boodskap 5d. Re: Familie Navorsers en begraafplaas inligting  
Posted by: "Roy Venter" roy@justv.co.nz wepener1  
Mon Jun 25, 2007 12:48 pm (PST)

Beaste Johan,

Ek het na gelaat in my vorige e-pos om die families te noem wat ek begin navors.

VENTER,  
BEZUIDENHOUT  
HULSHOF  
VAN DEN BERGH.

Ek is seker dat met tyd sal die families groei waarin ek belangstel.

Groete,

Roy Venter  
AUCKLAND  
NEW ZEALAND.

Boodskap 6. NATAL NG KERKREGISTERS: TER INLIGTING  
Posted by: "Viljoen, HC" hcv@sun.ac.za hc\_viljoen  
Mon Jun 25, 2007 3:39 am (PST)

Beste Almal

Alet Swanepoel skryf op 23 Junie:

"Die enigste werk wat ek nie self volledig kon doen nie, was die Natalse families, en was "Genealogieë van die Afrikaner Families in Natal" van Ben Cilliers, 'n groot hulp. GISA het ongelukkig nie genoeg mikrofilms oor Natal beskikbaar, sodat ek die navorsing self kon doen nie."

Wat die Natalse kerkrekords betref: bykans die hele Noord-Natal (Vryheid, Utrecht, ens.) het voor 1902 aan die ZAR behoort en daarom sal daardie NG gemeentes se dope, huwelike en lidmate onder die Transvaalse sinode se kerkregisters gesoek moet word. In die Britse kolonie Natal het voor 1902 slegs die NG gemeentes Pietermaritzburg (1839), Greytown (1859), Weenen(1859) en Newcastle (1882) bestaan.

Die rekords bestaan dus wel, mens moet net weet waar om daarvoor te soek.

Groete

Christo Viljoen

Boodskap 7a. BRESLER familie  
Posted by: "Avida Bresler" avida@bresler.co.za breslera  
Mon Jun 25, 2007 5:36 am (PST)

Goeiedag almal

Ek is tans besig om die BRESLER lyn na te speur, en huidiglik spesifiek die lyn van Frans Rijnhard BRESLER (ab4).

My dilemma kom daarby dat, volgens familieoorlewering, die verdere lyn lei na Johannes Pieter Willem BRESLER (ab4c2) en van daar na Johannes Jacobus Willem BRESLER (ab4c2d?), waarenteen gepubliseerde bronne Johannes Jacobus Willem BRESLER lys as ab4c3d6 (i.e. seun van Christoffel Casparus en nie Johannes Pieter Willem nie). Ek kon tot dusver geen publiseerde bronne vind met inligting oor Johannes Pieter Willem BRESLER nie.

Enigiemand wat enige inligting hieroor beskikbaar het, se opinie sal hoog op prys gestel word!

Groetnis  
Avida Bresler  
Pretoria

Boodskap 7b. Re: BRESLER familie  
Posted by: "Melani van Wyk" melanivw@yahoo.co.uk melanivw  
Mon Jun 25, 2007 5:55 am (PST)

Hi Avida

Ek gaan my oupa se kop 'n bietjie krap vanaand. Ons het 'n Oom John en Tannie Sally Bresler van Pretoria, di's ongelukkig al hoe ek hulle ken. Maar Oom John is iewers van my Oupa 'n neef. My Oupa is Johannes Antonie Pieterse. Laat ek eers vanaand by hom hoor hoe almal bymekaar pas dan skryf ek weer vir jou

Groete  
Melani

Boodskap 8. Hergebruik van doopname.

Posted by: "Francois Greeff" Goodgreeff@hiddencode.co.uk francoisgreeff

Mon Jun 25, 2007 6:01 am (PST)

Jan Greeff werk aan 'n besondere deel van die Greeff familie geskiedenis. Hy doen navorsing oor die afstammelinge van Hendrik Adriaan Greeff, die stigter van die dorp Lichtenburg. Hy is op soek na ALLE afstammelinge van HA Greeff, ongeag wat hulle vanne vandag is. As jy vir hom inligting het, stuur dit asseblief aan Grawe@verslank.net

Die stamboom wat Jan saamgestel het kan gesien word deur op die skakel te klik:

<http://www.greeff.info/register.php?personID=I1&tree=Lichtenburgstam&generations=1>

2

Generaal Koos de la Rey se afstammelinge is ook in sy stamboom ingesluit omdat die moeder van sy kinders 'n nooi Greeff, die dogter van HA Greeff, was. Die vanne in sy stamboom is:

1. GREEFF (91)
2. DE WET (26)
3. DU PREEZ (17)
4. SCHOEMAN (17)
5. DE VOS (15)
6. [no surname] (13)
7. HUMAN (12)
8. DU PLESSIS (11)
9. VAN WYK (11)
10. LANGENHOVEN (10)
11. DE LA REY (9)
12. BOTES (8)
13. VAN NIEKERK (8)
14. SNYMAN (6)
15. VAN DEN BERG (6)
16. BOUWER (5)
17. FERREIRA (5)
18. PRETORIUS (5)
19. MYBURGH (5)
20. VAN AARDT (5)
21. LEMMER (4)
22. BEHRENS (4)
23. BARNARD (4)
24. CARROLL (4)
25. HENNING (4)

Hier is 'n brief wat hy gister aan my gestuur het. Dit dui op die interresantheid van sy werk, en die insae in die lewens en smarte van geslagte voor die bestaan van bekwame dokters en volop hospitale.

Francois,

Wat dink jy hiervan:

Christiaan Dirk de Vos en Susanna Maria Greeff het op 22 April 1891 'n dogter gehad wat Susanna Maria gedoop is. Op 1 Maart 1909 had hulle weer 'n dogter, gedoop Susanna Maria.

Ek vermoed dat die eerste dogter oorlede is. Sal hopelik nog met van die de Vos nageslag kontak kry om te bevestig.

Dieselde ouerpaar het op 28 Okt 1892 'n dogter gehad wat hulle Jacoba Elizabeth gedoop het en weer een op 29 Mei 1912 wat Jacoba Johanna Elizabeth de la Rey gedoop is.

Dis óf te veel om toevallig te wees, óf hulle was in die gewoonte, dalk weer eens 'n sterfgeval? Dit lyk of hulle vernoeming redelik ernstig opgeneem het, bv. die een kind is na die oom, G J Greeff vernoem en die ander na die tante se man, Koos de la Rey.

Groete,

Jan.

Hallo Jan,

Die doop van 'n tweede kind met die selfde naam as 'n vorige kind is omtrent sekerlik 'n aanduiding dat die eerste kind oorlede is.

Ons is dikwels onbewus van die groot aantal kinders wat jonk oorlede is omdat ons die probleem amper heeltemaal in ons samelewing uitgeskakel het, en omdat daardie kinders nie in latere familie dokumente genoem word nie. Ons praat nie oor oorlede kinders nie, en ons noem nie sommer kinders wat oorlede is nie. Dit gebeur soms dat mense groot word sonder om ooit te weet dat hulle 'n ouer broer of suster gehad het wat jonk oorlede is nie.

Die probleem van babas wat jonk oorlede is was baie algemeen, en die meeste families, voor die 20ste eeu, het gewoonlik 'n paar jong kinders verloor. Adolf Hitler was die vierde kind van sy ouers, en al drie wat voor hom gebore is, is stilgebore. Party families kon maklik die helfte van hulle kinders so verloor, of selfs meer. Hierdie verskynsel is die grootste rede dat die 'gemiddelde sterfouderdom', of 'gemiddelde lewensverwagting' van mense oor die afgelope 100 jaar dramaties gestyg het. Mense word nie vandag ouer nie - nie ouer as 100 nie, net soos ooit van tevore. Die maksimum is min of meer vasgepen.

Die 'gemiddelde' sterfouderdom het gestyg omdat die aantal babas wat dood is dramaties verminder is. Ons kan mense nog nie langer laat leef as in vorige eeu nie, maar die wetenskap verhoed egter dikwels dat mense nou vroegtydig dood gaan.

Hierdie verskynsel het ook 'n geweldige groot impak op pensioenfondse gehad, en het vir die meeste van hulle 'n krisis geskep. Toe oupa vir die spoorweë gewerk het was die gemiddelde lewensverwagting, sê maar, 65. Sy inbetalings in die pensioenfonds is dus gebaseer op die verwagting dat hy vir ongeveer 5 jaar (60 tot 65) pensioen sou trek, en dan van hartaanval sou doodgaan.

Maar oupa kry toe 'n nuwerwetse triple heart bypass, en nou leef hy nog steeds, en is al 93! Die probleem is dat hy nie alleen is nie. Daar is letterlik miljoene mense, net soos hy, wat nou vyf of ses keer meer pensioen trek as wat hulle voor betaal het. Hulle is besig om die pensioenfondse bankrot te maak, net omdat hulle nou langer leef as wat 'n halfeeugelede verwag is.

'n Tweede probleem wat ook tans in die eerste wereld verskyn is dat jong mense nie meer toegang tot die eiendomsmark kan kry nie. Hulle kan eenvoudig nie bekostig om huise te koop nie. Deel van die rede hiervoor is dat jong mense nie meer van hulle ouers erf nie. My pa was 27 toe hy vir die eerste keer vaste eiendom besit het. Dit was net na die dood van sy pa, wat op 62 oorlede is, en dit was 'n direkte gevolg van die eiendom wat hy geerf het. Maar ek is nou 48 jaar oud, en beide my ouers leef nog. Die onder dertigs van vandag kry amper nooit meer die finansieele voordeel van 'n erflating nie, en gevvolglik sit miljoene meer mense in gehuurde huise.

Genealogie het baie wyer implikasies as wat die meeste mense dink!

Groete,  
Francois Greeff  
[www.Greeff.info](http://www.Greeff.info)  
[www.Hiddencode.co.uk](http://www.Hiddencode.co.uk)  
0044 20 8543 6966 (Home)  
0044 79 6372 2345 (Mobile)  
Skype: Greefffrancois

Boodskap 9. Re: Familie Navorsers - 'n bron van inligting.  
Posted by: "Francois Greeff" Goodgreeff@hiddencode.co.uk francoisgreeff  
Mon Jun 25, 2007 6:11 am (PST)

Hallo Ursula, en almal,

Vir diegene wat enkel vanne navors stel ek voor dat hulle die van wat hulle soek op hierdie webblad intik. Klik net op die skakel:  
<http://www.greeff.info/searchform.php>

Hier is, byvoorbeeld, vir Ursula 'n klompie le Roux mense. Klik net op die skakel:  
<http://www.greeff.info/search.php?tree=-x--all--x-&lnqualify=contains&mylastname=Le+Roux&fnqualify=contains&myfirstname=&idqualify>equals&mypersonid=&bpqualify=contains&mybirthplace=&byqualify=&mybirthyear=&cpqualify=contains&myaltbirthplace=&cyqualify=&myaltbirthyear=&dpqualify=contains&mydeathplace=&dyqualify=&mydeathyear=&brpqualify=contains&myburialplace=&bryqualify=&myburialyear=&spqualify=contains&mysplname=&mybool=AND>

Al my genealogiese data is op die Greeff familie webblad en kan maklik met 'n gedcom afgelaai word. Ek glo sterk daaraan dat as jy jou inligting vir mense gaan wys, doen dit dan so dat die inligting vir hulle bruikbaar is. Ek het 'n boetie dood aan webblaarie wat vir jou data wys, maar verwag dat jy alles self oor tik om dit in jou rekenaar te kry. Die lewe is te kort om werk twee keer te doen!

Groete,  
Francois Greeff  
[www.Greeff.info](http://www.Greeff.info)  
[www.Hiddencode.co.uk](http://www.Hiddencode.co.uk)  
0044 20 8543 6966 (Home)  
0044 79 6372 2345 (Mobile)  
Skype: Greefffrancois

Boodskap 10. Is Professor Andre Servaas Greeff in jou stamboom?

Posted by: "Francois Greeff" Goodgreeff@hiddencode.co.uk francoisgreeff

Mon Jun 25, 2007 9:09 am (PST)

Prof Greeff het, oor die afgelope 17 jaar, 'n indrukwekkende stamboom van sy familie, aangetroudes ingesluit, opgestel. Hier is 'n volledige lys van al die mense in sy stamboom (Klik op skakel):

<http://www.greeff.info/search.php?tree=ASGreeff&lnqualify=contains&mylastname=&fnqualify=contains&myfirstname=&idqualify>equals&mypersonid=&bpqualify=contains&mybirthplace=&byqualify=&mybirthyear=&cpqualify=contains&myaltbirthplace=&cyqualify=&myaltbirthyear=&dpqualify=contains&mydeathplace=&dyqualify=&mydeathyear=&brpqualify=contains&myburialplace=&bryqualify=&myburialyear=&spqualify=contains&mysplname=&mybool=AND>

Indien jy inligting het wat aan sy stamboom skakel, epos dit asseblief vir hom by Andre@Greeff.info.

Die mees algemene vanne in sy stamboom is:

1. GREEFF (128)
2. DU PLESSIS (103)
3. UREN (69)
4. UREN. (43)
5. KITS (30)
6. COETZEE (13)
7. DE VILLIERS (11)
8. SCHALK (10)
9. BOTHA (10)
10. HARTMAN (10)
11. MERWE (9)
12. DE NICKER (9)
13. MINNAAR (8)
14. NIEUWOUDT (8)
15. SCHEFFER (8)
16. BERG (8)
17. ODENDAAL (7)
18. SMIT (7)
19. DREYER (7)
20. BOSHOFF (6)
21. PRETORIUS (6)
22. VISSER (6)
23. CLAY (6)
24. [no surname] (6)
25. LE ROUX (5)
26. ROUX (5)
27. ENGELBRECHT (5)
28. PYTHIUS (5)

- 29. DU PREEZ (5)
- 30. LA GRANGE (5)
- 31. GROBLER (4)
- 32. LOUW (4)
- 33. BRINK (4)
- 34. COERTZE (4)
- 35. FEREIRA (4)
- 36. ROBINSON (4)
- 37. TURKSTRA (4)
- 38. KRUGER (4)
- 39. LENNOX (4)
- 40. OLIVIER (4)
- 41. UNKNOWN (4)
- 42. DEN HAAN (4)
- 43. FERREYN (4)
- 44. GREYLING (4)
- 45. MALAN (4)
- 46. MOLLENTZE (4)
- 47. DU TOIT (4)
- 48. PAPE (3)
- 49. ROSSOUW (3)
- 50. SWART (3)

Die stamboom, AS Greeff, kan op die Greeff Familie Webblad, [www.Greeff.info](http://www.Greeff.info), gesien word. Kom kyk gerus!

Groete,  
Francois Greeff  
[www.Greeff.info](http://www.Greeff.info)  
[www.Hiddencode.co.uk](http://www.Hiddencode.co.uk)  
0044 20 8543 6966 (Home)  
0044 79 6372 2345 (Mobile)  
Skype: Greefffrancois

Boodskap 11. OUDTSHOORN LIDMAATREGISTER (Deel 68)  
Posted by: "alta le roux" altaler@odn.co.za  
Mon Jun 25, 2007 10:41 am (PST)

AANGENOMEN TE OUDTSHOORN OP 23 DECEMBER 1870 (deel 68)

Jacobus Johannes BARNARD, \*3 Aug 1854 (Vlakteplaats) Adamzoon  
Johan Adam FEREIRA, \*4 Mrt 1851 (Rietvalley) Salomonzoon  
Johannes Gerhardus FEREIRA, \*12 Des 1852 (Onverwacht) H.zoon (Cert. n. Mosselb.  
13 Mei 73)  
Hillegard Marthinus DUPREEZ, \*24 Sep 1852 (Wijnandsrivier) Jac.zoon  
Jacobus Johannes FRY, \*12 Okt 1846 (Hasejagt) Joh.zoon  
Jacobus Johannes Willem VAN DEN BERG, \*19 Jul 1852 (Calitzdorp) Joh's.zoon  
Petrus Joachim SMITH, \*2 Jan 1853 (Kamnatie) P.zoon (Cert. n. George 1 Aug 1884)  
Johannes Hendrik LEROEX, \*21 Jul 1853 (Muragie) Jac.zoon  
Frederik Jacobus CALITZ, \*10 Okt 1851 (Calitzdorp) Joh.zoon  
Theunis Jacobus BOTHA, \*12 Aug 1853 (Grootkraal) Theunis zoon  
Petrus Jacobus BOTHA, \*5 Okt 1854 (Nooitgedacht) Louis zoon  
Gerrit Jonathan BOTHA, \*1 Feb 1854 (Calitzdorp) Frederik zoon  
Tobias Johannes VAN DER RIET, \*10 Okt 1854 (Oudtshoorn) WelEerw. v.d. Riet zoon  
(Cert. naar George 11 Nov 1882)  
Amalia Wilhelmina MARNEWECCK, \*20 Des 1853 (Vlakteplaats) J.dochter  
Catharina Elisabeth BEKKER, \*20 Des 1852 (Vlakteplaats) J.dochter  
Maria Susanna Catharina DUPREEZ, \*29 Nov 1851 (Hotonoskloof) Steph.dr.  
Dirkje Johanna Magdalena DUPREEZ, \*29 Jun 1853 (Hotonoskloof) Steph.dr. (Cert. 30  
April 1882 naar Uniondale)  
Petronella Hester Cornelia DUPREEZ, \*10 Mrt 1850 (Hotonoskloof) Steph.dr.  
Anna Margaretha Johanna FRY, \*13 Des 1851} Tweelingen (Hasejagt) John dr.  
Martha Maria Magdalena FRY, \*13 Des 1851} Tweelingen (Hasejagt) John dr.  
Geesina Maria BOTHA, \*9 Mrt 1855 (Grootkraal) Theunis dr.  
Louisa Margaretha NEL, \*28 Okt 1855 (Groenfontein) Ph.dr.  
Geertruida Johanna Philippina DU TOIT, \*7 Mrt 1851 (Mistkraal) J.dr. (Cert. Uniondale  
14 Augustus)  
Magdalena Susanna Catharina Johanna VAN NIEKERK, \*7 Feb 1853 (Roodewal) C.dr.  
Maria Sophia VAN DER RIET, \*12 Jun 1853 (Oudtshoorn) WelEerw. v.d. Riet dochter  
Sophia VAN RHEEDE VAN OUDTSHOORN, \*26 Nov 1854 (Oudtshoorn) Ph.dr. (Cert.  
naar George 18 Juny 1884)  
Johanna Carolina Susanna BERGH, \*6 Sep 1855 (Oudtshoorn) Oloff dr.  
Harriet Dinah HAMMOND, \*7 Nov 1852 (Bakenskraal)

Alta le Roux  
altaler@odn.co.za  
Posbus 1138, OUDTSHOORN, 6620  
Tel. 083 996 0676 / 044 272 2271 (h) / 044 272 7636 (w)

Boodskap 12. Doel met ons genealogie

Posted by: "Nardus Combrinck" 0728862338@vodamail.co.za

Mon Jun 25, 2007 10:51 am (PST)

Lysteraars,

Waarom beoefen ons genealogie? Ek hoop die lysteraars kan my reghelp in die` verband!

Met die besprekings wat opgekom het aangaande ons slawe – herkoms en verskillende sienings m.b.t bloedvermenging, het die vraag by my opgekom of almal op hierdie forum werklik dieselfde oogmerke besit met die beoefening van genealogie?

Korrigeer my asb. indien ek verkeerd is, maar tot dusvâr, het ek nog geensens getwyfel daaraan dat die lysteraars feitlik sonder uitsondering aan die Afrikaner bevolkingsgroep behoort nie. ja, hier en daar kom Hollandse en Engelse vanne op asook ander somtyds, maar almal behorende aan die nasies waaruit ons hoofsaaklik saamgestel is. Dit is tog geensens vreemd nie en almal weet dat ons uit `n aantal Europese nasies afkomstig is en dat ons wel in die ware sin van die woord dan wel `n “baster” volk is.

Maar dan moet ons seker dan wel moet erken dat om `n kruising te wees tussen versoenbare sub – kulture van een hoofras en om `n kruising te wees tussen twee hooffrasse wat die verste uitmekaar op die rasste – spektrum te verkeer, tog in wese baie vêr van mekaar verwyderd is.

Daarom was dit vir my uiters vreemd dat sekere lysteraars dit beledigend gevind het dat daar van “Anderskleuriges” gepraat word of na mense op die Kaapse Vlakte verwys is. Die vraag wat my die meeste kwel is waarom daar altyd `n negatiewe konnektaasie aan moet wees wanneer dit gaan oor “ander”, asof daar nie “ander” bestaan nie. Indien ons die andersheid van ander wil misken, dan is ons ook besig om die Bybel te misken, want die Bybel leer ons en onderrig ons dat tot aan die einde, verskillende nasies nog steeds prominent gaan wees in die volbrenging van God se Raadsplan.

Nêrens word die skeiding soos in Handelinge 17:26 beskryf ooit weer, selfs in die Nuwe Testament herroep nie. Die rolle wat die nasies as volkeretafel moet vervul gaan tot in Obenbaring.

So`, waarom wil ons so` graag aanvaar dat vermenging tussen verskillende rasste reg is? Waarom vermeng ons dan nie sommer totaal en al nie, word ons totaal `n “anderskleurige” nasie soos die Suid – Amerikaanse nasies nie?

Dan sal ons genealogie ten minste baie interessanter raak – dink net aan die taaie toffies om geboortes, doopplekke ens. na te spoor!!

Groete

Nardus

Boodskap 13a. Re: RE : RE: [SA-Gen] Combrinck  
Posted by: "Nardus Combrinck" 0728862338@vodamail.co.za  
Mon Jun 25, 2007 11:19 am (PST)

Christo,

Dankie dat jy my die fout op my rekenaar uitwys, ek is bewus daarvan, maar kan dit nie regkry nie, die datum op my kalender is korrek.

Wat my sienings betref, dit is so` op datum soos my gehoorsaamheid aan my God want “niemand is so` op datum soos die een wie die God van die dag se opdragte gehoorsaam nie”

Indien jy nie teen vermenging is nie, is jy dalk bereid om aan ons verslag te gee hoe jy daarmee vorder. Ek het eendag aan `n Ingelse vriend van my met dieselfde siening as jy, dieselfde vraag gevra en verder of hy bereid sal wees om sy dogter aan `n swart man te gee. Hy het baie hard en braaf probeer “ja” sê, maar na `n rukkie baie verleë gesê nee, nooit nie!!.

Ek vermoed in jou geval is dit dalk maar dieselfde – bly aan die “veilige” kant a.g.v. `n gebrek aan moed om oortuigings uit te leef!!

Groete

Nardus

Boodskap 13b. Re: RE : RE: [SA-Gen] Combrinck  
Posted by: "Nardus Combrinck" 0728862338@vodamail.co.za  
Mon Jun 25, 2007 11:31 am (PST)

Ag, en o ja Christo, ek wou jou ook nog vra hoe jy dit gaan regkry om hierdie spesifieke besprekings onder of Politiek of onder slegs Genealogie gaan sorteer

Groete en sterkte vir jou met die` een!!

Nardus

Boodskap 13c. Re: RE : RE: [SA-Gen] Combrinck  
Posted by: "Dennis Pretorius" krugersdorp@pixie.co.za dennis\_pretorius  
Mon Jun 25, 2007 12:27 pm (PST)

Hallo Nardus

Ek dink dat ons die gesprek nou ver genoeg gevoer het !

Terwyl bespreking handel oor verskille tussen ras, taalgroepe ens ens het ek geen probleem daarmee nie. Ons is almal op verskeie maniere verskillend en daarmee moet ons saamleef en daarop kan ons elkeen op sy eie andersheid trots wees.

Wanneer ons wil bepaal watter van die verskille beter is as ander beweeg op ons op 'n terrein wat nie meer op hierdie poslys tuishoort nie en ek wil hê dat jy asb. die trant van die gesprek staak

Baie dankie byvoorbaat

groetnis

Dennis Pretorius, Krugersdorp, South Africa/Suid Afrika  
Executive Member of GSSA / Uitvoerende Lid van GGSA  
Genealogical Researcher/Genealogiese Navorsaar  
Owner of SAGenealogy E-mail list/Lyseienaar - SAGenealogie poslys  
E-Mail/E-pos: krugersdorp@pixie.co.za  
Web address/Webadres: <http://mzone.mweb.co.za/residents/k75/genealogy.html>  
Telephone/Telefoon: +27-83-679-8541

Boodskap 14. Fw: Militere navorsing  
Posted by: "Dennis Pretorius" krugersdorp@pixie.co.za dennis\_pretorius  
Mon Jun 25, 2007 11:28 am (PST)

Hallo Almal

Annelie Els het die volgende vir my aangestuur rakende Militere navorsing - en ek plaas dit ooreenkomsdig ons beleid om nuwe dienste en/of produkte eenmalig bekend te stel aan ons lede. Alhoewel dit 'n betaalde diens is wat gelewer word, dink ek tog dat die aantal navrae wat ons op die lys kry wat handel oor Militere navorsing, die plasing van hierdie berig regverdig.

Groetnis

Dennis Pretorius, Krugersdorp, South Africa/Suid Afrika  
Executive Member of GSSA / Uitvoerende Lid van GGSA  
Genealogical Researcher/Genealogiese Navorsaar  
Owner of SAGenealogy E-mail list/Lyseienaar - SAGenealogie poslys  
E-Mail/E-pos: krugersdorp@pixie.co.za  
Web address/Webadres: <http://mzone.mweb.co.za/residents/k75/genealogy.html>  
Telephone/Telefoon: +27-83-679-8541

----- Original Message -----

From: Annelie Els  
To: Dennis Pretorius  
Sent: Thursday, June 21, 2007 4:59 AM  
Subject: Researcher

Hello Dennis,

Ek het die via Paul gekry. Ek weet nie of jy daarvan wil melding maak op die lys nie.  
Groetnis  
Annelie.

PLEASE NOTE THAT TO USE THIS SERVICE YOU NEED TO MAKE CONTACT  
DIRECT WITH GORDON BICKLEY AT [bickleg@global.co.za](mailto:bickleg@global.co.za)  
Military Service Records for South African Servicemen/Women

My name is Gordon Bickley and I am available to obtain copies of Military Service Records for South African service men and women for the period 1913 to the 1980's, on behalf of medal collectors and others.

As a regular visitor to the South African Defence Force Documentation Centre over the past 20 years I have an intimate knowledge of these military records and what is available plus an excellent working relationship with the Archive staff.

I am a WW2 veteran and have been Secretary of the Military Medal Society of SA since 1976 and accordingly am well grounded in South African Military and Medallistic history.

Service records for the South African Defence Force are held at the SANDF Documentation Centre in Pretoria. Records for the South African Constabulary (Boer War and up to 1908) are at the SA National Archives in Pretoria and Bloemfontein. All other South African military service records, dating before 1913, are held in Britain.

For Further Information and Research Requests

Contact me at E mail [bickleg@global.co.za](mailto:bickleg@global.co.za) (Note it is BICKLEG not BICKLEY!), phone +27-11-888-5797, snail mail Gordon BICKLEY, 1 Jacqueline Ave, NORTHCLIFF, 2195, South Africa.

Boodskap 15. Diskriminerende Woord  
Posted by: "Nardus Combrinck" 0728862338@vodamail.co.za  
Mon Jun 25, 2007 11:42 am (PST)

Lysteraars,

Terwyl ons op die onderwerp van “belediging” is, wil ek graag `n interessantheid in die` opsig met julle deel.

Ek vind in die Oxford Pocket Dictionary 1965 die volgende interessante woordomskrywing:” Caffre “ - “ Member of South – African Race. Native from Caffristan in Asia”

Dit is dus `n woord beskrywend vir `n groep mense afkomstig van `n sekere wêrelddeel. Waarom word dit dan vandag deur die wet verbied om iemand na die woord te noem?

Ek stem saam dat in die meeste gevalle die noem van die naam argwaan op die hals haal, maar waarom? – hoe het die negatiewe konnektasie dan ontstaan?.

Ek het die beskrywing aan vele hooggeplaaste swartmense gewys en sonder uitsondering was almal baie verbaas en ook verlig om te weet dat oorspronklik, die naam niks lelik beteken of inhou nie!!

Wat sal die genealoë my hierop kan antwoord?

Nardus

**Onderwerp:** [SA-Gen] Bundel Nommer 2796

**Datum:** Tuesday, June 26, 2007

Daar is 10 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:

1. Steyn From: Charlie Els
- 2.1. Re: Kopiereg: Wat dink die lysteraars? From: Dennis Pretorius
- 3a. Re: Familie Navorsers en begraafplaas inligting (nr. 2 vir Johan Pot From: Charlie Els
- 4a. Re: RE : RE: [SA-Gen] Combrinck From: Ann Tiran
5. [Koerant] The Mercury Maandag 25 Junie 2007 From: aletta magrieta.quebbemann
6. [Koerant] Beeld 26 Junie 2007 From: Blikkies
- 7a. Re: Genealogie of Familie navorsing From: Ursulah
- 8a. Re: Diskriminerende Woord From: Charl van Tonder
- 9a. van den berg familie navorsing From: Ursulah
- 10a. Familie Navorsers en begraafplaas inligting From: Hennie Nel (ZA)

Boodskap 1. Steyn

Posted by: "Charlie Els" el55@mweb.co.za charlieels

Mon Jun 25, 2007 12:57 pm (PST)

Naand Lysvriende,

Wie is 'n Steyn-navorser? Ek het 'n vraag oor 'n Steyn wat my al lankal pla.

Dankie en groete,

CHARLIE

Boodskap 2.1. Re: Kopiereg: Wat dink die lysteraars?  
Posted by: "Dennis Pretorius" krugersdorp@pixie.co.za dennis\_pretorius  
Mon Jun 25, 2007 1:18 pm (PST)

Hallo Alet

(en ander lede - omdat ek jou e-pos op die lys beantwoord)

Ek is jammer dat jy my vorige e-pos, direk aan jou, ignoreer het - ek het daarin vir jou soos vlg geskryf:

> Ons kan wel gesels oor die probleme rondom erkenning van bronne, plagiaat, intelektuele eiendomsreg en al die ander dinge, maar ons moet nie die lys gebruik om persoonlike kwessies soos hierdie te probeer oplos nie en aanvalle te loots teen ander lede nie, hoe geregtigdig dit ookal vir jou mag klink.

Jy het ten spyte van my versoek weereens 'n e-pos aan die oop lys gestuur en ek vind dit heeltemal onaanvaarbaar - om die rede het ek jou e-pos verstel na "modereer" wat beteken dat jou e-pos in die toekoms nie op die poslys sal verskyn voor dit nie deur een van die bestuurslede goedgekeur is nie.

Ek vertrou dat jy jou voortaan sal hou by die reels van die poslys.

Groetnis

Dennis Pretorius, Krugersdorp, South Africa/Suid Afrika  
Executive Member of GSSA / Uitvoerende Lid van GGSA  
Genealogical Researcher/Genealogiese Navorser  
Owner of SA Genealogy E-mail list/Lyseienaar - SA Genealogie poslys  
E-Mail/E-pos: krugersdorp@pixie.co.za  
Web address/Web adres: <http://mzone.mweb.co.za/residents/k75/genealogy.html>  
Telephone/Telefoon: +27-83-679-8541

Boodskap 3a. Re: Familie Navorsers en begraafplaas inligting (nr. 2 vir Johan Pot  
Posted by: "Charlie Els" el55@mweb.co.za charlieels  
Mon Jun 25, 2007 3:48 pm (PST)

Hallo (weer) Johan,

Nee, ek sien ek het met een oog toe gelees wat jy skryf. Jy sê duidelik "bv Van der Merwe, ens.".

Askuus!  
CHARLIE

Boodskap 4a. Re: RE : RE: [SA-Gen] Combrinck  
Posted by: "Ann Tiran" anntiran@polka.co.za  
Mon Jun 25, 2007 4:27 pm (PST)

Dankie Dennis

Ek het ook nou al bietjie moeg geraak vir die trant van die eposse en wou net laat weet dat ek ook nou maar gaan "unsubscribe" want hiervoor het ek sowaar nie die krag of tyd om te mors nie..ek begin ook nou net hulle eposse DELETE.

Groete uit 'n baie koue Kaap.

Annatjie

Boodskap 5. [Koerant] The Mercury Maandag 25 Junie 2007  
Posted by: "aletta magrieta.quebbemann" am.queb@mweb.co.za alettaqe9fac  
Mon Jun 25, 2007 11:04 pm (PST)

Naand vriende,

QUICKQUIP:-" You can never plan the future by the past. " Edmund BURKE.

GEBOORTES : geen.

VERLOWINGS:- VERREYNE - LABELLE Tommy & Lee-Anne is verloof.

DOOD:- ARMSTRONG Neville + 21/06/2007 x Ruby . Pa van Kenneth en Peter .Begrafnis by Kloof Methodiste Kerk 26/06/2007 om 10 vm.

BYRNE Harry William. 24/05/1927 -----19/06/2007. Pa, oupa en oupagroot. Begrafnis 25/06/2007 by Presbyterian Kerk Frere Rd Glenwood om 12 middag.

CHITIZ June . Vriendin van Jenny.

LADLAU Winston Ian (Mannie) + 23/06/2007 x Rosemary .Pa en oupa van Erica & John, Linda & Andrew, Jane & Peter, Cameron, Andrew en Deanne, Charles, Tim, Malindi en James. Memorial by All Souls Anglikaanse Kerk Umhlali om 11vm Verassing privaat.

PEEL Robert John (Bobby) + 21/06/2007 x Nora. Pa ,oupa en oupagroot.

ROWE Peter + 21/06/2007 .Pa van Marilyn, Mandy, Wyatt en Sandra; Paul, Gaill en kleinkinders.

SCHAR Walter + 22/06/2007 .

SWANEPOEL Stephanus Johannes Matthews 17/12/1921 -----21/06/2007 . Ontmoet Daisy 14 Junie 1945 .62 jaar later is alles verby.Pa en oupa van:- Wendy, Tony, Donel, Maxi, Dalene, Carl en Mark.; Brian, Merle, Stacey, Melissa, en Travis; Jenny , Otto, Ingrid ,Louwrens, Liezl en Mia ; Tweelingbroer van Bert : Begrafnis by Frere Rd Presbyterian Kerk 27/06/2007 om 2nm . Ook deur MOTH verteenwoordig.

MEMORIAM :- REICH Mark . 2 jaar dood nou. Onthou deur ouers.

VAN NIEKERK Averielle Lucinda . 2 jaar dood nou. x Vic vir 57 jaar . Ma van Jeannette en Cheryl.

WAUCHOPE Edan Margaret. Ons sal weer saam loop van Noel.

Gegroet uit ook maar winderige ,maar nie te kwaai nie Durban.

Aletta Magrieta QUEBBEMANN ( Rita)

15 Mt Royal ,

Dunkirk Place Umbilo

Durban. Suid Afrika

Ouers:- STEENKAMP /LOURENS

GROOTOUERS :-STEENKAMP/ SCHEEPERS

LOURENS /SWANEPOEL / VELDMAN

SKOONDOGTER: BOTHA /SWANEPOEL/ SMITH

Boodskap 6. [Koerant] Beeld 26 Junie 2007  
Posted by: "Blikkies" blikkies@mabonline.co.za blignautfanie  
Mon Jun 25, 2007 11:46 pm (PST)

ANDRADE; José, in lewe van Krugersdorp, Gauteng provinsie. Begrafnisdienst:  
NG Kerk, NG Kerk, Roodekrans, Krugersdorp, 27/06/2007, 13:00 # Sterkfontein  
Begraafplaas, Krugersdorp. (Beeld – 26/06/2007) AVBOB Begrafnisdienste,  
Krugersdorp, 011-953-3808.

DE HAAS; Johanna Dorothea (Hannetjie) (92), in lewe van Pretoria.  
Verassingsdienst: Geref Kerk, Troystraat, Pretoria-Oos, 27/06/2007, 10:00.  
(Beeld – 26/06/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Pretoria-Oos, 012-460-3745.

KLEINGBIEL; Louise Helene (50) \* WINCKLER, in lewe van Pretoria.  
Verassingsdienst: Sungardens Hospice Kapel, 27/06/2007, 14:00. (Beeld –  
26/06/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Pretoria-Oos, 012-460-3745.

KRUGER; Sally, in lewe van Germiston, Gauteng provinsie. Verassingsdienst: NG  
Kerk, Witfield-Wes, Germiston, 27/06/2007, 11:00. (Beeld – 26/06/2007) AVBOB  
Begrafnisdienste, Germiston, 011-825-3667.

McCOY; Elizabeth Johanna Anna, in lewe van Pretoria. Verassingsdienst: AVBOB  
Kapel, 27/06/2007, 14:00. (Beeld – 25/06/2007) AVBOB Begrafnisdienste,  
Pretoria, 012-327-3788.

PRETORIUS; {Dr} J H (Hannes). Dankdienst: NG Kerk, Suid-Oos, Stellastraat,  
Brooklyn, Pretoria, 26/06/2007, 14:00. Veras. Kontak: 012-993-9198. (Beeld –  
26/06/2007)

VAN EEDEN; Ronald (Ronnie) (73) \* 1934 + 22/06/2007, in lewe van Pretoria.  
Verassingsdienst: Sungardens Hospice Kapel, 26/06/2007, 14:00. Sal onthou  
word deur sy dogters Lynn, Louise, Charmaine en Rolene, lewensmaat Susan,  
suster Veda, kleinkinders en agterkleinkinders. (Beeld – 26/06/2007) AVBOB  
Begrafnisdienste, Pretoria-Oos, 012-460-3745.

VAN TONDER; Jacobus Marthinus Christoffel, in lewe van Pretoria.  
Begrafnisdienst: NH Kerk, Pretoria-Noord, 27/06/2007, 13:00 # Heatherdale  
Begraafplaas, Britsweg, Pretoria-Noord. (Beeld – 26/06/2007) AVBOB  
Begrafnisdienste, Pretoria-Noord, 012-565-4269.

Groete,

Fanie Blignaut,  
Vanderbijlpark,  
Gauteng provinsie.  
blikkies@mabonline.co.za.

Boodskap 7a. Re: Genealogie of Familie navorsing  
Posted by: "Ursulah" jvrens@tdm.co.mz jvrens  
Mon Jun 25, 2007 11:46 pm (PST)

Sjoe ernest, jy het hierdie storie deeglik bedink. Ek verkies egter 'n vorige verduideliking van

Genealogie = geraamte en

Familie navorsing = die vleis

Dit maak vir my baie meer sin

Lekker krap, skinner en stories bymekaar maak

:-)

Vriendelike Groete

Ursulah  
Maputo  
Groenkop Genealoog en  
Student in Sielkunde

Boodskap 8a. Re: Diskriminerende Woord

Posted by: "Charl van Tonder" vantonderc@gmail.com vantonderc

Tue Jun 26, 2007 12:01 am (PST)

Nardus,

Ek dink die woord het begin sleg word omdat dit ook "infidel" beteken wat die Moslems die Christene noem en dus ongelowige beteken.

Charl van Tonder

Boodskap 9a. van den berg familie navorsing  
Posted by: "Ursulah" jvrens@tdm.co.mz jvrens  
Tue Jun 26, 2007 12:11 am (PST)

Hallo roy

Ek het ook van den berg nasate en sal graag data wil vergelyk

Vriendelike Groete

Ursulah  
Maputo  
Groenkop Genealoog en  
Student in Sielkunde

Boodskap 10a. Familie Navorsers en begraafplaas inligting  
Posted by: "Hennie Nel (ZA)" hennie.nel@za.didata.com hennienell  
Tue Jun 26, 2007 12:16 am (PST)

Hallo Johan

Die vanne wat ek navors is

NEL / NELL  
DU PLESSIS  
VAN DER WESTHUIZEN  
SWART  
ROOS  
VAN DER MERWE  
DROTSKY / DROTSKIE  
GROBLER / GROBBELAAR  
VAN ZYL  
SWANEPOEL  
VAN DYK  
VAN SCHALKWYK

Groetnis

Hennie Nel  
Brakpan  
Gauteng

**Onderwerp:** [SA-Gen] Bundel Nommer 2797

**Datum:** Wednesday, June 27, 2007

Daar is 23 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:

- 1a. Willemore From: Petronella
- 1b. Re: Willemore From: J van der Grijp
- 1c. Re: Willemore From: Petronella
- 1d. Re: Willemore From: Willeen Olivier
- 1e. Re: Willemore From: Jorge Estreux
- 1f. Re: Willemore From: Nardus Combrinck
- 1g. Re: Willemore From: Nardus Combrinck
- 1h. Willi-meri From: Paul Bosman
- 1i. Re: Willemore From: Petronella
- 1j. Re: Willi-meri From: Petronella
- 1k. Re: Willi-meri From: Petronella
- 1l. Re: Willi-meri From: Petronella
2. Sameul Zacharias Venter From: willieta
3. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 26 Junie 2007 From: P Marx
- 4a. Die weer From: Blikkies
- 4b. Re: Die weer From: Cathy
- 5a. Bankrotskap: Waar dit alles begin het From: Annelie Els
- 5b. Re: Bankrotskap: Waar dit alles begin he (vir Annelie Els) From: Charlie Els
6. [Koerant] The Mercury Dinsdag 26 Junie 2007 From: aletta magrieta.quebbemann

7. [Koerant] Berea Mail 29 Junie 2007 From: aletta magrieta.quebbemann
8. [KOERANT]VOLKSBLAD-Petrus-Steyn Familie From: E Teir
9. [KOERANT]BEELD-William Pretorius From: E Teir
10. [Koerant] Beeld 27 Junie 2007 From: Blikkies

Boodskap 1a. Willemore

Posted by: "Petronella" lalie@zatrade.com ldvpdt

Tue Jun 26, 2007 2:03 am (PST)

Hallo Almal

Weet enige iemant of daar n plek genaamd Willemore in die Kaap bestaan? Ek het rekords opgespoor van n prinsloo man wat lees "prinsloo gebore Willemore CP 1864" Ek is nie seker of dit n plek naam is en of dit dalk n vorige naam van die ou is nie.  
Willemore het blykbaar iets met Italianers te doen.

Groete

Lalie

Boodskap 1b. Re: Willemore  
Posted by: "J van der Grijp" wolfoffice@absamail.co.za jacquesvdg  
Tue Jun 26, 2007 3:05 am (PST)

Dag Lalie

Ek kry 'n Willowmore in Oos Kaap

Municipality: Baviaans Local Municipality  
District Municipality: Cacadu District Municipality

Willowmore Tourism Bureau

Willowmore

Phone number: 044-923-1998  
Fax number: 044-923-1998

Dis plus minus 150 km NE van Knysna

Groete

Jacques van der Grijp

Boodskap 1c. Re: Willemore  
Posted by: "Petronella" lalie@zatrade.com 1dvpdt  
Tue Jun 26, 2007 3:38 am (PST)

Vreeslik Dankie Jacques, dit maak nou sin.

Groete  
Lalie

Boodskap 1d. Re: Willemore

Posted by: "Willeen Olivier" Willeen.Olivier@gmail.com willempie5

Tue Jun 26, 2007 3:38 am (PST)

Lalie,

Dis Willomore, in die Oos-Kaap, op die grens van die Wes-Kaap, noord van Tsitsikamma.

Willeen

Willeen Olivier

Rooihuiskraal

Kotzé, van Wyk, Olivier, Bosman, en al hulle voorgeslagte ...

Boodskap 1e. Re: Willemore

Posted by: "Jorge Estreux" jorgeestreux@yahoo.co.uk jorgeestreux

Tue Jun 26, 2007 3:45 am (PST)

Lalie,

Kennis gee: Willowmoore, Hoofdorp van distrik met vliegveld, bushalte en stasie aan die spoor tussen Port Elizabeth en Kaapstad, en aan die pad tussen Uniondale en Aberdeen.  
Bev. 3873 (1973) 1038 Blank. 1830 m.b.s. Gestig in 1861 op die plaas Willow van William Moore. Munisipaliteit in 1884

Gert

Boodskap 1f. Re: Willemore  
Posted by: "Nardus Combrinck" 0728862338@vodamail.co.za  
Tue Jun 26, 2007 5:35 am (PST)

Lalie,

Ek weet nie presies watter paaie om te volg om daar te kom nie, maar ek weet dit lê aan die bokant van Baviaanskloof. My ouma het daar skoolgegaan. Die Karoodorp is vernoem na `n sekere William Moore. Kontak gerus vir Magriet Kruger op Sandvlakte in die kloof. Haar man Pieter is familie van William Moore. Terloops, die dorp se naam is Willomore.

[sandvlak@global.co.za](mailto:sandvlak@global.co.za)

Groete  
Nardus

Boodskap 1g. Re: Willemore  
Posted by: "Nardus Combrinck" 0728862338@vodamail.co.za  
Tue Jun 26, 2007 5:46 am (PST)

Lalie,

Ek weet nie presies watter paaie om te volg om daar te kom nie, maar ek weet dit lê aan die bokant van Baviaanskloof. My ouma het daar skoolgegaan. Die Karoodorp is vernoem na `n sekere William Moore. Kontak gerus vir Magriet Kruger op Sandvlakte in die kloof. Haar man Pieter is familie van William Moore. Terloops, die dorp se naam is Willomore.

[sandvlak@global.co.za](mailto:sandvlak@global.co.za)

Groete

Nardus

Boodskap 1h. Willi-meri  
Posted by: "Paul Bosman" pbosman@kleinfontein.net paul5016  
Tue Jun 26, 2007 7:55 am (PST)

Dagsê Gert

Waarvoor presies staan m.b.s.? Laat weet liewers maar so half direk asb.

Groetnis  
Paul D Bosman

---

my grootjies: BOSMAN X DE VILLIERS / VERSTER X DE KLERK / FROST X VON  
BENECKE / SYMINGTON X PIENAAR

Ria s'n: BURGER X MOSTERT / MOSTERT X BRAND / KRUGER X VORSTER /  
KUHN X

BREDENHAHN

Posbus 1787 Rayton 1001

Tel: 012 802 1009, sel: 082 851 4039, Faks: 0866 581829

<pbosman@kleinfontein.net> <http://myweb.absamail.co.za/paul.bosman/>

Boodskap 1i. Re: Willemore

Posted by: "Petronella" lalie@zatrade.com ldvpdt

Tue Jun 26, 2007 8:13 am (PST)

Dankie vir almal se waardevolle inligting en verwysings. Dit help skakel sommer baie draaie uit. Solomon Ignatius Wilhelm Prinsloo gebore op 3 Okt 1864 te Willowmore behoort seker iewers iewers op die prinsloo registers bestaan maar ek kry net n Salomon IW Prinsloo gebore op 10 Junie 1817. Hy het geen kinders gehad nie. Sal die Kerk of Munisipalitet in Willowmore meer inligting kan verskaf?

Groete

Lalie

Boodskap 1j. Re: Willi-meri

Posted by: "Petronella" lalie@zatrade.com ldvpdt

Tue Jun 26, 2007 8:14 am (PST)

Boodskap 1k. Re: Willi-meri

Posted by: "Petronella" lalie@zatrade.com ldvpdt

Tue Jun 26, 2007 8:15 am (PST)

Boodskap 11. Re: Willi-meri  
Posted by: "Petronella" lalie@zatrade.com 1dvpdt  
Tue Jun 26, 2007 8:22 am (PST)

Hallo Paul en Gert

Ek sou ook groot asb die inligting deel indien moontlik. Paul, ek sien jou van is Bosman en die enigste inligting wat ek mbt Barnards kan kry is dat hulle almal met Bosman getroud is (smile). Jy weet nie dalk iets van Hester Sofia Elizabeth Barnard wat oorlede is op 12 Maart 1920 nie? Sy was met die Prinsloo wat ek hieronder noem getroud.

Groete  
Lalie

Boodskap 2. Sameul Zacharias Venter  
Posted by: "willieta" willieta@xnets.co.za alwiette  
Tue Jun 26, 2007 12:06 pm (PST)

Goeienaand,

Het iemand dalk vir Sameul Zacharias Venter, wat geboer het op die plaas  
Taaiboschpoort, Petrusville tussen 1881 en 1915 op hul databasis?

groete,

Willieta de Swardt  
willieta@xnets.co.za

Boodskap 3. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 26 Junie 2007  
Posted by: "P Marx" geelhoutboom@intekom.co.za  
Tue Jun 26, 2007 12:52 pm (PST)

Geen berigte Maandag 25 Junie 2007

Sterfgevalle

BOTHA, Petra-Mia (GOOSEN). \*19/5/1972. +Saterdag 23 Junie 2007 op Kareedouw.  
Eggenoot, kinders. Begrafnisdiens Woensdag 27 Junie 2007 14:00 Victory Christian  
Church,  
Jeffreysbaai. Munisispale-begraafplaas, Jeffreysbaai. (Die Burger Oos-Kaap 26/06/2007)  
Reëlings: Bokkie Els AVBOB Humansdorp 042 291 1230

BÜCHNER, Carel Johan \*31/12/1936. +Sondag 24 Junie 2007 in Port Elizabeth.  
Eggenote,  
kinders, kleinkinders. Roudiens Donderdag 28 Junie 2007 14:30 NG Kerk, Da Gamaweg,  
Jeffreysbaai. Verassing privaat. (Die Burger Oos-Kaap 26/06/2007)  
Reëlings: Bokkie Els AVBOB Humansdorp 042 291 1230

BÜCHNER, Carel Johan. +31/12/35 (sic) +24/06/07. Ons treur oor ons broer. Hester,  
Ockie,  
Salomé, Jorrie, kinders en kleinkinders. (Die Burger Oos-Kaap 26/06/2007)

DU PLESSIS, Willem Burger (Willie). +Vrydag 22 Junie 2007 op Uitenhage. Linda,  
kinders,  
kleinkinders. Roudiens Dinsdag 26 Junie 2007 11:00 NG kerk Retief, Despatch.  
(Die Burger Oos-Kaap 26/06/2007) Reëlings: Esmé Groenewald AVBOB Despatch 041  
933 2039

POTGIETER, Mirtel. \*31/08/1929. +Sondag 24 Junie 2007 op Humansdorp. Kinders,  
kleinkinders.  
Dankdiens Donderdag 28 Junie 2007 14:30 NG kerk Moedergemeente, Humansdorp.  
(Die Burger Oos-Kaap 26/06/2007) Reëlings: Bokkie Els AVBOB Humansdorp 042 291  
1230

SPANGENBERG, Andries. +Woensdag 20 Junie 2007. Mientie, Kobus en familie.  
Begrafnisdiens  
Woensdag 27 Junie 2007 11:00 Volle Evangelie kerk, Van der Stelstraat, Kabegapark  
(P.E.)  
Forest Hill-begraafplaas. (Die Burger Oos-Kaap 26/06/2007)  
Reëlings: Alfred Jones AVBOB Port Elizabeth 041 484 2731

Dankbetuigings

VAN DEVENTER, Cor. +26 Mei 2007. Dankie aan almal vir ondersteuning en simpatie.  
Dankie aan dr. K. MAART en personeel; personeel Onkologie-afdeling van St. George's  
Hospitaal;

Dr Daan MALHERBE, dr. Sandra BASSON en hul personeel.

Jackie, Emile, Liesel, Cor (Jr.), Russel, Ilze en Arno. (Die Burger Oos-Kaap 26/06/2007)

Hester Marx Loerie Oos-Kaap

Boodskap 4a. Die weer

Posted by: "Blikkies" blikkies@mabonline.co.za blignautfanie

Tue Jun 26, 2007 2:45 pm (PST)

Naand Vriende,

Vir van u is dit nie iets snaaks nie, maar vir ons hier in Vanderbijlpark is die sneeu wat nou uitsak baie mooi. Dit val nou al vanaf 22:50 en lê al redelik dik op die grasperk.

Groete,

Fanie Blignaut,  
Vanderbijlpark

Boodskap 4b. Re: Die weer

Posted by: "Cathy" cathynu@bellsouth.net dickydube

Tue Jun 26, 2007 5:40 pm (PST)

Geniet die mooi witte wereld ..... maar ry tog baie versigtig en wees op die uitkyk vir ys op die paaie!!!

Groete,  
Cathy Nieuwoudt  
Birmingham  
V.S.A.

Boodskap 5a. Bankrotskap: Waar dit alles begin het  
Posted by: "Annelie Els" annelie@who-els.co.za engelkind2000  
Tue Jun 26, 2007 9:31 pm (PST)

Dag Medegeners,

Die het darem so `n bietjie met genealogie te doen. Het gedink julle sal dit ook waardeur.:))

Groetnis

Annelie.

Valhalla.

Subject: Bankrotskap: Waar dit alles begin het

"Dit het alles in 1961 begin toe die geldstelsel van ponden na rande verander het en my oortrokke bankrekening verdubbel het.

Ek was net besig om daaraan gewoond te raak, toe bring hulle kilogramme in die plek van ponden en onse en my oes verminder met die helfte.

Toe verander hulle die reëerval van duime na millimeter en ons het sedert daardie tyd nog nie weer 'n duim reën gehad nie. Wat doen hulle toe?

Bring 'n ding genaamd Celsius en die temperatuur daal met twintig grade. Geen wonder my mielies wil nie groei nie.

Asof dit nie genoeg was nie, verander hulle grond van morge na hektaar en my plaas se grootte verminder met die helfte van wat ek oorspronklik geërf het.

Dit is toe dat ek besluit om die plaas te verkoop.

En glo my. Ek het pas my plaas in die mark gesit, toe verander hulle myle na kilometer.

Nou is my plaas so vêr uit die dorp, dat niemand daarin belangstel nie!"

Boodskap 5b. Re: Bankrotskap: Waar dit alles begin he (vir Annelie Els)

Posted by: "Charlie Els" el55@mweb.co.za charlieels

Wed Jun 27, 2007 12:22 am (PST)

Oulik Annelie!

Dankie,  
CHARLIE

Boodskap 6. [Koerant] The Mercury Dinsdag 26 Junie 2007  
Posted by: "aletta magrieta.quebbemann" am.queb@mweb.co.za alettaqea9fac  
Tue Jun 26, 2007 10:47 pm (PST)

Naand vriende,

QUICKQUIP:- " Humans beings are the only creatures on Earth that allow their children to come back home. " Bill COSBY.

GEBOORTES:- BYALA Brian & Lisa 'n seun \* in New York. Kleinseun vir Merle & Monty.

COOKE Margaret & John en Gill & Don NICOL is grootouers vir 'n kleindogter gebore vir Louise & Andrew op 25/06/2007 in Kaapstad.

KELLY nee LYNSKY Alun & Cathrine 'n dogter Carys \* 24/06/2007 in Umhlanga Hospitaal. 1 st Kleinkind vir Brendy & Rory LYNSKY .

McALLISTER Lisa & James 'n seun Ewan James \* 23/06/2007 . Kleinkind vir Anne & Mike WEEDEN en Colleen & Fraser McALLISTER.

MEE nee OLDFIELD Richard & Amanda 'n dogter geen naam \* 22/06/2007 in London. Kleinkind vir Geoff & June.

ROGERS nee LAMBERT Adam & Sharon 'n dogter Hannah Madeline \* 21/06/2007 in Crompton Hospitaal. Suster vir Noah.

TURNER Raymond & Janet 'n dogter Chloe Jess \* 20/06/2007 by Westville Hospitaal.

WHITE Alan & Kerry 'n seun Julian Alan Colin \* 12/06/2007 in Westville Hospitaal.

VERLOWINGS:- BERNHARDT - SCHUTTE Wolf & Lucille se seun Warren aan Kayley .

CHATER -SCHREINER Basil & Jill se dogter Jennifer aan Lee, seun van Rene & Marion.

STUART Barry & Margie van Durban se jongste seun Mark aan Sarah ,oudste dogter van Andrew & Wendy VAN LINGEN van Temple Plaas, Middelburg in die Karoo.

DOOD:- BARRY John Kevin x Anne. Pa van Glenn, Tony , Trevor en Keith. Skoonpa van Lindy, Lynne en Mandy. Oupa van Nick, Kate, Jason, Justine, Kerri, Candice, Kirsty, Stephen, Shannon en Andrew. Broer en swaer van Peggy & fam.; Derek, Connie en familie, Peter & Gwen.

BOOYSEN Petra 23/11/1960 -----22/06/2007 Vrou en ma van Keith, Dustin en Penny. Memorial by Dutch Reform Church Umhlanga 28/06/2007 om 10.30 vm.

CALVERT Lorna + 23/06/2007 in Milldene Park 95 jaar oud. x + Victor. Ma van Colleen en Colin, Bennett en Bevin en + Barbara CALVERT. Ouma van Michelle en Cliff BELL, Gareth CALVERT. Memorial om 3nm 28/06/2007 in Milldene Park Saal Prospect Hall Rd.

CULVERWELL Victoria + 25/06/2007 . Nou saam met geliefde Bill. Ouma van Diane, Karen en Jacqueline.

DAVIES Gareth. Simpatie aan familie van Pizza Perfect Hoof Kantoor en personeel -Joe en George.

DAVIDSON Louisa + 23/06/2007 . Ma van Ester , Charles en Val. Gemis deur broer en suster en kleinkinders Debbie, Gail & Peter en agterkleinkinders Ryan, Robyn, Nicole en Dale.

FRANKS Edith + 24/06/2007 op ouderdom 79 jaar. x Cedric vir 51 jaar. Ma van Cedric, Daryl, Warwick en Greg.

GERING Prof. Leonard Judah + 25/06/2007. Pa van Michael, Richard en Paul. Begrafnis by Redhill begraafplaas Joodse afdeling 26/06/2007 om 11vm. Gebede om 5.30nm by 41 Bellevue Rd.

GOUWS Pieter Johannes Hendrik + 25 /06/2007.(Piet) x Hester . Pa van Pieter & Andriette, Suzette & Ronnie. Oupa van Annika, Lume en Louis. Memorial diens by The Church of Universal Minds Umbilo 29/06/2007 om 10vm. Verassing privaat.Ingesit deur DOVES.

HARPUR Elizabeth Petronella (Vicky) 27/09/1919 -----22/06/2007 in Nelspruit x + Ken. Ma van Courtney ,Judith en Gregory.

HOLM Robin Mark + 25/06/2007. Seun van Dolph & + Esma. Peetkind van Pat. Gemis deur tannie Loveday, Kathleen, Yvonne, Rosemarie en families.. Ook van Dolf en familie - Noyna, Jen, Di & Patsy TIBBS.

McLACHALN Cynthia + 23/06/2007.x Bill vir 55 jaar. Ma van Kim, Cassie en Gary. Ouma van Ryland en Warwick .Suster van Peter. Memorial by Frere Rd Presbyterian Kerk Glenwood 29/06/2007 om 9.30 vm.

NELSON nee SWART Belinda Angela + 22/06/2007 (tragies) na kort siekbed. Ma van Bruce. Suster van Anthony en Freddy. Dogter van Carol & George. Diens by Frere Rd Presbyterian Kerk Glenwood 28/06/2007 om 2nm.

PIENAAR Jacous Johannes + 23/06/2007 .Ingesit deur DOVES.

POPE Joan . Onthou deur John CRAWFORD en Dawn BROWN. Gabriel NOCK, Brenda SACKS en Lily HAMILTON. Ingesit deur OAKLEIGH.

RANDALL Geoff . Aan Shiela, Ryan, Jolene en Dennis ons simpatie van Mark & Anne PERRING.

SCHAR Walter. + 22/06/2007 ."Pa" van Shanene en Wally, skoonseun Warren en oupa van Cayleigh en Dylan. Dankie vir gelukkige herinneringe van Sylvia.

SMYTH Arlene + 22/06/2007. Simpatie aan Stewart, Andrea en Richard. Van Des, Linda, Tracey, Regina en Asha.

SPENCE nee BELL Cheryl Ann + 24/06/2007 x David . Ma van Bruce en Jack. Ook van Ma, WOLF en PENNO familie. Stiefdogter van Karen. Suster van Karen en Paula.. Memoriam by Broch Lodge ,haar tuiste in Richmond 28/06/2007 om 2nm. Ingesit deur OAKLEIGH.

THOROGOOD Yvonne + 21/06/2007 .Ma van Anne, Mark , Julia, Clare en Robin.Ouma van Sarah, Joanna, Richard, Emma, Dominique, Justin, Amy, Adrian, James, Alessandra, Rebecca, Paige, Sydney en Jesse. Requiem Mass by Our Lady Of Lourdes Katolieke Kerk Westville 27/06/2007 om 2.30nm.

THORRINGTON-SMITH Eric + 24/06/2007 [94 jaar] x Eileen (beste vriend vir 72 jaar en getroud vir 68) . Pa van Margaret, Peter ,Ann , David en + Mary.Oupa van 20 kleinkinders. en 5 agterkleinkinders.

VISSEER John Gill 26/08/1919 ----24/06/2007 x Magdelene.

WARNER nee PAYN Wendy May + 13/06/2007 . Sal gemis word deur Leigh ,Robyn, Paul, Gracie, familie en vriende. Privaat diens was 13/06/2007.

WEBSTER Phyllis Agnes x + Neville . Ma van Lynette, Pat, Jenny en Merle. Suster van June en Peter. Skoonma,ouma en oumagroot. Memorial by Church On The Move Malvern 27/06/2007 om 10vm. Ingesit deur DOVES.

WILLIAMS-ASHMAN Arnold Howard 21/12/1924 ----23/06/2007 x Joan. Pa van Susan, David en Lisa.

WILLIAMSON Anette Noel 1931 ----2007. Ma van Tracy, Ron, Kyle en Caitlynn.

YIANGOU Nitsa + 22/06/2007 in Durban x + Christo . Ma van George, Belinda, Christopher en Catherine. Ouma van Christopher ,Peter en Luke.

MEMORIAM:- DUNCAN Margot 27/06/1938 ----26/06/2002 .

DUTTON Edward .Onthou deur ma en familie.

GRANT Haydn James en  
VANDENBURG Holly Ann . Seun ,broer en vriendin van Curly, Jean, Robyn en Carol-Ann GRANT.

HOSKIN Cara 04/11/1982 -- 26/06/2002 .Onthou deur ouers en Grant.

LAYTON Maureen Anne 1905 ----2000 .Ma van Ronald.

MEYER Hank . 2 jaar dood nou. Onthou deur Judy en Sandra. Pa en oupa van Debi, Michelle en Richard.

PEARSON Lynne .7 jaar dood nou. Ma van Shane, Cheryl, Nikki Noo en Danny Doo.

ROHRS Grant . 11jaar dood nou. Seun van Dawn. Broer van Claire, Shaun. Ook onthou deur Leigh, Henrie, Kerri, Brandon en Jarred.

DANKIE:- BARTHOLOMEW Cherry Roland en familie bedank almal vir bydras na dood van Milton.

Gegroet uit nat Durban. Na gisterdag se rook in neming na die brand by die Seaboard , wat na ons toe gewaai het. En die Sonsopkoms was 'n gesig om te onthou Bloedrooi geskyn deur die rook newels. Amper gedink ek bly in die omgewing waar die besoedeling dik lae lê .

Rita Quebbemann

Boodskap 7. [Koerant] Berea Mail 29 Junie 2007  
Posted by: "aletta magrieta.quebbemann" am.queb@mweb.co.za alettaqe9fac  
Tue Jun 26, 2007 10:53 pm (PST)

Naand /more vriende ,

TROUES:- .JENKINS Craig x Lauren SETTERBERG by Manna , Marriot Rd Durban.

NORTIER Celeste x Patrick VOORMA by Under the Marula.

YATES Justin x Candice STEYTLER op die plesierboot Melody .

MOUAZER Rabah x Kirsty Anne REID x Durban Noord Presbyterian Kerk.

Gegroet

Aletta Magrieta QUEBBEMANN ( Rita)

15 Mt Royal ,

Dunkirk Place Umbilo

Durban. Suid Afrika

Ouers:- STEENKAMP /LOURENS

GROOTOUERS :-STEENKAMP/ SCHEEPERS

LOURENS /SWANEPOEL / VELDMAN

SKOONDOGTER: BOTHA /SWANEPOEL/ SMITH

Boodskap 8. [KOERANT]VOLKSBLAD-Petrus-Steyn Familie  
Posted by: "E Teir" patriot.afrikaans@elisanet.fi kerrieborrie  
Wed Jun 27, 2007 12:06 am (PST)

Dubbele tragedie tref Petrus Steyn-familie  
Jun 26 2007 10:35:44:120PM - (SA) VOLKSBLAD

Jana van der Merwe PETRUS STEYN. – ’n Tweede tragedie het ’n Vrystaatse gesin getref toe mev. Suzette Claasen (53) skielik aan ’n hartaanval oorlede is net ses dae ná die dood van haar man, die bekende leierboer mnr. Helgard Claasen (58).

Mev. Claasen het oor die naweek nog saam met haar dogter, mev. Marichen Gernstholtz (31) wat saam met haar man, Werner, van Kanada gekom het, haar man se begrafnis gereël – min wetend dat dit ook haar eie begrafnis sou wees.

Mev. Claasen se swaer, mnr. Petrus Claasen, sê sy het kort ná haar man se dood gesê: “Ek was so afhanklik van Helgard, dat ek voel dat ek deur sy longe asemgehaal het.”

Haar skoonsuster, mev. Ina Claasen, sê sy het haar as ’t ware doodgetreur.

Sy het sedert haar man se dood krampe op haar bors gekry en Maandag omstreeks 11:00 by haar skoonsuster gekla oor baie erge pyn op haar bors. ’n Mediese ondersoek het egter geen hartafwyking getoon nie.

Dinsdagoggend vroeg is sy tuis aan ’n hartaanval dood.

Die familie het besluit op ’n dubbele begrafnis, eerder as om die reëlings wat reeds getref is te kanselleer.

Mev. Claassen is toe gister om 11:00 in dieselfde graf as haar man op hul plaas, Paradys, by Petrus Steyn begrawe

Boodskap 9. [KOERANT]BEELD-William Pretorius  
Posted by: "E Teir" patriot.afrikaans@elisanet.fi kerrieborrie  
Wed Jun 27, 2007 12:14 am (PST)

Hartaanval eis skrywer William Pretorius  
Jun 26 2007 10:32:05:443PM - (SA) Beeld

Die rolprentresensent en skrywer William Pretorius (66), wat jare lank vir onder meer Beeld geskryf het, is gister aan 'n hartaanval dood.

Die akteur Tobie Cronjé, sy lewensmaat, het gesê Pretorius is omstreeks 00:30 dood.

Paramedici het hom in hul huis in Auckland Park, Johannesburg, dood verklaar.

“William het hoë bloeddruk gehad. Sy pa is op 'n baie jonger ouderdom dood aan 'n hartaanval. Hy was redelik onlangs by die dokter, maar dié het gesê sy bloeddruk is orraait.

“Hy het die afgelope twee weke pyn in sy arm gehad, maar die dokter het gesê dis 'n senuwee in sy pols wat vasgeknyp word. William was gister (eergister) by die fisio en het gesê hy voel baie beter. Die middag was dit weer erger en die aand nog erger. Hy kon nie slaap nie.

“Ek het in die nag gehoor hy roggel. Dit was binne 3 min. verby.”

Die Kaapse akademikus en skrywer Martin Botha, 'n jare lange vriend van Pretorius, het op sy blog geskryf Pretorius het in 1976 rolprentresensies en 'n boekblad vir Rapport begin skryf en tot 1993 daar gewerk.

Hy was vryskutskrywer vir die destydse Weekly Mail en vir Insig en die Suid-Afrikaanse uitgawe van die manstydskrif Penthouse. Hy was een van die stigter-skrywers van De Kat en boekredakteur van Vrye Weekblad in tydskrifvorm.

Hy sou 'n praatjie op die Na-sionale Kunstfees in Grahamstad lewer wat môre begin. Beeld het vroeër berig hy het aan die draaiboek vir die rolprentweergawe van Marlene van Niekerk se Triomf gewerk.

Cronjé het bygevoeg Pretorius “het onlangs 'n tweede loopbaan in klasgee ontdek”.

Hy was dosent in rolprentwaardering en draaiboekskryf aan Wits se rolprentskool in Johannesburg. “William het gister nog aan my gesê hy voel jammer vir mense wat sonder 'n flik nabij hulle grootword. Hy het met flikeks

grootgeword en as kind al die ou flieks gesien.”

Cronjé het gesê Pretorius was bekommerd oor die voorgestelde nuwe sensuurwetgewing en het gemaan dit sou ’n terugkeer na die apartheidjare wees.

Geen begrafnisreëlings is nog getref nie. – Jacques Liebenberg

Boodskap 10. [Koerant] Beeld 27 Junie 2007  
Posted by: "Blikkies" blikkies@mabonline.co.za blignautfanie  
Wed Jun 27, 2007 12:42 am (PST)

BLOEM; Roelf Jacobus, in lewe van Meyerton, distrik Vereeniging, Gauteng provinsie. Begrafnisdiens: Spadareen Kerk, Boltonwold, Vereeniging, 28/06/2007, 10:00 # Meyerton Begraafplaas. (Beeld – 27/06/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Vereeniging, 016-421-4054.

ERASMUS; Frederik Johannes, in lewe van Drie Riviere, Vereeniging, Gauteng provinsie. Begrafnisdiens: NH Kerk, Drie Riviere, 27/06/2007, 14:00 # Meyerton Begraafplaas, distrik Vereeniging. (Beeld – 27/06/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Vereeniging, 016-421-4054.

POTGIETER; Herculaaas Jacobus (Klasie) \* 08/05/1953 + 17/06/2007 te Luanda, Angola, voormalige offisier van die SAW. Vir besonderhede: 082-576-9982 Christa, 082-886-8108 Ester, 082-393-8505 Ansie of ansie.mienie@nwu.ac.za. Van bedroefde ouers {DS & Mevr} J L POTGIETER, families Christa, Jannie en kinders Malan & Cindy en Chrisna & Pieter, Ester en Hendrik, Ansie, Japie en kinders Marthinus, Jan en Anna-Mariéke. [Foto met berig]. (Beeld – 27/06/2007)

SLABBERT; Susanna Douwlina, in lewe van Umkommaas, Kwa-Zulu Natal provinsie. Begrafnisdiens: NG Kerk, Ontdekkers-Noord, Phillipslaan 19, Discovery, Roodepoort, 29/06/2007, 11:00 # Wespark Begraafplaas, Johannesburg. (Beeld – 27/06/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Roodepoort, 011-760-1158.

STEYN; Gert Petrus de Lange, in lewe van Pretoria. Begrafnisdiens: AGS Kerk, Pretoria-Noord, 27/06/2007, 13:00 # Zandfontein Begraafplaas, Pretoria. (Beeld – 27/06/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Pretoria-Noord, 012-565-4269.

VAN NIEKERK; Willem Petrus, in lewe van Randburg, Gauteng provinsie. Verassingsdiens: NG Kerk, h v Dover- en Vinestraat, Randburg, 28/06/2007, 11:00. (Beeld – 27/06/2007) Doves Begrafnisdienste, Braamfontein, Gauteng provinsie, 011-339-5967.

VAN WYK; Anita Louise, in lewe van Kempton Park, Gauteng provinsie. Begrafnisdiens: NG Kerk, Birchleigh, Kempton Park , 28/06/2007, 11:00 # Zuurfontein Begraafplaas, Kempton Park. (Beeld – 27/06/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Kempton Park, 011-975-5845.

WILKEN; Wilkie. Begrafnisdiens: NH Kerk, Primrose, h v Plutostraat & Castorstraat, Germiston, Gauteng provinsie, 29/06/2007, 13:00 # Elspark Begraafplaas, Germiston. Kontak: 011-828-2037. (Beeld – 27/06/2007)

Groete,

Fanie Blignaut,  
Vanderbijlpark,  
Gauteng provinsie.  
[blikkies@mabonline.co.za](mailto:blikkies@mabonline.co.za).

**Onderwerp:** [SA-Gen] Bundel Nommer 2798

**Datum:** Thursday, June 28, 2007

Daar is 25 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:

1. [koerant] Die Republikein Woensdag, 27 Junie 2007 From: Louis Olivier
- 2a. Familie Navorsers en begraafplaas inligting From: Barry Kruger
- 2b. Re: Familie Navorsers en begraafplaas inligting From: Francois Greeff
- 3a. Genealogie - Familienavorsing From: Barry Kruger
- 3b. Re: Genealogie - Familienavorsing From: Ernest Bessinger
- 3c. Re: Genealogie - Familienavorsing From: Eben Vorster
4. Familie navorsers & begraafplaas inligting From: Philip Malherbe
- 5a. Doel met ons genealogie From: Jean lr Roux
6. Britse Argiewe - Kew From: Karel Marais
- 7a. De Beer From: anita\_slabbert
- 7b. Re: De Beer From: rvanzijl@comcast.net
8. [Koerant] Bylae - Die Burger Oos-Kaap 27 Junie 2007 From: P Marx
- 9a. Re: Die weer From: Ann Tiran
10. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 27 Junie 2007 From: P Marx
11. Geboorte Sertifikate From: André du Plessis
12. VENTER / LILLICO From: jlancaster
- 13a. Malherbe From: Philip Malherbe
- 13b. Re: Malherbe From: barkerma barker
14. TAB OPSOEK ASSBLIEF From: vonlocherenberg

15a. FW: [SA-Gen] Geboorte Sertifikate From: Annelie Els

15b. RE : FW: [SA-Gen] Geboorte Sertifikate From: MontXsuZ-point-ca

15c. Re: FW: [SA-Gen] Geboorte Sertifikate From: Adélle Jerling

16. [Koerant] The Mercury Woensdag 27 Junie 2007 From: aletta magrieta.quebbemann

17. [Koerant] The Mercury Woensdag 27Junie 2007 From: aletta magrieta.quebbemann

18. [Koerant] Beeld 28 Junie 2007 From: Blikkies

Boodskap 1. [koerant] Die Republikein Woensdag, 27 Junie 2007  
Posted by: "Louis Olivier" lm.olivier@gmail.com olivierc09  
Wed Jun 27, 2007 4:18 am (PST)

Rus sterf in ongeluk met koedoe

\*€ 'µ Des Erasmus\*

LEONID Stoupenker, Karibib se vriendelike Rus, is dood. Die internasional bekende kunstenaar het Maandagaand om tien minute vo or middernag gesterf toe sy motor 15 km van sy huis 'n koedoe tussen Okahandja en Karibib getref het.

Die gewilde ontwerper, goudsmid, juweel- en ornamentmaker se werkplek was aan die buitewyke van Karibib. Ondanks sy nederige bestaan was hy die vriend van vorste en prinse met van sy werk wat in paleise dwarsdeur die w€êreld staan. Hy was 'n kenner van Namibië en se edelstene en 'n vriend van die Erongo-streek se bestaansmyners.

Op die gebied van meubels het sy internasionale deurbraak met stoele en tafels met die horings van Namibiese wildsbokke gekom. Vir afwerking het Leonid gebreide wildsvelle en vir die houtwerk dolfhout met die kerwerskuns van Kavango gebruik.

Voor sy verhuis na Namibië en in 1995 het hy in Rusland roem verwerf met 'n ontwerp wat as slot vir kapsules van Russiese ruimtuie gedien het.

In Rusland was Leonid getroud en die vader van 'n seun en 'n dogter. N€é á 'n egskeiding het hy alleen na Namibië en gekom. Sy vrou is 'n mediese dokter en 'n dosent aan die Universiteit van Moskou.

Leonid was 'n paar weke gelede in Rusland om by sy mense te kuier, min wetend dat dit sy afskeidsreis was.

'n Taalprobleem het gister ontstaan toe sy naasbestaandes in Rusland van sy dood in kennis gestel moes word. Een van sy vriende en mede-Rus in Namibië en is dr. Yuris Wassing van Oshakati. Met hom is geskakel om aan Leonid se mense te vertel wat net voor middernag in die swart motor net buite Karibib gebeur het.

--

Linda & Louis Olivier  
Pretoria 0128031028  
lm.olivier@gmail.com  
lindaoli4@gmail.com  
Olivier, Coetzee, Swart, du Plooy

Boodskap 2a. Familie Navorsers en begraafplaas inligting  
Posted by: "Barry Kruger" [barrykruger@krug erfam.com](mailto:barrykruger@krug erfam.com) barrykruger  
Wed Jun 27, 2007 5:50 am (PST)

Beste Johan,

Ek doen navorsing oor die hele Kruger familie.

Groete  
Barry Kruger

e-pos: [barrykruger@krug erfam.com](mailto:barrykruger@krug erfam.com)  
web: [www.krug erfam.com](http://www.krug erfam.com)

Boodskap 2b. Re: Familie Navorsers en begraafplaas inligting  
Posted by: "Francois Greeff" Goodgreeff@hiddencode.co.uk francoisgreeff  
Wed Jun 27, 2007 3:05 pm (PST)

Hello Barry,

Klik op die skakel om al die Krugers op my webblad te sien:

<http://www.greeff.info/search.php?tree=-x--all--x-&lnqualify=contains&mylastname=kruger&fnqualify=contains&myfirstname=&idqualify>equals&mypersonid=&bpqualify=contains&mybirthplace=&byqualify=&mybirthyear=&cpqualify=contains&myaltbirthplace=&cyqualify=&myaltbirthyear=&dpqualify=contains&mydeathplace=&dyqualify=&mydeathyear=&brpqualify=contains&myburialplace=&bryqualify=&myburialyear=&spqualify=contains&mysplname=&mybool=AND>

Groete,  
Francois Greeff  
[www.Greeff.info](http://www.Greeff.info)  
[www.Hiddencode.co.uk](http://www.Hiddencode.co.uk)  
0044 20 8543 6966 (Home)  
0044 79 6372 2345 (Mobile)  
Skype: Greefffrancois

Boodskap 3a. Genealogie - Familienavorsing

Posted by: "Barry Kruger" barrykruger@krugerfam.com barrykruger

Wed Jun 27, 2007 6:05 am (PST)

Beste Ursulah & ander,

>Ek dink een van die grootse uitlatings is:

>Doen ek "Genealogie" of "Familie" navorsing? En, wat is die verskil?

Dankie vir die vraag, ek neem dit in die lys van vrae op.

Ek dink genealoe" weet hulle jok oor hulle beroemde voorouers terwyl familienavorsers dit nog moet uitvind, of is dit nou anders om ;-)

Barry Kruger

Boodskap 3b. Re: Genealogie - Familienavorsing  
Posted by: "Ernest Bessinger" ernestbes@telkomsa.net ernest\_bessinger  
Wed Jun 27, 2007 10:24 am (PST)

Barry,

Nog een wat ek vergeet het: wat is pleknaam en hoe moet dit omskryf of genoteer word. In Amerika stel hulle voor dat mens begin met dorp, streek, provinsie (of soortgelyk), land. Met kommas tussen in. Fisiese adresse kan as notas omskryf word. In Suid Afrika debatteer ons net of dit soos in die ou dae of nuwe name moet wees? Moet die plaasnaam in streek, distrik of net dorp genoteer word? Ens. Is plekname belangrik? Moet 'n pleknaam 'n kerknaamwees, of moet dit 'n nota wees?

Opvolgende is dat indien daar 'n doop item is moet dit opgevolg word met 'n godsdiensverband item?

Groete  
Ernest  
Waterpoort

Boodskap 3c. Re: Genealogie - Familienavorsing  
Posted by: "Eben Vorster" ebenlouisvorster@gmail.com ebenlouisvorster  
Wed Jun 27, 2007 1:01 pm (PST)

Ek maak altyd n punt daarvan om die ou name te gebruik. Ek dink dis beter so. Sit tussen hakies die nuwe plekname.

Eben Louis Vorster  
Cell: +27 82 313 3902  
Address: 91 Dublinstreet  
Kenmare ext 4  
Krugersdorp  
1739

Boodskap 4. Familie navorsers & begraafplaas inligting

Posted by: "Philip Malherbe" malherbep@mweb.co.za malherbephilip

Wed Jun 27, 2007 9:33 am (PST)

Beste Johan

Ek doen navorsing tov die aanvulling betreffende die Stamregister van die Malherbes in Suid-Afrika deur GH Malherbe wat in 1974 verskyn het.

Vriendelike groete

Philip Malherbe

e-pos: malherbep@mweb.co.za

Boodskap 5a. Doel met ons genealogie

Posted by: "Jean lr Roux" jean\_leroux@wcaccess.co.za

Wed Jun 27, 2007 10:15 am (PST)

Nardus,

Mens kan jouself net ken as jy jou voorouers en diegene wat jou opgevoed het, goed ken.  
Daarom beoefen ek genealeogie - en met so min woorde as moontlik oor bysake.

Vriendelike Groete.

Jean le Roux Paarl.

Boodskap 6. Britse Argiewe - Kew

Posted by: "Karel Marais" turando101@yahoo.com turando101

Wed Jun 27, 2007 10:50 am (PST)

Lysteraars,

Daar is baie internasionale persone op die lys en ek will graag 'n beroep doen op enige perosne, op die lys, wat in Britanje woon en moontlik van tyd tot tyd navorsing by Kew doen om my te kontak.

Groetnis,

Karel Marais

Boodskap 7a. De Beer

Posted by: "anita\_slabbert" anita\_slabbert@yahoo.com anita\_slabbert

Wed Jun 27, 2007 11:18 am (PST)

Dag Lyslede

Is daar dalk iemand wat vir my kan kyk in die "de Beer" gedeelte van SAG, blykbaar p722. My ouma, sy was Maria Magdalena de beer gebore 16/12/1898 en gedoop pta NG Kerk 2/3/1899. Wie was haar ouers en broers en susters?

Ek sal dit baie waardeer.

Dankie

Anita

Melkbosstrand

Boodskap 7b. Re: De Beer

Posted by: "rvanzijl@comcast.net" rvanzijl@comcast.net rvanzijl

Wed Jun 27, 2007 12:45 pm (PST)

Hallo Anita

SAG 1 het nie 722 bladsye nie - is jy ook seker van die geboorte datum van jou ouma?

Daar is heelwat Maria Magdalenas in die de Beers

Groete

Richard van Zijl

Boodskap 8. [Koerant] Bylae - Die Burger Oos-Kaap 27 Junie 2007  
Posted by: "P Marx" geelhoutboom@intekom.co.za  
Wed Jun 27, 2007 12:06 pm (PST)

Berigte by troufotos in Leefstyl - bylae tot Die Burger 27Junie 2007

Gerhard ZEELIE en Benadette TAIT is p 14 April by Hamiltons getroud.  
Hulle woon nou op Despatch. Foto: Melissa ANDERSON

Rika LÖÖTTER het op 19 Desember 2006 in die Mentorskraal-kapel op Jeffreysbaai met Freddie VAN DER WIJK getrou. FOTO: André HARDING

Dylan WIGHTMAN en Ilona SMIT is op 14 April 2007 in Plumbago Hills in die eg verbind.

Rudie SWANEPOEL en Jodie NEL is op 31 Maart in die huwelik bevestig. Die onthaal is in Plumbago Hills gehou. Foto Darren JOHN

Adeline HAASBROEK en Steven VELTHUYSEN is op 17 Maart in The Plantation getroud.

Foto Quinton SWANEPOEL

Hester Marx Loerie Oos-Kaap

Boodskap 9a. Re: Die weer

Posted by: "Ann Tiran" [anntiran@polka.co.za](mailto:anntiran@polka.co.za)

Wed Jun 27, 2007 12:12 pm (PST)

Hullo Fanie..my sus het laat weet dat hulle buitekant in die sneeu gaan SPEEL! Verbeel jou die tyd van die nag!!!!

Wens ek kon dit met julle deel€!'¥ek is mal oor sneeu!

Groete

Annatjie

Boodskap 10. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 27 Junie 2007  
Posted by: "P Marx" geelhoutboom@intekom.co.za  
Wed Jun 27, 2007 12:17 pm (PST)

Sterfgevalle  
GOOSEN, Frikkie. 81 jaar. Van Fort Beaufort. +Maandag 25 Junie 2007. Begrafnis  
Saterdag 30 Junie 2007  
14:00 NG Kerk, Fort Beaufort. Fort Beaufort-begraafplaas. (Die Burger Oos-Kaap  
27/06/2007)  
Von der Decken Begrafnisdienste Fort Beaufort 046 645 2430

SMITH, Hans Jurie Botha (Smittie). +Vrydag 22 Junie 2007 op Despatch. Nita, kinders  
en kleinkinders.  
Roudiens Woensdag 27 Junie 2007 13:00 NG kerk Despatch-Suid. (Die Burger Oos-  
Kaap 27/06/2007)  
Reëls: Esmé Groenewald AVBOB Despatch 041 933 2039

VAN DER MERWE, Joseph (Joey). +Maandag 25 Junie 2007. Marthina, Siegfried,  
Christene, Chantel,  
Jacques en Zieg. Begrafnisdienst Donderdag 28 Junie 2007 14:00 NG Kerk, Jansenville.  
(Die Burger Oos-Kaap 27/06/2007)

Dankbetygings  
MÜLLER, Stefan. Dankie vir ondersteuning en simpatie. Baby, Annemari, Stef-mari  
en Marelike MÜLLER.  
(Die Burger Oos-Kaap 27/06/2007)

Hester Marx Loerie Oos-Kaap

Boodskap 11. Geboorte Sertifikate  
Posted by: "André du Plessis" [duplesaj@yahoo.com](mailto:duplesaj@yahoo.com) duplesaj  
Wed Jun 27, 2007 12:38 pm (PST)

Naand lede,

Is daar miskien iemand wat my kan vertel wat ek moet doen om 'n afskrif van my moeder se geboorte sertifikaat te kry?

Waar gaan ek dit bestel?

Hoe lank neem dit?

Wat kos dit?

Word dit gepos?

Kan enige persoon, enige ander persoon se sertifikaat aanvra?

Dui dit die ouers se name aan?

Dankie en groete....

André du Plessis

Centurion

Boodskap 12. VENTER / LILLICO

Posted by: "jlancaster" jlancaster@telkomsa.net jonneltelancaster

Wed Jun 27, 2007 12:45 pm (PST)

Hello

Het enige iemand 'n Jennifer LILLICO dogter van James LILLICO wat met 'n VENTER getroud was. 'n "elderly" Skots is opsoek na die kinders van sy oom se kinders.

As iemand kan hulp laat my asb weet

Looking for:

England: AYRES; DENWOOD; DODGSON; HEILBUTH; LANCASTER;

MITCHELL; PYE;

SHERLOCK; TERRY; VIPOND

Switzerland: GLAUS

South Africa: BOERS; CANHAM; DONALDSON; FENSKE; FERNIS; GLAUS;

HEILBUTH;

LANCASTER; REYNEKE; STANDLEY; TERRY; VAN STADEN;

Scotland: CALDER; DAVIDSON; DONALDSON; SCOTT; SIMMERS; SYMMERS;

Mauritius: CANHAM; ESCOFFIER; POUINET; REID; STANDLEY;

Boodskap 13a. Malherbe

Posted by: "Philip Malherbe" malherbep@mweb.co.za malherbephilip  
Wed Jun 27, 2007 1:10 pm (PST)

Hi Mark

Die volgende data oor die Malherbe's is verkry uit die Stamregister van die Malherbes in Suid-Afrika. 1974. GH Malherbe.

- = Pierre (Pieter) Malherbe gebore 6\9\1695; gedoop 25\9\1695 Drakenstein (Paarl); oorlede (plek onbekend) waarskynlik 1756.
- = Petrus Johannes Malherbe gedoop 16\10\1785 Paarl. Oorlede 14\10\1850 op sy erfplaas Driehoeksfontein Murraysburg.
- = Petrus Johannes Malherbe gebore Franschoek, gedoop 27\12\1807 Paarl (waarom sy tweede naam Johannes is en nie Jacobus nie kon nie uitgevind word nie, aangesien hy sy pa Petrus Jacobus se eerste en oudste seun was). Sterfdatum en sterfplek onbekend. Het 16 kinders by sy tweede eggenote gehad (Hendrina Elizabeth le Riche) sy jongste kind is 36 jr na die 1ste kind gebore toe die pa 61jr oud was.
- = Ongelukkig het die Stamregister van die Malherbes, 1974, geen foto's in nie. Ek merk op dat Philippus Albertus gebore 20\3\1838 gedoop 13\5\1838 Paarl op 10\11\1863 'n deel van die plaas 'La Terre du Luc" in Franschoek gekoop het en dat hy op 1\1\1861 met Hester Petronella le Roux getroud is. Hul eerste kind Hester Petronella Wilhelmina gebore 30\10\1861 gedoop 17\11\1861 Franschoek, getroud 28\11\1882 op Franschoek met Jacobus Johannes Muller. Na die 2de Vryheidsoorlog is hy na Transvaal en boer op Eikenhof Jacksondrift, waar sy vrou in 1939 oorlede en begrawe is.

Vriendelike groete, ek sien ons is vannag -4 op Potch.

Philip Malherbe

Boodskap 13b. Re: Malherbe

Posted by: "barkerma barker" barkermaenator@gmail.com

Wed Jun 27, 2007 9:54 pm (PST)

More Philip - hoop jy kan 'n bietjie inligting met jul -4 !!!!!! Baie dankie vir antwoord en inligting. Ek wil net oor een punt sekerheid kry - jy sê "Het 16 kinders by sy tweede eggenote gehad (Hendrina Elizabeth le Riche) sy jongste kind is 36 jr na die 1ste kind gebore toe die pa 61jr oud was. " Ek het dit dat hy 7 kinders met eerste vrou (Pepler) gehad het en 9 met tweede vrou?

vriendelike groete

Mark Barker

MARK A BARKER

P R E T O R I A

Boodskap 14. TAB OPSOEK ASSBLIEF  
Posted by: "vonlocherenberg" susan.linde@absamail.co.za vonlocherenberg  
Wed Jun 27, 2007 1:11 pm (PST)

Is daar enige lyslede wat vir my die volgende opsoek kan doen asseblief

DEPOT

TAB

SOURCE

MHG

TYPE

LEER

VOLUME\_NO

0

SYSTEM

01

REFERENCE

6682

PART

1

DESCRIPTION VAN LOGGERENBERG, JOSEF

HENDRIKUS.

STARTING

00000000

ENDING

00000000

REMARKS SURVIVING SPOUSE ALETTA SOPHIA (BORN VENTER

Dankie

Groete

SUSAN

susan.linde@absamail.co.za

Boodskap 15a. FW: [SA-Gen] Geboorte Sertifikate  
Posted by: "Annelie Els" annelie@who-els.co.za engelkind2000  
Wed Jun 27, 2007 10:08 pm (PST)

Hallo Medegeners,

Antwoord die vraag asseblief op die lys. Ek soek ook die antwoord.

Dankie byvoorbaat

Groetnis

Annelie.

Valhalla.

Boodskap 15b. RE : FW: [SA-Gen] Geboorte Sertifikate  
Posted by: "MontXsuZ-point-ca" montxsuz@yahoo.com montxsuz  
Wed Jun 27, 2007 11:16 pm (PST)

Goeie more

Lede in die buiteland kan Geboortesertifikate, Trousertifikate, Doodsertifikate (NIE Doodskennise nie) bestel van hulle plaaslike ambassade af. Hier by ons in Kanada vra hulle \$10 per dokument. Vorms is op die ambassade webwerf beskikbaar.

Geboortesertifikate duï gewoonlik die ouers se name datums en geboorteplekke aan (seker indien beskikbaar). Jy moet 'n rede op die vorm aangee waarom jy die sertifikaat bestel, en ek neem aan dat hulle net jou familielede se sertifikate sal gee. Jy moet ook die persoon se identiteits nommer (of Birth Entry Number) op die vorm aangee, asook geboorteplek, en natuurlik volle naam en geboortedatum. Hulle pos die dokument (kopie) aan jou.

Moenie die verkorte weergawe aanvra nie- die volle (unabridged) weergawe is meer bruikbaar.

Ek sien julle is albei in Suid-Afrika, ek het nie 'n antwoord vir SA nie - maar bogenoemde vorms het die Department of Home Affairs se wapen op, so jy kan seker na jou plaaslike tak toe ry...

Groete  
Christo van Rensburg

Boodskap 15c. Re: FW: [SA-Gen] Geboorte Sertifikate  
Posted by: "Adélle Jerling" cool2bsafe@yahoo.com senekalgen  
Thu Jun 28, 2007 12:05 am (PST)

Hallo almal;

Ek weet nie of die inligting wat ek gekry het enige iemand sal kan help nie, maar "here goes"!

Ek het ons plaaslike Binnelandse Sake geskakel en hulle antwoord dat jy vir enige familielid se geboorte/huweliks/doodsertifikaat mag aansoek doen solank jy die ID nommer het! Vir die verkorte weergawes kos dit 10.00 per sertifikaat en dan kry mens 'n vollediger weergawe van aldrie die dokumente wat 50.00 kos. Ek het ook gevra of die stelsel mens terugwerkende adresse gee. Die dame het my 'n nommer in PTA gegee wat mens skakel en daar kan jy vra vir leiding oor hoe jy toegang tot hierdie vertroulike inligting kan bekom. Dit is 0800 6011 90. Ek hoop regtig dit help iemand?

Lekker dag  
Adélle

Boodskap 16. [Koerant] The Mercury Woensdag 27 Junie 2007  
Posted by: "aletta magrieta.quebbemann" am.queb@mweb.co.za alettaqea9fac  
Wed Jun 27, 2007 10:33 pm (PST)

Dag vriende,

QUICKQUIP:- " A rattlesnake that doesn't bite teaches you nothing. " Jessamyn WEST.

GEBOORTES:- ATKINSON nee LAKE Katherine & Andrew 'n dogter Emma Chloe \*  
25/06/2007 . Kleinkind vir Viv & Derek.

LOCK Brendan & Tash 'n seun Nathan \* 22/06/2007 in Port Elizabeth.

MURRAY nee BALLANTYNE Richard & Bronwyn 'n dogter Rielly Sophia Tyne \*  
26/06/2007 in London. Suster vir Ben. Kleinkind vir Pat MURRAY en Miller & Meryl  
BALLANTYNE..

VERLOWINGS:- BASSON €¢â' Barbara & €¢â' Ernest se dogter Brenda aan Kyle,  
seun van Beverley & Clive NICOSIA.

HOSKING -VINCENT Brian & Sheryl en Allan & Lyn se kinders Tamlyn an Brad is  
verloof .

INGRAM - CAMON Daryn aan Tracy.

PICKEN Pam en Antony & Mary YOELL se kinders Guy aan Sandy.

VERREYNE LABELLE Tommy aan Lee-Anne.

DOOD:- ALLEBONE Jennifer Elizabeth €¢â' 24/06/2007 .Simpatie aan Mike en  
familie. Van Reinhold en Laurel, The Forest Hills Atletiek Club. Begrafnis by St  
Dominic's Katolieke Kerk Hillcrest 30/06/2007 om 10vm.Ingesit deur DOVES.

BLAIR Hettie 14/11/1924 -----26/06/2007. Ma,skoonma en ouma.

BLORE Richard €¢â' 24/06/2007 x Diana. Pa van Peter & Meryl, Walter & Sharon,  
Graeme & Colette en oupa van Brendan, Tracy, Craig, Nicola, Richard, Megan, Martin,  
Mark, Robyn en Jennifer. Begrafnis by St Lukes Anglikaanse Kerk Swartberg  
29/06/2007 om 11 vm.

CASTELING Harold (Harry) 17/05/1946 25/06/2007 x Rosalind . Pa van Brodwyn x  
Dean en Natasha x Adam . Oupa van Jade en Troy. Begrafnis by Methodiste Kerk Bartle  
Rd Umbilo 29/06/2007 om 2nm . Verassing privaat.

CALVERT Lorna Irene 30/03/1912 ----23/06/2007 .( Res soo Mercury 26 Junie).

CUNNINGHAM Sue 01/12/1938 -----25/06/2007 x John . Ma en skoonma van Lynne & Martin, Debra & Gerard, Barry & Lindy. Ouma van Gareth, Chantal en Cuan, Marcel, Bridget en Melanie. Memorial by Die Nuwe Apostel Kerk Pinetown 29/06/2007 om 2 nm. Verassing privaat. Ingesit deur DOVES.

DENNEWILL Ilka 19/08/1953 -----22/06/2007. metgesel en ma van Axel, Juaki, Garth, Neil en Waxi. Betreuer deur Tilli, Fabry, Franz en Lyn, Marianne Van De MEER en fam. ook Jo LAWS. Simpatie aan Axel en Juanita. Begrafnis by Lady of Fatima Durban Noord 28/06/2007 om 3.30 nm. Ingesit deur OAKLEIGH.

DRUMMOND Iris €¢â’ 25/06/2007 .Ingesit deur DOVES.

DE JAGER Gertruida Francina. Begrafnis 29/06/2007 by Frere Rd Presbyterian Kerk Glenwood om 11 vm.

JUSELIUS Annie €¢â’ 25/06/2007 Ingesit deur DOVES .

KUSEL Denis Robert 31/10/1923 -----26/06/2007. in Paarl x Elaine. Pa van Roy en Katie, Brian en Lyn en Denise en Tony. Oupa van Nicole, Lauren, Justin en Sean en Katie se kinders Christopher en Georgina. Private Memorial.

LANGTON Trevor (Bubs) €¢â’ 25/06/2007 x Annie. Pa van Janine. Vriend van Tish en familie.

MAZZONI Yvonne 14/06/1936 ----23/06/2007 x Jules. Ma van Louise ,ouma van Perry Mae.,Ma van Graham ,Gina, David, Wade, Sam en Taygan. Memorial by Methodiste Kerk Northdene 29/06/2007 om 11vm.

McLACHLAN Cynthia {dis 'n korreksie van Van, my fout, jammer] €¢â’ 23/06/2007. x Bill.

McKENZIE Robertson Doris.13/05/1915 ----24/06/2007 . Ma van Ian & Steph, Garth & Bernice, Donald & Peta.Ouma en oumagroot.Memorial by die Baptiste Kerk Westville 29/06/2007 om 10vm.

OFFERMAN Leon €¢â’ 23/06/2007 x Hazel. Pa van Rolph & Trish, Peter & Tracey, Karl & Nicole, Heidi & Kevin. Oupa van Alyssa en Luke. Memorial 30/06/2007 b The Kingdom Hall of Jehovah's Witnesse's New Germany. Ingesit deur AVBOB.

PEEL Robert John x Nora. Pa oupa en oupagroot . Begrafnis by The Church of Good Sheperd Durban Noord 28/06/2007 om 2nm. Ingesit deur DOVES.

PIENAAR Jacobus Johannes (Koos) x Anne. Pa en oupa . Begrafnis by DOVES Greyville 29/06/2007 om 2nm. Verassing met net familie.

REDMAN Rita Stella Amelia €¢â’ 26/06/2007 .Ma van Brenda, Shaun en Craig.  
Begrafnis by DOVES Greyville 29/06/2007 om 12 middag.Ingesit deur DOVES.

VAN WILLINGH Neville Charles 08/12/1930 ----25/06/2007 .Man,pa en oupa van Avril, Michele , Jeremy, Diane en familie. Memorial by Hillcrest Christian Fellowship ,Green Meadow Lane .Hillcrest 29/06/2007 om 10vm Verassing privat. Ingesit deur OAKLEIGH.

VISSEER John Gill Moth Begrafnis by All Saints Anglikaanse Kerk Maidstone -Upper Tongaat. 29/06/2007.Ingesit deur DOVES.

WADDEL Ian Alexander (snr) €¢â’ 25/06/2007.Man pa en oupa van Marion, Neal, Liana, Ian jnr. Cameron en Oliver. Ingesit deur DOVES. Begrafnis by Kloof Baptiste Kerk Kloof. 29/06/2007 om 11 vm.

MEMORIAM:- CHELIN Mady.1 jaar dood nou. Ma van Anne-Marie, Josiane, Norma, Jacques, Ann-Maree & Freddy.

DAVIES Robbie-Dee 09/07/1947----27/06/2006. Pa en oupa van Sharon & Lance, Warren & Jenny, oupa van Bradley en Jenna, Tegan en Kyle.

FRESHWATER Patricia Theresa €¢â’ 27/06/2006. Onthou deur Charles, David, Gregory, Angela en Zoe.

HOUAREAU Muriel €¢â’ 27/06 2006. Ma van Suzanne, Colin, Tanya en Ila. Suster van Deds, Chris, Mags, Dj, Dave en seuns, Guy en families.

JOSEPH Bernard. 5 jaar dood nou. Onthou deur vrou ,kinders en kleinkinders. Ook Joe ABRAHAMS.

LAING Bruce €¢â’ 27/06/1999 Ingesit deur familie.

NUTTALL Carol .Ma van Geoff, Amanda, Rosalind en Alastair.

RALPH John €¢â’ 27/06/1996. Ingesit deur familie.

Gegroet uit Koue Durban. Net jammer ons kry nie ook so 'n bietjie sneeu nie maar blykbaar was Hammerdale vandag ook wit{ volgens 'n sekuriteitswag by ons. Of hy gerap het weet ek nie?}.

Aletta Magrieta QUEBBEMANN ( Rita)

15 Mt Royal ,

Dunkirk Place Umbilo

Durban. Suid Afrika

Ouers:- STEENKAMP /LOURENS

GROOTOUERS :-STEENKAMP/ SCHEEPERS

LOURENS /SWANEPOEL / VELDMAN

SKOONDOGTER: BOTHA /SWANEPOEL/ SMITH

Boodskap 17. [Koerant] The Mercury Woensdag 27Junie 2007  
Posted by: "aletta magrieta.quebbemann" am.queb@mweb.co.za alettaquea9fac  
Wed Jun 27, 2007 10:33 pm (PST)

Dag vriende,

HUWELIKE:- Hier is geen daums by .Dis net Junie Huweliike.

Olivia RAVENSCROFT x Ryan BAILY by Kloof Country Club .

ORD Catherine en Bruce MARTIN by Frere Rd Presbyterian Kerk. Durban.

BAXTER Kate en Dave GASH by Makaranga Garden Lodge.

HELMBOLD Tammy en Peter CASTLEDEN in Stellenbosch.

JARVIS Angela en Hilton DRIVER by Kloof Methoodiste Kerk.

NIEBUHR Astrid en Selwyn MULLER in Luneburg Paulpietersburg.

HOWARD Eloise en Pey GELDENHUYSEN by St Lukes ,Glenashley.

Groete ,  
Rita Quebemann

Boodskap 18. [Koerant] Beeld 28 Junie 2007  
Posted by: "Blikkies" blikkies@mabonline.co.za blignautfanie  
Thu Jun 28, 2007 12:16 am (PST)

GREYLING; Johannes Jacobus (85), in lewe van Pretoria. Verassingsdiens:  
Sungardens Hospice Kapel, 29/06/2007, 10:00. (Beeld - 28/06/2007) AVBOB  
Begrafnisdienste, Pretoria-Oos, 012-460-3745.

LOMBARD; Hendrina Cecilia, in lewe van Germiston, Gauteng provinsie.  
Begrafnisdienst: NG Kerk, Sunward Park, h v Jaguar- en Mossiestraat,  
Boksburg, Gauteng provinsie, 29/06/2007, 10:00 # Boksburg Begraafplaas.  
(Beeld - 28/06/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Boksburg, 011-917-5041.

SMITH; Jan Gysbertus, in lewe van Boksburg, Gauteng provinsie.  
Verassingsdiens: NH Kerk, Championstraat, Boksburg-Noord, 29/06/2007, 10:00.  
(Beeld - 28/06/2007) AVBOB Begrafnisdienste, Boksburg, 011-917-5041.

VAN NIEKERK; Willem Petrus, in lewe van Randburg, Gauteng provinsie.  
Verassingsdiens: NG Kerk, h v Dover- en Vinestraat, Randburg, 28/06/2007,  
11:00. (Beeld - 27, 28/06/2007) Doves Begrafnisdienste, Braamfontein,  
Gauteng provinsie, 011-339-5967.

Groete,

Fanie Blignaut,  
Vanderbijlpark,  
Gauteng provinsie.  
blikkies@mabonline.co.za.

**Onderwerp:** [SA-Gen] Bundel Nommer 2799

**Datum:** Thursday, June 28, 2007

Daar is 7 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:

- 1a. Geboorte Sertifikate From: Erik Kriel
- 1b. Re: Geboorte Sertifikate From: Moira Pnematicatos
- 1c. Re: Geboorte Sertifikate From: Annemarie van den Doel
- 1d. Re: Geboorte Sertifikate From: Dennis Pretorius
- 1e. Re: Geboorte Sertifikate From: Annelie Els
- 2a. Geboorte Sertifikate & ID Nommer From: Ursulah
- 3. Hoe om te publiseer in Familia From: Japie Bosch

Boodskap 1a. Geboorte Sertifikate  
Posted by: "Erik Kriel" erikk@mintek.co.za fh\_kriel  
Thu Jun 28, 2007 12:28 am (PST)

Hi Andre

Binnelandse sake

Enige iets tussen drie weke en drie maande

R50

Nee, jy moet dit afhaal

Ja, maar ek dink dan moet jy bietjie lieg en se jy's familie op een of ander manier.

Ja, somtyds hulle ID nommers ook as dit beskikbaar is op die stelsel.

Vra vir 'n unabridged sertifikaat

Groete

Erik

Boodskap 1b. Re: Geboorte Sertifikate

Posted by: "Moira Pnematicatos" moirap@leisurecorp.co.za moira\_pnematicatos

Thu Jun 28, 2007 12:33 am (PST)

Dag lede

Die vorms kan hier afgelaai word

<http://home-affairs.pwv.gov.za/documents.asp> Vul die vorm in ? as daar nie ?n ID nommer is nie, moet daar ?n geboorte datum wees ? en handig/pos dit aan die naaste Home Affairs kantoor. Dit kos R50 per sertifikaat en vat omtrent 6 weke. Hulle kan dit pos maar ek het myne self gaan haal.

Groete

Moira

Boodskap 1c. Re: Geboorte Sertifikate

Posted by: "Annemarie van den Doel" Avdd@Nanoteq.com avddoel2

Thu Jun 28, 2007 12:45 am (PST)

Ek het in 1999 so 'n storie met Binnelandse sake gehad. Ek het my pa se volledige geboorte sertifikaat aangevra en die R40 betaal. 'n Paar maande later het ek probeer uitvind wat daarvan geword het. Hulle het net gesê hulle het hom gepos en ek moet by die poskantoor uitvind wat daarvan geword het. Dit was egter nie met geregistreede pos gestuur nie. Hulle wou hê ek moet weer R40 betaal om 'n ander een uit te reik. Ek het na hulle gebou op die hoek van Andries en Bloedstaat in Pretoria gegaan en 'n groot kabaal opgeskop. Hulle het toe kosteloos vir my 'n ander een gedruk, maar hy was nie gestempel nie. Die geposte een het ek nooit ontvang nie. Ek het daardie tyd van 'n hele paar mense gehoor wat ter vergeefs vir hulle geposte sertifikate gewag het.

Hoop maar dinge is deesdae beter.

Groete

Annemarie

Boodskap 1d. Re: Geboorte Sertifikate  
Posted by: "Dennis Pretorius" krugersdorp@pixie.co.za dennis\_pretorius  
Thu Jun 28, 2007 12:56 am (PST)

hallo Andre

Ek antwoord jou vrae soos volg:

Waar gaan ek dit bestel?  
By enige tak van Binnelandse sake

Hoe lank neem dit?  
Nooit minder as 8 weke nie  
Wat kos dit?  
R 50

Word dit gepos?  
jy kan dit versoek ja, of afhaal by die tak waar jy betaal het

Kan enige persoon, enige ander persoon se sertifikaat aanvra?  
Skryf by die "rede" op die aansoekvorm dat dit vir genealogiese navorsing is

Dui dit die ouers se name aan?  
Ja - as jy vra vir die "unabridged certificate" - die "Vault Copy" is nog beter maar gewoonlik neem dit nog langer. Dit is 'n fotostaat van die oorspronklike registerinskrywing

Groetnis

Dennis Pretorius, Krugersdorp, South Africa/Suid Afrika  
Executive Member of GSSA / Uitvoerende Lid van GGSA  
Genealogical Researcher/Genealogiese Navorsing  
Owner of SA Genealogy E-mail list/Lyseienaar - SA Genealogy poslys  
E-Mail/E-pos: krugersdorp@pixie.co.za  
Web address/Web adres: <http://mzone.mweb.co.za/residents/k75/genealogy.html>  
Telephone/Telefoon: +27-83-679-8541

Boodskap 1e. Re: Geboorte Sertifikate  
Posted by: "Annelie Els" annelie@who-els.co.za engelkind2000  
Thu Jun 28, 2007 1:05 am (PST)

Hallo Dennis,

Baie dankie hiervoor.

Net nog een vraag. Tot en met watter jaar terug sal ek `n geboorte sertifikaat kan aanvrae.  
Ek wil graag sien hoe is my pa - oupa en oupagroot se vanne op die geboorte sertifikaat gespel.

Pa - 1929 Mafeking

Oupa - 1903 Roddegrond, Cape Provinsie

Oupagroot - 1868 waarskynlik Smithfield

Hoe gaan ek dit info van Oupa en Oupagroot bekom ??

Groetnis

Annelie

Valhalla.

Boodskap 2a. Geboorte Sertifikate & ID Nommer  
Posted by: "Ursulah" jvrens@tdm.co.mz jvrens  
Thu Jun 28, 2007 12:41 am (PST)

Goeie more almal

Christo baie dankie vir hierdie inligting. Ek het al begin planne maak om SA toe te gaan om my geboorte sertifikate aan te vra maar nou kan ek net na ons plaaslike ambassade hier in Maputo gaan en die dokumente aanvra. HOERAAA.

Ek het egter ?n ander probleem m.b.t. aanvra van geboorte sertifikate. Hoe gemaak as ons nie die ID nommer van die persoon weet nie bv. My man se oupagrootjie. Ons weet sy name maar niemand kan enige dokumente opspoor met enige verwysing na sy ID nommer. Waar gaan soek ek hiervoor?

Vriendelike Groete

Ursulah

Maputo  
Groenkop Genealoog en  
Student in Sielkunde

Boodskap 3. Hoe om te publiseer in Familia

Posted by: "Japie Bosch" [jrbosch@telkom.co.za](mailto:jrbosch@telkom.co.za) boschjapie

Thu Jun 28, 2007 1:05 am (PST)

Op 16 Junie 2007 het Richard Y Ford, redakteur van Familia, kwartaalblad van die GGSA, die Wes-Gautengtak van die GGSA, toespraak oor "How to be Published in Familia". 'n Opsomming van sy voorlegging verskyn op [www.westggsa.blogspot.com](http://www.westggsa.blogspot.com)

Bibbergroete, Japie Bosch

**Onderwerp:** [SA-Gen] Bundel Nommer 2800

**Datum:** Friday, June 29, 2007

Daar is 25 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:

- 1a. [Koerant] Die Republikein Donderdag, 28 Junie 2007 From: Louis Olivier
- 1b. Re: [Koerant] Die Republikein Donderdag, 28 Junie 2007 From: Sarel Burger
- 2a. Geboorte Sertifikate & ID Nommer From: Erik Kriel
- 3a. Re: Geboorte Sertifikate From: Dennis Pretorius
- 3b. Re: Geboorte Sertifikate From: Annelie Els
- 3c. Geboorte Sertifikate From: André du Plessis
4. OUDTSHOORN LIDMAATREGISTER (Deel 70) From: alta le roux
5. SAG.12 Bladsy 401 - STRYDOM regstelling From: bonnie sydow
- 6a. De Beer From: d.debeer
- 6b. Re: De Beer From: anita slabbert
- 7a. Botha Kenners From: Chris Hendriks
- 7b. Re: Botha Kenners From: Ann Tiran
- 7c. Re: Botha Kenners From: Roy Venter
- 8a. Re: Plaas in Robertson navraag From: Pieter Janse van Rensburg
- 8b. Re: Plaas in Robertson navraag From: Francois Greeff
9. OUDTSHOORN LIDMAATREGISTER (Deel 69) From: alta le roux
10. Hallatt From: J van der Grijp
- 11a. Re: Malherbe From: Philip Malherbe
12. Krygsgevangenes na Ceylon From: Lee Marais

13. Vir Elani From: jlancaster

14a. Wil jy 'n gratis webblad vir jou stamboom maak? From: Francois Greeff

14b. Re: Wil jy 'n gratis webblad vir jou stamboom maak? From: SIEG

15a. Re: Willi-meri From: Petronella

16a. [Koerant] The Mercury Donderdag 28 Junie 2007 From: aletta  
magrieta.quebbemann

16b. [Koerant] The Mercury Donderdag 28 Junie 2007 From: aletta  
magrieta.quebbemann

Boodskap 1a. [Koerant] Die Republikein Donderdag, 28 Junie 2007  
Posted by: "Louis Olivier" lm.olivier@gmail.com olivierc09  
Thu Jun 28, 2007 1:35 am (PST)

Ek weet dit is nie regtig genealogie maar ons ken darem almal vir Jan Spies  
Drie swerwers na n€ êrens € '¶ 'n kamee oor Jan Spies

\*€ 'µ Chris Barnard\*

\*JAN Spies, die legendariese skrywer, storieverteller, koerantman en kontreimens, sou Saterdag 71 jaar oud geword het. Hy is op 30 Junie 1936 op die plaas Sekretarispan by Mariental gebore. Ter herinnering aan di€ é geliefde oudredakteur plaas Republikein vandag 'n essay deur die skrywer Chris Barnard € '¶ 'n studentemaat van hom. Jan Spies is op 4 Januarie 1996 in Windhoek oorlede.\*

\*

WINDHOEK. Die naam roep altyd ander name op. Van ver plekke en vreemde mense. Ver plekke soos Namutoni en Umboromboro en Okahandja en Sikketaarspan. Vreemde mense soos Hendrik Witbooi en Henno Martin en Jan Spies.

W. A. de Klerk se Drie swerwers in Suidwes was in matriek vir ons voorgeskryf. En ek het met 'n verlangende hart gelees van die Brandberg en die Skedelkus en die maanlandskappe van die Namib.

Ek wou opsluit soontoe.

'n Jaar n€ á matriek was ek besig om lanternpitte te vervang en braairoosters skoon te maak en byle te slyp vir 'n ekspedisie die wilde vreemde in. Van Pretoria af Kunene toe en terug. Met Deon Crafford se 1936 Ford en Jan Spies se verflenterde padkaart.

'n Eerstejaarstudent moet ienkpunte verdien, soos dit destyds by die Universiteit van Pretoria genoem is. As deel van jou sosiale inlywing moet jy vir seniors en studenteverenigings werkies doen. Vir punte. Minder as 300 punte aan die einde van jou groentjiejaar en jou turf sit.

Jan Spies was daardie tyd redakteur van ons studentekoerant, Die Perdeby, en ek het my dienste loop aanmeld. Ek moes nuus versamel, proewe knip en plak, koffie maak en kar was. Dis hoe ek te hore gekom het van Sikketaarspan, Jan se familieplaas by Stampriet.

Ons moes Woensdagaande die week se koerant aanmekaarsit. In later jare het ons dit gereeld voor elfuur kant en klaar gekry. Maar met Jan aan die stuur van sake was ons selde voor eenuur in die bed. Hy het to€ é al te veel stories gehad om te vertel.

"Jy kan saamkom Suidwes toe end van die jaar," s€ ê hy een aand vir my. "Ek en Deon Crafford bou sy olie pa se ou Ford op. As jy naweke kom help parte was, vat ons jou saam."

Ek het naweek vir naweek, soms in die week ook, help saag en swys en moere pas en parte soek. Oktober toe staan die ou wrak al op sy eie vier wiele. En ek droom drome van Usakos, Sesriem, Otjiwarongo.

Twee dae voor die eksamen begin, sit ek die nag en leer toe daar skielik donderweer uit die ooste aankom. En die donderweer kom hou op die koshuiswerf stil. Dis Jan met die Ford. Die ding loop. Hy kort nog net 'n battery en 'n knaldemper € '¶ maar Suidwes, hier kom ons!

Die eksamen skoon vergete en ons kuier lekker.

Maar elfuur se kant begin my gewete pla. Hy moet maar langsaan gesels, s€ ê ek, maar ek gaan gou stort; ek het nog baie leerwerk. Nog nie eens behoorlik nat nie toe kom klop Jan. Hy het ook nog baie werk; sal ek asseblief net gou kom help om die Ford aan die brand te stoot.

Ek bind sommer die handdoek om.

Jan staan buite by die Ford en wag. Ek stoot alleen. En die Ford is swaar. Heen en weer op die koshuiswerf, maar die enjin wil nie vat nie. Uit by die hek en met die gelyktetjie langs na 'n effense afdraande toe. Oor drie strate en die Ford wil nie vat nie.

"Jan, ek het nie klere aan nie, onthou. En my handdoek val heeltyd af."

Jan vloek blou swaeldampe uit die donkerte los. Hy verstaan nie wat gaan aan nie. Hy krap hier en hy verstel daar.

"Nou gaan die vreksel vat," belowe hy my. En ek stoot. By twee meisieskoshuise verby, in Burnettstraat in en oor die spoor tot in Parkstraat.

"Jan, het die ding ooit petrol?" wil ek weet.

Nee, hy het petrol. En voor l€ ê 'n lekker stywe afdraande.

"Help net tot daar," s€ ê Jan. "Die oomblik as ons haar aan die brand kry, vat ek jou terug koshuis toe."

Hoeveel keer verstomde vreemdelinge daardie nag my blanke agterstewe te sien gekry het, weet ek nie. Maar ons het drie-ur daardie more in die middestad onder 'n straatlig bo alle twyfel twee dinge vasgestel: dat die Ford nie 'n druppel petrol in hom het nie en ons twee nie 'n sent tussen ons nie.

Jan is te voet huis toe om geld te loop haal terwyl ek in my handdoek op die Ford se agtersitplek sit en wag.

Ek was sesuur, net mooi opstaantyd, terug in my kamer.

Jammer om te moet s€ ê, maar ek is toe nie Suidwes toe nie. 'n Week n€ á die eksamen toe die Ford nog steeds lol, is ek huis toe. Jan en Deon is 'n week voor Kersfees uiteindelik weg.

By Upington het die ratkas opgepak. Di€ é kon hulle regmaak. Heelwat suid van Maltah€ öhe het ek weet nie meer wat nie uitgeval en hulle is die dongas in en die as morsaf.

'n Motorhawetjie € êrens tussen nik en n€ êrens het hulle genoeg vir die Ford gegee dat Deon met die trein kon terug Pretoria toe en Jan met 'n skaaplorrie tot bo by Stampriet.

\*

--  
Linda & Louis Olivier  
Pretoria 0128031028  
lm.olvier@gmail.com

[lindaoli4@gmail.com](mailto:lindaoli4@gmail.com)  
Olivier, Coetzee, Swart, du Plooy

Boodskap 1b. Re: [Koerant] Die Republikein Donderdag, 28 Junie 2007

Posted by: "Sarel Burger" inl0879@mweb.co.za sarel.burger

Thu Jun 28, 2007 2:43 am (PST)

Beste Linda & Louis,

Dankie, ek het dit waardeer. Ek het die laaste paar jaar wat Jan in die RSA gewerk het, vir dieselfde instansie as hy gewerk. Ek het hom van tyd tot tyd in die gange en hysbakke raakgeloop, en dit was elke keer 'n belewenis. Sy afskeidsdinee was 'n fees!

Groete

Sarel Burger

Boodskap 2a. Geboorte Sertifikate & ID Nommer  
Posted by: "Erik Kriel" erikk@mintek.co.za fh\_kriel  
Thu Jun 28, 2007 1:45 am (PST)  
Dag

"Ek het egter 'n ander probleem m.b.t. aanvra van geboorte sertifikate.  
Hoe  
gemaak as ons nie die ID nommer van die persoon weet nie bv. My man se oupa grootjie.  
Ons weet sy name maar niemand kan enige dokumente opspoor met enige verwysing na  
sy ID nommer. Waar gaan soek ek hiervoor?"

Ek het al net met 'n rowwe skatting (+/- 'n jaar) en dorp iets terug gekry, dit hang seker af  
hoe hard hulle soek

"Ek wil graag sien hoe is my pa - oupa en oupa groot se vanne op die geboorte sertifikaat  
gespel.  
Pa - 1929 Mafeking  
Oupa - 1903 Roddegrond, Cape Provinsie  
Oupagroot - 1868 waarskynlik Smithfield"

Ek dink iemand het al op die lys gese wanneer die government met die amptelike  
registrasie in elke provinsie begin het, dis almal hier rondom die 1900 (met die rooinekkie  
se inval in die OVS en Unie van Transvaal), as dit voor dit is dink ek hulle soek maar ook  
vir doop inskrywings soos ons.

Groete

Erik

Boodskap 3a. Re: Geboorte Sertifikate  
Posted by: "Dennis Pretorius" krugersdorp@pixie.co.za dennis\_pretorius  
Thu Jun 28, 2007 2:31 am (PST)

Hallo Annelie

Verpligte registrasie van geboorte het eers ongeveer 1900 in werking getree - verskillende datums vir verskillende provinsies.

Die 1903 en 1929 sertifikate sal jy kry van Binnelandse sake

Die 1868 sal jy aangewese wees op 'n doopsertifikaat. As dit Smithfield is sal die NG Kerk in Bloemfontein waarskynlik kan help.

As jy spellingverskille wil sien sal dit beter wees om die Vault Copy te versoek - dit kos ook R 50 mar is 'n afskrif van die oorspronklike registerinskrywing met meer besonderhede daarop - dit neem net gewoonlik langer

Iemand het geskryf dat hulle hoop dat dit nou beter gaan by Binnelandse Sake - die antwoord is NEE - eerder slechter - en ek praat nie nou net van die huidige staking nie.

Groetnis

Dennis Pretorius, Krugersdorp, South Africa/Suid Afrika  
Executive Member of GSSA / Uitvoerende Lid van GGSA  
Genealogical Researcher/Genealogiese Navorsaar  
Owner of SA Genealogy E-mail list/Lyseienaar - SA Genealogy poslys  
E-Mail/E-pos: krugersdorp@pixie.co.za  
Web address/Webadres: <http://mzone.mweb.co.za/residents/k75/genealogy.html>  
Telephone/Telefoon: +27-83-679-8541

Boodskap 3b. Re: Geboorte Sertifikate  
Posted by: "Annelie Els" annelie@who-els.co.za engelkind2000  
Thu Jun 28, 2007 5:57 am (PST)

Baie dankie Dennis

Boodskap 3c. Geboorte Sertifikate  
Posted by: "André du Plessis" duplesaj@yahoo.com duplesaj  
Thu Jun 28, 2007 1:08 pm (PST)

Dennis,

Baie dankie vir die inligting, Na aanleiding van al die vrae en antwoorde wat ontstaan het, het ek gevoel dat dit beter sal wees om jou hier te bedank. Selfs ons "buitelanders" weet nou hoe om te werk te gaan, en dit is nie meer vir ons nodig om weer "die wiel" te ontwerp nie.

Alhoewel die dokumente gepos kan word, is dit duidelik uit die "tips" dat dit beter is om dit self af te haal. En ja, vra sommer van die begin af vir 'n "vault copy" en sien die "ware jacob".

Graag bedank ek ook al die ander wat vrae gevra het en antwoord gegee het, aangesien dit gelei het tot 'n beter insig in die onderwerp.

Ek het ook onlangs by 'n forum aangesluit in die VK aangesien ek ook my Engelse Tyson voorsate probeer vind. Ek het daar, net soos hier, wonderlike, vriendelike hulp en raad ontvang.

Laastens, maar nie minder belangrik nie, aan al die hardwerkendes, dankie vir die gebruik van die forum, met waardevolle inligting, beriggies, hulp en en en en ..... Ek kan gewoonlik nie wag om in te teken sodra ek by die huis kom nie.

Weereens dankie, Dennis en al die ander.

Groete uit 'n koel Christoburg, Centurion.

Ns. Ons het nog nie sneeu gehad nie en ek is nie seker of die wiel nog kopiereg op het nie.

André du Plessis  
Centurion

Boodskap 4. OUDTSOORN LIDMAATREGISTER (Deel 70)  
Posted by: "alta le roux" altaler@odn.co.za  
Thu Jun 28, 2007 2:38 am (PST)

AANGENOMEN TE OUDTSOORN OP 7 JULY 1871 (Deel 70)

Stephanus Philippus VAN ZYL, \*7 Jul 1853 (Oudtshoorn) J.zn. (Cert. n. Transvaal 18 Aug 75)

Jan Ferdinand APPEL, \*22 Jul 1853 (Oudtshoorn) C.zn.

Casparus Willem Hendrik Petrus BLIGNAULT, \*29 Mrt 1855 (Combuis) C.zn

Gerrit Johannes Franciscus SWANEPOEL, \*14 Mrt 1851 (Welgevonden) G.zn.

Georg Frederik RAUTENBACH, \*2 Okt 1853 (Nooitgedacht) O.zn.

Gideon Jacobus VAN ZYL, \*14 Nov 1851 (Buffelsdrift) G.zn.

Abraham Hendrik Cornelis RADEMEYER, \*7 Mrt 1853 (Kliprivier) A.zn.

Marthinus Frederik Roelof GEYSER, \*3 Mei 1853 (Roodewal) (Cert. 10 Apr 77 Uniondale)

Johannes Petrus WAGNER, \*19 Aug 1847 (Roodewal) H.zn. (Cert. 10 Apr 77 Uniondale)

Gerhardus Johannes GREEFF, \*20 Apr 1854 (Zeekoerivier) G.zn.

Johannes Hendrik Strydom, \*19 Apr 1855 (Kruisrivier) C.zn.

Jacobus Hendrik COETZEE, \*10 Okt 1849 (Nooitgedacht) Jac zn.

Petrus Jacobus Johannes DELPORT, \*20 Des 1850 (De Rust) P.zn.

Johannes Jacobus JAMNECK, \*4 Mrt 1848 (Diepkloof) M.zn.

Johannes Hendrik SCHOE MAN, \*29 Aug 1853 (Vlakteplaats) H.N.zn.

Petrus Jacobus BOTHA, \*13 Sep 1852 (Vinkenestrivier) Louis zn.

Anna Sophia KELLER, \*15 Jul 1854 (Frischgewaagd) Jas dr.

Dorothea Maria Jacoba Susanna Catharina BOSHOFF, 25 Mrt 1855 (Oudtshoorn) Louis dr.

Engela Elisabeth Maria Dorothea SCHOE MAN, \*12 Jul 1856 (Somerset) H.dr.

Petronella Sophia SCHOE MAN, \*23 Jul 1854 (Loopenderivier) St.dr.

Frederika Susanna MULDER, \*6 Apr 1855 (Armoed) Joh.dr.

Alta le Roux

altaler@odn.co.za

Posbus 1138, OUDTSOORN, 6620

Tel. 083 996 0676 / 044 272 2271 (h) / 044 272 7636 (w)

Boodskap 5. SAG.12 Bladsy 401 - STRYDOM regstelling  
Posted by: "bonnie sydow" bsydow@vodamail.co.za  
Thu Jun 28, 2007 2:52 am (PST)

Hallo Vriende

Verlede jaar het Hendrik STRYDOM, van Tarkastad, my vertel dat ek verkeerdelik aangedui het dat sy oom b4c6d1e2f6g1 h4 Johannes Jacobus sterf op 6.7.1936.

Ek het weer TAB.94340 naageslaan & gevind dat hendrik reg was & dat die volgende inskrywing by h5 ook verkeerd is. Die inskrywings moet nou soos volg lees, met die veanderings aangetoon in rooi.

h4 Johannes Jacobus \* c.1874, + Calitzdorp, ongetroud.

h5 Gerrit Petrus (Gert) \* Calitzdorp c.1879 + Boer Vorentoe, Brits, + Vorentoe, Brits 6.7.1936 (57.6) TAB.94340,

x Oudtshoorn 1.1.1906 (28 & 23jr) Hester Margaretha (Maria) MEIRING

SK TAB.5710/1969 het betrekking op h5i1, Johannes Jacobus Meiring STRYDOM, wie nie aangegee word in SAG 12 nie.

Ek vra om verskoning vir hierdie foute

Groete vanaf Pretoria ( Ek sal nie weer sê hoe koud ek vanjaar hier kry nie!)

Andrew (Bonnie) Sydow

Boodskap 6a. De Beer  
Posted by: "d.debeer" debeerdw@lantic.net dwmdwm2002  
Thu Jun 28, 2007 2:58 am (PST)

Anita,

Ek stuur die inligting direk aan jou.

Diwwie de Beer  
Centurion

Boodskap 6b. Re: De Beer  
Posted by: "anita slabbert" anita.slabbert@gmail.com  
Thu Jun 28, 2007 8:46 am (PST)

Baie dankie Diwwie, ek sal dit verskriklik waardeer.

Groete  
Anita  
Melkbosstrand

Boodskap 7a. Botha Kenners  
Posted by: "Chris Hendriks" krisbloem@yahoo.com krisbloem  
Thu Jun 28, 2007 3:38 am (PST)

Hallo Almal

Ek sal dit waardeer as Botha kenners my met die volgende kan help asseblief. Ek het:

Jacobus Christoffel Botha X Magdalena Petronella Christina Weber. Die egpaar het op 'n stadium gewoon op Groblersdrift in die Frankfort distrik. Ek het die volgende kinders vir hulle.

Theuns Gerhardus Botha \*c 1859 X 9 Aug 1880 Luitje Johanna Maria Lotter (Heilbron)  
+13 Julie 1922 Heilbron (63 jr 1 mnd)

Anna Maria Cornelia Botha \*c 1866 X Willem Jacobus Hendriks + 9 Junie 1940 (74 jr 7 mnde) Kuruman

Ek sal enige inligting oor Jacobus Christoffel Botha en Magdalena Petronella Christina Weber waardeer asseblief

Ek sal ook bly wees as iemand my die troudatum van Friedrich Both met Maria Kickers kan gee asseblief. Ek twyfel of die datum wat ek het van 21 Jun 1717 korrek is

Baie dankie

Chris Hendriks

Boodskap 7b. Re: Botha Kenners  
Posted by: "Ann Tiran" anntiran@polka.co.za  
Thu Jun 28, 2007 12:16 pm (PST)

Hullo van € '±n bibberende Kaap€ '¥

Ek soek ook graag inligting oor € '±n NASTASHA BOTHA wat in Middelburg Transvaal groot geword het..het NIKS oor haar nie..sy woon nou in NZ.

Dankie Annatjie

Boodskap 7c. Re: Botha Kenners  
Posted by: "Roy Venter" roy@justv.co.nz wepener1  
Thu Jun 28, 2007 1:00 pm (PST)

Hi Annatjie,

Miskien kan jy `n versoek aan DIE AFRIKAANSE VAN NIEU-SEELAND stuur om jou beruggie te plaas in die weeklikse nuusblad "Brokkies" ivm Natasha. Die web is [www.afrikaans.org.nz](http://www.afrikaans.org.nz).

Groete uit Auckland,

Roy

8a. Re: Plaas in Robertson navraag

Posted by: "Pieter Janse van Rensburg" p.jvr@telkomsa.net ca0567bs

Thu Jun 28, 2007 4:22 am (PST)

Hallo Soira

Ek het die hele Robertson platgery maar nie 'n gebou met 'n trekker daarop gekry nie. Ek het toe gaan navraag doen my die Toeriste Inligtsentrum. Die dame (bly al 38 jaar in Robertson) het aangedui dat sy nie bewus is van so 'n geboutjie in Robertson nie. Sy het toe aangedui dat daar wel so geboutjie, met 'n trekker op, in Ashton is (so 25 kilometer anderkant Robertson). Meer hieroor later. Die dame was ook nie bewus van iemand by name Wessel Jurie van Dyk nie. Sy het aangedui dat jy gedurende weeksdae en werksure vir Mev. Schass by die plaaslike museum kan skakel. Sy reken dat die Mev. Schass oor baie kennis beskik van ouer inwoners in-en-om Robertson. Haar telefoonnummer is: 023-626 3681

Ek het toe uitgery na Ashton, op soek na die getrekkerde gebou, en siedaar!!! Daar is 'n werkswinkel wat motors en trekkers herstel. Op die dak van die gebou staan 'n BAIE OU trekker. Ek het foto's geneem en kan vir jou stuur indien die volgende inligting nie jou spoed breek nie. Die eienaar se huis is agter-aan die werkswinkel gebou. Ek het hom gaan opklop. Hy het die plek gedurende die 1980's gekoop. Hy weet nie wie die plek gebou het nie, maar ja, die mure is so dik soos 'n fort se mure en die gebou is oud. Die trekker het hy self laat opsigt (1938 model) maar eers hier om-en-by 1985.

Dit is ongelukkig al wat ek vir jou kon uit vind.

Groete,

Pieter JvR  
Bothasig, Kaap

Boodskap 8b. Re: Plaas in Robertson navraag  
Posted by: "Francois Greeff" Goodgreeff@hiddencode.co.uk francoisgreeff  
Thu Jun 28, 2007 5:31 am (PST)

Ek het op Worcester skoolgegaan en soms in Robertson uitgekom. Ek onhou ook 'n gebou in ROBERTSON met 'n trekker op. Ek het 'n vae idee dat dit oorkant die spoorlyn was. Ek praat nou van die jare om en by 1975.

Francois Greeff

[www.Greeff.info](http://www.Greeff.info)  
[www.Hiddencode.co.uk](http://www.Hiddencode.co.uk)  
0044 20 8543 6966 (Home)  
0044 79 6372 2345 (Mobile)  
Skype: Greefffrancois

Boodskap 9. OUDTSHOORN LIDMAATREGISTER (Deel 69)  
Posted by: "alta le roux" altaler@odn.co.za  
Thu Jun 28, 2007 5:25 am (PST)

### AANGENOMEN TE OUDTSHOORN OP 7 APRIL 1870 (Deel 69)

Petrus William JOYNT, \*8 Apr 1851 (Kliprivier) SJzn.  
Christiaan Daniel FOURIE, \*19 Des 1853 (Langverwacht) A.zn.  
Gerrit Johannes VAN BILJON, \*18 Sep 1849 (Kamnasiesloop) G.zn.  
Johannes Jacobus Michael NIEMAND, \*14 Des 1842 (Vinkenestrivier) M.zn.  
Jan Karel BERGH, \*12 Okt 1848 (Vlakteplaats) Matthiam zn.  
Jan Abraham MEIRING, \*2 Des 1853 (Rietfontein) P.zn.  
Johannes Petrus Cornelis NEL, \*13 Jan 1852 (Groenfontein) D.zn.  
Christoffel Jacobus Ludovicus BOTHA, \*31 Jul 1854 (Combuis) S (of G?) zn.  
Hendrik Stephanus Lucas BOTHA, \*31 Jul 1854 (Combuis) S (of G?) zn.  
Petrus Johannes DOUGLAS, \*2 Jul 1852 (Badplaats) Tho.zn.  
Johannes Hendrik SNYMAN, \*17 Nov 1852 (Rietvley) J.zn.  
Jacobus Philippus SNYMAN, \*29 Des 1854 (Rietvley) J.zn.  
Christiaan Gideon Johannes HATTING, \*9 Des 1854 (Nooitgedacht) D.zn.  
Christiaan Johannes VAN DER WESTHUYSEN, \*10 Feb 1852 (De Kruis) W.zn.  
Magdalena Engelberta OOSTHUYSEN, \*17 Feb 1855 (Zeebrasfontein) Jacs dr.  
Catharina Elisabeth MULLER, \*7 Jun 1854 (Muragie) M.dr. (Attest. n. George 25 Nov 75)  
Anna Margaretha BEHR, \*30 Jun 1856 (Muragie) C.dr.  
Cecilia Johana Catharina DELPORT, \*20 Mrt 1856 (Rietvley) A.dr. (Met Attest. naar den Vrijstaat)  
Catharina Elisabeth Magdalena FRY, \*16 Okt 1850 (Vinkenestrivier) Huisvrouw van Johs Jacs M. Niemand  
Johanna Catharina Susanna Potgieter, \*17 Sep 1854 (Droogekraal) Jas.dr.  
Wilhelmina Christina Geesina NEL, \*26 Aug 1854 (Groenfontein) Andre dr.  
Jacomina Johanna Petronella RAUTENBACH, \*31 Okt 1855 (Zeekoerivier) (Naar George Cert. 12.3.81 - Weer terug getrokken 27.11.81)  
Susanna HEAVYSON, \*3 Sep 1854 (Armoed) Weeskind opgevoed door Willem Douglas  
Elsje Petronella Maria GILBERT, \*18 Okt 1851 (Nooitgedacht) Huisvrouw van Cornelis Langeveld, Jr.  
Susanna Margaretha DOUGLAS, \*24 Des 1855 (Kamnasie) J.dr.  
Geesina Petronella Margaretha DOUGLAS, \*2 Mei 1853 (Kamnasie)

Alta le Roux  
altaler@odn.co.za  
Posbus 1138, OUDTSHOORN, 6620  
Tel. 083 996 0676 / 044 272 2271 (h) / 044 272 7636 (w)

Boodskap 10. Hallatt  
Posted by: "J van der Grijp" wolfoffice@absamail.co.za jacquesvdg  
Thu Jun 28, 2007 6:20 am (PST)

Dag Almal.

Het enige iemand enige inligting oor die van HALLATT. Die blyk asof hul vroee 1800's in SA aangekom het.

Ek sit met 'n voorouer Clara Isabella Hallatt (\* 13 Jun 1896, + 5 Feb 1968) TAB MHG LEER 01 1889/69 waarmee ek sukkel. Ek het nog nie haar SK getrek nie, a.g.v. aanhouende strikes.

Enige hulp sal waardeer word.

Vriendelike Groete  
Jacques van der Grijp

Boodskap 11a. Re: Malherbe

Posted by: "Philip Malherbe" malherbep@mweb.co.za malherbephilip

Thu Jun 28, 2007 6:35 am (PST)

Mark

Jy is reg tov 7 kinders by eerste vrou Maria Elizabeth Pepler en 9 kinders by tweede vrou Hendrina Elizabeth Le Riche. Dit lyk my die navorser GH Malherbe het 'n bietjie deurmekaar geraak.

Lekker sonige dag vandag

Groete

Philip

Boodskap 12. Krygsgevangenes na Ceylon  
Posted by: "Lee Marais" leemarais@mweb.co.za maraislee  
Thu Jun 28, 2007 11:37 am (PST)

Hallo almal

Het iemand dalk 'n lys van name van die boere wat na Ceylon gestuur is?

Dankie  
Lee

Boodskap 13. Vir Elani  
Posted by: "jlancaster" jlancaster@telkomsa.net jonnettelancaster  
Thu Jun 28, 2007 12:41 pm (PST)

Jammer, ek stuur die na die lys, ek het probeer en 'n mail daemon ontvang

Hi

Ek sal enige help met die FERNS waardeur

Ek het 'n Catherine Johanna FERNS gebore 1870 in Basutoland Haar pa was Peter FERNS - hy was 'n Irishman soos ek dit verstaan Sy het 'n susie gehad Jennifer wat met a Gottwald getroud was Catherine is getroud met William John TERRY.

Ek het so min op die FERNS op hierdie oomblik en ek kry nie veel meer nie.

Baie Dankie

Verskoon asb my spelng, ek is 'n Engelsman

Jonnette

Boodskap 14a. Wil jy 'n gratis webblad vir jou stamboom maak?  
Posted by: "Francois Greeff" Goodgreeff@hiddencode.co.uk francoisgreeff  
Thu Jun 28, 2007 4:47 pm (PST)

Hierdie brief het gevolge gehad:

Hi Francois,

Ek sien op my SA-Gen poslys dat jy Afrikaans pos. As jy nie omgee nie sal ek graag so met jou wil kummunikeer. Sukkel so nou en dan met die Ingels!  
Is jou webwerf vir spesifieke stambome en vanne? Die rede hoekom ek vra is dat ek nie oor n webwerf beskik nie maar tog my inligting wil beskikbaar stel waar ander dit kosteloos kan besigtig. Dit is nou nie veel nie - nuwe stokperdjie - en is meer van betrekking tot BUCKLEY. Sal jy bereid wees om dit op jou werf te plaas?

Groete  
Sieg

---

Afrikaans is reg, Sieg.

Die Greeff blad is besig om geweldig vinnig te groei. Dit is al klaar 'n baie groot webblad, en sal op 1 Julie 2007 een jaar oud wees.

Ek is lus en skep 'n tweede webblad vir net die Greeff stamboom. Die nie-Greeff stambome wat reeds op [www.Greeff.info](http://www.Greeff.info) is bly dan alleen agter. Dit is nou Kempen, Rudman, Boyd en Jolley. Dan kan ons Buckley daarby voeg, in plaas van Greeff. Ek is ook bereid om die webblad vir ander families beskikbaar te maak, sodat hulle gratis daar op die internet kan afskop. Om te sien hoe die vyf vanne tans op die webblad vertoon, klik op die skakel en kies dan die stamboom (Tree) waarna jy wil kyk:  
<http://www.greeff.info/searchform.php>

Die algemene voorwaarde sal wees dat nuwelinge vir omtrent 'n jaar kan kyk hoe dinge werk, binne 'n struktuur wat reeds vir hulle geskep is. Al wat elkeen moet doen is copy and paste, dan maak hulle alles reg vir hulle eie vanne. Ek sal wys hoe. As hulle in die eerste jaar goed regkom en mooi groei, soos Greeff, dan sal hulle ook wil afstig, elk met 'n eie webblad. Hulle kan dan die webstruktuur verder gebruik om hulle eie webblaais te gaan stig, onder hulle eie vaandels.

Dit is belangrik om te besef dat wanneer jou stamboom op Google gesoek en gevind word sal mense vanoor die hele wereld vir jou nog inligting en fotos vir jou stamboom stuur. Die internet is 'n baie kragdadige impliment vir die bevordering van genealogie.

'n Mens kan nie sonder breëband met 'n webblad werk nie. Jy moet breëband hê. Om 'n van op die blad te behartig moet elkeen wat deel neem ook drie programme koop en op hulle rekenaars laai. Die een is Legacy - die volle betaalde weergawe. Die tweede is Front Page, wat ek gebruik om webblaais maklik te copy and paste (en die woorde

daarin te verander). Die derde is 'n program wat inligting van jou rekenaar na die webblad se rekenaar oordra: Ipswitch WS\_FTP Professional. Om jou stamboom op die webblad te laai, verg net 'n gedcom!

Die rede dat ek vereis dat mense dieselfde programme as myne gebruik is omdat ek dan die nuwelinge maklik kan help. Ek kan nie met ander, nuwe programme wat ek nie ken nie, sukkel nie.

Nou wil ek weet: Wie stel belang om hulle enkel-van stamboom gratis op die internet te sit, en te behartig?

As daar genoeg belangstelling is, dan onttrek ek die Greeff stamboom na 'n tweede webblad, en los die huidige blad met presies die selfde struktuur vir al die ander vanne. Veranderings kan dan op die tuisblad en spyskaart aangebring word.

Ek beantwoord graag enige vrae.

Francois Greeff

[www.Greeff.info](http://www.Greeff.info)

[www.Hiddencode.co.uk](http://www.Hiddencode.co.uk)

[www.good4you.org.uk](http://www.good4you.org.uk)

36 Aston Road

London

SW20 8BE

United Kingdom of Great Britain

0044 20 8543 6966 (Home)

0044 79 6372 2345 (Mobile)

or

020 8543 6966

079 6372 2345

Skype: Greefffrancois

Boodskap 14b. Re: Wil jy 'n gratis webblad vir jou stamboom maak?

Posted by: "SIEG" bces@netactive.co.za buckleysieg

Thu Jun 28, 2007 10:43 pm (PST)

Francois,

Sal jou n oopbek soen gee! Ek sal vandag aansoek doen vir Adsl lyn. Waar kan ek die sagteware aanskaf en het jy n idee wat dit ongeveer sal kos? Ek dink jou in-mandjie gaan oorloop!

Groete

Sieg

Boodskap 15a. Re: Willi-meri  
Posted by: "Petronella" lalie@zatrade.com 1dvpdt  
Thu Jun 28, 2007 5:22 pm (PST)

Hallo Paul

Jammer ek vat solank om te antwoord. Iets het verkeert gegaan met die pos se reply link.  
Intussem dink ek elke keer dat ek die vlg dag sal antwoord wanneer ek tyd het om op n  
fout opspoor missie te gaan.

Mbt tot jou vraag waar my naam vandaan kom, my broer kon blykbaar nie my regte  
naam uitspreek toe hy klein was nie en so word Petronella eers Nellie en toe Lalie.

Beste Groete  
Lalie

Boodskap 16a. [Koerant] The Mercury Donderdag 28 Junie 2007  
Posted by: "aletta magrieta.quebbemann" am.queb@mweb.co.za alettaqea9fac  
Thu Jun 28, 2007 10:52 pm (PST)

Dag vriende,

QUICKQUIP:- " What worries you, masters you . " John LOCKE.

GEBOORTES:- DIPPNAL nee PERALTA Shaun & Angela 'n seun Benjamin \*  
26/06/2007 in Westville Hospitaal. Kleinkind vir John & Veronica .

TREADAWAY Liz & Tony 'n dogter Simone Jennifer \* 26/06/2007 in Parklands. Suster  
vir Byron en Warren.

VERLOWINGS:- UYS - EDWARDS Patrick & Colleen en Gary & Janice se kinders  
Gary en Taryn is verloof.

HERDENKING:- DIAMANT :- BEST nee HALSTED Richard en Margaret. Geluk  
.Liefde van David & Elga LEES.

DOOD:- BOOYSEN Petra 23/11/1960 -----22/06/2007 .Oudste dogter van Rina . Suster  
van Welmarie en Karien. Vrou en maat --Liefde van Keith, Dustin en Penny.Memorial by  
Dutch Reform Church Umhlanga 28/06/2007 om 10 vm.

CHALUPSKY Betty €¢â’ 26/06/2007 in Brisbane. x Paul. Ma van Mark en Murray.

CHRISTIE Judy. €¢â’ 25/06/2007 . Ma, ouma en suster.

FANN Raymond. 93 jaar oud . Pa van Ken, Ed, Barbs en familie. Diens in Johannesburg.

GERING Leonard . Vriend en metgesel .Ingesit deur Ros SARKIN en familie.

GILMOUR William John €¢â’ 20/06/2007 van Bayview. Ingesit deur DOVES.

HOLM Robin . Gemis deur Lyn Staples Dance Studio. ;Sharon, Eddie en dans vriende.;  
Carol en familie.

JOHNSON Norman Edward 21/01/1920 -----23/06/2007 x Beryl. Pa van Merry en Clyde.  
Oupa van Lauren, Jodi en Henry, Brendon & Jen ,en oupagroot van Jaimee. Memorial  
om 10vm op 28/06/2007 by Kapel by Flame Lily Park Malvern.

REUNERT Robert 08/01/1932 -----26/06/2007. Nou in Sabrina se arms. Man,Pa en oupa  
van Sally, Philip, Di, David T, Amy, David, Kim, Annabelle, Tony, Suzy, Gabriella, en  
engel Sabrina, Tigger, Candy en Sebastian.

SCOTT Winifred €¢â’ 26/06/2007..Ma ,ouma en oumagroot.

TODD Jack €¢â’ 26/06/2007. Vriend van Ann, Gary en GOLDSWORTHY familie.

USSHHER Albert 22/10/1923 ----25/06/2007. x Doreen. Pa van Lawrence, Ingrid, Dave en Judy. Oupa van Karin, Mark, Lisa, Sarah, Brett en Ian. Verassings Diens Privaat.

VISSEER John Gill 26/08/1919 ----24/06/2007 x Magdelene.

WARNER nee PAYN Wendy May €¢â’ 13/06/2007 . Sal gemis word deur Leigh, Robyn, Paul Gracie ,familie en vriende. Privaat Diens was 13/06/2007.

WAY Derek €¢â’ 24 /04/2007 Gemis deur broers Philip, Roanne , Jason en Natasha.

SIMPATIE :- HAILPERN Rita. Simpatie aan Sandy en familie van Personeel, leerlinge en Beheerligaam van DHS Community.

MEMORIAM:- ALLAN Jean. Liefde van hele familie, Nev.

CHOWLES Douglas Leslie 14/01/1946 ----28/06/1995. Liefde van Mary, Allison , Colleen, Richard, Derek, en kleinkinders.

FRIEDMAN Michael €¢â’ 28/06/1989 (tragies) . Seun van Gail.

LEWIS Neville James Hierdeie laaste jaar gemis deur kinders Sharon, Eric, Alfred, Claire, Robert, Neville, Melanie, Tim en kleinkinders.

SWAN David . 1 jaar dood nou. Onthou deur ouers, Gayle en Matthew.

Gegroet uit Durban waar dit bewolk en koel is maar geen re€¢Ã«n.

Aletta Magrieta QUEBBEMANN ( Rita)

15 Mt Royal ,

Dunkirk Place Umbilo

Durban. Suid Afrika

Ouers:- STEENKAMP /LOURENS

GROOTOUERS :STEENKAMP/ SCHEEPERS

LOURENS /SWANEPOEL / VELDMAN

SKOONDOGTER: BOTHA /SWANEPOEL/ SMITH

Boodskap 16b. [Koerant] The Mercury Donderdag 28 Junie 2007  
Posted by: "aletta magrieta.quebbemann" am.queb@mweb.co.za alettaqea9fac  
Thu Jun 28, 2007 10:52 pm (PST)

Dag vriende,

QUICKQUIP:- " What worries you, masters you . " John LOCKE.

GEBOORTES:- DIPPNAL nee PERALTA Shaun & Angela 'n seun Benjamin \*  
26/06/2007 in Westville Hospitaal. Kleinkind vir John & Veronica .

TREADAWAY Liz & Tony 'n dogter Simone Jennifer \* 26/06/2007 in Parklands. Suster  
vir Byron en Warren.

VERLOWINGS:- UYS - EDWARDS Patrick & Colleen en Gary & Janice se kinders  
Gary en Taryn is verloof.

HERDENKING:- DIAMANT :- BEST nee HALSTED Richard en Margaret. Geluk  
.Liefde van David & Elga LEES.

DOOD:- BOOYSEN Petra 23/11/1960 -----22/06/2007 .Oudste dogter van Rina . Suster  
van Welmarie en Karien. Vrou en maat --Liefde van Keith, Dustin en Penny.Memorial by  
Dutch Reform Church Umhlanga 28/06/2007 om 10 vm.

CHALUPSKY Betty €¢â’ 26/06/2007 in Brisbane. x Paul. Ma van Mark en Murray.

CHRISTIE Judy. €¢â’ 25/06/2007 . Ma, ouma en suster.

FANN Raymond. 93 jaar oud . Pa van Ken, Ed, Barbs en familie. Diens in Johannesburg.

GERING Leonard . Vriend en metgesel .Ingesit deur Ros SARKIN en familie.

GILMOUR William John €¢â’ 20/06/2007 van Bayview. Ingesit deur DOVES.

HOLM Robin . Gemis deur Lyn Staples Dance Studio. ;Sharon, Eddie en dans vriende.;  
Carol en familie.

JOHNSON Norman Edward 21/01/1920 -----23/06/2007 x Beryl. Pa van Merry en Clyde.  
Oupa van Lauren, Jodi en Henry, Brendon & Jen ,en oupagroot van Jaimee. Memorial  
om 10vm op 28/06/2007 by Kapel by Flame Lily Park Malvern.

REUNERT Robert 08/01/1932 -----26/06/2007. Nou in Sabrina se arms. Man,Pa en oupa  
van Sally, Philip, Di, David T, Amy, David, Kim, Annabelle, Tony, Suzy, Gabriella, en  
engel Sabrina, Tigger, Candy en Sebastian.

SCOTT Winifred €¢â’ 26/06/2007..Ma ,ouma en oumagroot.

TODD Jack €¢â’ 26/06/2007. Vriend van Ann, Gary en GOLDSWORTHY familie.

USSHHER Albert 22/10/1923 ----25/06/2007. x Doreen. Pa van Lawrence, Ingrid, Dave en Judy. Oupa van Karin, Mark, Lisa, Sarah, Brett en Ian. Verassings Diens Privaat.

VISSEER John Gill 26/08/1919 ----24/06/2007 x Magdelene.

WARNER nee PAYN Wendy May €¢â’ 13/06/2007 . Sal gemis word deur Leigh, Robyn, Paul Gracie ,familie en vriende. Privaat Diens was 13/06/2007.

WAY Derek €¢â’ 24 /04/2007 Gemis deur broers Philip, Roanne , Jason en Natasha.

SIMPATIE :- HAILPERN Rita. Simpatie aan Sandy en familie van Personeel, leerlinge en Beheerligaam van DHS Community.

MEMORIAM:- ALLAN Jean. Liefde van hele familie, Nev.

CHOWLES Douglas Leslie 14/01/1946 ----28/06/1995. Liefde van Mary, Allison , Colleen, Richard, Derek, en kleinkinders.

FRIEDMAN Michael €¢â’ 28/06/1989 (tragies) . Seun van Gail.

LEWIS Neville James Hierdeie laaste jaar gemis deur kinders Sharon, Eric, Alfred, Claire, Robert, Neville, Melanie, Tim en kleinkinders.

SWAN David . 1 jaar dood nou. Onthou deur ouers, Gayle en Matthew.

Gegroet uit Durban waar dit bewolk en koel is maar geen re€¢Ã«n.

Aletta Magrieta QUEBBEMANN ( Rita)

15 Mt Royal ,

Dunkirk Place Umbilo

Durban. Suid Afrika

Ouers:- STEENKAMP /LOURENS

GROOTOUERS :STEENKAMP/ SCHEEPERS

LOURENS /SWANEPOEL / VELDMAN

SKOONDOGTER: BOTHA /SWANEPOEL/ SMITH

**Onderwerp:** [SA-Gen] Bundel Nommer 2801

**Datum:** Friday, June 29, 2007

Daar is 3 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:

- 1a. Weblblad sagteware From: Annelie Els
- 1b. Re: Weblblad sagteware From: Ursulah
- 2a. Re: Krygsgevangenes na Ceylon From: Johan Pottas

Boodskap 1a. Weblblad sagteware  
Posted by: "Annelie Els" annelie@who-els.co.za engelkind2000  
Thu Jun 28, 2007 11:12 pm (PST)

Hallo Francois,

Wil jy nie asseblief die antwoord oor die sagteware vir my ook stuur nie. Ek het reeds die LEGACY Family Tree de Luxe, is dit die een wat jy van praat in die ander epos? Ek sou graag my spul VAN DEN/DER HEEVER`S waaraan ek werk en wat ek stelselmatig alle SK`s by die TAB afneem so beskikbaar wou maak.

Groetnis  
Annelie  
Valhalla.

Boodskap 1b. Re: Weblblad sagteware  
Posted by: "Ursulah" jvrens@tdm.co.mz jvrens  
Thu Jun 28, 2007 11:38 pm (PST)

Hallo francois

Ek stel baie belang in jou gratis webblad. Ek is egter nog 'n groenkop wanneer dit kom by genealogie navorsing.

Ek het onlangs legacy aangekoop so dit behoort nie 'n probleem te wees nie. my sagteware het ongelukkig nie frontpage in nie, alhoewel ek weet hoe die program werk en dit self jare terug gebruik het vir web ontwerp. Gaan dit 'n probleem wees.

Dan wil ek ook weet of dit 'n probleem gaan wees as ek 'n onvolledige stamboom publiseer. Ek het 'n doodloopstraat bereik en sukel baie om inligting van lewende familie te bekom. Ek die publikasie met die doel om ander familie te probeer betrek, soos jy gese het in jou brief.

Hoor graag binnekort van jou

Vriendelike Groete

Ursulah  
Maputo  
Groenkop Genealoog en  
Student in Sielkunde

Boodskap 2a. Re: Krygsgevangenes na Ceylon  
Posted by: "Johan Pottas" PottasJ.RD@ufs.ac.za pottasjj  
Thu Jun 28, 2007 11:36 pm (PST)

Lee

Jy kan by die ABO museum in Bloemfontein navraag doen. Hulle doen sulke navorsing en kan dalk selfs help met watter skepe die persoon vervoer is ens.

Jy kan vir Johan van Zyl of Elria Wessels daar kontak. Ek het ongelukkig net Elria se e-pos. Sy werk slegs in dieoggende daar.

Email Addresses  
ewessels@anglo-boer.co.za  
Phone Numbers  
Office: 051-4470079

Johan J Pottas Rekensentrum UV  
Tel: +27-51-401-2767 werk  
Tel: +27-51-522-7329 huis  
Tel: +27-82-569-3727 sel  
Faks: +27-51-401-2765 werk  
Posbus 34559, Faunasis, 9325

**Onderwerp:** [SA-Gen] Bundel Nommer 2802

**Datum:** Saturday, June 30, 2007

Daar is 25 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:

- 1.1. Kopiereg: Wat dink die lysteraars? From: Elmien Wood
- 1.2. Kopiereg: Wat dink die lysteraars? From: Elmien Wood
- 1.3. Kopiereg: Wat dink die lysteraars? From: Elmien Wood
- 1.4. Kopiereg: Wat dink die lysteraars? From: Elmien Wood
- 1.5. Kopiereg: Wat dink die lysteraars? From: Elmien Wood
- 1.6. Kopiereg: Wat dink die lysteraars? From: Elmien Wood
- 1.7. Re: Kopiereg: Wat dink die lysteraars? From: Avida Bresler
2. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 28 Junie 2007 From: P Marx
3. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 29 Junie 2007 From: P Marx
4. Re: Kopiereg: Wat dink die lysteraars? Alle bronne. From: Francois Greeff
- 5a. Kopiereg: Wat dink die lysteraars From: Elmien Wood
- 6a. Bronne - Kopiereg: Wat dink die lysteraars? From: B J Venter
- 6b. Re: Schmidt From: Anne Rust
- 7a. Re: Weblblad sagteware From: Francois Greeff
8. tREKKER From: Stamp and Print Creations
9. Doopseël From: Du Plessis
- 10a. Navraag From: Jan
11. De Vries nasate From: Jan
12. [Koerant] Beeld 29 Junie 2007 From: Blikkies

13. Jesaja LOUW From: Hendrik LOUW
14. Wat dink die lysteraars From: Sylvester Rascher
- 15a. Re: BRESLER familie From: Melani van Wyk
16. re - kontak From: Petrus Schoeman
- 17a. [Koerant] The Mercury Vrydag 29 Junie 2007 From: aletta magrieta.quebbemann
- 17b. [Koerant] The Mercury Vrydag 29 Junie 2007 From: aletta magrieta.quebbemann

Boodskap 1.1. Kopiereg: Wat dink die lysteraars?  
Posted by: "Elmien Wood" woodem@mweb.co.za  
Fri Jun 29, 2007 2:13 am (PST)

Toevallig kom ek vanoggend op hierdie artikel af. Ek hou daarvan as 'n voorbeeld van hoe 'n hoog aangeskrewe publikasie genealogiese inligting hanteer.

In "Practical Family History", May 2007, No. 113, bl. 42 verskyn daar 'n artikel van Sarah Minney getitel "Hobbyist to High-Flyer". Die BBC het belang gestel om 'n storie oor die afstammelinge van 'n sekere slavin "Dido" te beeldsaai. Hulle het toe vir Minney gevra om die navorsing vir hulle te doen. Nadat haar bevindinge bekend geraak het, het die uitgewers van die "Oxford Dictionary of National Biography" daarin belanggestel om hul inskrywing oor Dido by te werk. Dit is wat sy oor hulle samewerking geskryf het:

"Only a short time later, I was contacted by the publishers of the Oxford Dictionary of National Biography which contains an entry for Dido, wanting to know if they could update the book with the information I had discovered. Of course, they said, I would receive a credit in the sources section at the bottom of the entry."

Hoewel Minney die inligting uit dokumente gekry het wat vir die publiek ter insae is, beskou die "Oxford Dictionary of National Biography" die nuwe inligting wat Minney ontdek het, as haar intellektuele eiendom.

Groete  
Elmien

Boodskap 1.2. Kopiereg: Wat dink die lysteraars?  
Posted by: "Elmien Wood" woodem@mweb.co.za  
Fri Jun 29, 2007 5:34 am (PST)

### Verwerking van 'n gepubliseerde werk

Weereens blyk dit dat 'n mens met die gebruik van bronne versigtig moet wees om nie iemand anders se outeursreg te skend nie. Mens mag selfs nie 'n verwerking van 'n gepuliseerde werk mag maak sonder toestemming nie. Ek mag dus nie 'n werk in Engels vertaal of op 'n webwerf sit of 'n indeks van aangetroude vanne maak sonder toestemming nie.

Christo Viljoen wys daarop dat hierdie beginsel geld, selfs al is die boek uitverkoop.

Ek mag wel inligting trek uit die raakvlakke tussen twee vanne sonder toestemming, maar met 'n bronverwysing. Dit bring 'n ander beginsel onder bespreking, naamlik billike gebruik of "fair use". Ek wil graag Christo se verduideliking hier net so oorneem, naamlik "Sal die publikasie wat ek uitbring mense ontmoedig om die oorspronklike publikasie aan te skaf?"

Billike gebruik is dus aanvaarbaar sonder toestemming, maar met bronverwysings.

Wanneer daar egter meer as net van billike gebruik sprake is, moet skriftelike toestemming gevra word.

Groete  
Elmien

Boodskap 1.3. Kopiereg: Wat dink die lysteraars?  
Posted by: "Elmien Wood" woodem@mweb.co.za  
Fri Jun 29, 2007 5:45 am (PST)

Nou vir die tweede groep van Barry Kruger se vrae!

B. Uittreksels: Dit is bespreek toe ek gepraat het van raakvlakke en verwerking van inligting. Vir volledige stories (prentjies, gedigte, koerantartikels) moet toestemming gevra word. Wanneer dit billike gebruik is kan dit sonder toestemming gebruik word, maar met volledige bronverwysings.

- 6) Ek het 'n GEDCOM van die internet afgelaai met bronne en al. Kan ek dit netso in my genealogiese databasis intrek?
- 8) In die boek oor die van der Walts, is 'n mooi oorlogstorie van oom Jan, kan ek dit netso intik in my eie notasveld?
- 9) As ek 'n foto neem van 'n koerantartikel oor 'n monument, wie besit die kopiereg en kan ek die foto van 'n foto gebruik?

C. Inligting van iemand anders: Ek neem aan ons kan dit insluit by werk deur 'n professionele navorser gedoen en artikels in 'n vaktydskrif.

- 10) Hoe verwys ek na die volgende bronne, of is dit almal dieselfde bron?
  - a) 'n Foto van 'n sterfkennis.
  - b) 'n Sterfkennis wat ek self gesien het.
  - c) 'n Transkripsie van sterfkennis wat iemand anders gemaak het.
  - d) Die inhoud van die sterfkennis wat iemand geplaas op die SAGenealogie gesprekforum.
- 11) 'n Persoon het vir my 'n afskrif van 'n register gestuur, nou kom ek agter dit is nie sy eie werk nie, kan ek nog die inligting gebruik?
- 15) Ek het 'n klomp inligting gekry oor my familie by 'n navorser, kan ek dit op die internet plaas?

Dit hang seker af van jou kontrak met die spesifieke persoon en die lys se reëls. Maar onthou dat die verwysings so moet wees dat iemand anders jou werk moet kan kontroleer. Die sterfkennis se verwysing moet dan die nommer van die sterfkennis wees en in watter argiefbewaarplek dit bewaar word.

Wat betref jou ontvangs van afgeskryfde inligting, dit is soos om 'n gesteelde motor te koop. Jy kan onwetend in groot moeilikheid beland. As iemand 'n sondebok soek om iets te bewys, moet jy bewyse hê dat jy in goeder trou opgetree het.

As 'n navorser vir jou inligting gegee het, kan jy dit nooit op die internet plaas sonder toestemming nie. (Dit is weer uittreksels soos bespreek in B.) Tensy jy natuurlik betaal het vir die inligting, dan behoort dit aan jou.

D. Regstel van foute: (12) Hoe 'n mens Google se arm draai, weet ek nie!! Dit is soos die kiewiet wat stelling inneem voor 'n olifant!!! (13) Ek kan nie eers raai waarom die webmeester hom nie aan jou stuur nie. (14) Ek sou dink die webmeester is verantwoordelik vir dieakkuraatheid van die inligting, maar onthou ons is almal mense niemand gaan jou teregstel oor 'n paar foutjies nie.

12) Ek het 'n regstelling gemaak op my webwerf maar Google hou nog 'n kopie van die ou inligting. Wat nou gemaak?

13) Ek het 'n fout raakgesien op die internet, hoekom maak die webmeester dit nie reg nie?

14) Is ek, as die webmeester, verantwoordelik vir dieakkuraatheid van die genealogiese inligting op my webwerf?

Die laaste groepie vrae beantwoord ek in 'n ander brief.

Groete  
Elmien

Boodskap 1.4. Kopiereg: Wat dink die lysteraars?  
Posted by: "Elmien Wood" woodem@mweb.co.za  
Fri Jun 29, 2007 6:44 am (PST)

Nou kom ek by die laaste twee vrae van Barry Kruger.

E. Hierdie twee vrae het betrekking op die manier waarop ons die verwysings hanteer.

- 5) Wat is die nut van bronne?
- 7) Wat is die beste manier van bronne aan te dui in 'n genealogiese databasis?

Skeptiese mense kan die bronne herevalueer en bevestig of foute uitwys. Daarom is 'n publikasie met bronne baie meer waardevol as een sonder bronne.

Ek dink ek het nou heeltemal te veel e-posse na die gesprekslys gestuur. Laat ek maar hoor wat die mense tot dusver dink, dan begin ek volgende week met die groot HOE.

Groete  
Elmien

Boodskap 1.5. Kopiereg: Wat dink die lysteraars?  
Posted by: "Elmien Wood" woodem@mweb.co.za  
Fri Jun 29, 2007 6:44 am (PST)

Ek het 'n fout gemaak om 'n onderskeid te probeer tref tussen stukkies informasie wat aanvaarbaar is om uit te ruil en lang stukke gegewens wat doodeenvoudig afgeskryf word.

Samuel Murray is heeltemal reg, die skrywer se houding is irrelevant as dit kom by kopiereg.

Sê nou maar byvoorbeeld ek gee nie om dat iemand wat, gestel die van Els, navors, in my register al die Spiese wat met Else getroud is kontroleer sonder om aan my erkenning te gee nie. (Ek gebruik net Else omdat dit ook 'n skerp wapen is!)

Dit is oor twee redes onaanvaarbaar. Soos Samuel sê, vra die wet nie wat die skrywer se houding is nie. Baie bekende gevalle waar mense beskuldig is van kopieregskending het die navrae nie van die oorspronklike skrywer gekom nie, maar van 'n derde party. Wat ookal dan die gevolge is, hetsy dat die reputasie van die afskrywer geskaad is of dat die hof 'n boete opgelê het, is dit iets wat ons almal sal wil vermy. Dit is natuurlik ook oneties om ander mense se werk af te skryf, onafhanklik daarvan of dit nadelige gevolge het of nie.

Die tweede rede waarom dit onaanvaarbaar is, is dat volledige bronverwysings die Elsboek se waarde verhoog. Verder ook, gestel die skrywer van die Elsboek kry by my die Spieseggenoot van een van sy Elsvroue en ek gee vir hom inligting oor die Spiesouers en die kinders uit die huwelik. As dit later blyk dat ek 'n groot fout gemaak het, dan is die skrywer van die Elsboek verantwoordelik vir die foute inligting. As hy egter 'n volledige verwysing gegee het, dat is ek die een wat die verantwoordelikheid vir die fout moet dra.

Dus alle inligting wat ons by ander persone of uit ander boeke of uit ander webwerwe gekry het, moet volledige bronverwysings hê.

Groete  
Elmien

Boodskap 1.6. Kopiereg: Wat dink die lysteraars?  
Posted by: "Elmien Wood" woodem@mweb.co.za  
Fri Jun 29, 2007 8:24 am (PST)

Ek het vooraf besluit ek gaan eers net uitvind hoe voel die mense en dan gaan ek kyk na wat die wet sê. Net toe ek dink ons het aan al die moontlikhede gedink, kom Barry Kruger met sy klomp vrae!

Barry stel 'n lekker uitdaging aan my!

A. Laster en naamkending: Dit is seker nog 'n groter kopseer as kopiereg! Ek sien nie kans om nou baie aandag daaraan te bestee nie, want daar is nog baie werk aan die kopieregstorie. Laat ek net eers jou vrae wat daarop betrekking het hier bymekaar sit.

- 1) Hoe word aangename kinders gehanteer?
- 2) Hoe word inligting in egskeidingsleers gehanteer?
- 3) Het ek toestemming nodig om lewendige persone se inligting op die internet te plaas?
- 4) Sy vrou is skuldig bevind aan prostitusie, nou dryg hy my as ek dit vir iemand vertel of dit in my boek noem?

Die publikasie van lewende persone se inligting: Die Amerikaners is bitter bang daarvoor en lewende persone word glad nie genoem nie. Ek aanvaar dit is omdat mense in Amerika maklik iemand kan dagvaar. Aan die een kant is dit goed, want dit gee die gewone man mag om op sy regte aan te dring. Dit kan egter ook misbruik word.

Ek dink ons eie wette is baie verskillend, maar ek weet nie regtig nie, daarom wil ek nie kommentaar werk nie.

Ek het egter toevallig die volgende raakgeloop in Family History Monthly, Junie 2007, No. 144, op bladsy 59 bespreek hulle die webblady "Burke's Peerage and Gentry" [www.burkes-peerage.net](http://www.burkes-peerage.net) en sê dat dit die name van 120 000 lewende mense bevat.

